Afrikaanse Protestantse Kerk

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



Handelinge van die 4e Sinode gehou te Pauys 17 – 22 September 1990 en voortgesit op 26 – 27 Oktober 1990 te Pretoria

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD			iii
1.	ALFABETIESE SAKEREGISTER		v
2.	AGENDA (KYK INHOUDSOPGAWE VAN AGENDA, BL 1 DAARIN)		1 - 450
3.	NOTULE (VIR SAKE DAARIN KYK ALFABETIESE SAKEREGISTER)		451 - 679
4.	BYLAE A PRESENSIELYS		680 - 708
5.	BYLAE B RAAD VIR KERKADMINISTRASIE - ONTSTAAN, KONSTITUSIE, REGLEMENT VIR BRKA		709 - 722
6.	BYLAE C OPENINGSREDE - DR CI VAN HEERDEN		723
7.	ADDENDUMVERSLAG KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE		736
8.	VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES		
8.1	Kerkregtelike Sake	A1	750
8.2	Kerkregtelike Sake	A2	752
8.3	Kerkregtelike Sake	A3	755
8.4	Kerkregtelike Sake	A3b	757
8.5	Finansies	B1	761
8.6	Finansies	B2	763
	(Stand Willie Dubbe Teologiese Studiefonds		764)
8.7	Jeug en Verbondsonderrig	C1	765
8.8	Jeug en Verbondsonderrig	C2	767
8.9	Barmhartigheidsdiens	D1	769
8.10	Barmhartigheidsdiens	D2	772
8.11	Mediaskakeling-Persverklaring	L1	773
8.12	Mediaskakeling-Persverklaring	L2	775
8.13	Mediaskakeling-Persverklaring	L3	777

8.14	Mediaskakeling-Persverklaring	L4	779
8.15	Onderwys en Opvoeding	M1	782
8.16	Samestelling van Permanente Kommissies	N1	788
8.17	Samestelling van Permanente Kommissies	N2	788
8.18	Ringsgroeperings en -indeling	O1	792
8.19	Ringsgroeperings en -indeling	O2	
	(Ringsafgevaardigdes op SKK)		796
8.20	Sending	P1	797
8.21	Geloofsbriewe	V1	799
8.22	Geloofsbriewe	V2	801
8.23	Geloofsbriewe	V3	802
8.24	Boodskap van Sinode aan geneentes	Z1	803
	(Konsep: Herderlike Brief)		
9.	ADDENDUMVERSLAE		
9.1	Finansies i/s Pensioenfonds		758
9.2	Barmhartigheidsdiens		768
9.3	Sentrale Kerkekommissie		806
9.4	Subkomitee i/s Radio en TV		810
9.5	Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie		814
9.6	Minderheidsverslag JJ Prinsloo		822
9.7	Rapport i/s opdrag van RKA tot gesprek na aanleiding van minderheidsverslag		826
9.8	Inligtingstuk i/s APK-Vroueaksie		828

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VOORWOORD

Die samestelling van die Handelinge van die Vierde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het soos volg ontwikkel:

1. Tydens die twee sittings, te wete 17 - 22 September 1990 te Parys, en later te Pretoria op 26 - 27 Oktober 1990, is die besluite van die Sinode in 'n "Kernnotule" opgeteken. Dit beteken dat die kort kernaantekeninge van die Skriba of Hulpskriba direk deur mevrou Ria McDonald oorgetik is, en volgens Ordereël 29 daagliks gereed was vir kontrole en goedkeuring deur die Sinode. Dat die Sinode dit nie elke dag behandel het nie, is te wyte aan sy eie druk program wat nie tyd daarvoor gelaat het nie. Soos besluit deur die Sinode, is die Kernnotule later deur die Sentrale Kerkekommissie in oorleg met die Kommissie vir Kerkregtelike Sake en die Kuratorium nagegaan, gekorrigeer waar nodig en goedgekeur.

2. Reeds tydens die Sinode het ds LD Pienaar die Kernnotule begin uitbrei deur die volledige goedgekeurde besluite by te voeg. Ná die Sinodesitting het hy die werk voltooi. Die tikwerk daaraan verbonde is veral deur mevrou Anine Alester behartig, in samewerking met mevrou Trienie Barnard. Ook die bylaes is deur hulle versorg.

3. Die finale afronding, samestelling en proeflees van die Handelinge is deur my, die Hulpskriba van die Sinode, ds IA Brink, en mevrou Ria McDonald behartig.

4. Ds WM Grové het soos in die verlede weer verantwoordelikheid geneem vir die opstel van die alfabetiese sakeregister. Hy gee die volgende wenke ten opsigte van die gebruik daarvan:

4.1 Wanneer u 'n bepaalde saak nie in die sakeregister vind nie, soos byvoorbeeld die saak "beroeping", dink dan aan 'n ander saak waarmee dit verband hou, en soek dit daar, byvoorbeeld onder "predikant". Nog 'n voorbeeld: "notule" vind u onder "sinode". Met dié beginsel in gedagte behoort u nie probleme te ondervind om die inhoud van die Handelinge te ontsluit nie.

4.2 Sake en onderwerpe uit die Kerkorde is nie in die sakeregister opgeneem nie, aangesien die Kerkorde wat hopelik in Februarie 1991 verskyn, sy eie sakeregister het.

4.3 Sommige sake is onder meer as een onderwerp vermeld om die naslaan daarvan te vergemaklik.

5. Die alfabetiese sakeregister word ter wille van gemaklike hantering vooraan in die Handelinge geplaas (onmiddellik na die Voorwoord).

6. Die uitgebreide notule volg direk ná die alfabetiese sakeregister. Daarin kom alle goedgekeurde besluite van die Sinode woordeliks voor, in die reël donker gedruk. Verslae van tydelike kommissies, addendumverslae en die Agenda hoef slegs geraadpleeg te word in geval waar agtergrondinligting benodig word.

7. Numerering van die Handelinge sluit vanaf die notule aan by die numerering van die Agenda.

8. Diaken Piet Roodt, eienaar van PR Drukkers is verantwoordelik vir die netjiese druk en bind van die Agenda en die Handelinge.

Aan al die persone hierbo genoem wat een en almal bereid was om veel meer te doen as wat redelikerwys van hulle verwag kon word, asook aan alle ander ongenoemde helpers, wil ek graag hartlike dank betuig. Sonder u arbeid wat dikwels tot diep in die nag verrig is, sou die Handelinge nie nou beskikbaar gestel kon word nie.

Afgevaardigdes na die Vierde Sinode het sekerlik in hulle beraadslagings staatgemaak op Christus se belofte: " ... die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het". (Johannes 14:26)

Dié Handelinge word u nou aangebied met die vertroue dat hierdie afhanklikheid van Gods Gees en hierdie verbondenheid aan Gods Woord daaruit straal.

Met agting en seënwense

MECHIEL ADENDORFF
(Skriba van die Sinode)

28 Januarie 1991

VRWRD300/mca/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

APK SINODE 1990

ALFABETIESE SAKELYS

AANWYSINGSBORDE

Wegwysers na Sentrale Kerkkantoor 555, 817

AD HOC-KOMMISSIES

Ekklesia 506, lasgewing 546, 605
Studentebearbeiding 360, 506, 523, 605

AFKONDIGINGS

Vir Sinodegangers 464, 480, 488, 496, 505, 513, 530 - 1, 545, 552, 559, 564, 585, 655

AFRIKAANSE GEREFORMEERDE BOND

Gesprek met 21, 667

AFRIKAANSE REFORMATORIESE KERK

Gesprek met 678, 808
Groeteboodskap 455

AFRIKANER BROEDERBOND

Lidmaatskap van 239, 656

AKSIE OF VERENIGING IN DIE KERK

In APK 210, 736

AKTUARIUSverkiesing 459, 460

ANTI-CHILIASME

Kyk CHILIASME

APK

Karakter van 238, 276, 496, 543, 655
Lapelwapen 459
Naam van die Kerk 158, 472
Ontmoet die APK 19, 70, 673
Ontstaan aan kinders verduidelik 210, 362, 524, 639
Regsgeldigheid 214, 640

APK Ringe Bloemfontein, Graniet, Roodepoort, Dendron, Nelspruit, Kerkraad van Randfontein

Beskrywingspunt 193, 633

APK DERBY

Beskrywingspunt 189, 632

APK HEILBRON

Beskrywingspunt 191, 632

APK LICHTENBURG

Beskrywingspunt 89, 201, 635

APK MEMEL

Beskrywingspunt 190, 632

APK MIDDELBURG

Beskrywingspunt 193, 633

APK MOOT-SENTRAAL

Beskrywingspunt 201, 635

APK OUTJO

Kerkskool: Kyk Opvoeding en Onderwys - Moria

APK VILLIERS

Beskrywingspunt 191, 632

APK WATERBERG

Beskrywingspunt 201, 635, 638

APPÈL

Appèlle en beswaarskrifte, Art 30 KO 217, 465, 481, 501, 581, 672, 748

Appèlle en Ordereël 29, 501, 751
Appèl na Sinode toe 76, 461, 675
APK Belfast teen Ring Middelburg 222, 571, 676
Ds SW van Wyk teen Ring Morgenzon 222, 574, 753
Mev Smit teen Ring Barkly-Oos 573, 748, 753

APPROBASIE 472, 473, 475, 584, 595

ARGIEF

Argiefbeleid en riglyne 374, 526
Argivalia: bewaring van publikasies 19, 527, 666
Begroot vir toerusting 352, 516, 518
Bewaarplek veilig 376, 528
Bewaringsmateriaal, aard van 375, 527
Lasgewing van Kommissie 264, 529
Opdrag: standaard lidmaatskap-aansoekvorm 673
Papiergehalte 375, 527
Samestelling van Kommissie 603, 789
Verslag van Kommissie 374, 526 - 530

ATTESTAAT 121, 199, 474, 574, 599, 626, 634

BARMHARTIGHEIDSDIENSTE

Addendumverslag 768
Alimentasiefonds 616
Behuising vir bejaardes 84, 409, 411, 556, 613, 615, 769, 818
Fondsinsamelingsnommer 555, 667, 817
Gevangenes bearbei 371, 410, 614
Hospitaalbearbeiding 411, 614
Kinderhuise 85, 103, 552, 768
Klerekas vir sorgbehoewendes 409, 412, 613
Kontakpersone vir hospitale 411, 614
Kyk ook: FINANSIES, hulpfonds, rampfonds
Lasgewing van Kommissie 265, 493, 614
Noodleniging/hulpfonds 410, 613, 772
Samestelling van Kommissie 603, 789
Verslag van Kommissie 409, 613
Verslag van Tydelike Kommissie D1 - 615, 769
D2 - 615, 772

BEGRAFNIS

Formulier hersien 448 - 450

BELFAST

Lidmate se beswaar teen Ring Middelburg 222, 752, 754

BESWAARSKRIF

Kyk: APPÈL

BELYDENISSKRIFTE

Beskerming van 146, 657

BELYDENIS VAN GELOOF

Binne beperkte tyd 624
Formulier - hersiene bewoording 425 - 8, 617
Ouderdom vir 362, 524, 766

BEROEPSTELSEL

Kyk PREDIKANT

BESKRYWINGSPUNTE

Hantering van 600, 640
Wyse van indiening 206, 600

BESWAARDES

Verslegtende verhouding met APK 89

BESWARE

Beswaarskrif, ds JA du Plessis 743, 757
oudl WJ van der Merwe 217, 752

Beswaar teen besluite 155, 580
Beswaar teen Ring Barkly-Oos 748, 752
Beswaar teen voorgestelde lidmaat/verkiesing 129, 218, 248, 752
Dr MFM Pretorius met betrekking tot notule 1989 - 13, 757
Lidmate APK Belfast teen Ring Middelburg 222, 752, 754

BEVRYDINGSTEOLOGIE

Stalmaat van Swart Teologie 496, 518, 776
Verslag oor 276, 314

BIBLIOTEEKFONDS
Fonds omskep 351, 516

BIDDAE

Kyk VEROOTMOEDIGING

BIDURE

Aan Skrif getoets 386, 654
Kyk ook: PINKSTER

BOSKE

Beoordeling van 280, 541

BOODSKAPPER, Die

Administratieve sake 18, 665
Intekeningstatistiek 808
Lasgewing vir Redaksie 271, 665
Name en militêre kampe 75, 674
Redakteurspos 350, 630, 670

BRKA en RKA

Kyk: RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

BYBEL

Aankoop en berg van Bybels 379, 648
Bedrag aangevra 353, 516
Beskerming van vertaling 146, 657
Bybelgenootskap van SA 22, 460
Bybelkennis bevorder 360, 523
Bybelverspreiding 103, 552, 768
Bybelvertaling - bykomende lede, persverklaring
24, 255, 508, 533, 605, 669, 777

Bybelvertaling - watter een - Ring Kimberley 87, 534
Fondse vir Bybelgenootskap 23, 667
NAV 416, 417
Samestelling van Kommissie 605, 791
Verslag i.s. Bybelgenootskap 45, 460
Verslag van Vertalingskommissie 414, 532

CHILIASME en ANTICHILIASME

APK Tygerberg 63 - 68
Beskrywingspunt 293, 547, 592
Beswaar teen besluit 26, 669
Gravamen, ds CJ Prins 26, 218, 465, 669

DE BRUIN, OUDL. C

Sittingsreg 501, 750

DIAKENE

Formulier vir bevestiging hersien 437 - 442
Handleiding 384, 653
Voorsitter i.p.v. leier 205, 638
Diakonesse: - Kyk "VROU"

DOOP

Aandenkingskaart 358, 521
Doopbediening bestraf 578
Doopseël 623
Formulier-hersiene bewoording 420 - 5
Lae getal dopelinge 89

DU PLESSIS, DS JA

Beswaarskrif 586, 743, 757

EKKLESIA

Ad hoc-Kommissie 606, 791

EREDIENS

Kyk: KERKDIENS

EVANGELISASIE

Kyk: GEMEENTELIKE BEDIENING

FAMILIEBELANG

Familie nie sittingsreg 212, 639

FINANSIES

Aanvullende verslag 339, 519, 758
Begroting 102, 348, 516, 518,
Fondsinsamelingsnommer 555, 667, 817
Hulpfonds stig: ondersoek 345, 515 - 6, 663, 772
Kommissiewerk van predikant vergoed aan gemeente 343
Lasgewing van Kommissie 265, 337, 662, 761
Ouditeer gemeente se boeke 555, 817
Rampfonds 345, 516
Reistoelaag: Kyk PREDIKANT en TEOLOGIESE DOSENTE
Reserwefonds word bedryfsfonds 354, 518
Samestelling van Kommissie 602, 789
Terugbetaling van fondse 342, 514
Traktement - kyk: PREDIKANT
Trustfonds 339, 511
Verslag van Kommissie 336, 509, 514
Verslag van Tydelike Kommissie B1 - 662, 761
B2 - 663, 763
15% bydraes van gemeentes 101, 340, 342, 512, 553

FORMULIERE

Ontstaan en gebruik van 420, 617
Begrafnis - 448, 618
Belydenis van geloof 425, 617
Doop 420, 617
Huwelik 442, 618
Nagmaal 428, 617
Ouderlinge en Diakens - bevestig 437, 618

FOTO'S

Tweede Sinode se foto's 808

GELOOFSBELYDENIS

Apostolicum (12 Artikels) 258, 489

GELOOFSBRIEWE

Geskik vir Sinode en RKA 565
Verlof vir afwesigheid hierop aangedui 661
Verslag van Tydelike Kommissie V1 - 451, 799
V2 - 456, 801
V3 - 622, 802

GELOOFSVRYHEID

Onderskeie van godsdiensvryheid 277, 497

GEMEENTE

Beroep leraar so gou moontlik 16, 664
Bevoegdheid van vergadering 203, 233, 636, 644
Geldelike hulp aan 384, 653, 807
Gemeentevergadering 191, 636
Gemeenteverslagvorm: Kyk by RING
Grense 212, 470, 601, 639
Kombinasiewyse 86, 90
Meer besoeke van reisende leraars 93
Nuwe gemeentes 14, 622
Ouditeer boeke 555, 817
Roeping van die mens in gemeenteverband (gemeentebou) 389-393
15% bydraes van gemeentes 101, 340, 342, 512, 553

GEMEENTELIKE BEDIENING

Bidure 386, 654
Evangelisasie: Suidkus, Sunnyside 648 - 650
Kursusse vir geestelike opbou 384, 654
Lasgewing van Kommissie 266, 383, 651
Samestelling van Kommissie 604, 790
Verhouding tot sending (getuienis) 381, 563
Verslag van Kommissie 381, 562, 650, 651

GEREGTIGHEID

Bybelse lig gevra oor 292, 780

GESINS-/GESLAGSVOORLIGTING

Op skool 295, 524, 549, 660, 783
Program vir gesinsvoorligting 361, 524
Tonele op televisie 660, 784

GETUIENIS

Kyk vir vanjaar nog: SENDING

GETUIENIS en DISSIPELSKAP

Kyk GEMEENTELIKE BEDIENING
Naamsverandering 382, 386

GEVANGENES/-NIS

Bearbeiding 371, 410, 530, 614

GIDEONS

Bydraes liefs direk na Bybelgenootskap 23, 667

GODSDIENSVRYHEID

Onderskeie van geloofsvryheid 277, 497

GROETEBOODSKAP

Afrikaanse Reformatoriese Kerk 455

HALAAL

Kyk ISLAM

HERDERLIKE BRIEF

Kyk SINODE

HINDOEÏSME

Sinode se standpunt t.o.v. 273, 494, 517

HOSPITAAL

Hospitaalbesoek: Kyk BARMHARTIGHEIDSDIENSTE

HUWELIK

Formulier vir bevestiging hersien 442 - 448, 618
Huwelik- en gesinsbou 278, 497
Oefenaar as bevestiger 193, 633

ISLAM- EN HINDOEGELOOF

Besluite oor 272, 494, 517
Halaalprodukte 292, 546
Valse godsdienste 775

ISRAELVISIE

Leer verwerp 518

JEUG EN VERBONDSONDERRIG

Bedrae vir toekenning e.a. sake, aangevra 353, 516, 518
Handleiding vir jeugaksies 358, 522
Huisvesting vir jongmense 661
Kampterreine vir Blankes, adreslys 359, 522
Kleuterversorging 85
Lasgewing van Kommissie 267, 767
Samestelling van Kommissie 602, 789
Studentebearbeiding 359, 523

Uitstalling tydens Sinode 360, 523
Verslag van Kommissie 356, 521
Verslag van Tydelike Kommissie C1 623, 765
C2 663, 767

KAPELAANSDIENSTE

Diensplig kapelane 371 - 3, 532
Lasgewing van Kommissie 268, 532
Lys van opleidingskampe in Die Boodskapper 675
Samestelling van Kommissie 603, 789
Verslag van Kommissie 370, 530

KARATE

Alternatief 295, 549
Beskrywingspunt oor 291, 544
Waarsku teen 276, 494

KATEGISMUSPREDIKING

Kyk PREKE

KERKADMINISTRASIE

Kyk RAAD VIR KERKADMINISTRASIE
KERKBOEK - Kyk LITURGIE EN FORMULIERE

KERKDIENSTE/EREDIENSTE

Ander rasse by 156, 213, 582, 640
Leesdienste 215, 641, 657
Uitsaaidienste 678, 809

KERKE, Ander

Afrikaanse Reformatoriese Kerk 678, 808
Interkerklike verhoudinge 17, 89, 665, 671
Kerklike eenheid - studie gevra 292, 547, 780
NG Kerk Algemene Sinode 1990 661
Susterkerke se standpunt t.o.v. APK 91

KERKJAARBOEK

Beskrywingspunte 69, 82, 666, 672
Oplaag 1991 19

KERKLEER en ETIESE NORME

Benaming - beskrywingspunt 295, 548
Lasgewing van Kommissie 268, 643
Samestelling van Kommissie 604, 790
Studiestuk: Satanisme en demonie 327, 660, 784
Verslag van Kommissie 258, 489, 496, 541, 546

VAN STADEN, Dr FAH

Sittingsreg 452, 501, 630, 751

VAN WYK, Ds SW

Appèl teen Ring van Morgenzon 222, 753

VERASSING

Beskrywingspunt 294, 548

VERBONDSONDERRIG

Handleiding vir Verbondsonderrigpersoneel 357, 521
In Kerkorde 114, 115
Ouderdomsgroepering 115, 765
Toekennings vir leerkragte 358, 521
Verbondskinders in ander AP Kerke 361, 523
Verbondsonderwyser as amp 235, 645
Verjaardagkaartjies 767

VERBONDSONDERRIGBOEKE

Handleidings vir personeel 357, 521
Hersiening van handboeke 356, 521

VERLOFAANSOEKE

Slegs vir ernstige gevalle 661
Vir afwesigheid 462, 479, 480, 488, 513, 518, 520, 545, 552, 559, 575, 591, 630, 646

VEROOTMOEDIGING, DAG VAN

Dag van, 24 Junie 1990 20, 666

VERSLAGVORM

Kyk RINGE

VOLKEREVERHOUDINGE

Studie gevra oor 292, 546, 566, 780

VOORSITTER

Jaarliks wissel 143, 205, 453 - 5, 467, 484, 637

VROU

Benaming: Vrouehulpdiens 88
Beswaarskrif, ds JA du Plessis 743, 757
Inligtingstuk, Vroueaksie 828 - 834

Klerksdorp, beskrywingspunt 210, 736
Posisie van Vroueaksie in APK 83, 587, 639, 738
Verslag van gesprek met Vroueaksie 49, 669
Volle bestaansreg van Vroueaksie 62, 587, 639, 738
Vrou in die amp 271, 296, 494, 517, 775
Vroueaksie, KKS en SKK gesprek 25, 669
Vroueaksie se reaksie op KKS onttrekking 51 - 61
Waardering vir Vroueaksie 87
Wêreldbiddag 92

VRYMESSELAARS

Kerklidmaatskap van 216, 239, 641

WEDUWEE

Versorging van 92, 340, 511

WELSYNSORGANISASIE

Registrasie as 21, 667

w.g. WM GROVÉ

ASLYSS90/wg/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

HANDELINGE VAN DIE VIERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK GEHOU VANAF 17 - 22 SEPTEMBER 1990 TE PARYS

EERSTE SITTINGSDAG

1. OPENING

Dr JD Malan neem die voorsitterstoel in kragtens K.O. Bep. 40.5.

Hy laat Ps. 147 : 1,4 sing en lees Jes. 43 : 9 - 13. Daarna lei hy die Sinode in gebed.

Hy spreek die bede uit dat die Sinode 'n geseënde sitting sal hê. Hy heet almal hartlik welkom; ook die professore wat in adviserende hoedanigheid teenwoordig is.

2. VERWELKOMING DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE APK PARYS

Die Voorsitter stel ds Gert Smit aan die woord wat al die afgevaardigdes hartlik welkom heet in Parys.

Hy nooi die afgevaardigdes na 'n Nagmaalsdiens wat Vrydagaand 21/9/90 in die APK Parys gevier word.

Die volgende besluit word geneem:

Die vergadering is voorlopig geslote vir openbare media totdat die betrokke punt aan die orde kom.

3. **EERSTE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE**

Ds IA Erink lê die verslag voor.

1. Vir kennisname

1.1 Konstituering - Kennis geneem.

1.2 Kennis geneem.

1.3 Kennis geneem.

1.4 Kennis geneem.

2. **Aanbevelings:**

2.1 Die Sinode behandel die presensielys in alfabetiese orde volgens die gemeentes - Goedgekeur.

Verskoning vir br. Daniël Marais van APK Balfour wat in 'n ongeluk beseer is.

Teenwoordiges tydens konstituering is in die presensielys aangedui wat as Bylae A by die notule gevoeg word.

Ds AJ Taute teken beswaar aan teen 'n afgevaardigde van APK Springs wat volgens getuienis in APK Heidelberg onder sensuur is.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit: Die sittingsreg van afgevaardigdes waarteen enige beswaar mag bestaan, word dringend na die Tydelike Regskommissie verwys en hulle het intussen nie stemreg voor die verkiesing van ampsdraers plaasvind nie.

(Ds E Friis; JA du Plessis)

2.2 'n Kworum is teenwoordig en die Sinode word wettig gekonstitueer. Daar is 292 afgevaardigdes uit 'n moontlike totaal van 380 - Goedgekeur

2.3 Die Sinode keur goed dat die volgende gemeentes glad nie verteenwoordig word nie

APK Balfour, APK Aberdeen, APK Boshof, APK Carnarvon, APK Dundee/Glencoe, APK Graaff-Reinett, APK Hanover, APK Hartbeesfontein, APK Hluhluwe, APK Koedoesrand, APK Namakwaland, APK Sabie, APK Steynsburg, APK Tygerberg, APK Utrecht, APK Virginia, APK Windhoek, APK Barkly-Oos, APK Hoedspruit, APK Postmasburg, APK Kathu - Goedgekeur.

2.4 Die Sinode keur die volgende geloofsbriewe goed na handtekeninge aangebring is:

APK Molopo, APK Nigel, APK Ottosdal, APK Randfontein, APK Verkeerdevlei, APK Roedtan, APK Warden, APK Weipe - Goedgekeur.

2.5 Sittingsreg prof FAH van Staden

Die Sinode aanvaar nie die geloofsbrief van APK Cullinan/Rayton t.o.v. prof FAH van Staden nie op grond van Bep. 37.2 - Kennis geneem. Die volgende voorstel word nie aanvaar nie kragtens die voorstel goedgekeur onder punt 2.1.

Prof FAH van Staden word as stemgeregtigde van die Sinode toegelaat op grond van art. 37.1 met opskorting van art 37.2
(di. E Friis; JA du Plessis)

2.6 **Die Sinode keur die volgende verskonings goed:**

PJ Hugo	APK Cornelia
D Geldenhuys	APK Germiston
Afgevaardigdes van APK Prieska	APK Groblershoop
G Gouws	APK Kemptonpark
Ds NRJ van Zyl	APK Kimberley
JP Joubert	APK Sasolburg
PWN van Zyl	APK Schweizer-Reneke
CJ Ludick	APK Tuinplaas
PEE de Kock	APK Senekal
CLD Cronje	APK Senekal
SJ Bester	APK Suidkus
Ds JH de Jager	APK Vryburg
Ds RJH Pottas	APK Vaalharts-Suid
MF Labuschagne	APK Verwoerdburg
I Hatting	APK Villiers
Ds HJ Liversage	APK Clanwilliam
APK Sutherland	APK Pools
APK Piet Retief	APK Morgenzon

3. Kennis geneem.

Die verslag word met dank aanvaar.

4. ORDEREëLS VIR KERKLIKE VERGADERINGS

Word as gelese beskou.

Aankondiging van stemopnemers en stemtellers:

Oudl. PA Wessels (Sameroeper),diakens PJ Uys, Dr. DP Nieuwoudt, WA Edwards, JJ de W Steyn, BJ Naude, GPM Fick, MMJ van Rensburg, HP de Villiers, SW van der Merwe, SW Koekemoer, DC Human, JAR Potgieter, RHG Janse van Vuuren.

5. VERKIESING VAN VOORSITTER

5.1 Voorstel i/s Voorsitter, Ondervoorsitter en skribaat.

ORDEMOSIE

Die Sinode besluit dat:

1. Vanjaar word 'n voorsitter en ondervoorsitter gekies. Die daaropvolgende jaar dien die vorige jaar se ondervoorsitter dan as voorsitter waar net weer 'n ondervoorsitter gekies word. Dit sal kontinuïteit bewerkstellig.

2. Die Direkteur van die RKA (wat tot hiertoe deurgaans Skriba was) en sy assistent dien as skribaat vir hierdie en toekomstige sinodes. Hulle is in elk geval op hoogte met die kantooraangeleenthede.

3. 'n Aktuarius tydens hierdie Sinode vir die ampstermyn van twee jaar verkies word om ook in die reses gemeentes met raad te kan bedien. Hy moet die Sinode wys op die regte prosedures en vertolking en die Sinode moet daarop ag gee. Enige lid mag later 'n beswaar aanteken. Die Voorsitter van die KKS word vir die amp voorgestel.

(Oudl. JF du Plessis; oudl. J Horn)

Sinode oordeel dat die voorstel nie ontvanklik is nie.

5.2 Ds PK Roodt, leraar APK Boksburg, verklaar per briefie dat hy buite stemming bly "omdat 'n broeder wat deur sy kerkraad afgevaardig is, se sittingsreg nie erken is nie terwyl prof van Staden nie 'n voltydse dosent is nie omdat hy ook 'n bevestigde leraar is en nie 'n professorale salaris ontvang nie."

Ook oudl. F Kruger verklaar dat hy om dieselfde rede buite stemming bly.

5.3 Groslys vir Voorsitter

Prof WJG Lubbe
Di. JA du Plessis
MC Adendorff
AJ Taute
CFW Snyman
NJ Rautenbach
A Boshoff
IA Brink
Dr. CI van Heerden
Dr. MFM Pretorius
Dr. JD Malan
Oudl. JJ Badenhorst.

6. VOORSTELLE I/S PERS

6.1 Die Sinode is geslote vir die pers. Die Sinode benoem 'n Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling en Persverklarings wat daagliks persverklarings oor die Sinode en sy werksaamhede aan die pers uitreik nadat hierdie verklarings aan die Sinode voorgelê is vir goedkeuring.
(CP Nel; RJ Botha)

Goedgekeur.

6.2 **Die Sinode dra aan die Kommissie vir Mediaskakeling op om, behalwe die gereelde persverklaring 'n bondige berig oor die verloop van die Sinode aan die program "Kerk en Wêreld" van Radio Suid-Afrika te besorg.**
(LD Pienaar; RW van Heerden)

Goedgekeur.

7. **GROETEBOODSKAP - DS JAN JOOSTE VAN DIE AFRIKAANSE REFORMATORIESE KERK (ARK)**

Die Voorsitter heet ds Jooste en drie ander lede, naamlik Mnre M du Preez, P Malan en J Pretorius, van die ARK welkom in die vergadering, en bied aan ds Jooste geleentheid om 'n groeteboodskap van die ARK oor te dra.

Hy dra groete oor en bid die APK Sinode seën toe op sy werksaamhede. Ds. MC Adendorff doen 'n bedankingswoord op versoek van die Voorsitter.

8. VERKIESING VAN VOORSITTER

Prof WJG Lubbe word tot Voorsitter verkies, en die waarnemende Voorsitter wens hom hartlik geluk daarmee, en bid hom seën en wysheid toe.

Hy reël dat prof WJG Lubbe die Voorsitterstoel inneem net na die teepouse.

Die Sinode sing prof Lubbe spontaan Ps 134 : 4 toe.

Die Sinode verdaag vir die teepouse om 16:00.

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 16:30 en prof WJG Lubbe neem die voorsitterstoel in.

Hy bedank die Sinode vir die vertroue in hom gestel, die eer aan hom betoon, en die seënbede wat hom toegesing is.

9. GROETEBOODSKAPPE

Die Voorsitter lees telegramme en 'n brief met groeteboodskappe voor van die volgende gemeentes:

Kombinasie Germiston, Primrose en Alberton; Lichtenburg; Meyerton; Verwoerdburg; Waterberg.

10. TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING

Die volgende name word voorgelê en goedgekeur:

Di. DR Schwartz (s); NJ Rautenbach; oudl. LE Retief (Perdekop); diak. CJ Sevenster (Stellenbosch).

Ook ander Tydelike Kommissies soos voorgelê, word goedgekeur.

11. TWEEDE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VAN GELOOFSBRIEWE

11.1.1 Kennis geneem.

11.1.2 Kennis geneem.

11.1.3 Goedgekeur:

Die Sinode keur die volgende afgevaardigdes se sittingsreg goed:

APK Hartbeespoort

Hendrik Lourens Francois de Wet
Ockert Machiel Jansen van Heerden

APK Outjo

Dr Ernst Möller Viljoen
Rex Alexander Brandt

APK Cullinan-Rayton

Jacobus Johannes Prinsloo

APK Ventersdorp

Ds Christinan Jacobus Strauss Botha
Lukas Andries Bothma

APK Viljoenskroon

Ds Pieter Willem Botha
Johannes Michiel Hatting Botha

12. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER

Nominasies

Dr CI van Heerden, Di. IA Brink; JA du Plessis; JA Jacobs; A Boshoff; MC Adendorff; NJ Rautenbach; AJ Taute; JJ Roodt; JJ Venter(Jurie); JJ Venter (Koos) AS van Jaarsveld; Dr MFM Pretorius; Oudl. Burt Terblanche.

13. VASSTELLING VAN AGENDA

Voorstel

Die Sinode bedank die Skriba, die kommissies, die personeel en die drukker vir so 'n netjiese Agenda wat ook betyds aan afgevaardigdes beskikbaar gestel is.
(A Boshoff; AT le Roux)
Goedgekeur.

Die Voorsitter verwelkom prop en Mev E Mouw, ons enigste reisende lersaar in APK diens.

Hy bedank APK Parys vir die mooi blomme en simbole in die saal, asook vir die verwelkoming deur ds G Smit.

Hy verwelkom veral die afgevaardigde ouderling van APK Bonnievale wat pas gestig is.

14. VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE

1.1 Lede deur die Derde Sinode verkies - Kennis geneem.

1.2 Verteenwoordigers deur ringsgroepe benoem - Kennis geneem.

1.3 Personeelwisseling - Kennis geneem.

1.4 Dagbestuur - Kennis geneem.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Sake behandel - Kennis geneem.

3.1 Kennis geneem.

3.2 Besware teen korrektheid van notule.

Aanbeveling: Die Sinode besluit hoe met sodanige besware gehandel moet word - Goedgekeur.

Voorstel: Die Sinode verwys hierdie en aanverwante sake na die jaarlikse KKS vir ondersoek en verslag aan die Sinode.
(CI van Heerden; JJ Botts)
Goedgekeur.

In opdrag van die derde Sinode die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) tot stand gebring. - Kennis geneem.

3.4 Aanbevelings:

3.4 Goedgekeur met volgende wysigings in Bylae SKK 1 (Bylae SKK1 soos gewysig deur die Sinode en die RKA word as Bylae B aan hierdie notule geheg).

Voeg in op bl. 35 onder 4. Woordomskrywings, na "Afrikaanse Protestantse Kerke": "(gemeentes)"

Bl. 36 - Onder "Lede":

Die Sinode besluit om die woordomskrywing van "Lede" as volg te wysig:

"Stemgeregtigde afgevaardigdes na <u>elke</u> Sinode is ook lede van die RKA wanneer die RKA telkens by elke Sinode gekonstitueer word".
(PR Pretorius; CJ Ludik)

Bl. 38 Verbond/Verband kan later volgens KO aangepas word.

5. **Konstitusie van die RKA**

Bl. 36 onderaan - voeg res van Kerknaam by.

5.4 **Bestuur - Goedgekeur met invoeging na RKA in tweede reël: "en die Sinode".**

5.7.3.5 Met "Fondse" word verstaan Fondse vir die RKA.

6. **Reglement vir BRKA**

6.1.1(a) Vervang "Sinode" in 3e reël met "RKA".
(CI van Heerden; JJ Brits)

"RKA" in laaste reël moet wees "BRKA"
(IA Brink)

Die Sinode besluit om pt. 6.1.1.(a) op bl. 40 as volg te wysig:

Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie bestaan uit 5 lede plus sekundi deur elke RKA uit sy lede aangewys, plus een lid (met sekundus) uit elk van die volgende kommissies deur die Sinode aangewys: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake. Hierdie vier kommissies wys elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan.

Die volgende voorstel t.o.v. punt 6.1.4 Reglement van RKA word nie goedgekeur nie.

1. Skrap: "met adviserende stem"

2. Voeg in ná: "Die Direkteur vir Kerkadministrasie" tree op as: "lid en"
(CI van Heerden; JJ Brits)

6.3.1 **<u>Voorstel</u> - Voeg in na "lede": "met inagneming dat die 50% beletsel gehandhaaf word." (JJ Prinsloo; JN de Wet)**

Goedgekeur.

6.5.7.1 Goedgekeur met invoeging van "sinodale" voor "kommissies"

6.5.7.2 Goedgekeur met invoeging van "sinodale" voor "kommissies"

6.5.7.3 Goedgekeur met invoeging van "sinodale" voor "kommissies".

15. **VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER**

Na gestem is tussen dr CI van Heerden en ds A Boshoff word ds A Boshoff as ondervoorsitter verkies.

Die Voorsitter wens hom geluk met sy verkiesing en hy neem sy plek by die tafel in.

16. **VERKIESING VAN SKRIBA**

Die volgende afgevaardigdes word genomineer:

Di. MC Adendorff, IA Brink, NJ Rautenbach, J Adams, A du Plessis, AE van den Berg, MJ Eilers, DR Schwartz, dr. CI van Heerden, dr. MFM Pretorius.

Ds MC Adendorff word verkies, en die Voorsitter wens hom geluk.

17. **OORHANDIGING**

Ds CJJ van Rensburg kondig aan dat 'n lapelwapen aan die Voorsitter geskenk word deur APK Groter Durban, en oudl. HCG Bester steek dit vir hom aan. Die Voorsitter bedank hom daarvoor.

Die Voorsitter doen 'n aantal afkondigings.

18. **VERKIESING VAN AKTUARIUS**

Die volgende afgevaardigdes word genomineer:

Di. JA du Plessis, AS van Jaarsveld, IA Brink, SJ Gouws, AS van Staden, JJ(Jurie) Venter, E Friis, dr. CI van Heerden, dr. E Viljoen, oudl. JF du Plessis.

Die Sinode verdaag om 18:00 vir ete.

1e Sittingsdag

Aandsitting 19:00

19. **VERKIESING VAN AKTUARIUS**

Die Voorsitter kondig aan dat ds AS van Jaarsveld as Aktuarius verkies is. Hy nooi hom om sy plek aan die tafel in te neem, en wens hom geluk met sy verkiesing.

20. **BYBELGENOOTSKAP VAN SA**

Die Voorsitter verwelkom die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap van SA t.w. ds Christo Delport, Streekverteenwoordiger van Johannesburg, en dr Donald Tolmie, Assistent Hoofsekretaris vanaf Kaapstad.

Punt 3.18 op bl. 22 van die Agenda word aan die orde gestel - Kennis geneem.

Bylae SKK 2 word in behandeling geneem - Kennis geneem.

Verslag van die Bybelgenootskap

Dit is as los stuk saam met die agenda aan afgevaardigdes gestuur, en word aan die orde gestel.

Die Voorsitter stel ds Christo Delport aan die woord, en hy deel enkele feite i.v.m. die Bybelgenootskap se werk aan die Sinode mee. Hy vestig die aandag op die bydraes vanuit die APK soos op bl. 5 van die verslag van die Bybelgenootskap weergegee.

Enkele vrae word deur afgevaardigdes gestel en deur die verteenwoordigers beantwoord.

9. Aanbevelings op bl. 6 van verslag van Bybelgenootskap

8.1 - 8.5 - Kennis geneem.

Voorstel - soos gewysigd goedgekeur:

1. Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die omvangryke werk van die Bybelgenootskap.

2. Die Sinode beveel by elke gemeente aan om 'n doelwit te stel van minstens R6.00 per belydende lidmaat p.j. vir Bybelverspreiding, met die uitdruklike versoek aan die Bybelgenootskap van SA dat publikasie van die 1953 - vertaling van die Afrikaanse Bybel onverpoosd sal voortgaan.
(JJ(Jurie) Venter; GLH Coetzee)

Ds A Boshoff bedank die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap vir hulle teenwoordigheid en optrede, en verseker hulle van voorbidding. Hierna vertrek ds Delport en dr Tolmie.

21. **APPÈLLE**

Die Voorsitter stel die volgende punt aan die orde met die oog op die dringendheid daarvan:

Agenda bl. 217 Afdeling G. Beswaarskrifte en Appèlle.

Punt 3 (bl. 222)

3.1.1 Kennis geneem

3.1.2 Kennis geneem.

3.2 Kennis geneem.

3.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

3.3.1 **Die Sinode besluit om 'n addendum tot die verslag van die KKS i/s appèlle as laat-ingekome stuk in ontvangs te neem en verwys dit na die Tydelike KKS om die Sinode met die nodige advies te dien.**

3.3.2 **Die Sinode reël dat die bewysstukke in verband met die appèlle ter insae is by die Tydelike KKS.**

'n Appèl van mev Smit van Barkly-Oos word ook na die Tydelike Regskommissie verwys.

22. **SKK-VERSLAG VERVOLG (BL. 14)**

3.4.2 **Goedgekeur met wysiging: "Geregistreer " moet met "hervestig" vervang word. Wetnommer kan later bygevoeg word.**

3.5 Kennis geneem. Daarmee het die RKA formeel tot stand gekom.

23. **VERKIESING VAN HULPSKRIBA**

Die Voorsitter vra nominasies vir 'n hulpskriba, en die volgende afgevaardigdes word genomineer:

Di. IA Brink, JA Jacobs, DR Schwartz, JHE Adams, JA du Plessis, MJ Eilers, AP Viljoen, AS van Staden, JN Joubert, HB Heymans, NJ Rautenbach, AJ Taute, SJ Gouws, LD Pienaar, oudl. HJ Visser, dr MFM Pretorius.

Na die eerste stemming moet weer gestem word tussen ds NJ Rautenbach, ds IA Brink en ds JA du Plessis. Ds IA Brink word verkies. Die Voorsitter vra hom om sy plek by die tafel in te neem en wens hom geluk.

24. **SKK-VERSLAG VERVOLG - BL. 14**

3.6 Kennis geneem.

3.7 Kennis geneem. Bonnievale word bygevoeg.

3.8 Kennis geneem.

3.9 Kennis geneem.

Die Voorsitter vra dat die leraars wat sedert die Derde Sinodesitting tot die bediening in die APK toegelaat is, asook die afgevaardigdes van die nuwe gemeentes in 3.7 gemeld, opstaan. Hy heet hulle hartlik welkom by hulle eerste Sinode van die APK.

25. **VERLOFAANSOEKE**

Goedgekeur:

Ds CJJ van Rensburg, Groter Durban, Dinsdag 18 September 09:00 - 18:00 - begrafnis van sy skoonmoeder te Bethlehem.

Oudl GD Kriel, Meyerton, 17 en 19 September 16:00 - 21:15, moet elektronikaklasse bywoon in Pretoria. Sy gemeente dra kennis.

Dr JA Scholtz, De Aar, Dinsdag 18 September 1990. Begrafnis in Strydenburg. Oudl. JA Viljoen, Kroonstad, 18 September, dringende mediese ondersoek.

Oudl. MJ Strydom, Clocolan 18, 19 en 20 September 1990, Bulveilings te Bloemfontein.

Oudl. FT Erasmus, Weipe, 20 Sept. 1990, Sakebelange.

Oudl. EGZ Jonker, Vanderbijlpark, 18 en 20 September 1990 vanaf 18:00. Aktuele vergaderings as Voorsitter bywoon.

Oudl. MTJ Oosthuizen, Clocolan, 22 September 1990, Afspraak.

Ds NJ Groenewald, Clocolan, 22 September 1990. Afspraak.

Leraar en afgevaardigdes van Barberton/Nelspruit kombinasie, 21 en 22 September 1990 vanaf 18:00. - Gemeenteverpligtinge.

26. **OPENINGSREDE - DR CI VAN HEERDEN**

Die Voorsitter stel dr CI van Heerden aan die woord. Dr Van Heerden praat besielend oor die Boodskap van die Kerk in veranderde tye. Hy wys op die stryd wat om ons woed maar ook op die onwankelbaarheid van die Woord. Op ons ewige belydenis dat Jesus Christus Seun van God is en vir ons 'n oorwinning behaal het. 'n Afskrif van sy openingsrede word by die notule aangeheg as Bylae C.

Op versoek van die Voorsitter sal ds JD van der Merwe vir dr Van Heerden môre-oggend bedank.

Oudl. Andries Gous van Barkly-Wes word gevra om môre-oggend die bidstond te lei.

TWEEDE SITTINGSDAG

27. **BIDSTOND**

Na samesang gelei deur ds NJ Rautenbach lei ouderling AGS Gous van APK Barkly-Wes die bidstond. Hy laat sing Ps. 48 : 1 en 5. Nadat hy 'n gebed gedoen het, lees hy Gen. 22: 1 - 14 en Matt. 14 : 22 - 33.

Hy vestig die aandag op die geloof en gehoorsaamheid van Abraham; in Matt. op Petrus se kleingeloof, en die hulp van Jesus ontvang.

Hy bied geleentheid vir gebed wat deur verskeie afgevaardigdes benut word. Die bidstond word afgesluit met die sing van Ges. 10 : 1 - 3.

Die Voorsitter bedank oudl. Gous vir die lei van die bidstond.

28. DANKWOORD VIR OPENINGSREDE

Op versoek van die Voorsitter word die dankwoord van ds JD van der Merwe ook in die notule opgeneem.

<u>DANKWOORD AAN DR CI VAN HEERDEN AS ANTWOORD OP SY REDE 17 SEPTEMBER 1990</u>

Broer Voorsitter en broeders,

Dr. Kerneels van Heerden is 'n skraal, gespierde dinamiese persoon, 'n vitalis wat by my die indruk laat dat hy bly is oor elke dag, want God het dit gemaak. Ek kry ook die indruk dat hy liewer wil opslyt as oproes!

Sy voordrag is dinamies, in keurige Afrikaans, geïnspireer deur die Heilige Gees, goed deurdink, deurwas met gebed en bepeinsing.

Met dringendheid in sy tenoorstem het die boodskap na ons gekom. Soms wou sy stem net deurslaan amper soos die geklank van die basuin van God in 1 Thes. 4:16.

In hierdie rede vertel hy van die ontstaan van die AP Kerk 'n skrale drie jaar gelede en hoe God hierdie kerk in aansyn geroep het. Hy wys op die dinamiese groei in getalle, predikante wat oorgekom het en baie gemeentes wat gestig is. Jesus Christus is die fondament van hierdie kerk. Die AP Kerk is 'n kerk van Christus.

Hierdie Kerk loop nie saam met die wêreld nie; verander nie ter wille van verandering of wêrelddruk nie. Die AP Kerk glo nie aan uiterlike eenheid t.w.v. wêreldmening of mode nie. Al gaan dit swaar en al kan dit swaarder word vorentoe, ons sien in die verse die oorwinning in Christus wat dit waarborg.

Hierdie rede kan saamgevat word in die woorde van Gesang 333:3 :

"Bedreig gevaar van buite
met skerp venyn gemik,
vul twyfel ons van binne
met kleingeloof en skrik,
dis eie aan die wêreld:
Ons sal verdrukking hê,
maar Christus het sy bystand
aan ons hier toegesê."

Dr. Kerneels van Heerden, ons sê baie dankie vir wat u vir die AP Kerk beteken. U geskrifte, u diens in kommissies; u vriendelikheid en gesindheid. U vertoon aan ons die gesindheid van Jesus Christus.

(JD VAN DER MERWE - FRANKFORT AP KERK)

Die Voorsitter bied geleentheid aan die ampsdraers by die tafel om elk 'n dankwoord aan die Sinode te rig.

29. AFKONDIGINGS

1. Ds Gert Smit word gelukgewens met sy verjaardag en seën toegebid.

2. Ds CJS Botha van Ventersdorp en die eggenote van oudl. Badenhorst van Derby verjaar ook vandag, en die Voorsitter wens ds Botha en oudl. Badenhorst geluk.

3. Die Voorsitter heet die professore wat met adviserende stem teenwoordig is, hartlik welkom en nooi hulle met die goedkeuring van die Sinode om te enige tyd aan die besprekings deel te neem.

4. Ds W Grove is vanweë ongesteldheid afwesig en die Voorsitter spreek die meelewing van die Sinode uit.

5. Personeelwisseling

Oudl. JJP Roux van Viljoenskroon en Johannes Nicolaas Roedolf Joubert van Bothaville neem sitting, lg. in plaas van br. JJ Barnard.

Die Voorsitter heet hulle welkom.

30. BESWAARSKRIF

Die Sinode neem die beswaarskrif van ds WJ van der Merwe in behandeling.

(Afd. G bl. 217)

1.1 Inhoud van beswaarskrif - Kennis geneem.

1.2 Motivering deur insender - Kennis geneem.

1.3 Aanbeveling van KKS:

Die Sinode besluit dat punt 1 van Bylae 2 van die Kerkorde vervang word met die voorgestelde bewoording van die beswaarskrif, wat soos volg lui:

In die geval waar iemand met attestaat uit 'n ander AP Kerk aanmeld, word sodanige lidmaat, in ag genome die getuienis in die attestaat, onvoorwaardelik as lidmaat opgeneem, en die naam van die lidmaat word aan die gemeente onmiddellik bekend gestel.

Word verwys na die Tydelike Regskommissie.

2. Gravamen ds CJ Prins

Kennis geneem. Ds Prins is nie meer lidmaat van die APK nie.

3. Appèlle - Afgehandel.

31. VERSLAG VAN DIE DIE KKS (Bl. 106)

Numerering en opskrifte word aan die KKS oorgelaat.

1. Personeel - Kennis geneem.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

2.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode keur dit goed dat 'n laat-ingekome stuk as addendum tot die KKS-verslag in verband met die Vroue-aksie by die Sinode mag dien.

2.2 Motivering - Kennis geneem.

3. Afgehandelde sake in opdrag van die Sinode

3.1 - 3.5 - Kennis geneem met dank.

4. Opskorting van K.O. Artikel 61 en Bep. 61.1 - 61.3
4.1 Aanbeveling nie aanvaar nie:

Die Sinode skort art 61 en bepalings 61.1 - 61.3 op vir die duur van die vergadering.

Die Sinode aanvaar die oordeel van die Voorsitter: Art. 61 (en bybehorende Bepalings) kan nie opgeskort word nie. Dit kom te dikwels in hierdie Agenda ter sprake.

Die Sinode besluit:

Sake wat die KO (en Bepalings) raak, en in 'n Kommissieverslag (Permanente Kommissie Verslag in Agenda) geopper word, word as <u>beskrywingspunte</u> (waar vir heroorweging aangebied) volgens KO Art. 61 en sy Bepalings beskou (kyk bv. Afd. B, pp. 119 - 157); Afd. C, pp. 158 - 170).

4.2 Kennis geneem.

5. Prioriteitslys en vorm van verslag - Kennis geneem.

5.1 - 5.9 - Kennis geneem

6. **Onafgehandelde deel van die 1989-Verslag van die KKS**

6.1 - 6.4 Kennis geneem.

Afd. A Bepalings in die KO wat tot hiertoe net as riglyne gedien het.

1 - 3 Kennis geneem.

4. **Art. 40 Bewoording in KO.**

40.1 - 40.5 Kennis geneem. Verwysing in 40.5 moet wees 25.2 in plaas van 23.2.

4.4 Aanbeveling: (Bl. 111)

Besluit: Bepaling 40.1 staan oor.
Bepaling 40.2 - 40.5 goedgekeur:

BEPALING 40.2

Die Sinode kies 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba, hulpskriba en aktuarius wat per groslys met volstrekte meerderheid van stemme volgens die stemprosedure by die beroeping van 'n predikant of verkiesing van kerkraadslede verkies word.

BEPALING 40.3

Vir gewone vergaderings van die Sinode moet 'n kerkraad die geloofsbriewe van afgevaardigdes [illegible] dae voor die aanvang [illegible] die Sinode Kerkkantoor deurstuur.

[illegible]

Afgevaardigdes na 'n buitengewone Sinode verskyn met geloofsbriewe en handel die sakelys af.

BEPALING 40.5

Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering totdat die voorsitter verkies is.

Bepaling 40.6 (bl. 110):

4.1 Beskrywingspunte i/s Voorsitter van die Sinode

4.1.1 Vereeniging - Kennis geneem.
4.1.2 Memel - Kennis geneem.
4.1.3 Newcastle - Kennis geneem.

4.2 Aanbeveling van KKS - Kennis geneem. Die Voorsitter reël dat die Sinode eers oor die beginsel besluit of daar 'n beperking geplaas word op die verkiesing van 'n voorsitter al dan nie.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die sinodale vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter.

(CI van Heerden; JJ Brits)

Daarmee is die beskrywingspunt van Vereeniging aanvaar.

'n Verdere voorstel word goedgekeur:

Die beginselbesluit geneem dat die sinode hom nie bind aan 'n beperking vir voorsitterskap nie, impliseer dat die beginsel sal deurwerk na mindere kerkvergaderinge en dra dit aan die te benoemde Permanente KKS op om aandag te gee en die volgende sinode te dien met 'n aanbeveling.

(JA du Plessis; E Friis)

4.3 Motivering van KKS - Kennis geneem,

5. Art. 42 (Bl. 112)

Sakramentsbediening

Art. 42.1; 42.2; Bep. 42.1, 42.2, 42.3 - Kennis geneem.

Ds JJ (Jurie) Venter lê die verslag van die KKS hiervandaan verder aan die Sinode voor.

5.1 - 5.2 - Ring van Klerksdorp: Beskrywingspunt i/s Heilige Doop - Kennis geneem.

5.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Heilige Doop word so gereeld moontlik in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien.

5.4 Motivering - Kennis geneem.

5.5 Aanbeveling (1989-verslag van KKS) goedgekeur:

Art 42.2 word taalkundig verbeter: "Die Heilige Nagmaal word so gereeld moontlik in elke gemeente gevier, maar minstens vier keer per jaar, gedurende 'n erediens gelei deur 'n bedienaar van die Woord".

5.6 Aanbeveling goedgekeur (bl. 112):

Die Sinode besluit dat Bepalings 42.1 tot 42.3 goedgekeur word nadat die volgende veranderings aangebring is:

5.6.1 Bep. 42.1 word gewysig deur "gemeente" te vervang met "AP Kerk of erkende kerk".

BEPALING 42.1

Die Heilige doop word aan die kinders van belydende lidmate, wat nie onder sensuur is

nie, bedien. Indien ouers hulle kinders in 'n ander AP Kerk of erkende kerk wil laat doop, moet hulle skriftelik toestemming van hulle eie kerkraad verkry, met dien verstande dat die plaaslike leraar en wyksouderling namens die kerkraad mag handel in spoedeisende gevalle.

BEPALING 42.2

Voornemende doopouers is verplig om die verbondsgesprek, soos deur die kerkraad bepaal en gereël, by te woon. Besoekende doopouers moet bewys lewer dat die verbondsgesprek in die eie gemeente afgehandel is.

5.6.2 Bepaling 42.3 word gewysig om so te lui: "Die Heilige Nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die Nagmaal en toesighouding deur die kerkraad kan besoekende, <u>ongesensureerde</u> belydende lidmate uit ander <u>AP Kerke (gemeentes)</u> of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word mits hulle vooraf by die kerkraad daarom aansoek gedoen het".

5.6.3 Moet saam met 5.6.1 gelees word, en "Bep. 42.2" moet wees "Bep. 42.1".

Goedgekeur: Bepaling 42.2 word gewysig deur "toestemming van die kerkraad" te vervang met "toestemming <u>van hulle eie</u> kerkraad".

6. Art. 43 (Bl. 114)

<u>Verbondsonderrig</u>

"Kinders" moet wees "dooplidmate".

Bl. 114 - 6.5.2 bl. 117 - verwys na Tydelike Jeugkommissie.

Bl. 116

Bep. 43.1, 2e paragraaf - "Volwassenes ... reël" moet onderstreep word.

Bl. 117 punt 6.4.2 "7.2.1 moet wees 6.2.1".

7. Bep. 55.1 - 55.4 - Tug

7.1 Kennis geneem. Staan oor.

Bl. 118

7.2 Aanbeveling - voeg by "van KKS" by opskrif. - Staan oor.

Afd. B - Beskrywingspunte uit die 1989-verslag van die KKS - Bl. 119

1. Kennis geneem.

2. Art. 3

2.1 Kennis geneem.

2.2.1 - 2.2.3 (foutiewelik 2.3.3 in Agenda bl. 121) - KO Art. 3 - Beskrywingspunt - Ring van Vereeniging. - Kennis geneem.

2.2.4 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode skenk oorweging aan die beskrywingspunt nadat 'n besluit oor gemeentegrense geneem is.

2.3 Beskrywingspunte Prof WJG Lubbe (van 1989)

2.3.1 1988 - KO Bepaling 32.1/1989-KO Bepaling 3.1

2.3.1.1 Kennis geneem.

2.3.1.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van nuwe voorgestelde Bep 4.1.

2.3.2 1988-KO Bep. 32.2/1989-KO Bep. 3.2

2.3.2.1 Kennis geneem.

2.3.2.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.3.

2.3.3 1988-KO Bep. 32.3/1989 KO Bep. 3.3

2.3.3.1 Kennis geneem.

2.3.3.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.4.

2.3.4 1988-KO Bep. 32.4/1989-KO Bep. 3.4

2.3.4.1 Kennis geneem.

2.3.4.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van nuwe voorgestelde Bep 4.5.

2.3.5 1988-KO Bep. 32.5/1989- KO Bep. 3.5

2.3.5.1 Kennis geneem

2.3.5.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van 1989 KO Bep 4.6.

2.3.6 1988-KO Bep. 32.6/1989-KO Bep. 3.6

2.3.6.1 Kennis geneem.

2.3.6.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.7.

2.3.7 1988-KO Bep. 32.7/1989-KO Bep. 3.7

2.3.7.1 Kennis geneem.

2.3.7.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.8.

Die Sinode verdaag om 10:30 vir verversings, en hervat sy sitting weer 11:10.

32. PERSONEELVERANDERING

Ds RJH Pottas (Vaalharts-Suid) verskyn ter vergadering en word verwelkom.

33. KKS-VERSLAG VERVOLG (Bl. 123)

2.4 Aanbevelings deur KKS by Sinode 1989 (met geringe byvoegings)

2.4.1 KO art 3 lui dan so:

"Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse <u>kerke (gemeentes)</u> onderskryf en bely, kan <u>saam met</u>

hulle kinders lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry.

Goedgekeur met skrapping van "en bely", byvoeging van "plaaslik" voor "Kerk" in laaste reël, en met inagneming van die volgende voorstel wat goedgekeur word:

Die Sinode besluit om rustig voort te gaan met die benaming van die Kerk (Kerke) soos dit tans is en om 'n ad hoc-kommissie te kies met die opdrag om die Bybelse gegewens en Kerkregtelike beginsels te bestudeer en met 'n aanbeveling na die volgende Sinode te kom.
(CI van Heerden; JJ Prits)

(Met ander woorde die naam van die Kerk bly voorlopig behoue soos in die huidige Kerkorde.)

Die volgende amendement verval in die lig van bg. voorstel.

Amendement op Aanbeveling van KKS by 2.4.1 - Behou die bewoording Afrikaanse Protestantse kerk by KO Art. 3.
(AJ van Niekerk; WA Jooste)

2.4.2 Goedgekeur met die voorbehoud dat 4.2 vanaf "en goedkeuring" tot by "deur die gemeente" oorstaan in afwagting van die Verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake oor die beswaarskrif wat oor dié saak handel:

Voeg na art 3 'n nuwe art 4 in onder die opskrif: VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP, in aansluiting by die werkwoord "verkry" in art 3. (Dit sluit aan by die 1988-KO se artikels 33 en 34, wat verskuif moet word om nou ná art 4 te volg.)

VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP

KO art 4:

"Lidmaatskap is met aan 'n ker[illegible]e) verbind en word verkry deur:

4.1 aflegging van belydenis van geloof deur 'n dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die kerkraad (na approbasie deur die gemeente);

6.2.1.1 Kennis geneem.

6.2.1.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

25.1 In kerkvergaderings word slegs met kerklike sake op kerklike wyse gehandel.

6.2.2 1988-KO Art 23.2/1989 KO art 25.2

6.2.2.1 Kennis geneem.

6.2.3.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie (kyk voorgestelde nuwe redaksie van art. 25.2)

6.3 **Verdere aanbeveling 1989 KKS (voorgestelde nuwe redaksie) goedgekeur:**

Art. 25.2 word so gewysig: 'n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n ring, of kerkraad via 'n ring, na hom verwys is omdat dit nie deur die ring afgehandel kon word nie. Dieselfde geld vir 'n ring met betrekking tot 'n kerkraad.

7. **Art. 29**

7.1 Kennis geneem.

7.2 BESKRYWINGSPUNT PROF WJG LUBBE

1987-KO art 27/1989 KO art 29

Vervang die artikel se bewoording met: "Aan kerklike vergaderings is regering, opsig en tug opgedra soos kerkordelik aan elkeen toegewys is".

7.3 **Aanbeveling van die KKS - Staan oor.**

34. VERLOFAANSOEKE

Oudl. OMJ van Heerden, Hartebeespoort, 19 en 20 September 1990 - Werksverpligtinge.

Oudl. JL Erasmus, Vryheid, 22 September 1990 - Afspraak.

Oudl. B Mills, Pretoria-Oos, 22 September 1990 - Woon huwelik by. Oudl. AB Ebersohn staan sy plek vol.

Oudl. DC Botha, Paul Roux, 21 en 22 September 1990 - Direksievergadering.

Oudl. B Terblanche, Sanddrif, 19 September 1990 - Dringende vergadering.

Oudl. HJ Earle en diak. JAV Bezuidenhout, Theunissen, 20 tot 22 September 1990 - Boerderybelange.

Ds AD Jacobs, Rustenburg, 18 September 1990 - Ongesteld.

Diak. AH Miles, Verwoerdburg 18:00 op 18 September 1990 - 07:00 20 September 1990 - Primarius en sekundus kon elk slegs twee dae verlof kry en moes die tyd tussen hulle deel. Daar is dus een dag sonder afvaardiging.

Afgevaardigdes van Derby, 22 September 1990 - Leraar - mediese redes. Oudl. Badenhorst - Hoërskool Bestuursraadvergadering. Ander afgevaardigdes het saamgery om kostes te bespaar.

Diak. dr D Nieuwoudt, Bloemhof, 21 en 22 September 1990 - Praktykverpligtinge.

Oudl. GG Vosloo, Warmbad, 20 September (oggendsitting) - Mediese ondersoek ondergaan.

Diak. WJJ van Rensburg, Delareyville, 20 tot 22 September 1990 - Sakeverpligtinge.

Oudl. ZP Kruger, Sanddrif, 20 September - Belangrike afspraak. Word vervang deur sekundus.

Oudl. JL du Preez, Sannieshof, 21 September 08:00 - 14:00. - Vergadering te Potchefstroom.

Oudl. JH van Antwerpen, Hoëveldrif, 18 September 1990 van 16:00. - Werksomstandighede.
Goedgekeur.

35. **AFKONDIGINGS**

Die Sinode neem ook kennis van die afwesigheid van die Sinode van prof HCG Robbertze as gevolg van ongesteldheid. Die Voorsitter roep die Sinode op tot voorbidding vir hom en vra dat die skribaat die Sinode se seënwense aan hom oordra.

Telegram van seënwense, APK Douglas - met waardering ontvang.

Enkele ander afkondigings i.v.m. vergaderings van Tydelike Kommissies en ander sake word ook gedoen.
Die Sinode verdaag om 13:00 vir middagete en hervat sy werksaamhede om 14:00.

Middagsessie

36. **VERSLAG KKS - VERVOLG (BL. 131)**

8. **Artikel 30**

APPèL EN BESWAARSKRIF (GRAVAMEN)

8.1. **Beskrywingspunt Prof WJG Lubbe**

1988-KO art 28/1989-KO art 30.

8.1.1 Kennis geneem:

Wysig reël 3 om te lees: "die Skrif en/of die Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of ('n) ander sinodale besluit(e) kan hy appelleer ..." (m.a.w. skrap ook "en die Geref. Kerkreg").

8.1.2 Aanbeveling van KKS nie goedgekeur nie.

Die beskrywingspunt word goedgekeur soos gestel in 8.1.1.
Art 30 lui dus:

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of die belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n ander sinodale besluit/e kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

8.2 Beskrywingspunt Ring van Memel.

8.2.1.1 Inhoud van beskrywingspunt - Kennis geneem.

8.2.1.2 Motivering - Kennis geneem.

8.2.2 KKS Kommentaar

8.2.2.1 Kennis geneem.
8.2.2.2 Kennis geneem.

8.2.3 Aanbeveling:

8.2.3.1 Kennis geneem.

8.2.3.2 Goedgekeur:

Die beskrywingspunt rakende die Ordereëls onder artikel 30 word nie goedgekeur nie.

9. **Artikel 32**

9.1 Kennis geneem.
9.2 **Beskrywingspunte Prof WJG Lubbe**

9.2.1 1988-KO. art. 30/1989-KO art. 32 - Kennis geneem.

9.2.1.1 Kennis geneem.

9.2.1.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - onnodig.

9.2.2 **Artikel 32**

9.2.2.1 Kennis geneem

9.2.2.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie - kyk nuwe redaksie van art 32.

9.3 **Nuwe redaksie van Art. 32**

9.3.1 **Aanbevelings** - Kennis geneem.

9.3.2 Art. 32 word art. 33 en word gewysig - **Goedgekeur. Artikel 33 lui dus:**

"Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die ouderlingeraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die diakonie bestaan slegs uit die diakens. Die ouderlingeraad en die diakonie vergader ook afsonderlik om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig".

9.3.3 Nuwe bepaling onder art. 33 - Kennis geneem.

9.3.3.1 **Bep. 33.1**

Ordemosie vir verwysing van 33.1 na die te benoemde ad hoc-kommissie voorgestel deur ds JA du Plessis word verwerp.

Die volgende amendement word ook verwerp:

Die Sinode besluit:

Die KKS kry opdrag om 'n nuwe taakomskrywing as bepalings by art. 33 op te stel, in ooreenstemming met art. 32 soos reeds goedgekeur, vir voorlegging aan die volgende Sinode.
(Ds AS van Jaarsveld; Ds A Boshoff)

9.3.3.2 - 9.3.3.7

Bep. 33.1 - Motivering en gevolgtrekking - Kennis geneem.

Die aanbeveling lui soos volg:

10.5 ART. 33 - VOORSTEL DEUR DIE KKS IN 1989 - VERSLAG

Dit lui ongewysig soos volg:

10.5.1 Dit word art. 34 met die opskrif: 'VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD'.

10.5.2 Die bewoording van die artikel word verander om soos volg te lui:

34.1 Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter;

34.2 die voorsitter van die kerkraad is 'n leraar van die gemeente;

34.3 'n ouderling word as ondervoorsitter aangewys.

10.5.3 Motivering, ens., ens.,

VOORGESTELDE AMENDEMENT

Artikel 33 word art. 34 en bly verder onveranderd soos die bewoording in die Kerkorde 1989 - uitgawe tot ná bepaling 33.1 (nou bepaling 34.1).
Hier word nou 'n nuwe bepaling 34.2 ingevoeg wat soos volg lui:

BEPALING 34.2 die voorsitter van die kerkraad is 'n (die) leraar van die gemeente, waar dit enigsins prakties en finansieel moontlik is, indien nie, sal 'n gekose ouderling van die gemeente as voorsitter optree.

BEPALING 34.3 geen besluit mag oor kerkregtelike aangeleenthede deur 'n kerkraad geneem word alvorens 'n leraar van die kerk nie geraadpleeg is nie.

Die numerering van die daaropvolgende bepalings word aangepas.

Motivering

Alhoewel daar innige waardering by ons almal is vir die alreeds swaar las wat ons dungesaaide leraars dra, wil ons tog die volgende onder u aandag bring:

1. Die motivering van die KKS is almal aanvaarbare en gewigtige redes. In sommige is die teenpool net so aanvaarbaar en gewigtig (sien KKS se motivering - punte 10.5.3.1 tot 10.5.3.7 op bladsye 143/144 in sinodale agenda).

2. Dit wil voorkom asof die KKS se aanbeveling nie die praktiese implikasies van hulle voorstel aanspr... nie. Die bykomende las wat hierdeur op ons ... aantal leraars (en miskien vir nog ... vorentoe) gaan plaas is onnodig ... vrese deur hierdie amendemente se ... ondervang word.

3. Baie klein en nuutgestigte gemeentes is nie prakties en finansieel by magte om aan die KKS se voorstel (aanbeveling) te voldoen nie.

4. 'n Toekomstige sinode kan altyd weer hierdie artikel onder bespreking plaas, wanneer ons geliefde kerk veranderde omstandighede beleef.

5. Artikels 10 en 14 (1989 - kerkorde) (in 1990 sinodale agenda aanbeveel as art. 11 en 15) asook bep. 36.6 (in sinodale agenda aanbeveel as bep. 37.6 en uitgebrei soos aanbeveel in punt 37.6.2.2) moet dan ook aangepas word.

6. Indien die gedagte is dat die ondervoorsitter in al bogenoemde gevalle in elk geval die stoel sal neem, is die KKS aanbeveling oorbodig."
(LE Retief; HG Fourie)

10.5.3 - 10.5.3.7 Motivering - Kennis geneem.

11. Artikel 35.

11.1 Ringsvergadering - Kennis geneem.

11.2 Ring van Naboomspruit - Beskrywingspunt.

11.2.1 Kennis geneem.

11.2.2 Motivering

11.2.2.1 - 11.2.2.3 - Kennis geneem.

11.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.

Die voorgestelde gewysigde art 36 lees dan soos volg:

36.1 Goedgekeur - vervang "ouderlinge" met "kerkraadslede":

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede per gemeente.

36.2 Goedgekeur - vervang "ouderling" met "kerkraadslede":

Waar twee of meer gemeentes in kombinasie verkeer, kan 'n gemeente wat nie amptelik deur die (n) predikant op 'n meerdere vergadering verteenwoordig word nie, 'n addisionele kerkraadslid afvaardig.

36.3 Goedgekeur - vervang "ouderling" met "kerkraadslede":

Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig.

36.4 Goedgekeur:

Elke afvaardigende kerkraad moet sy afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien.

Die volgende amendement word nie aanvaar nie:

Amendement art. 35 - Samestelling van die Ring

Die Sinode behou die ou bepaling se formulering.
(CI van Heerden; JJ Brits)

11.4 Motivering - Kennis geneem.

12. Beskrywingspunt Kerkraad van Molopo oor beskerming van Bybelvertaling en Belydenisskrifte - p. 146 - 148 staan oor tot Kommissie vir Bybelvertaling aan die orde kom.

13. Ringe van Derby en Dendron (Bl. 148)

13.1 Beskrywingspunt i/s Kategismusprediking

13.1.1 Kennis geneem.

13.1.2 Kennis geneem.

13.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunte deur art 41.5 te wysig om soos volg te lees: "Daar moet sover moontlik agtien keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word. Die ideaal is dat die hele Kategismus in drie jaar behandel word. So dikwels doenlik moet ook die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls bygehaal word".

14. Artikel 54 - Kennis geneem.

14.1 Ring van Memel - Beskrywingspunt i/s tug oor ampsdraers

14.1.1 Kennis geneem

14.1.2 Motivering

14.1.2.1 Kennis geneem tot 14.1.2.5.2

14.1.3 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Die Sinode adviseer afgevaardigdes uit die Ring van Memel om die inhoud van hierdie beskrywingspunt tydens Sinode: 1990 te stel wanneer art 54 KO ter sprake kom.

14.1.4 Motivering - Kennis geneem.

37. **VERLOFAANSOEKE**

Oudl. CJ Pienaar, Witbank, 22 September 1990 vanaf 10:00. - Sing op troue.

Oudl. HJ van der Merwe, Naboomspruit, 20 September 1990. Werksomstandighede.

Oudl. LC Pieterse, Diaken EP Vermaak, Brandfort, vanaf 20 September 1990. - Sekundi sal bywoon.

Oudl. SW Malan, Fort Beaufort, 20 September 1990. - Hoofraadsvergadering van KP in Pretoria.

Oudl. JP Fouché, Keetmanshoop, 22 September 1990. - Moet reeds Sondag in Windhoek wees.

Diak. HP de Villiers, Middelburg, onmiddellik vertrek 18 September 1990. - Seun ernstig siek. Gemeente steeds verteenwoordig.

38. PERSONEELVERANDERING

Oudl. CHRISTIAAN LOURENS DREYER CRONJé - Senekal - 18 September 1990 verskyn ter vergadering en die Voorsitter verwelkom hom.

Geloofsbrief in orde.

39. TELEGRAMME

Groete en seënwense toegedig op verrigtinge - APK Springs, Kemptonpark, Senekal.

<u>Middagsessie</u> (16:30)

40. VOORSTELLE

Die volgende voorstel en versoek word goedgekeur:

1. **Die Sinode besluit om sy dank en waardering aan die Verkeersafdeling van Parys oor te dra vir hul vriendelike en flinke reëling van die verkeer by die oorgang na die eetsaal.**
(J van Niekerk; H le Roux)

Hulpskriba sal dit oordra.

2. Versoek: Dat ons elke aand 10 minute voor die aanvang, dit wil sê 18:50 bymekaar kom en saam sing.
(JS Uys; JJ Fourie)

41. **KKS-VERSLAG VERVOLG** (Bl.151)

14.2 Aanbeveling van KKS t.o.v. art. 54

14.2.1 Die saak staan oor tot die verslag weer aan die orde kom.

42. **VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME (BL. 258)**

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel oor.

Ds MP Taute hou die verslag aan die vergadering voor.

1. Personeel - Kennis geneem.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Sake deur vorige Sinode verwys na die PKKEN

3.1 Vervanging van "neergedaal ter helle" met "na die doderyk" in Twaalf Artikels - Kennis geneem.

3.1.1 Aanbevelings:

3.1.1.1 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die huidige bewoording behou word.

3.1.1.2 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat 'n voetnota toegevoeg word: "Dit beteken dat Hy helse smarte gely het en nie dat Hy letterlik in die hel was nie. (Vergelyk Heidelbergse Kategismus Sondag 16, Vraag en antwoord 44; die Geloofsbelydenis van Nicea.)"

3.2 Lasgewing Permanente Kommissies

3.2.1 Algemene bepalings.

3.2.1.1.1 - 3.2.1.1.4 - Goedgekeur:
(Let op 3.2.1.1.4 - RKA word BRKA.)

3.2.1.1.1 Die kommissie ontvang slegs opdragte van 'n Sinode van die AP Kerk.

3.2.1.1.2 Die Sinode bepaal die grootte van die kommissie en benoem lede met sekundi.

3.2.1.1.3 Die kommissie mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die kommissie van advies te bedien.

3.2.1.1.4 Met die samestelling van die kommissie word in ag geneem die samestelling van die Sinode, dws die verhouding in getalle tussen leraars en ouderlinge. (Vgl. die samestelling van die BRKA).

3.2.1.2 Advies
3.2.1.2 tot 3.2.2.6 (Bl 258 - 261) - Goedgekeur:

3.2.1.2.1 Die kommissie mag advies aanbied aan ander kommissies, kerkrade, ringe of lidmate indien daartoe versoek. Sodanige advies sal egter altyd aanbevelings wees en mag nooit as voorskrifte aangedui of aanvaar word nie.

3.2.1.2.2 Wanneer die kommissie 'n advies oor 'n saak lewer waaroor geen Sinode van die APK nog uitspraak gelewer het nie, moet die kommissie dit duidelik in sy advies vermeld.

3.2.1.2.3 Die kommissie mag nie oor sodanige saak, standpunt namens die APK stel nie. Slegs 'n Sinode van die APK kan uitsprake namens die APK doen.

3.2.1.2.4 Die kommissie mag wel bestaande standpunte van die Sinode deurgee.

3.2.1.3 Interpretasie

3.2.1.3.1 Die kommissie het die reg om Sinodebesluite oor sake rakende die terrein van die kommissie te interpreteer en sodanige interpretasie as advies te gee, met dien verstande dat slegs 'n Sinode van die APK vorige besluite gesaghebbend en finaal mag interpreteer of wysig of herroep.

3.2.1.4 Binding

Die kommissie is gebind aan:

3.2.1.4.1 Die Woord van God.
3.2.1.4.2 Die Belydenisskrifte (Kerkorde Artikel 1).
3.2.1.4.3 Die Kerkorde.
3.2.1.4.4 Vorige Sinodebesluite.

3.2.1.5 Rapport

3.2.1.5.1 Die kommissie word deur 'n Sinode van die APK saamgestel en moet gevolglik van al sy werksaamhede aan die volgende Sinode skriftelik rapport lewer.

3.2.1.5.2 Hierdie rapport moet die riglyne vir die rapport wat deur die Sinode vasgestel is, volg. Dit sal gevolglik 'n begroting en konsep-lasgewing vir die te-benoemde kommissie bevat.

3.2.1.5.3 Die kommissie rapporteer nie aan 'n ander kommissie nie en is nie bevoeg om as regter tussen kommissies op te tree nie.

3.2.1.6 Openbare optrede

3.2.1.6.1 Die kommissie mag homself nie aandien as "die APK" of as "Sinode" nie. Die kommissie kan nooit as 'n Sinode tussen verskillende sinodes funksioneer nie.

3.2.1.6.2 Indien dit nodig en gewens mag wees, mag die kommissie standpunte van die Sinodes oor sy werksterrein in die openbaar (oor die radio, TV en in die pers), via die kommissie wat die mandaat van 'n Sinode daartoe het, stel.

3.2.1.6.3 Die kommissie rapporteer aan die volgende Sinode oor genoemde openbare optrede.

3.2.1.7 Beskrywingspunte

3.2.1.7.1 Beskrywingspunte vir 'n Sinode wat op die terrein van die kommissie val word deur die kommissie voor die Sinode bestudeer sodat die kommissie sy aanbevelings saam met die beskrywingspunt op die Sinode kan dien.

3.2.1.7.2 Die kommissie moet hom daarvan vergewis of die vorige Sinodes van die APK reeds besluite geneem het wat die beskrywingspunte raak.

3.2.1.7.3 Indien die kommissie oordeel dat 'n beskrywingspunt by 'n ander kommissie tuishoort, verwys hy dit direk na daardie kommissie en rapporteer aan die volgende Sinode oor die

verwysing. Sorg moet gedra word dat sodanige beskrywingspunte wel op die volgende Sinode aandag geniet.

3.2.1.8 Indeks

3.2.1.8.1 Die kommissie stel 'n indeks van alle Sinodebesluite op wat op sy terrein val en bring die indeks jaarliks op datum.

3.2.1.8.2 Die indeks vorm nie deel van sy rapport aan die Sinode nie, maar moet wel deur die kommissie vir die Sinode beskikbaar gehou word.

3.2.1.9 Sakelys van die kommissie

3.2.1.9.1 Die kommissie hanteer slegs sake wat op sy terrein val en waartoe hy van 'n Sinode volmag ontvang het.

3.2.1.10 Toegang van die kommissie tot kerkrade en gemeentes

3.2.1.10.1 Die kommissie skakel met die plaaslike kerkraad (maw nie direk met die gemeentes nie) indien hy dit nodig ag in die uitvoering van sy opdrag en dan wel d.m.v. die Direkteur van Kerkadministrasie.

3.2.1.10.2 Die kommissie skakel met ander kommissies (t.o.v. advies en inligting) d.m.v. die Direkteur van Kerkadministrasie indien hy so sou verkies, maar bly steeds self verantwoordelik vir die aanbeveling by die volgende Sinode.

3.2.2 ALGEMENE LASGEWING

Die kommissie

3.2.2.1 word deur die persoon wat deur die Sinode as sameroeper aangewys is, byeen geroep, met die oog op die verkiesing van 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en ander funksionarisse wat die kommissie nodig mag ag;

3.2.2.2 besorg op sy eerste vergadering 'n kopie van sy eie lasgewing aan elke lid van die Kommissie en dra sorg dat elke lid met die inhoud daarvan vertroud is;

3.2.2.3 vergader minstens een keer per jaar;

3.2.2.4 roep 'n sekundus-lid op as daar 'n vakature ontstaan;

3.2.2.5 hou notule van al sy vergaderings;

3.2.2.6 doen by die sinodes aanbevelings van wysigings van hierdie lasgewing.

3.2.3 SENTRALE KERKEKOMMISSIE

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. Die Sinode besluit dat Permanente Kommissies voortaan verslag moet doen oor die opdragte wat deur 'n sinode aan hulle gegee is by 'n volgende sinodale vergadering.

   Die Sinode dra dit aan Tydelike Kommissies op om te rapporteer oor die lasgewings van Permanente Kommissies in gevalle waar betrokke Permanente Kommissies nie daaroor verslag gelewer het in hulle sinodestukke nie.
   (IA Brink; WJG Lubbe)

2. Die Sinode besluit om nou slegs algemene lasgewing te behandel, en elke kommissie se lasgewing by sy verslag te behandel.
   (WJG Lubbe; IA Brink)

3.2.3.1 tot 3.2.17.6 (Bl 261 - 271) - Kennis geneem.

3.2.18 Aanbevelings:

3.2.18.1 (Foutiewelik in agenda as 3.2.1.8.1) - Kennis geneem.

3.2.18.2 Kennis geneem.

Terug na bl. 268

3.2.12 Lasgewing Kerkleer en Etiese Norme

3.2.12.1 - 3.2.12.6 - Goedgekeur:

3.2.12.1 Bestudeer, doen uitvoerige navorsing en doen aanbevelings aan die Sinode na aanleiding van

3.2.12.2 beskrywingspunte, briewe, besluite van Sinodes en ander dokumente wat betrekking het op

3.2.12.3 die belydenisskrifte, leerstellinge, etiese, morele en ander aktuele sake wat

3.2.12.4 op 'n kerkordelike wyse na die kommissie verwys is;

3.2.12.5 Skakel ten nouste met die PKKS waar besinning ook kerkregtelike implikasies het;

3.2.12.6 beskou ad hoc-opdragte wat Sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing. Sorg moet gedra word dat

sulke opdragte nie op die terrein van ander kommissies tuishoort nie.

3.3 Die vrou in die amp (bl. 271).

3.3.1 **Aanbevelings**

3.3.1.1 **Goedgekeur:**

Die Sinode neem kennis van die verslag in sy geheel (bls. 296 tot 313).

Ordemosie: Die Sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van diaken nie.
(CI van Heerden; E Viljoen) - Goedgekeur.

3.3.2.2 - 3.3.2.8 - **Aanbevelings - Kennis geneem.**

3.4 Islam- en Hindoegeloof

3.4.1 - 3.4.1.3 - **Kennis geneem.**

3.4.1.4 **Aanbevelings goedgekeur met wysigings soos volg:**

3.4.1.4.1 **Die Sinode wys lidmate op die gevare en verderflike invloed van die Islam.**

3.4.1.4.2 **Goedgekeur met invoeging by aanbeveling 3.4.1.4.2 p. 273 in laaste sin na "Verlosser": "teenoor die Moslems":**
(MFM Pretorius; PF de Villiers)

Die Sinode versoek kerkrade om hulle lidmate te waarsku teen die verderflike invloed van die Islam as 'n valse, heidense en gevaarlike godsdiens; Christus as enigste Verlosser teenoor die Moslems te bely en te let op die magsuitbreiding van die Islam.

3.4.2 Hindoeïsme: Kennis geneem tot bl. 276.

3.4.2.1 Aanbeveling - goedgekeur met byvoeging van "... karate" ná "joga": (PA van Zyl; S Botes)

Die Sinode versoek kerkrade om lidmate te waarsku teen die valse leer van die Hindoeïsme en die skynbaar onskuldige gebruikmaking van die okkulte, meditasie, joga en karate.

Verslag word hier onderbreek.

Prof WJG Lubbe neem weer die stoel oor.

Br. C du Preez word in die vergadering verwelkom.

'n "Ordemosie" van JF du Plessis en JE Swarts asook 'n paar stukke in verband met Bybelvertaling van die Ring van Bloemfontein vir dringende aandag van die Sinode is ontvang. 'n Aanbeveling van die ampsdraers by die tafel dat dit oorstaan tot by die verslag van die Kommissie vir Bybelvertaling, word goedgekeur.

43. **MEDIAVERSLAG**

Goedgekeur na die volgende wysigings: "hoof" moet wees "Hoof", "aktuaris" moet wees "aktuarius".

Voeg in na "vorige sitting" in eerste paragraaf van bladsy 2: "in November 1989"

Aandsessie

44. **NOTULE 17 SEPTEMBER 1990**

Die notule van 17 September 1990 word deur ds LD Pienaar aan die orde gestel.

Die notule bladsye 1 tot 10 word goedgekeur met die volgende wysigings:

Bladsy 2 reël 1, voeg in na Daniël Marais "van APK Balfour".-

Reël 9 moet lees: "Die volgende voorstel word goedgekeur".

Reël 10 vervang "alle" met "Die sittingsreg van".

Reël 12 voeg in na en: "hulle".

Bladsy 4 Punt 7 voeg by aan einde: "Ds MC Adendorff doen 'n bedankingswoord op versoek van die voorsitter".

Bladsy 6 Punt 3.2 voeg in voor "KKS" "Tydelike".

Bladsy 7 Punt 6.1.1 vervang telkens "secundus" met "sekundus".

Bladsy 8 Punt 20 vervang "Tolmay" met "Tolmie".

Bladsy 9 vervang "Tolmay" met "Tolmie".

Bladsy 10 Punt 24 voeg onder 3.7: "APK Bonnievale".

Persverklaring 1 word weer aan die orde gestel.

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. **Verander sin by tweede asterisk op bladsy 1 van Persverklaring 1 om as volg te lees:**

* **hoewel volkseie, nie 'n volkskerk nie, maar primêr aan God diensbaar is".**
(Ds DR Schwartz; Oudl. SJF Stapelberg)

2. Wysiging: Persverklaring 1: 18 September 1990.

Stel voor dat in paragraaf 1 die 8ste en 9de reëls, die sinne as volg sal lees: In sy Openingsrede van die 4de Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), tans in sitting te Parys, het .....
(JE Swarts; E Serfontein)

AFKONDIGING

Ds NRJ van Zyl van APK Kimberley verskyn ter vergadering en word welkom geheet.

Verslag van die PKKEN (vervolg). (Bl. 276)

Ds A Boshoff neem weer die voorsitterstoel in.

3.5 <u>Bevrydingsteologie met verwysing na Swart teologie</u>

3.5.1 Aanbevelings goedgekeur:

3.5.1.1 Die Sinode neem kennis van die verslag. (Kyk Bylae 2.)

3.5.1.2 Die Sinode besluit dat Bevrydingsteologie en sy stalmaat Swart teologie 'n gevaarlike en Bybels-vreemde denkrigting is wat sterk afgekeur moet word.

3.5.1.3 Die Sinode besluit dat die Bevrydingsteologie nie binne die geledere van die APK verdra of gepropageer mag word nie.

3.6 <u>Duidelik omskrewe karakter van die APK</u>

3.6.1 Kennis geneem

3.6.2 Aanbevelings:

3.6.2.1 Kennis geneem.

3.6.2.2 Kennis geneem.

Die volgende voorstel word aanvaar:

Die Beskrywingspunt onder punt 3.6 op bladsy 276 word terugverwys na die Ring van Klerksdorp met die versoek dat die Ring meer spesifiek moet wees.
(Ds AJ van Niekerk; Dr DG van der Merwe)

3.7 <u>Onderskeid tussen die begrippe "Geloofsvryheid" en "Godsdiensvryheid"</u>

3.7.1 Kennis geneem.

3.7.2 Aanbeveling - Kennis geneem.

Die volgende amendemente word goedgekeur vir die weg van PKKEN:

1. Voeg in bo-aan bl. 278 ná die eerste sin:

   "Dit beteken egter nie dat elke APK-lidmaat die vryheid het om te glo wat hy wil nie. Alle APK-lidmate is gebonde aan die Bybel en die belydenisskrifte van die APK".
   (Ds WA Jooste; Diak JJ Ungerer)

2. **Verander verwysing "NGB in Artikel 38" na "NGB Artikel 28."**

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode verwys 3.7 terug na die Permanente Kommissie vir KEN, met die versoek om die hele saak te heroorweeg en met 'n aanbeveling(s) na die Sinode te kom. Die Sinode betuig sy dank jeens die Kommissie vir prikkelende stof wat reeds voorgelê is.

(Prof WJG Lubbe; Ds IA Brink)

3.8 <u>Satanisme en Demonie</u>

Kennis geneem.

3.8.1 Aanbevelings:

3.8.1.1 Goedgekeur:

Die Sinode neem kennis van Bylae 3.

3.8.1.2 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat kerkrade 'n intensiewe pastorale sorg gerig op huwelike en gesinsbou moet bied teenoor Satanisme.

3.8.1.3 Goedgekeur:

Die Sinode besluit om aan die SKK opdrag te gee om die toenemende okkultiese bedrywighede as bron van groot kommer deur die Kerk onder die aandag te bring van die onderwysdepartemente, SAUK, TV en die Publikasieraad.

Die volgende amendement word goedgekeur:
Verander 3.8.1.4 op bl 276 "Die APK gee via die SKK sy volle steun aan die SAP in sy poging ...." (en die res netso behou.)
(Dr MFM Pretorius; Oudl JL Erasmus)

3.8.1.4 **Goedgekeur soos volg ná aanvaarding van bogenoemde amendement:**

Die APK gee via die SKK sy volle steun aan die SAP in sy poging om wetgewing deurgevoer te kry om die bestaan van satanskultusse in al sy fasette en nuanses te verbied in ons land.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die APK dra dit aan die SKK op om 'n dringende versoek tot die Staatspresident te rig om Satanisme by wyse van wetgewing te verbied en te bestry.

(Ds JH Theron; Ds JH Engelbrecht)

3.8.1.5 **Goedgekeur:**

Die Sinode versoek kerkrade om die jeug by verbondsonderrig en jeugbyeenkomste in te lig oor die gevaar en aktualiteit van Satanisme.

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. **Groot versigtigheid moet deur kerkrade aan die dag gelê word by die voorligting van kinders aangaande die gevaar van Satanisme, aangesien dit groot angs en angssindrome by kinders kan laat ontwikkel. By voorligting moet die verskillende ouderdomme met gepaardgaande emosionele ontwikkeling van kinders, in ag geneem word.**
(Dr WA Burger; Ds AE van den Berg)

2. Die Sinode beveel aan:

Dat die verslae oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydingsteologie, Satanisme en Demonie in pamfletvorm teen lae koste verkrygbaar gestel word vir verspreiding deur die Publikasiekomitee.
(Oudl L Retief; Ds MG Fourie)

3. **Die Sinode dra dit op aan die Permanente Jeugkommissie om, in oorleg met dr WA Burger en ander kundiges binne die APK, die Kerk te dien met riglyne oor hoe en op watter ouderdom inligting oor Satanisme op die mees effektiewe manier onder die aandag van ons Kerk se jeug gebring kan word.**
(Ds PR Jonker; Oudl JE Swarts)

2. VIR GOEDKEURING

2.1.1 Oudl. GF de Bruin (nie C de Bruin soos op verslag nie; "Oudl. Taute" moet wees "ds Taute").

Aanbeveling goedgekeur:

"In die lig van onduidelikhede oor die afvaardiging van oudl de Bruin wat nog op ringsvlak afgehandel moet word, word oudl de Bruin wel vergun om die Sinode by te woon maar word geen keurstem aan hom verleen nie."

2.1.2 **Prof FAH van Staden - Goedgekeur:**

Na grondige beredenering en besinning word tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen ander keuse is as om die status quo te handhaaf tot tyd en wyl daar groter duidelikheid is oor KO art 37. Dr van Staden verkry dus volle sittingsreg as afgevaardigde van die APK Cullinan/Rayton.

Prof Van Staden word verwelkom as stemgeregtigde afgevaardigde.

4.2 **Appèlle en ordereëling 29 - Goedgekeur:**

Tov hierdie aangeleenthede versoek u kommissie kontinuering van sy opdrag, aangesien hy nie voldoende tyd tot sy beskikking gehad het om u hierin van advies te bedien nie.

4. VERSLAG VAN DIE KURATORIUM (BL. 245)

Voorgelê deur dl A Boshoff.

Die teenwoordige professore en mnr CJ de la Rey, die Rekenmeester, word genooi om op die verhoog te kom sit.

Die Voorsitter vestig die aandag op die besondere seën wat die APK ervaar het met die totstandkoming van die Teologiese Skool. Die Teologiese Skool is binne 8 maande na stigting van die APK opgerig. Die eerste teologiese student het pas verlede Sondag sy proefpreek gelewer, en voltooi DV einde 1990 sy studie. Die Voorsitter bedank die professore en ook die dosente wat aanvanklik deeltyds 'n bydrae tot die teologiese opleiding gelewer het.

Die Voorsitter wens ds en mev A Boshoff geluk met hulle seun, die eerste teologiese student, A Boshoff, wat vanjaar afstudeer.

Die Sinode sing Ps. 146 : 1 uit dankbaarheid saam met die ouerpaar.

Die verslag word in behandeling geneem.

1. **Personeel**

1.1 Kennis geneem.
1.2 Kennis geneem.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Dagbestuur - Kennis geneem.

4. Vergaderings - Kennis geneem.

5. Subkommissies - Kennis geneem.

6. Teologiese Dosente

6.1 Kennis geneem.

6.2 Kennis geneem.

6.3 Kennis geneem.

6.4 Kennis geneem.

Ook kennis geneem dat prof Marè sy doktorale eksamen met lof afgelê het.

6.5 Kennis geneem.

Ds JH Swart versoek dat die opdrag van die Derde Sinode (1989) ten opsigte van die weergawe van die studiebestek in die Kuratoriumverslag in die toekoms uitgevoer word.

6.6 Verdere Teologiese Opleiding

Aanbeveling 1. - Goedgekeur:

Die Sinode keur goed dat op die Begroting van die Kuratorium van 1991 ten volle begroot word vir die voltydse dosentpos wat tans in erehoedanigheid van prof dr Van Staden gevul word, sodat die Kuratorium voorbereid kan wees vir enige onvoorsiene gebeurlikheid ten opsigte van vervanging of vergoeding.

Voorstel i/s voortgesette Teologiese Opleiding - goedgekeur:

Die Kuratorium word versoek om aan die voortgesette teologiese opleiding van die predikante 'n primêre plek te gee.
(dr CI van Heerden; JJ Brits)

6.7 **Aanbeveling 2 - Goedgekeur:**

Die Sinode besluit om na art 9.3 Kerkorde 1989 'n nuwe artikel 9.4 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) "magtig die Kuratorium om namens die plaaslike kerke in kerkverband dosente te benoem en in diens te stel vir die leerstoele wat die Sinode goedkeur".

Aanbeveling 3 - Goedgekeur:

Die Sinode besluit om na die nuwe artikel 9.4 'n nuwe artikel 9.5 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) "bepaal dat indien 'n bedienaar van die Woord die benoeming as teologiese dosent aanvaar, hy volgens arts. 16.1 tot 16.3 by die Kuratorium aansoek doen vir behoud van status".

Aanbeveling 4 - Verwys na Tydelike KKS vir duidelike puntsgewyse formulering, saam met die volgende goedgekeurde amendemente:

1. **Die Sinode besluit dat die gedeelte "beroepbaar verklaar" vervang word met "verklaar dat hy 'n** beroep afwag".

Die sin lees dus soos volg: **"Indien dit om onbevoegdheid gaan, kan die Kuratorium hom van sy plig onthef en in die amptelike blad van die kerk verklaar dat hy 'n beroep afwag."**
(Oudl. PR Pretorius; CJ Ludik)

2. **Voeg in na "dienswerk": "hangende die afhandeling van die ondersoek deur die Ring".**
(JA du Plessis; J van der Merwe)

Aanbeveling 5 - Goedgekeur:

1. **Die Sinode besluit om na die nuwe art 9.6 'n nuwe artikel 9.7 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) bepaal dat 'n teologiese dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word, met dien verstande dat met die Kuratorium onderhandel word oor die omvang van die opdrag.**

Voorstel goedgekeur:

(Bl. 249 Aanbeveling 5): Verwys die hele beginsel van "Beperkte opdrag" na die PKKS om die beginsel kerkordelik te omskryf. (Vergelyk art. 14.)
(AG Burger; Ds DT van Loggerenberg)

Aanbeveling 6 - Goedgekeur soos gewysig deur die volgende amendement:

Wysig art. 37.2 soos volg: Voeg aan die einde by:

"Dit is indien die gemeente nie 'n voltydse leraar het nie".

(Ds JJ(Jurie) Venter; GLH Coetzer)

Die gewysigde aanbeveling soos goedgekeur lui dus so:

Die Sinode besluit om art 37.2 van die KO 1989 soos volg te wysig: (SINODE Samestelling "Die Sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: 37.1 uit elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord ...;)

Art 37.2: 'n teologiese dosent moet in adviserende hoedanigheid sitting neem tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens art 37.1 deur die kerkraad afgevaardig word. Dit is indien die gemeente nie 'n voltydse leraar het nie."

Die volgende afgevaardigdes vra dat aangeteken word dat hulle in die minderheid gestem het:

Ds AJ van Niekerk (by aanbeveling 5 en 6); ds JH Swart (Vanderbijlpark); oudl. TW Bartleman (Marquard); ds JAC Erasmus; oudl. OA Carlson; ds JH Theron (Bothaville); DJ Visser (George); oudl. JP Fouché (Keetmanshoop); oudl. HPG Terblanche (Cornelia); ds JD van der Merwe (Frankfort); oudl. BJM Rossouw (Bethlehem); oudl. DJ Venter (Harrismith); diak. E Serfontein (Oudtshoorn); ds J Engelbrecht; CC Oosthuizen (Carolina); JJ Brits (Vrede); dr CI van Heerden (teen aanbeveling 5 en 6, en hy gee kennis van 'n gravamen) (Vrede); ds JN Joubert (Bloemfontein); ds CFW Snyman; ds SD Nel; ds PL Storm, oudl IC Holtzhausen, oudl. WSB Basch (Thabazimbi); ds AP Viljoen (Pretoria-Sentraal); ds PG Stans; oudl. AJ Pretorius; diak. MH Spangenberg.

Ds AJ van Niekerk gee kennis dat hy 'n gravamen by die volgende Sinode gaan indien.

7. Studente - Kennis geneem.

8. Predikantstatus - Kennis geneem.

Aanbeveling 7 - Staan oor tot by behandeling van punt 9 op bl. 28.

10.4.1.4 Goedgekeur:

Meubileer die Teologiese Skool en dosentekantore, in oorleg met die BRKA;

10.4.1.5 Word so gewysig en goedgekeur: "Lewer advies aan BRKA in verband met aanstelling van Kuratoriumpersoneel in die kantoor, hulle diensvoorwaardes, salaris, en ontslag".

10.4.1.6 Goedgekeur:

Bestuur en beheer die Teologiese Skool. Dit sluit ook die uitvoering en toepassing van Kerkorde art. 8 en 9.3 in;

10.4.1.7 Goedgekeur soos gewysig volgens aanbeveling 10.5.3 (bl. 255):

Oefen beheer uit oor die besteding van die fondse van die Kuratorium en Teologiese Skool;

10.4.1.8 Goedgekeur:

Implementeer die besluite van en oor die Kuratorium as regspersoon vir solank die Kuratorium 'n regspersoon is;

10.4.1.9 Verval

10.4.1.10 Goedgekeur:

Oorweeg aansoeke van persone wat tevore reeds maar wat tydens datum van aansoek nie meer bedienaar van die Woord was nie. Indien 'n aansoek slaag, word aan die persoon proponentstatus toegeken (hy word gelegimiteer) en word hy beroepbaar gestel;

10.4.1.11 Goedgekeur:

Bedien sinodes met advies ten opsigte van die volgende:
wysiginge in leerplanne van teologiese studente;
wysiginge in toelatingsvereistes vir teologiese studente;

10.4.1.12 Goedgekeur:

Administreer beurse en lenings van voorbereidende en teologiese studente; dit sluit die beslissing oor aansoeke, invordering van leningskuld ens. in;

10.4.1.13 Goedgekeur soos volg:

Behartig ooreenkomste met oefenaars. Die Kuratorium bepaal hoedanig die jaarlikse vordering van oefenaars ten opsigte van die verwerwing van die nodige kwalifikasies moet wees. Indien vordering nie volgens die reëling van die Kuratorium geskied nie, kan die oefenaarskap deur die Kuratorium beëindig word;

10.4.1.14 Goedgekeur:

Oefen beheer uit oor die Biblioteek van die Teologiese Skool;

10.4.1.15 Goedgekeur:

Beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kuratorium mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

10.4.1.16 Die volgende voorstel word goedgekeur as byvoeging by die lasgewing: 10.4.1.16:

Stel 'n kommissie saam wat in samewerking met die studente se plaaslike kerkrade, admissante en teologiese studente tydens hulle hele studietydperk begelei.
(Ds AP Viljoen; oudl GJ van Jaarsveld.)

11. **Teologiese Tydskrif**

11.1 Kennis geneem.

11.2 **Aanbeveling 9** - Goedgekeur met skrapping van "van die Kuratorium" en wysiging soos deur amendement dr CI van Heerden: - "een uitgawe" word "twee uitgawes per jaar".

(CI van Heerden; JJ Brits.)

Gewysigde aanbeveling dus soos volg goedgekeur:

Die Sinode begroot op die begroting 1991 vir die publikasie van ten minste twee uitgawes per jaar van 'n teologiese tydskrif.

12. **Bybelvertaling** - Kennis geneem.

13. **Behoeftes van die Kuratorium**

13.1 - 13.2 - Kennis geneem.

14. **Teologiese dae** - Kennis geneem.

15. **Besluite van Sinode 1989** - Kennis geneem.

Voorstel goedgekeur:

Die Sinode versoek die Kuratorium om in gedagte te hou dat die gemeente van wie 'n verslag aangevra word (Sinodebesluit 7.2.6.2 - 1989) die gemeente moet wees binne wie se grense die student tydens sy studies woon en waar hy kerklik inskakel.
(Ds AP Viljoen; oudl JPT Simpson)

16. **Beskrywingspunte vir Sinode 1990** - Kennis geneem.

17. **Begroting 1991** - Kennis geneem - kom weer voor.

(15.1 moet wees 17.1)

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Kollekte vir Willie Lubbe-studiefonds - Die Sinode versoek gemeentes om die oggendkollekte van 'n Sondag die naaste aan 27 Junie jaarliks (binne die skoolkwartaal) vir die Willie Lubbe-studiefonds te skenk.

Gemeentes word geadviseer dat hulle hierdie aangeleentheid jaarliks op hul kalenders behoort aan te bring.

(MJ Hartzenberg; JE Swarts)

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Dat elke gemeente by elke Nagmaalgeleentheid 'n spesiale deurkollekte hou ten bate van bogenoemde fonds; bo en behalwe die bankkollekte-bydrae op die Sondag naaste aan die 27ste Junie.

(Ds NJ Groenewald; Oudl. MTJ Oosthuizen.)

Ds Boshoff meld ten opsigte van die Willie Lubbe Studiefonds dat R171042 ingesamel is, en R120212 bestee is. - Kennis geneem.

'n Uiteensetting sal later op skrif deur die Tydelike Kommissie vir Finansies voorsien word.

Verslag in geheel met dank aanvaar.

54. **VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR FINANSIES - BL. 336**

Voorgelê deur ds AJ Taute.

1 - 3.14 - Kennis geneem.

3.15 Ad-hoc opdragte -

13.5.1 moet wees 3.15.1 - Kennis geneem.

3.16 Lasgewing - Kennis geneem.
Besluit: In 2.3.5.2 moet "kontroleer" vervang word met "neem kennis van".

4.1 Kennis geneem.

4.2 Aanbeveling:

4.2.1 Goedgekeur:

Die Sinode versoek kerkrade om by die opstel van 'n begroting voorsiening te maak dat die inflasiekoers in berekening gebring word by die traktement van leraars vir 'n nuwe boekjaar. 'n Persentasie kan as beraming bygevoeg word.

4.2.2 Goedgekeur:

Die Sinode gee aan die FK opdrag om voor einde Februarie van elke jaar, indien enigsins moontlik, aanbevelings aan kerkrade te besorg vir aanpassing van die traktement van leraars, met inagneming van faktore soos die inflasiekoers en besoldiging by ander instansies en kerke.

5. Tariewe vir reiskoste

5.1 Kennis geneem.

5.2 Aanbeveling

5.2.1 Reiskoste of reistoelae vir leraars in gemeentes vir 1991

5.2.1.1 Nie aanvaar nie.

5.2.1.2 Nie aanvaar nie.

Die volgende amendement word goedgekeur:

Die Sinode beveel by die kerkrade aan om gemiddeld 65c per kilometer reiskoste aan leraars te betaal.

(IA Brink; JA du Plessis.)

5.2.2 Goedgekeur:

Reiskoste vir sinodale werk

Die kommissie beveel by die sinode aan dat, met huidige toestande as uitgangspunt, reiskoste vir 1991 op 65 sent per km gestel word. As pryse en uitgawes aan motorkoste drasties verander sal 'n nuwe aanbeveling gemaak word aan die BRKA.

6. Pensioenfonds

6.1 Kennis geneem.

6.2 Kennis geneem.

6.3 Kennis geneem.

6.4 **Trustees vir Pensioenfonds - Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode besluit dat die Trustees van die Pensioenfonds uit die lede van die Finansiële Kommissie benoem word wat die reg ontvang om hoogstens twee lede te koöpteer, indien nodig.

6.5 APK-Trustfonds

6.5.1 Kennis geneem. Skrap "voor 31 Desember 1987".

6.5.2 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die FK beveel die volgende aan:

Die Sinode doen weer 'n ernstige beroep op kerkrade om gereeld maandeliks hul bydraes tov die APK-Trustfonds in te betaal volgens die riglyn van bydraes wat in November 1988 aan kerkrade gestuur is.

Die voorsitter bied aan mnr CC du Preez 'n spreekbeurt en hy gee toeligting ten opsigte van die APK Trustfonds.

7. Beskrywingspunte

7.1 Versorging van weduwees [illegible] afgestorwe leraars - Kennis geneem.

7.1.1 Kennis geneem.

7.1.2 **Aanbeveling:**

7.1.2.1 Staan oor tot by Verslag KKS daaroor.

7.1.2.2 **Goedgekeur:**

Die Sinode vestig kerkrade se aandag daarop dat hulle met versekeringsmaatskappye kan onderhandel om 'n polis te bekom wat sulke uitbetalings kan dek.

7.2 Verandering van 15% bydrae

7.2.1 Kennis geneem.

7.2.2 Aanbeveling van FK - Goedgekeur met invoeging van "kontant" voor "inkomste" in 4e reël:

Die Sinode handhaaf sy besluite tot duurder wer sinodale bydrae en bly dus by die reëling dat 15% van gemeentelike kontant-inkomste oorbetaal word. Die Sinode onderskryf ook die FK se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings.

Oudl. JJ Prinsloo vra dat aangeteken word dat hy in die minderheid gestem het.

Voorstel goedgekeur i/s 15% bydrae op gelde t.o.v. leraarstraktement ontvang in geval van bedieningsooreenkoms en kombinasies:

1. Die Sinode versoek die PFK om duidelikheid te gee ten opsigte van die volgende, waar 'n gemeente met 15% belas word op geld wat dienooreenkomstig ontvang word. Bv.

1.1 Oudtshoorn se leraar lewer dienste by ander gemeentes. Die gemeentes betaal pro rata vir dienste gelewer as deel van die leraar se salaris. Hierdie betrokke gemeentes het reeds 15% op sy inkomste betaal.

1.2 Oudtshoorn word weer eens belas met 15% op die bybetaling van die gedeelte van die salaris waarop reeds 15% betaal is. Ons is van opinie dat ons van hierdie 15% vrygestel sal word.

1.3 Gelde wat 'n gemeente van ander gemeentes in 'n bedieningsooreenkoms of kombinasie ontvang

(JE Swarts; E Serfontein.)

7.3 Vermindering van 15% bydrae

7.3.1 Kennis geneem.

7.3.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.3.3 Kennis geneem.

Die volgende amendement word nie aanvaar nie:

Stel voor 10% op alle kontantinkomste en ook enige bate wat te gelde gemaak word of vervreem. (MD Fourie: SJ Marais.)

7.4 Sertifisering van 15%-bydrae

7.4.1 Kennis geneem.

7.4.2 Kennis geneem.

7.4.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.4.4 Kennis geneem.

Verslag word hier onderbreek

55. **AFKONDIGINGS**

Verlofaansoeke

Oudl. P Jonker, Petrusburg, vanaf 20 September. - Sake

Oudl. LG Rautenbach, Oudl. CF Braack, Tweeling, vanaf 21 September. - Sakebelange.

Ds Coenie Snyman, Oudl. J Bronkhorst, Roodepoort, aandsitting 19 September. - Albei ongesteld.

Oudl. LP Koen, diak. B Genis, Roedtan, vanaf 18:00 op 19 September. Boerderybelange.

Ds WJ van der Merwe, Mooinooi, vanaf 10:30 op 19 September. Na Potchefstroom - dogter in motorongeluk.

Oudl. NMJ van Rensburg, Heilbron, vanaf 14:00 19 September tot 08:00 20 September. Boerderyprobleme.

F Tromp, Villiers, 20-22 September. Werksomstandighede.

Oudl. PJM van Niekerk, Kroonstad, [illegible] van sitting. Sakeverpligtinge.

Oudl. SJF Stapelberg, Verwoerdburg, vanaf 18:00 op 19 September tot einde van sitting. Werksverpligtinge.

Diak. C Fourie, Bultfontein, vanaf 20 September vir res van sitting. Vader ernstig siek.

Drs E Friis, Potgietersrus, 14:00 op 18 September. Ongesteld.

PJW van Zyl, Koster, vanaf 16:00 19 September. Dringende saak op plaas.

Enkele afkondigings word gedoen.

Telegramme met waardering ontvang - APK Clocolan; APK Vereeniging.

Mosie van dank

'n Mosie van dank aan die vroue van APK Parys vir die vlytige manier waarop hulle die sinodegangers se honger en dors les, ingedien deur APK Nelspruit, word met applous aanvaar. Oudl. Van Tonder word versoek om die dank aan die leiersuster oor te dra.

Die Sinode verdaag vir middagete.

DERDE SITTINGSDAG 19/9/1990

Middagsitting 14:00

Na samesang vanaf 13:50 onder leiding van ds JH Theron, hervat die Sinode sy werksaamhede om 14:00.

56. **ADDENDUMVERSLAG BRKA**

Vanweë die werk vir kommissies daaraan verbonde, lê die Voorsitter punt 2.18 op bl. 4 van die Addendumverslag van die BRKA aan die Sinode voor.

2.18 **Eiendom vir ouetehuis te Parys** - Kennis geneem.

2.18.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir Barmhartigheidsdiens, die Finansiële Kommissie asook die uittredende BRKA op om tydens die Sinode 'n deeglike ondersoek na die moontlike aankoop van die eiendom in te stel, en die Sinode met aanbevelings in die verband te dien.

Ds JM Rheeder (Heidelberg) word gevra om as sameroeper op te tree.

Besluit:

Die leraar en ander verteenwoordigers van die kerkraad van APK Parys word by die ondersoek betrek.

57. **VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR FINANSIES** - VERVOLG (Bl. 342)

7.5 **Terugbetaling van fondse oorskrydend die begroting.**

7.5.1 Kennis geneem.

7.5.2 Kennis geneem.

7.5.3 **Goedgekeur:**

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.5.4 Kennis geneem.

7.6 **Vergoeding aan gemeentes vir kommissiewerk van predikante**

7.6.1 Kennis geneem.

7.6.2 Kennis geneem.

7.6.3 Aanbeveling van die FK

7.6.3.1 **Goedgekeur:**

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.6.3.2 Nie aanvaar nie.

Amendement goedgekeur:
In die lig van die agtergrond van die besluit geneem in 7.6.3.1, besluit die Sinode dat 'n leraar so ver moontlik op nie meer as twee kommissies van die Sinode sal dien nie.
(Ds DR Schwartz; oudl SJF Stapelberg)

Oudl. Jac F du Plessis vra dat die volgende aangeteken word :

"My hart is seer dat ons Kerk nou al so geswig het vir die geldgod dat ons vergoed moet word vir spesiale dienste vir die saak van die Here."

7.6.4 **Motivering van FK** - Kennis geneem.

7.7 **Hulpfonds**

7.7.1 Kennis geneem. "CC Kiesig" moet wees "OC Kiesig"

7.7.2 **Aanbeveling van die FK goedgekeur:**

Die Sinode dra dit aan 'n kommissie op om die saak volledig te ondersoek. Die ondersoek word opgedra aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die rampfonds R40000 se rente moet tot die fonds gekapitaliseer word (vir aandag FK) en die fonds vir die hulpfonds oorweeg, word verwys na Diens van Barmhartigheid.
(JA du Plessis; FJ Swanepoel)

7.7.3 Motivering van FK - Kennis geneem.

8. Finansiële state

8.1 – 10.2.3 – Kennis geneem. – In 10.2.3 moet "daarvan" wees "daarom".

10.2.4 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode keur goed dat begroot word vir 'n beraamde inkomste van R1 800 000.

10.3 Berekening van uitgawe 1991 - Kennis geneem.

10.3.1 Kennis geneem na beantwoording van verskeie vrae.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die FK voortaan meer volledige finansiële state in die Sakelys moet opneem wat minstens 'n balansstaat sal insluit.

(HJ van der Merwe; SJF Stapelberg.)

10.3.2 Kennis geneem.

10.3.3 Kennis geneem.

Die volgende voorstel word afgekeur:

Die Sinode besluit dat die reiskoste van die dosente in heroorweging geneem word.
(JA Jacobs; AG Burger)

10.3.4 Kennis geneem met regstelling van totaal 213,040 as R203,040.

Ds JP Bezuidenhout stel 'n ordemosie dat aanbeveling 2.4.2 (Agenda bl. 353) gestel moet word:

Dat die Sinode oorgaan tot stemming oor die beginsel vervat in 2.4.2, nl. die beginsel om in te staan vir werksaamhede op sinodale vlak. Die

toekenning van die aangevraagde fondse staan oor tot by die Verslag van die Sendingkommissie.
(JP Bezuidenhout; PG Stans)

Die ordemosie word aanvaar en die Sinode gaan tot stemming oor.

2.4.2 Aanbeveling (as onderafdeling van 10.3.4) - Goedgekeur:

Die Sinode spreek hom uit oor die beginsel dat 'n kommissie van die Sinode 'n werksaamheid soos 'n tentaksie of die oprig van 'n inrigting aanpak.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

By 2.4.2 (p. 353)
Die Sinode besluit oor aksies soos sy finansies hom toelaat.

(IA Brink; A Boshoff)

Die volgende voorstel word afgekeur:

Bladsy 353 by punt 2.4
Die Sinode keur 'n tentaksie goed en begroot R20 000 vir hierdie projek.
(Ds CJJ van Rensburg; Ds JJJ Roodt.)

Die volgende amendement word aanvaar:

Enige kommissie van die Sinode wat 'n werksaamheid met finansiële implikasies wil aanpak, moet 'n volledige aanbeveling met motiverings aan die Sinode deur middel van die FK voorlê.
(Ds LD Pienaar; Ds AJ Taute.)

Die verslag word hier onderbreek vir afkondiginge voor die middagonderbreking.

Die Persverklaring 2 word aan die orde gestel.

Wysiging: Vul in 19 voor September.

1. Vrou in die amp - Goedgekeur.

2. Islam en Hindoeïsme as valse Godsdienste verwerp
Voeg aandag-kolletjies na "'n valse".

Voeg in tussen hakies (as) na Islam.

Voeg in na Hindoeïsme in laaste paragraaf "as valse godsdiens", "en" in die plek van "met". Skrap dan in die laaste reël die woorde "as valse godsdiens".

Die punt word met dié wysigings goedgekeur.

3. Bevrydingsteologie

Die "beide" in reël 2 word geskrap en vervang met "sowel as".

Wysiging in die laaste sin soos in die volgende voorstel word goedgekeur:

Tydens sy sitting verlede jaar het die Sinode ook die leer van die Israelvisie (of sg. Wit Teologie) grondig verwerp.

(Ds JJ(Jurie) Venter; GLH Coetzer)

Verlofaansoeke

Oudle. JJ Odendaal en JF Steyl, Dundee/Glencoe, vanaf 13:00 op 20 September 1990. Werksomstandighede.

Die Sinode verdaag vir koffiepouse om 16:00.

Die Sinode hervat sy werksaamhede vir die na-middagsessie om 16:30.

58. **VERSLAG VAN FINANSIëLE KOMMISSIE - VERVOLG** (Bl. 354)

10.4 Opsomming

10.4.1 Inkomste - Kennis geneem.

10.4.2 Uitgawes - Kennis geneem.

10.5 Aanbevelings:

10.5.1 Afgekeur.

10.5.2 **Goedgekeur na vervanging van "Bedryfsfonds" deur "Reserwefonds":**

Die Sinode besluit om vir 1991 slegs R31 000 vir die Reserwefonds te begroot en nie 'n bedrag gelykstaande aan een maand se bydrae van gemeentes (volgens besluit 1988) nie.

10.5.3 **Goedgekeur:**

Die Sinode keur die begroting van inkomste en uitgawe goed (sien bl 349 - 354).

10.5.4 1. Goedgekeur as geheel:

Die Sinode spreek sy opregte dank uit:

1. **teenoor die hemelse Vader wat geldelike**

middele voorsien het aan lidmate, gemeentes en die sinodale fondse;

2. teenoor kerkrade en kassiere wat getrou die nodige oorbetaling van fondse gedoen het sodat die teologiese opleiding en die administratiewe werk kan voortgaan;

3. teenoor die personeel in die Kerkkantoor wat met soveel blymoedigheid en toewyding die verskillende werksaamhede behartig.

Asook die volgende voorstel:

Teenoor ons dankbare lidmate vir hulle dankbaarheidsgawes wat hulle bygedra het - Goedgekeur.

Die verslag word met dank aanvaar.

Lasgewing:

Die Sinode verwys die lasgewing vir die Finansiële Kommissie (Agenda bl. 265) na die Tydelike Kommissie vir Finansies.

59. **AANVULLENDE VERSLAG VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE IN VERBAND MET APK PENSIOENFONDS - KYK OOK BL 339 AGENDA**

1. Opdrag - Kennis geneem.

2. Huidige stand van fonds - Kennis geneem.

3. Agtergrond van aanbevelings wat voorgelê word

3.1 - 3.1.4 Pensioengroei - Kennis geneem.

3.2 Minimum pensioen - Kennis geneem.

3.3 Sterftevoordeel voor aftrede - Kennis geneem.

4. **Aanbevelings**

4.1 Pensioengroei

4.1.1 **Goedgekeur:**

Die Sinode besluit dat die bydraekoers tot die AP Kerk-Pensioenfonds vanaf 1/3/1991 op 20% van die traktement van 'n lid van die fonds gestel word (d.w.s. 12,5% bydrae deur die werkgewer en 7,5% deur die lid).

Die volgende amendement word nie aanvaar nie, nadat besluit is dat slegs predikante sal stem oor die bydrae deur die lid soos in die amendement gestel:

Die Sinode besluit dat die bydraekoers tot die AP Kerk Pensioenfonds vanaf 31/3/1991 op 21% van die traktement van 'n lid van die fonds gestel word, (d.w.s 12.5% bydrae deur die werkgewer en 8.5% deur die lid).
(Oudl. JA du Plessis; PH Watermeyer)

4.1.2 **Goedgekeur:**

Die Sinode besluit dat die reëls van die Fonds aangepas word om voorsiening te maak vir ad hoc-groei in pensioen en wel soos aanbeveel deur die aktuaris van die Fonds.

4.2 Addisionele voordeel van pensioen

Om moontlike addisionele pensioen vir leraars te bereken, word leraars in die volgende kategorieë verdeel:

1. Leraars wat uit die aktiewe bediening in ander kerke getree het en direk by die APK in diens getree het.

2. Leraars wat by ander kerke met pensioen afgetree het en daarna direk by die APK in diens getree het.

3. Leraars wat ander beroepe beoefen het tot met hulle toetrede tot die APK en by hulle toetrede status as leraar ontvang het.

Die hele punt word terugverwys na die FK.

4.3 Sterftevoordeel voor aftrede

4.3.1 **Goedgekeur na byvoeging van "in werkingtreding 1/3/1991":**

Die Sinode besluit dat die reëls van die AP Kerk-Pensioenfonds so gewysig word dat die sterftedekking van 'n manlike lid van die Fonds bereken word op 'n bedrag gelykstaande aan drie maal die maksimum jaarlikse salaris met 'n minimum van R150 000 - inwerkingtreding 1.3.1991.

Verlofaansoeke

Oudl. GF de Bruin, Springs, vanaf aandsitting 19 September 1990. Dringende aandag tuis.

60. **VERSLAG VAN DIE PERMANENTE JEUGKOMMISSIE** (bl. 356)

Ds AP Viljoen dra die verslag aan die vergadering voor.

Oor lasgewings sal later deur die Tydelike Kommissie vir Jeug gerapporteer word.

1. **Personeel** - Kennis geneem.

2. **Vergaderings** - Kennis geneem.

3. **Sake behandel**

3.1 **Sake deur Sinode van 1989 verwys**

3.1.1 Hersiening van Verbondsonderrighandboeke

Kennis geneem.
Aanbeveling met wysiging goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van die groot werk reeds gedoen en wat nog gedoen word en sien met verwagting uit na die ingebruikneming van die hersiene handboeke.

3.1.2 Handleidings vir Verbondsonderrigpersoneel

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van hierdie handleidings en glo dat dit met groot vrug deur die voorgangers gebruik sal kan word.

3.1.3 Toekennings vir leerkragte

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van die sertifikaat.

3.1.4 Aandenkingskaart ten opsigte van doop

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur na vervanging van "hiervan" deur "die herdenkingskaart":

Die Sinode neem met dank kennis van die herdenkingskaart en glo dat dit vir baie dopelinge nog 'n kosbare kleinnood sal word.

3.1.5 Handleidings vir Jeugaksies

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank hiervan kennis.

3.1.6 Adreslys van blanke kampterreine aan gemeentes gestuur

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank hiervan kennis.

'n Aantal afkondigings word gedoen:

'n Telegram met goeie wense word voorgelees van APK Warmbad.

Oudl. OA Carlson doen 'n tafelgebed.

Die Sinode verdaag om 18:00 vir aandete.

DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 19:00

Verwelkoming

Die Voorsitter heet die volgende APK-lidmate wat spesiaal vanaf Linden-gemeente (Johannesburg) oorgekom het vir vanaand se sitting, welkom:

André Visagie; Marietjie Visagie; Susan Visagie; Susan van Staden.

Personeelwysigings

Oudl AJG van Straaten, Dealesville.
Oudl F van Niekerk Kruger, Petrusburg.

Die afgevaardigdes word welkom geheet.

61. **VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG - VERVOLG (BL 359)**

3.2 **Nuwe sake**

3.2.1 Toekennings vir voorskoolse kinders

Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van hierdie sertifikaat.

3.2.2 Studentebearbeiding

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur, asook die volgende amendement:

**Die Sinode word versoek dat "Tegniese Kollege op tersiêre vlak" na Technikon ingevoeg word op bladsy 360 by die aanbeveling van 3.2.2
(JE Swarts; E Serfontein)**

Die aanbeveling lui dus na wysiging soos volg:

Die Sinode stel 'n kommissie saam bestaande uit alle leraars binne wie se gemeentegrense daar 'n universiteit, kollege, technikon of Tegniese Kollege op tersiêre vlak is ten einde die Afrikaanse Protestantse Kerk se studentebearbeiding indringend te bespreek en by die volgende Sinode verslag te lewer.

3.2.3 Bybelkennis van Verbondsjeug

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur met invoeging van "byvoorbeeld" net voor "Bybelvasvrae":

Die Sinode beveel dit baie sterk by kerkrade aan om toe te sien dat die jeug van die Afrikaanse Protestantse Kerk die Bybelgeskiedenis, Bybelse waarhede en selfs ook Skrifgedeeltes deeglik ken. Hierdie ideaal kan bereik word deur byvoorbeeld Bybelvasvrae in gemeente en ringsverband te hou.

3.2.4 Uitstalling van Jeugkommissie by Vierde Sinode

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van die Jeugkommissie se "uitstalling" by hierdie Vierde Sinodesitting en dank die Here vir alles wat al in belang van ons jeug gedoen is.

3.3 **Beskrywingspunte**

3.3.1 Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

3.3.2 **Beskrywingspunt:** Twee onderwysmodelle

Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

3.3.3 Gesinsvoorligting

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

3.3.4 Ontstaansgeskiedenis van die APK

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien hierdie aangeleentheid reeds by die Derde Sinode (1989) bespreek is en daar ook 'n besluit geneem is dat die ontstaansgeskiedenis ook in die standerd 5 - 7 boeke opgeneem moet word. (bls. 493 - Handelinge van die Derde Sinode - punt 4.2)

3.3.5 Toelating van voornemende lidmate tot die aflê van belydenis van geloof

Kennis geneem.
Aanbeveling goedgekeur met vervanging van "aan die einde van Nov." deur "gedurende November":

Die Sinode besluit dat daar gevolg gegee word aan die beskrywingspunt:

Die Sinode besluit dat daar ooreenstemmende optrede in gemeentes sal wees betreffende die toelating van voornemende lidmate tot die aflê van belydenis van geloof. Die Sinode vestig die aandag op die "Reëls bedoel as riglyne" vir die Verbondsonderrig wat deur die Sinode in 1988 goedgekeur is, en beklemtoon dat katkisante in die belydenisklas eers tot belydenisaflegging toegelaat word na grondige onderrig gedurende een volle jaar, m.a.w. gedurende November of aan die begin van die matriekjaar.

1.2 **Vertalingskommissie**

1.2.1 Kennis geneem.

1.2.2 Kennis geneem.

1.2.3 Kennis geneem. Verander "gesondeheidsredes" na "gesondheidsredes", en skrap "as predikant" en vervang met "om gewetensbesware".

Ds SJ Gouws lig die Sinode in dat hy hom aan die Kommissie onttrek het om gewetensbesware.

1.3 **Aanbeveling:**

1.3.1 **Goedgekeur:**

Die Sinode wys 'n kernkommissie van ses (6) broeders elk vir sowel OT as NT aan met die reg van koöptering.

1.3.2 **Goedgekeur:**

Die volgende name word vir oorweging voorgelê:

O.T. - **Prof HCG Robbertze, dr WA Burger, drs E Friis, di MJ Eilers, JH van der Walt, DR Schwartz;**

N.T. - **Proff HS Theron, WJG Lubbe, R Marè, dr E Viljoen, drs S Botes, ds A Boshoff.**

2. Vergaderings

2.1 Kennis geneem.

2.2 Kennis geneem.

3. **Sake behandel**

3.1 Kennis geneem.

3.2 Kennis geneem.

3.2.1 **Ou Testament**

3.2.1.1 Kennis geneem.

3.2.1.2 Kennis geneem.

3.2.1.3 Kennis geneem.

3.2.1.4 Kennis geneem.

3.2.2 **Nuwe Testament**

3.2.2.1 Kennis geneem.

3.2.2.2 Kennis geneem.

3.2.2.3 Kennis geneem.

3.2.2.4 Kennis geneem.

3.2.2.5 Kennis geneem.

3.2.3 **Perspektief** - Kennis geneem.

3.3- 3.3.3 Kennis geneem.

4. **Beskrywingspunte**

4.1 Barkly-Oos, Bybelvertaling - Kennis geneem.

Ds Botes dien 'n ordevoorstel in dat die aanbevelings moet dien. Die Voorsitter reël dat die broers wat staan, nou oor die aanbevelings kan praat.

Die volgende ordemosie word ontvang - Ds NJ Rautenbach

Die Sinode bly voorlopig by sy besluit van 1989 totdat die Bybelvertalingkommissie oor die grondteks verslag gedoen het.

(Ds NJ Rautenbach; Oudl. B Mills)

Die volgende voorstel word goedgekeur en dek die voorstel in die ordemosie:

Die Sinode besluit om die sinodebesluit van 1989 onveranderd te handhaaf ten opsigte van die gebruik van die Bybel.

(JA du Plessis; J Balt)

Die volgende teenstemme word aangeteken:

CJ Roux, DC Human, Verkeerdevlei.

Ds JAC Erasmus.
Oudl. JH Badenhorst.
Ds SJ Gouws, Oudl. D Pretorius, Theunissen.
Oudl. AG Burger, Transmagalies - Versoek dat sy redes soos volg genotuleer word:

"1. Ek beskou die 33/53 Vertaling steeds as <u>die</u> betroubare Afrikaanse vertaling van die Bybel.

2. Die kommissie het nie sy werk gedoen nie, (met ander woorde gevolg gegee aan die sinodebesluit nie - Hand. 1989, p. 447).

2.1 Begin vertaal sonder dat grondteks deur die Sinode goedgekeur is (Punt 2.3.4.1 Hand. 1989, p. 447).

2.2 Geen motivering is ingedien oor die 'foute' 53 Vertaling nie (Punt 2.3.1 Hand. 1989 p. 446).

2.3 Die vertalingsmetode is nog nie deur Sinode goedgekeur nie (Punt 2.3.2 Hand. 1989 p. 447).

2.4 Die Kommissie moes eers oor onderhawige sake verslag doen (Punt 2.3.4.3 Hand. 1989 p. 448).

3. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling kan hoogstens as Apokriewe boek, volgens NGB, beskou word."

4.1.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Word nie aanbeveel nie, aangesien daar geen motivering verstrek is wat beoordeel kan word nie.

4.2 **Ring van Dendron, Bybelvertaling - Afgehandel.** (Kyk 4.1)

4.2.1 - 4.2.1.5 Kennis geneem.

(Verander 4.2.2.1 na 4.2.1.1 in agenda bl 417)

Die volgende voorstelle is nie aanvaar nie:

1. Die Sinode besluit dat alleenlik die Bybel (33 of 53 vertaling), die suiwer Woord van God vir alle doeleindes van ons Kerk (APK) gebruik sal word. (Oudl. JF du Plessis; Oudl. JE Swarts)

2. Die Sinode besluit:

   1. Dat revisie toegestaan word met betrekking tot die 1989 sinodebesluit in verband met die amptelike Bybel van die APK.

   2. Dat die 33/53 Vertaling van die Woord van God as enigste amptelike Bybel in die Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) aangeneem word, omdat dit 'n betroubare, waarheidsgetroue, Erediens- en Opvoedingswaardige vertaling van God se Woord is waarin die geheiligde karakter van die Bybel vir ons behoue gebly het.

   3. Dat die Kommissie vir Bybelvertaling onmiddellik ontbind en sy verdere werksaamhede staak.

4. Dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika versoek word om die 33/53-Vertaling Bybels beskikbaar te stel vir die aanvraag wat nou sal ontstaan.

5. Dat elke gemeente dit as hul erns sal beskou (sien Kerkorde artikel 50.1.2) om te waarsku teen die gebruik van die nuwe vertaling, ook in die dagskole.

BESKRYWINGSPUNT VOORGESTEL DEUR INGESTUUR: RING VAN BLOEMFONTEIN.

Motivering:

Die getuienis van die Heilige Gees (Jh. 16:13) vind nie buite die Woordopenbaring van God plaas nie (Hd. 2:24; 8:26 - 40; 1 Kor. 2 : 7 - 16; 1 Pt. 1 : 22 - 25; 2 Pt. 1 : 19 - 21).

Die Skrif is sy eie uitlegger en voortdurend moet die Skrif met Skrif vergelyk word. Ook geld die Gereformeerde beginsel dat die moeiliker Skrifgedeeltes in die lig van die makliker Skrifgedeeltes gelees sal word (1 Tm. 5 : 18).

Dit is nie kerke, kerkvergaderings of geleerdes wat die Bybelboeke kanoniek verklaar nie. Die Woord van God dra gesag in sigself (1 Kor. 2 : 14; 2 Tm 3 : 16; NGB art. 3,7). Die ontvangde Woord van God is die enigste rigsnoer vir elke terrein van ons lewe (Ps. 119 : 105; Rm. 6 : 1 - 14). Hiervan wil die moderne Skrifkritiek niks meer weet nie.

Dit is daarom die oortuiging van die Ring dat, ook in die lig van die belydeniskarakter van die Afrikaanse Protestantse Kerke in hul onderlinge verband en teenoor die wêreld, <u>enige aanvaarding</u> van die heilige Skrif as gesagvolle Woord van God (NGB art. 3 - 7), Skrifkritiek uitsluit.

Omdat daar wel spore van Skrifkritiek in die nuwe vertaling aangedui kan word, maak enige aanvaarding van hierdie vertaling hom skuldig aan 'n ongehoorsaamheid aan die Woord van God en 'n miskenning van die Drie Formuliere van Enigheid.

Die Ring is van oordeel dat hy hierdie besluit in alle ootmoed voor die Drieënige God en in alle erns geneem het.

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" (Rm 11 : 36).

Ons dank die Sinode vir u aandag aan hierdie belangrike saak.
Met agting, u broeders in Jesus Christus.
AFGEVAARDIGDES - RING VAN BLOEMFONTEIN.

5. **Begroting** - Kennis geneem.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

Aankondigings word gedoen

Telegram met seënbede ontvang van APK Vrede.

Dringende voorstel ontvang:

Die Sinode besluit om die traktering vir dosente drasties te verhoog:

1.1 Pampoene : Van 12 tot 15 per jaar.

1.2 Meel : Van 1 tot 1½ sak per maand.

1.3 Suiker, sout en peper : Vermeerder met 1½%.

1.4 Vervoertoelae:

Onder 2000 c.c. : 300 koppe sonneblom per maand.
Oor 2000 c.c.: 3 sakke donkiemis per maand.

1.5 Aanbeveling:

1.5.1 Slaan oor na trapfiets. Die Kuratorium voorsien daarby:

= 1 pakkie patch en solution.
= 1 buisie "Deep Heat" as standaardtoerusting.

2. Vir kennisname: Daar is na die dosente as bokramme verwys - hoe gelukkig is ons om in ds Van Jaarsveld op ons Kuratorium 'n Vee-arts te hê.
(Ds. HIS Terie; Oudl. SO Mall)

Die vergadering verdaag om 10:35 vir oggendtee.

11:00 Die Sinode hervat sy werksaamhede na tee-pouse.

71. **VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE ORDEREëLS (BL. 179)**

Voorgedra deur ds JJ (Jurie) Venter)

1. **Ordereël 1**
1 - 1.1.2 Kennis geneem.

1.1.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode skrap ordereël 1 van die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings en ook alle woorde in ordereël 7 na die woord "kworum".

1.2 Aanbevelings goedgekeur:

1.2.1 Reël 1 het as opskrif: "STEMREG".

1.2.2 Die bewoording word gewysig om so te lui: "Op 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep is vir die verkiesing van kerkraadslede of die beroeping van 'n leraar, het slegs belydende lidmate van die betrokke gemeente, wat nie onder sensuur is nie, keurstem.

Oudl. DJP Schickerling, APK Koster, word verwelkom as besoeker.

2. Aanbeveling ten opsigte van Ordereëls 2 - 28

2.1 Goedgekeur:

Reël 2 tot 5 bly onveranderd, onder die een opskrif: "Geslote en oop vergaderings".

2.2 Goedgekeur:

Reël 6 kry die opskrif: "AFWESIGHEID BY VERGADERINGS".

2.2.1 Goedgekeur:

Die bewoording verander om soos volg te lees:

"Van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die skriba of 'n lid van die vergadering verskoning te maak" - (die woorde "behalwe 'n lid van 'n 'gemeentevergadering'" is dus geskrap).

2.3 Goedgekeur:

Reël 8 word reël 7 omdat dit met afwesigheid te doen het: "Geen lid mag 'n vergadering sonder verlof van die vergadering verlaat nie".

2.4 Goedgekeur:

Reël 7 word reël 8, onder die opskrif: "Kworum".

2.4.1 Goedgekeur:

Die woorde "uitgesonderd ... uitmaak" word geskrap.

2.5 Goedgekeur:

Reël 9 kry die opskrif: "OPENING EN AFSLUITING", p 180.

2.6 Goedgekeur:

Reël 10 se opskrif is "SAKELYS" en in die bewoording word "agenda" vervang met "sakelys".

2.7 Goedgekeur:

Reël 11 bly onveranderd en lui soos volg:

"Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde in die volgorde wat hy die geskikste ag, en gee toeligting na goeddunke en wanneer hy daarom gevra word" - die drukfout in die 1989 KO by reël 11 moet slegs reggestel word.

2.8 Goedgekeur:

Reël 12 se opskrif is "SPREEKBEURTE".

2.9 Ordereël 13

2.9.1 Beskrywingspunt - Kennis geneem.

2.9.2 Kennis geneem.

2.9.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

2.9.4 Kennis geneem.

2.10 Goedgekeur:

Reël 14 bly dieselfde.

2.11 Goedgekeur:

Reël 15 kry as opskrif: "VOORSTELLE EN AMENDEMENTE", en word uitgebrei: "... wat die voorstel wysig maar nie tot niet maak nie."

(By 2.11 moet verwysing "punt 2.24" wees "punt 3".)

2.12 Ordereël 16

2.12.1 Ring van Mensel

2.12.1.1 Kennis geneem.

2.12.1.2 Kennis geneem.

2.12.1.3 Goedgekeur:

'n Voorstel en amendemente moet skriftelik en gesekondeer ingedien word en kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente dan ook sal verval.

2.12.1.4 Kennis geneem.

2.12.2 Ds E Friis

2.12.2.1 Beskrywingspunt i/s Ordereël 16 - Kennis geneem.

2.12.2.2 Aanbeveling van KKS - Terugverwys na Tydelike Kommissie van KKS vir herformulering.

2.13 Ordereël 17

2.13.1 Aanbeveling:

2.13.1.1 Goedgekeur:

Reël 18 word reël 17, bewoording ongewysig.

2.13.1.2 Goedgekeur:

Reël 17 word reël 18, met as opskrif: "ORDEMOSIE", sonder wysiging in die bewoording behalwe om "aan die oordeel van die voorsitter gelaat" te wysig na "aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat".

2.13.2 Kennis geneem. (Kyk bl. 186)

2.14 Goedgekeur:

Reël 19 kry die opskrif "BESLUITE" en "meerderheid" word "meerderheidsbesluite".

2.15 Goedgekeur:

Reël 20 se opskrif is: "BUITE STEMMING".

2.16 Goedgekeur:

Reël 21 se opskrif is: "STAKING VAN STEMME".

2.17 Goedgekeur:

Reël 22 se opskrif is: "STEMMING".

2.18 Goedgekeur:

Reël 23 se opskrif is: "ADVISEURS".

2.19 Goedgekeur - ("Aangetekening" moet wees "Aantekening"):

Reël 24 se opskrif is: "AANTEKENING VAN TEENSTEM".

2.20 Goedgekeur:

Reël 25 se opskrif is: "HERSIENING VAN BESLUIT (REVISIE)".

2.21 Goedgekeur:

Reël 26 bly onveranderd.

2.22 Goedgekeur:

Reël 27 se opskrif is: "PERMANENTE EN TYDELIKE KOMMISSIES".

2.23 Goedgekeur:

Reël 28 se opskrif is: "NOTULES".

3. Ordereëls 15 en 16

3.1 - 3.2.3 Kennis geneem.

3.2.4 Goedgekeur:

Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

72. **DIE VERSLAG VAN DIE PKKEN WORD AAN DIE ORDE GESTEL (BL. 280 PUNT 3.10)**

Ds A Boshoff neem die stoel in. Ds MP Taute lê die verslag voor.

3.10 Beoordeling van boeke - Kennis geneem.

3.10.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie saak na die Tydelike

Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme vir 'n aanbeveling in hierdie verband.

3.11 Sondagontheiliging -Kennis geneem.

3.11.1 Aanbevelings:

3.11.1.1 Goedgekeur (nadat "aktiwiteite" vervang is met "handelinge op Sondae".):

Die Sinode besluit dat ernstig besin moet word in elke gemeente oor die instandhouding van daardie handelinge op Sondae wat in ooreenstemming is met die geopenbaarde Wil van God-Drie-enig soos opgeteken in sy onfeilbare Woord.

3.11.1.2 Goedgekeur:

Die Sinode besluit om alle lidmate ernstig te vermaan om hulle doelbewus te onthou van enige vorm van Sondagontheiliging.

3.11.1.3 Goedgekeur:

Die Sinode besluit om die owerheid (regering van die dag) dringend te versoek om 'n voorbeeld te stel aan alle landsburgers wat die heiliging van die Sondag betref, o.g.v. NGB Art. 36.

3.11.1.4 Goedgekeur:

Die Sinode besluit om die SAUK as aanbieder van inligting dringend te versoek om sy programme oor beide radio en beeldradio so saam te stel dat die godsdienstige karakter van die Sondag behoue sal bly.

3.12 Pinksterbidure - Kennis geneem.

3.12.1 tot 3.12.2 - Kennis geneem.

3.12.3 Aanbevelings:

3.12.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes) hulle as bruid van Jesus Christus hou aan die Skrif as die Woord van God en die Drie Formuliere van Enigheid wat in ooreenstemming is met die Woord van God.

3.12.3.2 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes)

hulle as Calvinistiese Gereformeerde Kerke onder blanke Afrikaners sal betuig as Ware Kerk, wat ware Skrifverklaring, ware Sakramentsgebruik en Tuguitoefening volgens die Woord van God beoefen.

3.12.1.3 Goedgekeur (Verander numerering na 3.12.3.3):

Die Sinode besluit dat die APK-predikante die leer van die uitverkiesing soos in die Dordtse Leerreëls vervat, onvervals en op 'n gereelde basis sal uitdra in die prediking en huisbesoek.

3.12.1.4 Goedgekeur (Verander numerering na 3.12.3.4):

Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes) hulle eie identiteit hoe langer hoe meer sal uitwerk - getrou aan die Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid en los van alle bevraagtekenbare elemente uit die verlede.

3.12.1.5 Goedgekeur (Verander numerering na 3.12.3.5):

Die Sinode besluit dat Pinkstersondag in die "kerklike jaar" in die APK herdenk word soos die ander kerklike feesdae, soos Goeie Vrydag, Hemelvaartdag en Kersfees.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

3.12.3.6 Die Sinode beveel die geseënde gebruik van bidure en Woordverkondiging tydens Pinkster by gemeentes aan.

(Voorstel van PKKEN; Uitgeval in verslag)

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit dat die kerkrade kan besluit oor die hou van Pinksterbidure.

(AS van Staden; AS van Jaarsveld)

Di. MP Taute, HB Heymans en oudl. JF du Plessis vra dat aangeteken word dat hulle nie die verslag van ds WJ van der Merwe onderskryf nie.

Die volgende afgevaardigdes wil hulle name laat aanteken teen die verslag sowel as teen die voorstel van ds MP Taute:

Ondergetekende verwerp die verslag van Ds MP Taute op grond van Skrifhantering p. 288 - 290.

Oudl. Z van Rensburg doen 'n tafelgebed en die Sinode verdaag vir middagete om 13:05.

DIE SINODE HERVAT SY WERKSAAMHEDE OM 14:00

Oudl N Pretorius (Roedtan) verskyn ter vergadering en word welkom geheet.

75. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME WORD HERVAT (Bl. 292)

Die voorsitterstoel word ingeneem deur die ondervoorsitter. Ds MP Taute hou die res van die verslag voor.

4.4 Halaal-produkte

4.4.1 Beskrywingspunt - Kennis geneem.

4.4.2 Motivering - Kennis geneem.

4.4.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys in hierdie verband na vorige besluite oor hierdie saak.

Die betrokke beskrywingspunt lui:

Die Sinode besluit om gemeentes te versoek om lidmate op te roep om nie gebruik te maak van Halaal-produkte nie.

4.5 Standpunte oor beginselsake

4.5.1 Beskrywingspunt - kennis geneem.

4.5.2 Motivering - Kennis geneem.

4.5.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt te steun en beveel prof R Marè, dr CI van Heerden en ds JA du Plessis as lede van so 'n kommissie aan.

Die betrokke beskrywingspunt lui:

Die Sinode 1990 wys ('n) ad hoc permanente kommissie aan om Skriftuurlike riglyne op te stel oor die volgende sake en dit aan die volgende Sinode voor te lê vir oorweging:

1. Volkereverhoudinge (Dit sluit in: die voortbestaan al dan nie van volkere, rasseverhoudinge; die skepping van volke;

volkseie kerke; is daar in die Bybel verskil tussen "volk" en "nasie"? ens.).

2. Geregtigheid.

3. Kerklike eenheid. (Dit sluit o.m. in: bestaan daar, Bybels gesien, so iets as 'n verskeidenheid van kerke binne een volk tussen gelowiges met dieselfde taal, kultuur en belydenisskrifte; moet die eenheid in Christus tussen verskillende kerkverbande sigbare gestalte vind.

4. Die verhouding tussen kerk en owerheid.

5. Ander beginselsake wat die ad hoc kommissie(s) aan die volgende sinode wil voorlê.

Die aanbeveling word verder uitgebrei:

Die benoeming van die lede op die kommissie word na die Kommissie vir Kommissies verwys met die oog op opname van die volgende persone:

Prof WJG Lubbe
Eksegeet - Prof H Theron.
Dogmatikus - Prof R Marè.
Kerkregtelike - Prof FAH van Staden.
Kerkhistorikus - Dr MFM Pretorius.
Voorsitter Kerkleer en Etiese Norme.
Ds DR Schwartz
MC Adendorff en predikante van APK gemeentes in Pretoria.

(CI van Heerden; JJ Brits)

4.6 **Chiliasme**

4.6.1 **Beskrywingspunt** - Kennis geneem.

4.6.2 **Motivering** - Kennis geneem.

4.6.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit om die woorde "Kettery, tugwaardig" soos dit voorkom in die besluit van die 1989 Sinode ten opsigte van die besluit oor Chiliasme te verwyder. Ons bevestig as APK ons belydenis soos vervat in Kerkorde art. 1.
(HB Heymans; AG Burger) (Vergelyk hier Kernnotule 22/9/90 bl 97 of bl. 592 van hierdie Handelinge)

Ds MP Taute laat sy stem teen die beskrywingspunte aanteken. (PKKEN)

'n Ordemosie dien voor die vergadering en word goedgekeur:

Geen spreker moet toegelaat word om langer as drie minute te praat nie.

Motivering: Die eerwaarde Sinode sal die sakelys nooit betyds afgehandel kry as sprekers se spreekbeurt nie tot uiters drie minute beperk word nie.

(DJ Nel; DJ Visser)

4.7 **Toesighoudende taak van ouderling**

4.7.1 Beskrywingspunt -Kennis geneem.

4.7.2 Motivering - Kennis geneem.

4.7.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys dit na die PKKEN.

Die betrokke beskrywingspunt lui:

Die Ring van Moot-Sentraal, versoek die Sinode om deur sy Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme die kerke te dien met 'n prinsipieelbegronde studiestuk om die toesighoudende taak van die ouderlinge (kerkraad) t.o.v. die gebruik van die sakrament van die Nagmaal. In die studiestuk moet die gereformeerde standpunt oor geslote kommunie duidelik gestel word.

4.8 Verassing

4.8.1 Beskrywingspunt - Kennis geneem.

4.8.2 **Aanbeveling: Kennis geneem.**

Die volgende amendement word goedgekeur:

Die Sinode verwys die hele vraagstuk rondom verassing terug na die PKKEN vir studie en rapportering.

(IA Brink; MC Adendorff)

4.9 **Benaming van PKKEN**

4.9.1 Beskrywingspunt - Kennis geneem.

4.9.2 Motivering - Kennis geneem.

4.9.3 Aanbeveling (verander "besluit" na "beskrywingspunt"):

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

Amendement op punt 4.9.3 op p. 295:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.
(NRJ van Zyl; AJ van Niekerk)

Daar word besluit dat die amendement en punt 4.9.3 oorstaan tot by die SKK-verslag.

4.10 **Geslagsvoorligting op skool** - Kennis geneem.

4.11 **Alternatief vir karate**

4.11.1 Beskrywingspunt - Kennis geneem.

4.11.2 Motivering - Kennis geneem.

4.11.3 **Aanbeveling** - Kennis geneem.

5. Kennis geneem.

Daar word kennis geneem van die hele verslag.

Prof WJG Lubbe neem weer die voorsitterstoel in.

76. **VERSLAG VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE** (Bl. 94)

Die Voorsitter verklaar die Sinode as gekonstitueerd as RKA. Die aankondiging word met applous ontvang.

Eerste paragraaf - Kennis geneem.

1. **Lede** - "1990" moet wees "1989"

1.1 Lede deur Sinode benoem - Kennis geneem - "benoem" moet wees "verkies"

1.1.1 Kennis geneem.

1.1.2 Kennis geneem.

1.2 Lede deur SKK benoem - Kennis geneem.

1.3 Lede deur Kuratorium benoem - Kennis geneem.

1.4 Lede deur Finansiële Kommissie benoem - Kennis geneem.

1.5 Lede deur Kommissie vir Kerkregtelike Sake benoem - Kennis geneem.

1.6 Kennis geneem.

1.7 Kennis geneem.

1.8 Aanbeveling goedgekeur:

Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Personeel - Kennis geneem.

3.1 Poste - Kennis geneem.

3.2 Bekendstelling van poste - Kennis geneem.

3.3 Aanstelling van Direkteur - Kennis geneem.

3.3.1 Taakomskrywing Direkteurspos - Kennis geneem.

3.4 Kennis geneem.

3.5 Versendingsklerk - Kennis geneem.

3.6 Kennis geneem.

3.7 Sekretaresse/tikster vir Direkteur - Kennis geneem.

3.8 Verhoogde salarisskale - Kennis geneem.

3.9 Ander diensvoorwaardes - Kennis geneem.

3.10 - 3.10.8 - Uiteensetting van Administrasie in Sentrale Kerkkantoor. - Kennis geneem.

3.10.8.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die RKA versoek voorsitters van alle kommissies om besprekings vir vergadertye en -plekke, asook vir etes en verversings deur middel van die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te doen, met vroegtydige vermelding indien sekere lede van kommissies nie van die etes gebruik sal maak nie. Etes word teen 'n bepaalde tarief per persoon teen die begroting van elke kommissie verreken, gebaseer op die volle ledetal van die kommissie, tensy minstens twee dae vooraf vir 'n lid verskoning gemaak is by die kantoor van die Direkteur.

4. Kantooraangeleenthede - (Skrap nommer "4.1" op bl. 99)

4.1 Kennis geneem.

4.1.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om in oorleg met die Finansiële Kommissie van die Sinode steeds alle moontlikhede vir toekomstige uitbreiding te ondersoek, en indien 'n koopgeleentheid hom voordoen wat nie volgens alle beskikbare inligting tot 'n moontlike verlies vir die RKA in geval van herverkoop sal lei nie, wel die eiendom aan te koop.

4.2 Kantoortoerusting - Kennis geneem.

4.3 Aanwysingsbordjies - Kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die RKA besluit dat, indien moontlik, die Kerk se volle naam en nie net die afkorting nie, op die aanwysingsbordjies geplaas word.

(Ds AP Viljoen; Oudl GFL le Roux)

4.4 Veiligheidshekke - Kennis geneem.

5. Terrein

5.1 - 5.2 Tuindiens en parkering - Kennis geneem.

6. 15% Bydraes van gemeentes - Kennis geneem.

7. Begroting - Kennis geneem.

8. Konstitusie van die RKA en Reglement van die BRKA

Aanbevelings goedgekeur:

8.1 Die Raad vir Kerkadministrasie neem met dank die Konstitusie vir die RKA en die Reglement vir die BRKA in ontvangs en aanvaar dit as basis vir die samestelling en funksionering van die RKA en BRKA. (Agenda bl 32 - 44).

8.2 Die RKA keur die werksaamhede van die BRKA volgens die Reglement sedert totstandkoming op 8 Februarie 1990 tot op datum goed.

8.3 Wysigings aan Reglement

Die volgende wysigings word goedgekeur:

8.3.1 Punt 6.4.2 van die Reglement word gewysig om soos volg te lees: "Vergaderings van die BRKA word opgeroep deur die BRKA of sy Dagbestuur, of wanneer minstens twee Bestuurslede skriftelik sodanige versoek rig".

8.3.2 Punt 6.5.6.2: "Kommissies" word vervang deur "Subkomitees".

8.3.3 Punt 6.5.7.1-3: voeg in "Sinodale" voor "Kommissies".

8.3.4 Punt 6.1.4 word aangevul met: "Die BRKA kan dit ook aan 'n ander personeellid (bv. die Administrateur) opdra om die Direkteur hierin by te staan".

9. Pensioenaangeleenthede - Kennis geneem.

9.1 Nie aanvaar nie.

10. Besondere donasies - Kennis geneem met dank.

11. Kaapse Mediese Plan - APK Verteenwoordiger - Kennis geneem. (Ook met dank kennis geneem van Bylae BRKA2).

12. Vaalterrein - Kennis geneem.

Van die verslag in geheel word met dank kennis geneem.

Die vergadering konstitueer as Sinode.

77. VERLOFAANSOEKE EN AANKONDIGINGS

Oudl JH Pohlman, Oudl. J Roets, Molopo, 22 September 1990. Gemeentelid op Zeerust ernstig siek.

Oudl. WS Blaauw, Keetmanshoop, vanaf 14:00 21 September 1990. Dringende afspraak.

Enkele aankondigings word ook gedoen.

78. MEDIAVERSLAG - PERSVERKLARING 3, 20/9/1990

Goedgekeur met enkele wysigings:

Bl. 1 Skrap "vgl. 21 en 22 hierbo" in laaste paragraaf.

Bl. 2 "Staatspredsident" onder punt 2 moet wees "Staatspresident".

Vervang "rysmier" met "ondermyn" in laaste reël onderaan bladsy.

Voeg in "moontlik" tussen "land" en "bevorder" en skrap "kan" na "bevorder".

Die Sinode verdaag om 16:00 vir koffie en hervat sy werk om 16:30.

79. **KONSTITUERING AS RKA**

Die vergadering word weer as RKA gekonstitueer.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Voorstel i/s agterstallige bydraes.

1. **Die RKA besluit om nie aan gemeentes uitstel te verleen vir die betaling van die verskuldigde 15% nie. Indien gelde langer as een maand uitstaande is sal rente gehef word op die agterstallige bedrag. (Bankrente).**

2.1 Motivering: Indien gemeentes in gebreke bly om verskuldigde bedrae betyds te betaal, kan dit tot gevolg hê dat die BRKA rente aan die bank sal moet betaal op oortrokke rekening.

2.2 Dit kan stremmend word op die werksaamhede van die BRKA en selfs projekte wat aangepak is vertraag.

2.3 Dit kan ook belemmerend werk op die ondersteuning wat aan jong gemeentes en reisende leraars gegee moet word.
(WL Fick; CF Swart)

Die volgende afgevaardigdes laat hulle stemme in die minderheid aanteken:

"Ek laat my naam aanteken teen die besluit insake agterstallige 15% bydraes wat nie langer as 1 maand agterstallig mag wees nie en dat rente op agterstallige bedrae gehef sal word.
Motivering: Ek het ernstige beswaar teen die renteheffing."
PK Roodt, Boksburg

"Hiermee word versoek dat my naam aangeteken word teen die besluit insake agterstallige 15% bydraes, wat nie langer as 1 maand agterstallig mag wees nie, en dat rente op agterstallige bedrae gehef sal word.

Motivering: My beswaar is teen die renteheffing hoofsaaklik."
Oudl. LDJ Nel, Benoni.

"Teenstem uitgebring teen renteheffing op 15% agterstallige bydraes."
Oudl. LE Retief, Koedoeskop.

"Ek laat my naam aanteken teen die besluit insake agterstallige 15% bydraes wat nie langer as 1 maand agterstallig mag wees nie en dat rente op agterstallige bedrae gehef sal word. Die renteheffing is my beswaar."
Oudl. JP Swart, Benoni.

"Graag versoek ons dat dit genotuleer word dat ons nie saamstem met die besluit dat daar geen tegemoetkomendheid sal wees ten opsigte van 15% inbetaling nie aangesien sekere gemeentes aanvanklik nie oor die finansiële vermoëns sal beskik nie.

Implikasies:
- Geestelik ryk, finansieel arm, geen APK bediening.
- Na watter bedrag gaan die gemeente tot niet gemaak word."
Diak. MF Labuschagne, Oudl. JF van der Merwe, Verwoerdburg.

80. ADDENDUMVERSLAG VAN DIE BESTUUR VIR DIE RAAD VAN KERKADMINISTRASIE - 7 JULIE - 12 SEPTEMBER 1990

1. **Vergaderings** - Kennis geneem.

2. **Sake behandel** - Kennis geneem.

2.1 **Pos van Assistent-Administrateur** - Kennis geneem.

2.2 **Pos van Rekenaaroperateur/klerk** - Kennis geneem.

2.2.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die RKA betuig sy dank teenoor mnr JL van H Scholtz vir sy getroue arbeid in die Sentrale Kerkkantoor, en in besonder vir sy onvermoeide ywer ten opsigte van die Sinodevergaderings.

2.3 - 2.8 **Kennis geneem.**

2.8.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die RKA keur dit goed dat die nuwe BRKA van die dienste van oudl, MP Taute gebruik kan maak vir die opstel van poshandveste, indien die BRKA dit nodig vind.

2.9 - 2.12.3 **Kennis geneem.**

Aanbevelings

2.12.4 Aankoop van erf aangrensend aan Sentrale Kerkkantoor - goedgekeur:

Die RKA keur die moontlik aankoop van 'n erf aangrensend aan die terrein van die huidige Sentrale Kerkkantoor goed, en dra dit aan die BRKA op om die moontlikheid van konsolidasie met die bestaande eiendom, asook gebruiksvergunning deur die Stadsraad van Pretoria om die huis as kantoor te gebruik, te ondersoek.

2.12.5 Goedgekeur ten opsigte van Verwoerdburg:

Die RKA keur die besluit van die BRKA waarvolgens afgesien word van die aankoop van die Montana- en Verwoerdburgeiendom goed.

Montana-eiendomme word verwys na BRKA vir heroorweging van aankoop in samewerking met APK Transmagalies.

Teenstem
"Ek versoek dat my naam aangeteken word dat ek teen die besluit ten opsigte van die Montana-eiendom gestem het."
Oudl. DJ Venter, Harrismith

Voorstel goedgekeur:
Die RKA besluit dat die inligtingstuk van br. AJ Jacobs insake verwagte ekonomiese tendense aan elke gemeente beskikbaar gestel sal word. (1 kopie per gemeente).

Genoemde stuk word na die BRKA verwys vir inligting.
(Ds DR Schwartz; Ds NJ Groenewald)

2.13 Aanwysingsborde - Kennis geneem.

2.14 Fondsinsamelingsnommer - Kennis geneem.

2.15 Oudit van gemeentelike finansiële state - Kennis geneem.

2.15.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die RKA besluit dat waar kerkrade nie die dienste van geoktrooieerde rekenmeesters kan bekom nie, van die dienste van IRT-lede (Lede van die Instituut van Rekenkundige Tegnici) gebruik gemaak kan word vir ouditdoeleindes.

2.16 **Belastingvrystelling op Sentrale Kerkkantoor** - Kennis geneem.

2.17 **Grond te koop aangebied te Witbank vir ouetehuis** - Kennis geneem.

2.18 **Eiendom vir ouetehuis te Parys** - Kennis geneem.

2.18.1 **Aanbeveling** - Afgehandel.

2.19 **Tekenmagte t.o.v. eiendomsaangeleenthede** - Kennis geneem.

2.20 **Vaalterrein** - Kennis geneem.

2.20.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die RKA bekragtig dié besluite van die BRKA:

Die BRKA het die volgende besluite in dié verband geneem:

1. dat die skenking van JACOB PHILLIPUS LE ROUX STEENKAMP van 'n gedeelte van die plaas, te wete:

   SEKERE Resterende Gedeelte van die plaas bekend as TWEESPRUIT NO. 198 van die plaas SCHULP SPRUIT NO. 140 geleë in die distrik PARYS, welke gedeelte ongeveer 20 hektaar groot is en aangedui word deur die figuur DCEF op die aangehegte sketsplan, met dank aanvaar word;

2. dat enige twee van die volgende persone, nl. die Voorsitter van die BRKA, prof. WILLEM JACOBUS GERHARDUS LUBBE; die Direkteur van Kerkadministrasie, ds. MECHIEL CHRISTIAAN ADENDORFF; en die Rekenmeester, mnr. CORNELIUS JOHANNES DE LA REY genomineer en gemagtig word om die Skenkingsakte te onderteken, asook alle verdere dokumente wat nodig mag wees om die transport van die eiendom te bewerkstellig in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie van die Afrikaanse Protestantse Kerk;

3. dat alle koste verbonde aan die onderverdeling en die transport van die eiendom op aanvraag aan die betrokke transport-prokureurs betaal word;

4. dat bogenoemde besluite onderhewig is daaraan dat die eersvolgende Sinode die

Konstitusie van die Raad vir Kerkadministrasie en die Reglement vir die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedkeur. Die Direkteur moet die prokureurs BJ van de Vyver, van Wyk en Kriel verwittig dat met die registrasie van die eiendom gewag moet word totdat die Sinode die Konstitusie van die Raad vir Kerkadministrasie en die Reglement vir die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie finaal goedgekeur het.

2.21 Wysigings aan Konstitusie van die RKA en die Reglement vir die BRKA, asook aan Kerkorde i.v.m. eiendomme

2.21.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die RKA keur die volgende wysiging in die Konstitusie van die RKA goed:

Voeg in 'n punt 5.3.1 onder "5.3 Bates" wat so lui:

5.3.1 **Die Raad vir Kerkadministrasie word uitdruklik gemagtig om alle eiendom van die Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond wat tans in die naam van die Kuratorium of Sentrale Kerkekommissie gevestig is by wyse van Artikel 93 van Wet 47 van 1937 in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie te vestig ooreenkomstig Artikel 65 van die Kerkorde. Sodanige hervestiging is nie 'n oordrag van eiendomsreg nie, maar 'n blote hervestiging van die eiendom in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie, synde 'n liggaam van die oorkoepelende Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond, om administratiewe probleme uit die weg te ruim. Dit is ook nie die bedoeling om eiendomsreg aan 'n afsonderlike identiteit oor te dra nie.**

Die Raad vir Kerkadministrasie het geen reg of aanspraak om met die eiendom, roerend sowel as onroerend, van 'n betrokke kerk (gemeente) te handel nie.

Verdere besluit: As die weg van hervestiging nie gevolg kan word nie, moet herregistrasie van die eiendomme op naam van die RKA plaasvind.

2.21.2 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die RKA versoek die Sinode om die volgende

noodsaaklike invoegings volgens advies van die regsadviseurs van die APK in die Kerkorde aan te bring:

"ARTIKEL 65

Raad vir Kerkadministrasie

Elke gemeente is lid van die Raad vir Kerkadministrasie. Die doel van die Raad vir Kerkadministrasie is om deurentyd met administratiewe en finansiële aspekte asook bates en laste van die Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond te handel en meer spesifiek in die tydperke wanneer die sinode nie vergader is nie. Die regte en verpligtinge van die Raad vir Kerkadministrasie verskyn in die goedgekeurde konstitusie van die Raad vir Kerkadministrasie as Bylae 7 tot hierdie Kerkorde.

BEPALING 65.A

Die Raad vir Kerkadministrasie is gemagtig om

1. roerende en onroerende eiendom te besit, te koop, te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer;

2. enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die wet vereis;

3. op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik;

4. garansies uit te reik;

5. enige eis te bestry of in te stel in enige hof van die Republiek van Suid-Afrika of enige ander land;

6. lenings aan te gaan.

Vestiging van eiendom, verbande ens.:

Alle vaste eiendom en/of saaklike regte wat daarmee in verband staan, verbande, hipoteke, notariële verbande en notariële aktes van die Afrikaanse Protestantse

Kerke in Verbond word geregistreer in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie as volg:

'Die Raad vir Kerkadministrasie van die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)'

Die reg om met die eiendom (roerend sowel as onroerend) van Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond te handel, berus by die Raad vir Kerkadministrasie kragtens besluit van die Raad vir Kerkadministrasie geneem op 'n gewone vergadering met meerderheid van stemme.

Alle eiendom van die Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond wat tans geregistreer is in 'n ander liggaam van die Afrikaanse Protestantse Kerk as die Raad vir Kerkadministrasie, word geag gevestig te wees in die Raad vir Kerkadministrasie."

Bylae BRKA Ad 1 en kaart agterop - Kennis geneem.

81. MINDERHEIDSVERSLAG JJ PRINSLOO

Die Voorsitter bied geleentheid aan oudl. JJ Prinsloo om sy minderheidsverslag toe te lig. Na 'n aanvanklike toeligting neem verskeie afgevaardigdes aan die bespreking deel.

Die RKA verdaag om 18:00 vir ete.

Die afgevaardigdes neem hulle plekke na ete om 19:00 in.

Die vergadering konstitueer as Sinode vir die volgende sake:

82. AFKONDIGINGS

Enkele afkondigings word gedoen.

'n Telegram van seënwense van APK Riversdal word met dank ontvang.

83. VERLOFAANSOEKE

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

Oudl. AGS Gous, JP Snyman, Barkly-Wes, 22 September 1990. Sakeverpligtinge.

Oudl E Erasmus, Transmagalies, vanaf 18:00 20 September 1990. Sakeverpligtinge.

Oudl. PHC Labuschagne, Bloemhof, vanaf 22 September 1990 om 09:30. Dringende afspraak.

Oudl. MJC Meiring, Diak. L Hattingh, Alfa, 21 September 1990 om 13:00. Mediese redes.

84. **DIE VERGADERING KONSTITUEER WEER AS RKA**

Die volgende mosie word goedgekeur en nie-afgevaardigdes verlaat die vergadering:

Die RKA besluit dat vir die duur van die bespreking rondom die minderheidsverslag van die BRKA, die vergadering geslote is vir afgevaardigdes alleen.
(Ds DR Schwartz; Dr CI van Heerden)

Toestemming word verleen aan oudl. A Ebersohn wat die klankapparaat beheer, om in die vergadering teenwoordig te bly.

Na aanleiding van verskillende ordemosies besluit die vergadering daar moet 'n gesprek plaasvind tussen oudl. JJ Prinsloo en die uittredende BRKA,saam met Prof R Marè, ds A Boshoff, ds AS van Jaarsveld, oudl. W Viljoen van Pretoria-Oos.

Die geslotenheid van die vergadering word opgehef.

85. **VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE**

Notule van 3e Sittingsdag (bl. 34 - 53) word in behandeling geneem, en goedgekeur met die volgende wysigings:

Bl. 34, punt 47: "leraars" moet wees "afgevaardigdes".

Voeg "oudl." by voor JFB Steyl en voor MJ Koen.
Bl. 35 onder punt 48: "GE de Bruyn" moet wees "GF de Bruin".

Onder punt 49: voeg by ná die sin "Die Voorsitter wens ... teologiese student": "A Boshoff wat vanjaar afstudeer."

Bl. 38. Onder punt 51 voeg by "ouderling" voor PJ Scholtz.

Bl. 39. By punt 10.4.1.5 voeg by na "advies" : "aan BRKA"

10.4.1.9 "Goedgekeur" moet wees "Verval"

Bl. 41 3.16 Skrap "kennis geneem" en wysig gedeelte daarná soos volg:

Goedgekeur met vervanging van "kontroleer" in 2.3.5.2 met "neem kennis van".

Voeg in bokant 4.2: "4.1 Kennis geneem."

Bl. 43 Voeg in onder 7.4.3: "7.4.4 Kennis geneem"

Bl. 44 Onder punt 56 Voeg ds "Rheeder" se voorletters "JM" by.

Onder punt 57: Voeg by onder 7.5.3: "7.5.4 Kennis geneem".

Bl. 46. Voeg in "J.P" voor Bezuidenhout, en "op bladsy 353" tussen "2.4.2" en "gestel"

Na "Wysiging" onderaan bladsy moet die sin lui: Vul in "19" voor "September"

Bl. 48 By Punt 59: Voeg in "Sien" voor "Bl. 339"

Onder 4.1.1 voeg by "Oudl." voor JA du Plessis en voor PA Watermeyer.

By punt 60: voeg in opskrif by: Bl. 356.

Bl. 49. By punt 3.1.4: Wysig soos volg na "Goedgekeur" : Die "hiervan" word vervang met "van die herdenkingskaart".

Onder personeelwysigings voeg by "Oudl." voor AJG van Straaten en voor F van Niekerk Kruger.

By punt 61: voeg by bl. 359 na "vervolg".

Bl. 50. Punt 3.2.2. Voeg in "Tegniese Kollege op tersiêre vlak" na "Technikon".

Bl. 51 by "bladsy 20". AD moet wees A.B.

By punt 63 voeg by Bl. 374.

Bl. 52 punt 4.5.1.1 Wysig soos volg: Voeg in ná "vorige besluit": "1988 of 1989 besluit".

86. **DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA**

Die Voorsitter vra nominasies vir 5 BRKA lede.

Groslys sien ná skrapping van ongeldige nominasies en onttrekkings soos volg daaruit:

A Pienaar; W Fick; WC Viljoen (Pretoria-Oos); B de Klerk; D Nel; JJ Prinsloo; M Groenewald, J Pienaar, JN de Wet; JPT Simpson; Eben Erasmus; D Venter; J Stroebel;

Die Sinode verwys Art 45 en 46 van die Kerkorde na die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake om dit in lyn te bring met die besluite in pt. 3.1.4.2/3.

Die verslag word hier onderbreek en die vergadering konstitueer as die RKA

Die Voorsitter maak die uitslag van die BRKA-verkiesing bekend. Die volgende broeders word tot die BRKA verkies:

JJ Prinsloo	APK Cullinan/Rayton
AJ Pienaar	APK Waterberg
JPT Simpson	APK Pretoria-Sentraal
HCG Bester	APK Groter Durban
MJ Cornelius	APK Dendron

Die volgende sekundi word verkies:
WLV Fick, APK Witrivier; JE Swarts, APK Oudtshoorn; JN de Wet, APK Cullinan/Rayton en WCJ Viljoen, APK Pretoria-Oos,
JH du Plessis, Kimberley.

Oudl. A Strauss sluit die vergadering om 21:40 af met gebed.

VYFDE SITTINGSDAG VAN DIE VIERDE SINODE - 21/9/1990

90. BIDSTOND

Na samesang onder leiding van ds NJ Rautenbach lei oudl. dr. Douw van der Merwe van Klerksdorp die bidstond. Hy laat sing Ps. 23 :1 - 3, doen 'n gebed en lees daarna 1 Pet. 4 : 7 - 11.

Hy beklemtoon dat baie mense wat nie die Bybel lees nie, wel die gelowiges lees. Daarom moet ons noulettend op ons lewenswandel wees. Hy nooi daarná afgevaardigdes om in gebed voor te gaan. Sekere broers neem deel, en op dié wyse verkeer die vergadering vir 'n paar minute eendragtig in gebed voor die Here. Daarna word Ges. 262 : 1 - 6 gesing.

Die Voorsitter bedank oudl. Van der Merwe.

91. DIE VERGADERING KONSTITUEER AS SINODE

Afkondigings

Telefoonoproep ontvang van Potchefstroom met die volgende inhoud:
Die Kerkraad van Potchefstroom se bede is dat die Sinode geïnspireer mag word in sy besluitneming deur die Heilige Gees, en bid hom ook Gods rykste genade toe.
(Oudl. J Freeke)

Die volgende mededeling word verwys na die Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling:

"Die Sinode word in kennis gestel van die feit dat Pres. FW de Klerk Saterdag na die VSA vertrek om Sondag met Pres. Bush te beraadslaag. En ook deur middel van die Sinode die regering betreffende onderhandelinge met die ANC, SAKP, PAC en ander bose magte te wys op Ps. 82 vs. 2: 'Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die goddelose mense?'"
(Oudl. FJ Freeke)

Mosie van dank van oudl. Jac F du Plessis vir inrigting van Sentrale Kerkkantoor word goedgekeur.

Die volgende voorstel i/s geloofsbriewe word verwys na die KKS:

Die Sinode besluit, indien nodig, om geloofsbriewe te wysig om voorsiening te maak vir die verteenwoordiging op Sinode en RKA.
(Ds JA du Plessis; Oudl. JD Malan)

Die Voorsitter versoek dat die Sinode vanaand vanaf 18:45 sit.

Personeelwisseling

Oudl. MJ Koen (Frankfort) verskyn in die plek van oudl. AP Graaff.

Ds E Friis is weer terug na sy ongesteldheid.

Oudl ZP Kruger (Sanddrif) weer terug na gister se verlof.

Oudl JMLE Kotzé (Tweeling) in plaas van oudl. LG Rautenbach.

Diak. DJP Keyser (Bothaville) in die plek van diak. GD Rouwenhorst.

Oudl. MJ de Villiers (Fochville) verskyn vir die eerste keer.

Oudl.WK Cawood (Viljoenskroon) verskyn ter vergadering.

Die volgende voorstel (by Verslag SKK - bl. 20 - 3.13) (Versoek aan Staatspresident) word goedgekeur:

1. **Die Sinode versoek die Staatspresident en die regering ernstig om die huidige samesprekings met kommunisties-geïnspireerde organisasies te staak, aangesien ons oordeel dat dit 'n Christelik-georiënteerde regering en staat nie betaam om oor die toekoms van 'n Christelik-georiënteerde volk met anti-christelike, godlose organisasies te onderhandel nie. (Art. 36, NGB, Ps 82 : 2).**

2. Die Sinode versoek die regering dringend om die huidige beleidsrigting van die sogenaamde nuwe Suid-Afrika waar alle Godgeskape onderskeidinge tussen ras, kleur en geloof uitgewis word, te staak.

3. Die Sinode versoek die regering verder om die verskeidenheid van volke, soos dit in die Bybel geleer word, weer te erken. Die Sinode wys daarop dat die toepassing van hierdie beginsel oor 'n lang tydperk, vrede en stabiliteit gebring het.

4. Die Sinode dra dit aan die SKK op om alle moontlike pogings aan te wend om bogenoemde sake met die Staatspresident te bespreek by wyse van 'n persoonlike ontmoeting.

5. Die Sinode versoek lidmate ernstig om voorbidding te doen vir owerheid en onderdaan en dat beproefde Bybelse beginsels op alle terreine van die samelewing toegepas word sodat volgens 1 Tim. 2:2 ons en ons nageslag "'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid".
(Ds LD Pienaar; Ds AS van Jaarsveld)

Die volgende ordemosie word goedgekeur:

Daar word aanbeveel dat br. Attie Ebersohn met behulp van die "bleeper" tot sy beskikking die verstryking van elke spreker se spreekbeurt sal aandui oor die luidsprekerstelsel.
(Oudl. DJ Nell; Oudl. DJ Visser)

92. BANDOPNAME VAN SINODE

Ordemosie deur ds. JH Swart dat bandopname nie gemaak word nie - nie aanvaar nie. Sinode tevrede dat bandopname in hande van Skriba is.

93. VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERINGS EN RINGSINDELING O.1

Voorgelê deur ds CF Swart.

1. Vir kennisname - Kennis geneem.

1.2 Aanbeveling van SKK- Kennis geneem.

1.3 Algemene opmerkings - Kennis geneem met wysiging van "12" na "13" nuwe gemeentes.

1.3.1 Kennis geneem.

1.3.2 Kennis geneem.

2. Aanbevelings

Die Sinode keur die volgende ringsindelings soos gewysig goed:

2.1 RINGSINDELINGS

2.1.1 Kaapland

2.1.1.1 Hanover skuif na De Aar. Origens goedgekeur:

Beaufort-Wes: Beaufort-Wes, Sutherland, Oudtshoorn, Riversdal, George, Fraserburg, Mosselbaai.

2.1.1.2 Olifantshoek - Prieska word by De Aar weggeneem en na Olifantshoek oorgeplaas.

Olifantshoek: Olifantshoek, Postmasburg, Groblershoop, Gordonia, Kathu, Kuruman, Prieska.

2.1.1.3 Somerset-Oos - Goedgekeur:

Somerset-Oos: Somerset-Oos, Fort Beaufort, Steynsburg, Barkly-Oos, Graaff-Reinett, Aberdeen, Jamestown, Uitenhage, Venterstad, Algoa.

2.1.1.4 Stellenbosch - Bonnievale word bygevoeg.

Stellenbosch: Stellenbosch, Paarl, Tygerberg, Bonnievale.

2.1.1.5 Clanwilliam - Weskus bestaan nie meer nie.

Clanwilliam: Clanwilliam, Pools, Namakwaland.

2.1.1.6 De Aar - Prieska word geskrap en Hanover bygevoeg.

De Aar: De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover.

2.1.1.7 Kimberley - Skrap Vaalharts-Noord.

Kimberley: Kimberley, Barkly-Wes, Douglas, Christiana, Reivilo, Vaalharts-Suid.

2.1.1.8 Outjo - Goedgekeur:

Outjo: Outjo, Windhoek, Keetmanshoop.

2.1.2 Oranje Vrystaat - Goedgekeur met wysigings:

2.1.2.1 Bethlehem - Goedgekeur met skrapping van Harrismith:

Bethlehem: Bethlehem, Clocolan, Paul Roux, Senekal, Marquard, Ficksburg.

2.1.2.2 Bloemfontein - Goedgekeur:

Bloemfontein: Bloemfontein, Boshof, Brandfort, Dealesville, Petrusburg, Dewetsdorp, Verkeerdevlei, Bloemfontein-Noord, Theunissen.

2.1.2.3 Graniet - skrap laaste Graniet. Virginia moet bygevoeg word.

Graniet: Graniet, Koppies, Bultfontein, Kroonstad, Goudveld-Sentraal, Hennenman, Viljoenskroon, Bothaville, Parys, Wesselsbron, Virginia.

2.1.2.4 Heilbron - Goedgekeur:

Heilbron: Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

2.1.2.5 Memel - Voeg Harrismith by.

Memel: Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

2.1.3 Transvaal

2.1.3.1 Dendron - Goedgekeur:

Dendron: Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

2.1.3.2 Derby - Goedgekeur:

Derby: Derby, Ventersdorp, Koster, Groot Marico, Zeerust, Bührmansdrift, Coligny.

2.1.3.3 Germiston - Goedgekeur:

Germiston: Germiston, Alberton, Benoni, Kemptonpark, Primrose, Nigel, Devon, Brakpan, Delmas, Springs, Boksburg.

2.1.3.4 Klerksdorp - Goedgekeur:

Klerksdorp: Klerksdorp, Potchefstroom, Fochville, Hartbeesfontein.

2.1.3.5 Lichtenburg - Goedgekeur:

Lichtenburg: Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal, Delareyville.

2.1.3.6 Migdol - Goedgekeur:

Migdol: Migdol, Vryburg, Louwna, Bosrand, Leeudoringstad, Molopo, Schweizer-Reneke, Bloemhof.

2.1.3.7 Middelburg - Skrap Carolina:

Middelburg: Middelburg, Witbank, Belfast, Laersdrift, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton.

2.1.3.8 Mooinooi - Goedgekeur:

Mooinooi: Mooinooi, Thabazimbi, Rustenburg, Brits, Sanddrif, Hartbeespoort.

2.1.3.9 Moot-Sentraal - Goedgekeur:

Moot-Sentraal: Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Transmagalies, Pretoria-Sentraal, Wonderboom.

2.1.3.10 Morgenzon - Goedgekeur:

Morgenzon: Morgenzon, Ermelo, Hoëveldrif, Piet Retief, Perdekop, Standerton.

2.1.3.11 Naboomspruit - Goedgekeur:

Naboomspruit: Naboomspruit, Warmbad, Potgietersrus, Koedoesrand, Roedtan, Marble Hall, Waterberg, Tuinplaas, Groblersdal.

2.1.3.12 Nelspruit - Goedgekeur:

Nelspruit: Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Arnot/Hendrina, Lydenburg, Sabie, Lebombo.

2.1.3.13 Roodepoort - Goedgekeur met byvoeging van Magaliesburg:

Roodepoort: Roodepoort, Linden, Randfontein, Carletonville-Welverdiend, Magaliesburg.

2.1.3.14 Vereeniging - Goedgekeur - skrap Villiers:

Vereeniging: Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Sasolburg, Balfour, Meyerton.

2.1.4 Natal

2.1.4.1 Suidkus - Goedgekeur:

Suidkus: Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Zululand.

2.1.4.2 Newcastle - Goedgekeur: (Dundee-Glencoe moet met 'n koppelteken geskryf word.):

Newcastle: Newcastle, Dundee-Glencoe, Vryheid, Utrecht, Ladysmith.

2.2 RINGSGROEPERING

Die Sinode keur die volgende groeperings goed:

2.2.1 Kaapland

Die verdeling in drie streke word gehandhaaf soos verlede jaar goedgekeur, nl.

Die gemeente Beaufort-Wes is die middelpunt - Wes van hierdie dorp vorm Wes Kaap (insluitende die gemeente Beaufort-Wes); Noord daarvan Noord Kaap en Oos daarvan Oos Kaap.

2.2.2 Transvaal- Goedgekeur:

Die Sinode handhaaf die verdeling in vier streke, nl. Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Wes-Transvaal en die PWV streek saam met Suid-Transvaal.

2.2.3 Vrystaat en Natal

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit dat Natalia sy eie groepering vorm en dat die Ring van Morgenzon inskakel by Oos-Transvaal.
(Oudl. HCG Bester; Ds CJJ van Rensburg)

2.2.4 SWA Namibië

Goedgekeur: SWA/Namibië se naam word Etosha.

Die Sinode keur goed dat die APK in Namibië 'n eie groepering vorm, weens die eiesoortige situasie van die kerk in die land. Kontak met Noord-Kaap bestaan feitlik gladnie, en afstande is groot.

3. Verteenwoordiging op SKK - Goedgekeur:

1. Die Sinode besluit dat die verteenwoordiging uitgebrei word na 10 lede.

2. Huidige SKK-lid roep die ringsgroepe bymekaar. In Etosha - dr E Viljoen.

Aanbeveling - nommers van verslag moet heeltemal oorgeskryf word.

Daar word met dank van die verslag kennis geneem.

93. **TWEEDE TYDELIKE KKS VERSLAG OOR APPÈLLE A.2**

Voorgelê deur ds AS van Jaarsveld, Aktuarius.

APPÈL LIDMATE APK BELFAST TEEN RING VAN MIDDELBURG

Vergadering word gesuiwer en die volgende afgevaardigdes moet die vergadering verlaat:

Alle afgevaardigdes van Ring van Middelburg;

afgevaardigdes wat bloedverwante is van enige van die betrokke partye.

Goedgekeur dat oudl. AB Ebersohn wat die luidsprekerstelsel hanteer, teenwoordig bly.

1. Vir kennisname - Kennis geneem.

Eerstens kom 1.4.3, en 2.4.3 aan die orde.

Die Aktuarius lees K.O. Art. 49 - 53 en op versoek van die Voorsitter gaan die Skriba in gebed voor.

Die Aktuarius skets kortliks die verloop van die saak, en meld dat vanweë sekere leemtes die ondersoek nie afgehandel kon word nie. Daar blyk ook uit die skrywes van die appellante 'n bereidwilligheid tot 'n broederlike gesprek te wees.

Met die oog dáárop keur die Sinode die aanbevelings punt 1 en 2 op bl. 3 van die verslag goed:

Die Sinode besluit:

1. **dat die nodige ondersoeke met die oog op afhandeling van die appèlle, voortgaan;**

2. **dat die KKS in samewerking met die SKK deur middel van 'n aangewese afvaardiging die bereidwilligheid tot 'n broederlike gesprek, soos blyk uit die appellante se skrywe gedateer 30 Julie 1990, opvolg.**

Die hulpskriba vra of die lede van die KKS en die SKK wat aan die broederlike gesprek deelneem, daarmee hulle sittingsreg ten opsigte van die verhoor van die saak verbeur, sou die appèlsaak voortgaan, omdat beweer kan word dat hulle geprejudiseer is. Die Voorsitter reël dat ondersoek daarna ingestel sal word deur die KKS en dat regsadvies daaroor ingewin moet word.

Die Sinode verdaag om 10:30 vir verversings en hervat sy werksaamheid om 11:00.

Die geslotenheid van die Sinode word opgehef, en die Voorsitter deel die besluite in verband met die appèl aan die teruggekeerdes mee.

94. **VERGADERING VAN DIE RINGSGROEPE**

Die Voorsitter reël dat die ringsgroepe onmiddellik vergader en hulle verteenwoordigers op die SKK aanwys, elk met twee sekundi.

95. **TWEEDE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE A2 - VERVOLG**

Na terugkeer vanaf die ringsgroepvergaderings word behandeling van die verslag hervat.

Punt 1.4.2 en 2.4.2 kom aan die orde.

Suiwering van die vergadering vind plaas:

Lede van die Ring van Somerset-Oos en verwante van Mev SEC Smit moet vergadering verlaat, asook di. AS van Staden en SJ Gouws.

Punt 2.4.2 word as aanbeveling voorgelê en goedgekeur, met die vervanging van "Barkly-Oos" deur "Somerset-Oos" en byvoeging van voorletters "SEC" voor "Smit":

"Die appèl is tegnies en formeel in orde en is dus ontvanklik om deur die Sinode in behandeling geneem te word".

Die Aktuarius skets die agtergrond en lê die appèl aan die Sinode voor.

Ter inligting meld die Aktuarius dat die Ring bereid is om die saak in heroorweging te neem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit om die Ring van Somerset-Oos in te roep om op verlangde inligtingsvrae te reageer.
(Ds JA du Plessis; N Pretorius)

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode besluit om die appèl van Mev Smit terug te verwys na die Ring van Somerset-Oos en eers haar saak aan die betrokke Ringskommissie te verduidelik.
(Ds JH Engelbrecht; BJM Rossouw)

Die Sinode besluit dat die Aktuarius alle vrae aan getuies sal stel.

Die Skriba van die Ring van Somerset-Oos (1990), oudl. SW Malan word ingeroep en gevra of die prosedure verloop het soos deur mev Smit geskets.

Hy meld dat hy as Skriba oorgeneem het in 'n gevorderde stadium van die saak, en dat hy meegedeel is dat volgens verslag van die kerkraad wel met haar gepraat is. Die Ring het ook besluit dat die kerkraad versoek word om weer met haar in gesprek te tree.

Hierna word die Voorsitter van die Ring van Somerset-Oos (1990), ds GG le Roux, ingeroep en dieselfde vrae aan hom gestel.

Hy meld dat die Ring die saak terugverwys het na die kerkraad, en dat hy, wat self op 'n gevorderde stadium eers met die saak te doen gekry het, geen kennis dra van samesprekings wat tussen die kerkraad en mev Smit plaasgevind het nie. Volgens mededeling van die kerkraad het sy op 'n laat stadium, nadat haar appèl aan die Sinode gerig is, geweier om met die kerkraad te praat.

Die Ring het geoordeel dat die saak in 'n broederlike gesprek tussen die kerkraad en Mev Smit opgelos kon word, en het daarom nie die saak in behandeling geneem nie, maar terugverwys na die kerkraad.

Die Skriba van die Ring van Somerset-Oos bevestig dat hy wel 'n brief aan haar in antwoord op haar appèl gerig het, maar dat hy nie 'n afskrif van sy skrywe beskikbaar het nie.

Die kerkraad van APK Barkly-Oos het op navraag van die Voorsitter van die Ring van Somerset-Oos skriftelik geantwoord dat mev Smit weier om die kerkraad te ontmoet, en dat sy steeds deur woord en daad toon dat sy haar van die gemeente afskei.

Die Voorsitter van die Ring gee toe dat alle getuienis teen mev Smit aan die Ring voorgelê, slegs op hoorsê berus. Die Ringskriba antwoord op navraag dat hy oordeel dat mev Smit haarself nog as lidmaat van die APK beskou, aangesien sy geappelleer het.

Die volgende voorstel word **goedgekeur:**

Die Sinode handhaaf die appèl teen die kerkraad en die Ring op grond daarvan dat die saak van mev SEC Smit tot hier nie aangehoor is nie.
(Di. IA Brink; A Boshoff)

Die afgevaardigdes wat die vergadering moes verlaat vir die doel van suiwering, word teruggeroep.

2.1 Punt 1 van Bylae 2 **(op verslag A2) - Goedgekeur:**

Punt 1 van Bylae 2 van die Kerkorde word vervang met die volgende bewoording as inleiding vir die daaropvolgende punte 1.1 tot 1.5.

"... Wanneer iemand met 'n attestaat uit 'n ander APK aanmeld, word met sodanige lidmaat gehandel ooreenkomstig die getuienis op die attestaat met inagneming van die volgende riglyne: ..."

2.2 - Bepaling 21.8 (moet wees 23.8) - Goedgekeur:

Bepaling 21.8 word gewysig om soos volg te lui:

"By die stigting van 'n gemeente word die groslys vir die verkiesing van ampsdraers aan die gemeente voorgehou en geleentheid vir moontlike beswaar aan stemgeregtigdes gegee. Die beswaar moet op skrif gestel en ondertekem word. 'n Naam op die groslys waarteen beswaar ingebring word, word verwyder en die kerkraad (na bevestiging van ampsdraers) ondersoek die grondigheid van die beswaar so spoedig moontlik".

2.3 KO Art. 9.6 - Goedgekeur in geheel:

Die artikel 9.6 word gewysig om te lui:

1. (Die Sinode) "bepaal dat aangesien die Kuratorium 'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem, die Kuratorium die opsig oor die dosent se dienswerk behou.

2. Indien 'n dosent dus om welke rede ookal onbevoeg raak om sy dienswerk uit te voer, mag die Kuratorium hom van sy pligte onthef en indien wenslik in die ampshlike bind van die Kerk bekend maak dat hy 'n beroep afwag. Hy ontvang egter steeds traktement (insluitende pensioen- en mediese fondsbydrae en huisvesting of behuisingstoelae) terwyl hy beroepafwagtend is. Indien na drie maande geen beroep op hom uitgebring is nie, word sy traktering en behoud van status deur die Kuratorium in heroorweging geneem.

3. Wanneer 'n dosent hom egter op 'n growwe wyse in leer of lewe misgaan, moet die Kuratorium hom alleen in sy dienswerk stuit, waarna volgens KO arts. 54 en 55.4 op Ringsvlak bepaal word of skorsing of afsetting moet volg. Die dosent moet egter die volle reg van verweer hê volgens artikel 52 en behou ook die reg tot appèl volgens arts. 55.5 en 55.6".

2.4.1 Appèl ds SW van Wyk - Goedgekeur:

"Die Sinode neem kennis van die feit dat ds SW van Wyk skriftelik kennis gegee het dat hy sy appèl terugtrek. Die saak kan derhalwe as afgehandel beskou word".

Van die hele verslag kennis geneem met dank.

96. VERLOFAANSOEKE

Die volgende verlofaansoeke is goedgekeur:

Ds JJJ Roodt, (Harrismith), vanaf 11:00 22 September 1990. Troue behartig.

Oudl. J Bronkhorst (Mosselbaai), 21 September 1990. Ongesteld.

Diak. MF Labuschagne (Verwoerdburg), 22 September 1990. Afgevaardig tot 21 September 1990.

Oudl. BJ de Klerk (Bultfontein), 18:00 21 September 1990. Boerderybelange.

Oudl. DJ Venter, (Harrismith), 21 September 15:00 tot 18:00. Gaan vir X-strale.

Oudl. WC Gouws, (Koster) 21 September 1990 vanaf 16:00. Kombi het gebreek. Moet laat herstel om te kan terugkeer na Koster.

Die volgende aansoek is nie goedgekeur nie:

Oudle. A Bekker en H Slabbert, (Newcastle), 22 September 1990. Rugby toe.

Die Sinode verdaag vir middagete om 13:00

VYFDE SITTINGSDAG

97. Middagsessie - 14:00

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:00.

Oudl. D Malan word ter vergadering verwelkom.

98. VERKIESING VAN 5 SKK LEDE

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit om 3.2.1.1.4 van die Algemene bepalings van die lasgewings van alle kommissies op te skort in die lig van die praktiese probleme wat dit inhou.
(Oudl. CC Oosthuizen; diak. WA Edwards)

Die Sinode verwys die bepaling na die PKKEN vir heroorweging.

Nominasies word gevra en ná onttrekkings sien die groslys soos volg daaruit:

DS IA BRINK
OUDL. J DU PLESSIS
OUDL. JE SWARTS
OUDL.M VILJOEN
OUDL. O FRANZEN
DS. MC ADENDORFF
DR. WJG LUBBE
DS. JAN SWART
DS. C SWART
DS. AJ TAUTE
DR. CI VAN HEERDEN
DS. JJ (JURIE) VENTER
DR. AG BURGER (OUDL)
OUDL. AHP LOUW
DS. NJ RAUTENBACH
DS. JD VAN DER MERWE
DS. JH THERON
DS. JP BEZUIDENHOUT
DS. JA JACOBS
DS. HB HEYMANS
PROF. FAH VAN STADEN
DS. AP VILJOEN
OUDL. H LEACH
OUDL. A VAN ZYL
OUDL. J CAWOOD
DS. G SMIT
OUDL. JM DE JAGER
OUDL. DJ GROVE
DS PK ROODT
OUDL JJ PRINSLOO

DR. DG VAN DER MERWE
OUDL. W. FICK.
OUDL. HCG BESTER
OUDL.J FREEKE
DS. JJJ ROODT
DS. MJ EILERS
DS. DR SCHWARTZ
DS. JA DU PLESSIS
DR. EM VILJOEN
OUDL. JN DE WET
OUDL. DJ VENTER
DS. PW BOTHA
DS. WJ VAN DER MERWE
DS. CJS BOTHA
DS. JH VAN DER WALT
DS. OD SCHEUER
DS. J ADAMS
OUDL. P RETIEF
OUDL. D NEL
OUDL. CC OOSTHUIZEN
OUDL. AI VAN WYK
OUDL. JPT SIMPSON
OUDL. ZP KRUGER
DS. JAC ERASMUS
DS. JJ (KOSIE) VENTER
OUDL. B MILLS
OUDL. RE BENSON
OUDL. B ROSSOUW

DS MP TAUTE

99. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE - VERVOLG (Bl. 151)

14.2 Aanbeveling van KKS ten opsigte van Art. 54 - Goedgekeur:

14.2.1 Art. 54 word Art. 55.

Die bewoording word vervang soos in 1988 deur die KKS aanbeveel en verder deur die KKS verbeter: "Wanneer 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, ondersoek sy kerkraad die saak. Die kerkraad mag hom by skuldigbevinding hoogstens tydelik in die amp stuit. Indien die kerkraad oordeel dat hy afgesit moet word, beslis die Ring daaroor".

Die volgende amendement word nie aanvaar nie:
Die hele art. 54 word behou soos dit was en terugverwys na die KKS vir verdere besinning.
(Ds. IA Brink; Ds MC Adendorff)

14.2.2 Nuwe KO art. 56 - Goedgekeur:

'n Nuwe K.O. art. 56 word bygevoeg betreffende predikante: "Wanneer 'n predikant, insluitend emeritus en teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, behartig sy kerkraad die voorlopige ondersoek. Indien die kerkraad oordeel dat hy tydelik in die amp gestuit moet word, geskied dit in oorleg met die ringskommissie. Indien geoordeel word dat hy geskors of afgesit moet word besluit die volle Ring daaroor. Die Ring kan 'n naburige ring raadpleeg. Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree."

100. BESKRYWINGSPUNT OOR VOORTBESTAAN VAN SKK

Agenda bl. 76 punt 8

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die voortbestaan van die SKK word verwys na SKK, KKS, Kuratorium en BRKA vir besinning en advies aan die volgende Sinode.
(JA du Plessis; JD Malan)

VERSLAG KKS VERVOLG - Agenda bl. 162

14.3 Opmerkings deur Skriba van KKS - Kennis geneem.

15. Artikel 49

15.1 Aanbevelings:

15.1.1 Terugverwys na KKS.

15.1.2 Verwys na KKS.

15.1.3 Goedgekeur ("geoefen" moet wees "uitgeoefen"):

Aangesien art 50.1 en 50.2 een sin is, word hulle saamgevoeg sodat art. 50 voortaan soos volg lees:

"Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen tot eer van God, tot heil van die gemeente en tot behoud van die sondaar, volgens die voorskrifte van die Woord van God, die Kerkorde en aanverwante bepalinge".

16. Goedgekeur:

Artikel 50 word art 51, ongewysig.

17. Goedgekeur:

Artikel 51 word art 52, ongewysig.

18. Goedgekeur:

Artikel 52 word art 53 en bly onveranderd, behalwe dat die teksverwysing gewysig word na Mat. 18:15-20 i.p.v. slegs vs. 15-16.

19. Goedgekeur:

Art 53 word art 54 ongewysig.

20. Kennis geneem (Afgehandel).

21. Kennis geneem.

21.1 Aanbevelings KKS

21.1.1 Goedgekeur:

Dit word art. 57.

21.1.2 Goedgekeur:

Art. 57.2.1 word gewysig om te lees (sien KKS: 1988): " 'n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad, indien moontlik in teenwoordigheid van die ouers van die dooplidmaat en indien nodig ook gerig aan die adres van die ouers/voogde".

21.1.3 Goedgekeur:

Voeg by: "Art. 55.4.1 bly onveranderd."

Art. 55.3.1 - 55.3.3 word 57.3.1 - 57.3.3 met byvoeging van "en/of" na Ring en "of" na berou is.

21.1.4 Art. 57.4.2. - Goedgekeur soos gewysig deur die volgende amendement:

Skorsing wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsvoordeel, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van sy voorreg om beroep te word.
(Di. IA Brink; MC Adendorff)

Art. 57.4.3 - Goedgekeur:

Afsetting uit die diens ooreenkomstig art. 56, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

21.1.5 Goedgekeur:

Bepalings 55.1 - 55 hoort onder KO Art. 57.

21.1.6 Goedgekeur:

Art. 55.5 en 55.6 word 'n selfstandige art 58.1 en 58.2 onder sy opskrif "REG TOT APPÈL".

21.1.6.1 Goedgekeur:

By die opskrif moet 'n kruisverwysing aangebring word na art 30 (1989 KO).

21.1.6.2 Goedgekeur:

Art 55.5 word Art 58.1 en word gewysig om te lees:

" 'n Aangeklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde".

21.1.6.3 Goedgekeur:

Voeg 'n nuwe Art 58.3 by wat soos volg lui:

" 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit geneem is, met opgaaf van redes skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het".

21.1.7 Goedgekeur:

Art 55.7 word 'n selfstandige art 59, onveranderd tot by art 55.7.1.1 wat 59.1.1 word.

21.1.7.1 Goedgekeur:

Art 55.7.1.2 word art 59.1.2 en bly onveranderd, behalwe dat die laaste sinsdeel vanaf "wat insluit aflegging ..." vervang word deur "en ooreenkomstig art 6.3" (soos voorgestel).

21.1.7.2 Goedgekeur: (Art. 55.7.2 moet wees Art. 55.7.1.2):

Art 55.7.1.2 word art 59.2, ongewysig.

21.1.7.3 Art 55.7.3 moet wees Art 55.7.1.3, en word saam met die volgende amendement verwys na die KKS:

Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind of na verloop van die vasgestelde tydperk, en met beroepbaarstelling deur die ring.
(Di. IA Brink; MC Adendorff).

21.1.7.4 Goedgekeur met skrapping van "growwe":

Art 55.7.3.3 word art 59.3.3 en word soos volg gewysig:

"In die geval van ergerlike sonde soos owerspel, onsedelikheid, moord, meineed, diefstal en wat verder deur die sinode as sodanig beskou mag word, mag net die sinode verlof tot herstel in die amp verleen. Sodanige gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die sinode in sitting oorweeg word".

21.1.7.5 Goedgekeur met vervanging van "growwe" deur "ergerlike":

Art 55.7.3.2 word art 59.3.2 en word uitgebrei deur ná "Colloquium Doctum" 'n nuwe sin by te voeg: "Indien die afsetting of bedanking die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag".

21.2 Beskrywingspunt i/s besware teen besluite

21.2.1 Kennis geneem.

21.2.2 Aanbeveling KKS:

21.2.2.1 Goedgekeur:

Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee.

21.2.2.2 Goedgekeur:

Voeg by na "aanhangig maak": "Dieselfde geld vir 'n kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering".

21.2.2.3 Afgehandel. (Reeds so besluit)

21.2.2.4 Goedgekeur:

Voeg in kruisverwysing by opskrifte van artikels 30 (KO-1989).

Die betrokke beskrywingspunt i/s: Besware teen besluite (1989 KO-Art 55) lui soos na wysigings goedgekeur so:

Die Sinode voeg onder KO Art 58.5 twee nuwe bepalings toe:

Nuwe bep. 58.5.1:

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n beswaarskrif of appèl aanhangig maak. Dieselfde geld vir 'n kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering.

58.5.1 Beswaarskrif
'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by die kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die kerkraad
- ingedien word by die ring (sinode) as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring (sinode)
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word

'n Beswaarskrif kan te enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

Nuwe bep 58.5.2:

58.5.2 Appèlskrif
'n Appèlskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif ens., besluit is (vgl art 30)
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Appèl kan alleen aangeteken word binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad of die ring wat 'n besluit neem, kennis gee van appèl, in welke geval die kerkraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer sal moet voorberei.

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is.

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly kragtens die beginsel dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie.

22. Ring van Suidkus

22.1 Beskrywingspunt i/s toelating anderskleuriges by begrafnisse - Kennis geneem.

22.2 Motivering - Kennis geneem.

22.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die ring word verwys na bl 64 van die Acta van die Sinode van 1987, art 104, waar o.a. genotuleer is: "Die outoriteit van kerkrade kan nie herroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die Kerk bepaal word. Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede."

23. Ring van Lichtenburg

23.1 Beskrywingspunt i/s bywoning van eredienste en spesiale geleenthede deur anderskleuriges - Kennis geneem.

23.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die ring word verwys na Acta Sinode 1987, Art 104, p. 64. Kyk ook besluit by beskrywingspunt 22 hierbo (in sake toelating by begrafnisse).

Afdeling C (Bl. 158)

1. Kennis geneem.

2. Kennis geneem.

3. Naam van Kerk - Kennis geneem.

3.1. Beskrywingspunt APK Vrede - Kennis geneem.

3.1.1 Inhoud van beskrywingspunt - Kennis geneem.

3.1.2 KKS Kommentaar - Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunte in hulle huidige vorm en inhoud nie ontvanklik is nie.

3.2 Beskrywingspunt Ring van Memel - Kennis geneem van 3.2 - 3.3.2.3 op bl 162. (Die hele saak is reeds na 'n ad hoc-kommissie verwys)

4. Kerkorde Art. 2 (Bl. 162)

4.1 Beskrywingspunt Ring van Memel i/s die orde in die Kerk

4.1.1 - 4.1.3 Kennis geneem.

4.1.4 Aanbeveling bl. 163 goedgekeur:

Die beskrywingspunt word na die volgende KKS verwys vir besinning.

4.2 Aanbeveling uit die KKS-verslag 1989

4.2.1 Goedgekeur met wysiging van "kerke" in laaste reël na "kerk" en skrapping van "gemeentes":

KO art 2 moet lees:

"Om die goeie orde in die kerk van Christus, volgens die eis van die Woord van God dat alles welvoeglik en ordelik in die gemeente moet toegaan (1 Kor. 14:40), te onderhou, word die volgende neergelê betreffende lidmaatskap van die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes), die ampte in, die vergaderings van, die werksaamhede van, die opsig en tug in, en die betrekkinge van die kerk na buite.

4.2.2 Motivering - Kennis geneem.

4.2.2.1 Kennis geneem.

4.2.2.2 Kennis geneem. (4.2.2 moet wees 4.2.2.2)

5. KO Art. 6

5.1 **Beskrywingspunt : Memel**

5.1.1 Kennis geneem.

5.1.2 **Motivering** - Kennis geneem.

5.1.3 **KKS kommentaar** - Kennis geneem.

5.1.4 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6. Art. 11 - Kennis geneem.

6.1 **Beskrywingspunt Naboomspruit i/s beroeping**

6.1.1 Kennis geneem.

6.1.2 **Motivering** - Kennis geneem.

6.1.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na sy Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake om die Sinode met 'n aanbeveling te dien.

6.2 **KO Bepaling 11.1**

6.2.1 Kennis geneem.

6.2.2 **Motivering** - Kennis geneem.

6.2.3 **Aanbeveling goedgekeur soos deur die Sinode gewysig in 6.2.4:**

Die beskrywingspunt word goedgekeur, soos gewysig deur die KKS in die volgende punt.

6.2.4 **Aanbeveling goedgekeur:**

Artikel 11 word soos volg gewysig:

6.2.4.1 **Dit word Art 12.**

6.2.4.2 **Goedgekeur:**

Die opskrif moet wees: "Kennisgewing <u>en</u> Approbasie".

6.2.4.3 Nie goedgekeur nie.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die bepaling bly soos dit is.
(dr CI van Heerden; JJ Brits)

6.2.4.4 **Goedgekeur:**

Bepaling 12.6 (die bestaande 11.6) word gewysig om te lees: "Sodra 'n beroep aanvaar <u>of bedank</u> is, kondig die gemeente waarheen hy beroep is, dit dadelik af. <u>Die antwoord van die beroepene moet (ook) skriftelik gegee word</u>."

Die verslag word hier onderbreek

101. **AFKONDIGINGS**

Verlofaansoeke

Oudl J Lordan (Louis Trichardt) vanaf 11:00 22 September 1990. Probleem met nagsig vir motorbestuur.

Die Sinode verdaag om 16:10 vir koffiepouse

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 16:40

102. **AFKONDIGINGS**

Enkele sake word onder aandag van afgevaardigdes gebring.

Telegramme van seënwense word met dank ontvang van APK Klerksdorp en APK Standerton.

REëLINGS

Die vergadering besluit om op 22 September 1990 om 07:30 met oggendsitting te begin.

Die Mediakommissie se verslag, t.w. Persverklaring 4 word goedgekeur na enkele wysigings.

Die volgende mosie van dank word goedgekeur:

Die Sinode neem met dank kennis van die firmas "REPMETCO" EN "BJ VD VYVER, KRIEK EN VAN WYK" (PARYS) wat hulle faksimilee-fasiliteite tot beskikking gestel het vir daagliks persverklarings.
(Ds DR Schwartz; Diak. HJ Wessels)

103 **VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE (VERVOLG)**

Die verslag van die Sentrale Kerkekommissie word aan die orde gestel sodat punt 3.16 op bladsy 21 behandel kan word.

3.16 **Privaatskool Moria** - Kennis geneem.

3.16.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die afgevaardigdes van APK Outjo lig die Sinode in oor die huidige stand van sake i.v.m. die skool.

Oudl. RA Brand van Outjo lig die Sinode in oor die motivering vir, en oprigting van die skool, en beantwoord enkele vrae.

Dr. JA Scholtz spreek 'n dankwoord teenoor oudl. Brand namens die Sinode. Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit om 'n kollekte te hou vir die Privaatskool Moria, Outjo.
(Ds JH Theron; Oudl. AH Barnard)

Die bedrag van R2907.51 word met dank deur Dr E Viljoen namens die Kerkskool, Moria, in ontvangs geneem.

Die Addendum verslag van die KKS word aan die orde gestel, asook Bylae SKK4 van die Sentrale Kerkekommissie op bladsy 49 van die Agenda, en die derde verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

104. DIE DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE WORD EERSTE BEHANDEL.

1. Addendum - Kennis geneem.

Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode spreek hom uit oor die aangeleentheid.

2. Kennis geneem.

3. Kennis geneem.

4.1 Goedgekeur met verandering van 1990 na 1989:

Die Sinode besluit om die beswaar van dr. Pretorius te handhaaf deur sy gemotiveerde aantekening dat hy in die minderheid gestem het, in die sinodale notule 1990 aan te bring aangesien geoordeel word dat dit 'n per abuise weglating deur die SKK was by die goedkeuring van die notule.

4.2 Kennis geneem met invoeging van dr FAH van Staden ná ds JA du Plessis.

105. DIE ADDENDUM-VERSLAG VAN DIE KKS WORD AAN DIE ORDE GESTEL

1. Kennis geneem.

2. Kennis geneem.

2.1 - 2.3 - Kennis geneem.

3. Kennis geneem.

3.1 APK Cullinan/Rayton

3.1.1 Beskrywingspunt i/s Bestaansreg van Aksie of vereniging in APK - Kennis geneem

3.1.1.1 - 3.1.1.12 - Kennis geneem.

3.1.2 Motivering - Kennis geneem.

3.2 Ring van Klerksdorp

3.2.1 Beskrywingspunt i/s: Die APK-Vroueaksie - Kennis geneem.

3.2.1.1 - 3.2.1.4 - Kennis geneem.

3.2.2 Motivering

3.2.2.1 - 3.2.2.7 - Kennis geneem.

Die vergadering verdaag vir ete om 18:15

Die vergadering hervat sy werksaamhede om 19:00

Die bespreking vind plaas rondom die Vroueaksie soos dit na vore kom uit die Addendumverslag van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake en die verslag van die SKK.

Die volgende ordemosie word goedgekeur:

Die Sinode neem kennis van 4.1 tot 4.7 van Addendumverslag van die KKS en keur die volgende goed:

1. **4.8 van KKS se addendumverslag met wysiging dat dit verwys word na Ad hoc-kommissie bestaande uit afvaardiging van PKKEN, SKK en KKS:**

   Dat die presiese inkleding van hoe die susters voortaan landwyd gekoördineerd mag optree, verwys word na die KKS wat met die AK van die Vroueaksie samespreking sal voer met gebruikmaking van beginsels (ook deur die vorige KKS) na vore kom. Rapport moet daarvan op die volgende sinode gelewer word.

2. **6.1 en 6.2 van SKK se verslag: skrap net "en gemeente". (p. 50 van agenda)**

   6.1 Die Sinode betuig sy waardering vir wat vroue van die APK deur die VA, geldelik en andersins, bygedra het tot opbou van hul eie gemeentes maar ook tot bevordering van die AP Kerk as geheel en sy belange.

6.2 **Die Sinode laat dit aan elke Kerkraad oor om te besluit of die gemeentesusters by die VA wil inskakel of op 'n ander wyse hul sustersdiens wil lewer.**

3. Die volgende mosie van dr WA Burger word ook na die ad hoc-kommissie verwys:

Die Sinode besluit:

1. Dat dit elke gemeente (Kerk) vrystaan om 'n "vroue-aksie" te organiseer binne gemeentegrense.

2. Dat daar 'n plaaslike bestuur uit die geledere van die susters gekies mag word. Dit moet kerklik goedgekeur word.

3. Dat daar nie 'n streeks- of hoofbestuur sal wees nie, maar wel 'n skakelkomitee wat skakelwerk doen tussen gemeentes ter wille van kontinuering.

4. Dat daar wel 'n konferensie of kongres gereël kan word waar gemeenskaplike take en probleme bespreek kan word en waar vir daardie geleentheid 'n bestuur gekies kan word wat ná die kongres of konferensie ophou om te fungeer. Daarna sal die skakelkomitee tussentydse diens lewer.

5. Gemeentes kan beurtelings ander gemeentes na so 'n kongres of konferensie uitnooi.

6. 'n Lasgewing (reglement) goedgekeur en getoets deur die plaaslike kerkraad, kan ter wille van goeie orde opgestel word.

7. Alle fondse moet by die plaaslike kerkraad inbetaal word en deur hulle hanteer word as fondse vir die gebruik van sodanige "aksie".

8. Alle eiendomme behoort aan die kerkraad.

9. So 'n "aksie" fungeer onder die volle opsig van die kerkraad wat 'n wakende oog moet hou oor die suiwerheid van leer om so 'n Bybelsverantwoorde praktyk te verseker.

10. Verslag moet gereeld voor elke kerkraadsvergadering aan die kerkraad gelewer word.

11. Die naam van die "aksie" kan aan die geregistreerde naam van die APK gekoppel word bv. "Vroue-aksie" of "Hulpdiens" of "Aksiefront", APK Putsonderwater.

12. Daar mag nie 'n geslote register wees nie. Dit moet oop wees vir alle lidmate.

Motivering

1. Die amp van die gelowige fungeer altyd naas en gelyk aan die besondere amp in die gemeente.

2. Die amp van die gelowige moet geaktiveer word of geheraktiveer word (indien nodig) om die kerkraad by te staan en te ondersteun.

3. Die kerkraad kan net nie alles op sy skouers neem nie. Daar moet taakverdeling wees en klem moet gelê word op die vrye inisiatief en mondigheid van gelowiges.

4. Daar is ook so-iets soos vryheid in eie bevoegdheid bv. die kerk is kerk en hy alleen kan kerklik optree. Dit is ook waar van die amp van die gelowige. Daarom, wat die susters betref, daar is dinge waaroor hulle alleen kan praat en wat hulle alleen kan doen. Ook hulle het 'n taak en 'n vryheid wat hulle nie ontneem mag word nie.

5. Ons moet in ons gemeentes ruimte skep vir die vryheid en roeping van lidmate tot selfstandige, Christelike en kerklike inisiatief en wel in volle samewerking met die besondere ampte en kerklike besture.

6. Ons mag nie verval in die gewoonte om so te onderskei tussen die besondere amp en die amp van die gelowige dat die amp van die gelowige op die agtergrond geskuif word nie. Daar is tog so-iets soos algemene naasteliefde, broederliefde, vermaning, vertroosting, hulpverlening ens., wat binne die kerk as instituut beoefen moet word. Dit is hier waar taakverdeling moet plaasvind. Die gewone lidmaat georganiseer in 'n "aksie" binne die kerkinstituut, kan net soveel vir die koninkryk van God doen of beteken as 'n begeesterde kerkraad.
(Dr WA Burger; Oudl. CJ van Helsdingen)

4. Die ad-hoc kommissie sal bestaan uit drie verteenwoordigers van elk van die drie kommissies in punt 1 genoem.

(Ds AP Viljoen; Handtekening van sekondant onleesbaar)

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode keur die beskrywingspunte van Cullinan/Rayton en Klerksdorp insake VA en aksies NIE goed nie.
(Dr CI van Heerden; JJ Brits)

111. **VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE - VERVOLG BL. 168.**

9. KO Art. 18

9.1 Beskrywingspunt R Marè.

9.1.1 Kennis geneem. Vervang ")" met 'n "," in die 5e reël op bl. 169.

9.1.2 Kennis geneem.

9.1.3 Aanbevelings:

9.1.3.1 Goedgekeur:

Die Beskrywingspunt word goedgekeur met die volgende invoeging: Na die volgende woorde: "Indien die predikant in 'n kombinasie dien", voeg in: "wat gesamentlik beroep".

9.1.3.2 Goedgekeur:

Die wysiging van Art 18 word goedgekeur met invoeging van die woorde "daarna opnuut" tussen "om" en " 'n nuwe kombinasie".

Indien 'n bedienaar van die Woord, of 'n kerkraad, oordeel dat hy nie langer tot stigting in die gemeente/kerk kan dien nie, oordeel die ring na behoorlike ondersoek daaroor wat insluit dat die ring hom vergewis daarvan dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie, en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente losgemaak moet word. Indien die ring besluit dat die band losgemaak moet word, vergewis die ring hom daarvan dat daar billike voorsiening vir die bedienaar gemaak is. Indien die predikant in 'n kombinasie dien wat gesamentlik beroep, word hy van al die gemeentes in die kombinasie losgemaak en word die kombinasie ontbind. Dit staan die betrokke gemeentes/kerke vry om daarna opnuut 'n nuwe kombinasie na eie goeddunke te vorm.

Die ring moet dan aan die kerke in kerkverband onmiddellik kennis gee dat die betrokke bedienaar 'n beroep afwag.

9.1.3.3 Goedgekeur:

Die wysiging van Bep. 18.1.1 word goedgekeur nadat die woord "slegs" vervang word met"net", en met invoeging van "of behuisingstoelaag" ná "huisvesting".

Verder besluit die Sinode 1990 dat Bepaling 18.1.1 soos volg gewysig word:

die basiese traktement, mediesefondsbydraes en pensioenfondsbydraes (waar van toepassing) aan die bedienaar solank as wat hy nog nie 'n beroep ontvang het nie, tot 'n maksimum tydperk van 3 maande - dit sluit reiskoste/vervoertoelae, telefoontoelae en alle ander moontlike toelaes uit.

(Die res van die betrokke bepaling bly onveranderd).

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die hele aangeleentheid soos goedgekeur word na die KKS verwys vir studie en verslag aan die Sinode.
(CI van Heerden; JJ Brits)

9.2 Addisionele aanbevelings:

9.2.1 Kennis geneem.

9.2.2 Goedgekeur:

Voeg by aan die einde na "afwag": "en aan die bedienaar 'n dokument gee dat hy volgens KO Art 19 losgemaak is. Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van 'n akte van demissie dien."

9.2.3 Bepalings 18.1 - 18.2

9.2.3.1 Kennis geneem.

9 2.3.2 Goedgekeur:

Die laaste sinsnede van Bep. 19.2 word gewysig om te lees: " ... sonder aanspraak op huisvesting en verdere traktering ..."

10. KO Art. 38.2 (moet wees 37.2)

10.1 - 10.4 Staan oor.

AFDELING D OP BL. 171 WORD BEHANDEL

1. Kennis geneem.

2. Die hele punt afgehandel.

(Die hele punt is reeds verwys na 'n ad hoc-kommissie)

3. Aanbeveling t.o.v. art 4:

3.1 Beëindiging van lidmaatskap - Goedgekeur:

Dit word art 5 en soos volg verbeter en uitgebrei:

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die kerkraad beëindig en aan 'n gemeente bekend gemaak wanneer 'n lidmaat:

5.1 met attestasie uit die gemeente vertrek, met dien verstande dat hy lidmaat van die gemeente waaruit hy vertrek, bly totdat hy in 'n nuwe gemeente opgeneem word. Indien hy nie binne drie maande opgeneem word nie, verval sy lidmaatskap aan die gemeente waaruit hy vertrek;

5.2 lidmaatskap skriftelik opsê;

5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging aan die kerkraad;

5.4 en/of by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit;

5.5 en/of deur die kerkraad afgesny word na die nakoming van die vereistes vir opsig en tug.

3.2 Goedgekeur:

Die bestaande artikel 4.4 verval en word geskrap.

4. Aanbeveling ten opsigte van Art. 5 - Goedgekeur:

KO art 5 word art 6 en moet lees:

HERSTEL VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die gemeente word deur die kerkraad herstel wanneer 'n persoon as 'n belydende lidmaat

6.1 (bestaande 5.1)

met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n erkende kerkverband en deur die kerkraad na approbasie deur die gemeente, aanvaar is.

6.2 (bestaande 5.2)

aansoek doen om terug te keer vanuit 'n nie-erkende kerkverband of sekte en, na approbasie deur die gemeente, deur die kerkraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof na verbondsonderrig;

6.3 (bestaande 5.3)

se ekskommunikasie deur die kerkraad opgehef is en, na approbasie deur die gemeente, tot aflegging van belydenis van geloof hertoegelaat is.

5.1 - 5.2.1 Kennis geneem.

5.2.2 Goedgekeur:

Art 10.3 word aangevul om volledig so te lees: "stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status aan proponente en persone wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, behartig".

5.2.3 Staan oor tot by die lasgewing van die SKK bl. 29.

5.3 Kennis geneem.

6. Aanbeveling ten opsigte van KO Art. 10 - Staan oor.

7. Aanbeveling ten opsigte van Art. 12:

7.1 Goedgekeur:

Artikel 12. Dit word art 13 en bly onveranderd.

7.2 Bepalings 12.1 - 12.4 - Kennis geneem.

7.2.1 Goedgekeur:

Dit word bep 13.1 - 13.4.

7.2.2 Goedgekeur:

Bep 13.3 (bestaande 12.3) word gewysig om te lees:

"Indien die kerkraad nie die bevoegdheid het om self die beswaar af te handel nie (vergelyk tugartikels), verwys hy dit na óf die Kuratorium in die geval van 'n proponent, óf die kerkraad van die beroepene. Indien die beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan kennis gegee".

7.3 Kennis geneem.

8. Aanbevelings ten opsigte van KO Art. 13:

8.1 Kennis geneem.

8.2 Goedgekeur (Verander Art. 14.1 na Bep. 14.1):

Voeg by bepaling 14.1 (bestaande 13.1):

"Die datum van losmaking word gereël deur die leraar, sy huidige kerkraad en die beroepende kerkraad."

8.3 Goedgekeur: Voeg in na "attestaat" by art 13.2: "en ondertekende ondertekeningsformulier."

BESKRYWINGSPUNT OP BLADSY 206 WORD AAN DIE ORDE GESTEL

27.1 Beskrywingspunt APK Waterberg i/s wyse waarop beskrywingspunte op tafels van meerdere vergaderings kom.

27.1.1 - 27.2.2.2 - Kennis geneem.

27.3 Aanbevelings goedgekeur:

1. Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.

2. Hierdie beskrywingspunt word as 'n sinodebesluit volledig agter in die KO-boekie opgeneem:

Die Sinode besluit dat:

27.1.1 beskrywingspunte voortaan alleen op die volgende wyse op die tafel van 'n sinode mag kom:

27.1.1.1 Wanneer 'n individu (predikant, ouderling, diaken, lidmaat) 'n beskrywingspunt op 'n sinode wil laat dien, wend hy hom tot sy kerkraad wat sy gesekondeerde beskrywingspunt kan aanvaar en gewysigd of ongewysigd na die eersvolgende ring deurstuur met die versoek om dit as beskrywingspunt voor die eersvolgende sinode te lê. Indien die ring die beskrywingspunt ook aanvaar, stuur hy dit gewysigd of ongewysigd na die sinode deur. Sodanige suksesvolle beskrywingspunt word dan dié van die kerkraad en eventueel van die ring.

27.1.1.2 Indien 'n kerkraad of ring 'n voorgestelde beskrywingspunt nie aanvaar nie, kan die opsteller van die gesekondeerde beskrywingspunt sy beskrywingspunt laat vaar, of trapsgewys teen daardie besluit (nl om die beskrywingspunt nie te aanvaar nie) appèl aanteken tot by die sinode. Op hierdie wyse kom die beskrywingspunt dan wel op die sinode. Die opsteller sal dan 'n appèl volgens die voorgeskrewe appèlvereistes moet indien.

27.1.1.3 Indien die kerkraad 'n beskrywingspunt gewysigd na die ring wil deurstuur, besluit die aanvanklike opsteller of hy die wysiging aanvaar. As hy dit nie aanvaar nie, kan hy teen die kerkraadsbesluit appelleer. Dieselfde geld vir 'n beskrywingspunt van die kerkraad by die ring.

27.1.1.4 'n Kerkraad kan besluit om 'n

beskrywingspunt op te stel en via 'n ring na 'n sinode stuur. Dan geld dieselfde beginsel as punt 2 hierbo.

27.1.1.5 'n Ring kan self 'n eie beskrywingspunt oor sake wat by hom tuishoort, opstel en aan 'n sinode deurstuur.

27.1.1.6 Permanente kommissies van 'n sinode kan beskrywingspunte wat met hul kommissiewerk direk verband het, direk aan die volgende sinode voorlê.

27.1.2 Elke ring of sinode ten opsigte van elke beskrywingspunt oordeel of die regte prosedure gevolg is. Indien bevind word dat dit nie gedoen is nie, is die beskrywingspunt onontvanklik.

BESKRYWINGSPUNT RING VAN VEREENIGING BL 211 WORD AAN DIE ORDE GESTEL

41. Kerklike tug

41.4 (moet wees 41.1) - Kennis geneem.

41.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir die uitoefening van kerklike tug voor te berei en aan die eersvolgende sinode voor te lê vir goedkeuring.

42. Handleiding vir visitatore

42.1 Kennis geneem.

42.2 Goedgekeur:

Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir visitatore ooreenkomstig Gereformeerde kerkregtelike beginsels aan 'n volgende sinode voor te lê vir goedkeuring, nadat kommentaar ingewin is van die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.

43. Gemeentegrense

43.1 - 43.3 Kennis geneem.

43.4 Goedgekeur met verandering van "uitvoering" ná "aandag":

Die Sinode besluit in beginsel dat gemeentegrense vasgestel word en versoek kerkrade en ringe om daaraan aandag te gee.

VERVOLG OP BL. 120

2.2 KO Art. 3

2.2.1 - 2.2.4 - Kennis geneem.

(2.3.3 in agenda bl 121 moet 2.2.3 wees).

Die verslag word hier onderbreek

112. **TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES N 2**

1. Vir Kennisname

1.1 Personeel - Kennis geneem.

1.2. Werksmetode

1.2.1 - 1.2.3 Kennis geneem.

2. Aanbevelings

2.1 Kommissie vir Kerkregtelike Sake - Goedgekeur met skrapping van oudl DW Leeson as sekundus, en byvoeging van oudl JF du Plessis as sekundus:

Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

Oudl AJ Pienaar	Sekundi
Oudl PR Pretorius	
Dr EM Viljoen	Ds A du Plessis
Dr MFM Pretorius	Ds J Swart
Dr CI van Heerden	Oudl HJ Visser
Ds AS van Jaarsveld (s)	Oudl JF du Plessis
Ds JA du Plessis	
Ds MJ Hartzenberg	
Ds JJ (Jurie) Venter	
Ds PK Roodt	
Ds PA van Zyl	

2.2 Goedgekeur:

Kommissie vir Finansies (FK)

Ds AJ Taute (s)	Sekundi
Ds CF Swart	
Ds LD Pienaar	Ds JA Jacobs
Oudl BJM Rossouw	Ds GG le Roux
Oudl DJ Venter	Ds JM Cronje
Oudl JS Campher	
Diak PJ Uys	

2.3 Goedgekeur:

Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig

Oudl JH du Plessis	Sekundi
Oudl SJF Stapelberg	
Ds AP Viljoen (s)	Ds AJ van Niekerk

Ds CN Coetzee
Ds SD Nel
Ds P van Rensburg
Ds PW Botha
Ds NJ Groenewald
Ds PG Stans

Oudl WC Jones
Diak JJ de Wet Steyn

(Kommissie vra nege lede; vir twee word geen reiskoste geëis nie).

2.4 Goedgekeur:

Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

Ds JM Rheeder (s)
Ds NRJ van Zyl
Ds JAC Erasmus
Ds PB Kotze
Ds AE van den Berg
Ds CJS Botha
Oudl AGS Gous

Sekundi

Diak E Serfontein
Ds WF Liebenberg
Diak WH Wentzel

2.5 Goedgekeur:

Kommissie vir Kapelaansdienste

Ds MJ Hartzenberg (s)
Oudl JL du Preez
Ds RMJ Britz
Ds AD Jacobs
Oudl DJ Visser
Oudl SG Greyling
Oudl JE Swarts

Sekundi

Ds AP Viljoen
Ds JP Bezuidenhout
Oudl OC le Roux

2.6 Goedgekeur na die volgende verandering: skrap dr. MFM Pretorius; Sameroeper word oudl. AHP Louw;

Kommissie vir Argief

Ds J Ries
Ds WM Grové
Oudl AHP Louw (s)
Oudl HLF de Wet

Sekundi

Oudl ZJ van Rensburg
Oudl WLV Fick

2.7 Goedgekeur:

Kommissie vir Formuliere en Liturgie

Ds J Engelbrecht (s)
Ds L Skein
Ds J Adams
Ds J van der Walt
Ds SJ Gouws
Oudl A vd Heever
Ds AJ van Niekerk

Sekundi

Ds HB Heymans
Ds LH Jacobs

Die Sinode verdaag om 10:40 vir tee

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 11:10

113. **TWEEDE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES N 2 - VERVOLG**

2.8 Goedgekeur met die volgende verandering:

Skrap "Getuienis en"; Vervang oudl. DGM van Niekerk met ds AD Jacobs.

Kommissie vir Gemeentebediening (KGB)

	Sekundi
Dr WA Burger	
Ds JP Bezuidenhout (s)	
Ds MG Fourie	Oudl FD Boshoff
Ds RJH Pottas	Oudl JH van der Merwe
Oudl JN de Wet	Ds AD Jacobs
Oudl OA Carlson	
Oudl JA Viljoen	

2.9 Goedgekeur met die volgende verandering:

Vervang oudl. dr. AG Burger met oudl. dr D van der Merwe; voeg by oudl. MJ Cornelius as primarius.

Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme (PKKEN)

	Sekundi
Ds MP Taute	
Ds PR Jonker	
Ds AS van Staden (s)	Ds PK Roodt
	Oudl CW Lombard
Oudl TW Bartleman	Oudl MF Kruger
Ds JA Jacobs	
Oudl dr D van der Merwe	
Oudl MJ Cornelius	

2.10 Goedgekeur:

Kommissie vir Kerkmusiek en Kerksang

	Sekundi
Ds NJ Rautenbach (s)	
Ds DR Schwartz	
Ds GG le Roux	Diak FW Swanepoel
Ds JJ (Koos) Venter	Oudl JH Becker
Ds RW Louw	
Ds JD van der Merwe	
Ds JH Theron	

2.11 Goedgekeur met die volgende verandering:

Voeg by oudl. JPT Simpson as primarius; skrap oudl. GA Nel as sekundus; oudl. C Bezuidenhout moet wees diak. C Bezuidenhout; voeg by oudl. TGL de Beer (Groot Marico) as sekundus en oudl. JH du Plessis as sekundus.

Kommissie vir Onderwys en Opvoeding

	Sekundi
Dr JA Scholtz (s)	
Diak C Bezuidenhout	
Oudl J Cawood	Oudl C de J Botha
Oudl JL du Preez	
Oudl DS de Villiers	Diak Rex Brandt
Oudl PH Watermeyer	Oudl TGL de Beer (Groot Marico)
Oudl P Fouche	Oudl JH du Plessis
Oudl JPT Simpson	

2.12 Goedgekeur met byvoeging van dr CI van Heerden as primarius:

Kommissie vir Sending

	Sekundi
Ds JM Cronjé	
Ds CJJ van Rensburg (s)	
Ds JJJ Roodt	Oudl MVM Potgieter
Ds OD Scheuer	Oudl PF de Villiers
Oudl CJ van Helsdingen	Oudl CH Groenewald
Oudl GJ van Jaarsveld	
Oudl DPJ Botes	
Dr CI van Heerden	

2.13 Goedgekeur:

Kommissie vir Bybelvertaling

OT	NT
Prof HCG Robbertze	Prof HS Theron
Dr WA Burger	Prof WJG Lubbe
Drs E Friis	Prof R Marè
Ds MJ Eilers (s)	Dr EM Viljoen
Ds JH van der Walt	Ds S Botes
Ds DR Schwartz	Ds A Boshoff

2.14 Goedgekeur met byvoeging van ds JH Swart. (Vanderbijlpark):

Ad Hoc-Kommissie - Studentebearbeiding

Ds NJ Rautenbach (s)	(Pretoria-Oos)
Ds JN Joubert	(Bloemfontein)
Ds JJ (Jurie) Venter	(Potchefstroom)
Ds WJ Jooste	(Linden)
Ds S Botes	(Stellenbosch)
Ds AP Viljoen	(Pretoria-Sentraal)
Ds JH Swart	(Vanderbijlpark)

2.15 Goedgekeur met skrapping van "(adviserend)": "Ds J Swarts" moet wees "Ds JH Swart"

Ad Hoc-Kommissie - Ekklesia

3.4.3.3 Goedgekeur:

Die Sinode bring die werkswyse van Goudveldsentraal onder aandag van al sy kommissies: Tydens bogenoemde kursus vir begeleiers, is tegelyk ook kursusse vir kerkraadslede, vroue, en jeug aangebied. Dit was geweldig kostebesparend en verrykend.

3.5 Sangtye in Sinode

3.5.1 - 3.5.2 Kennis geneem.

3.5.3 Aanbevelings

3.5.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode bedank die orrelistes wat moeite maak met begeleiding van die sang tydens die Sinode.

3.5.3.2 Goedgekeur:

Die Sinode betuig sy dank teenoor Mnr J Ebersohn van Musica, Pretoria, vir die beskikbaarstelling van 'n Allen-rekenaarorrel vir gebruik tydens sang- en erediensgeleenthede.

3.6 Koorbundel

3.6.1 - 3.6.2 Kennis geneem.

3.6.3 Aanbeveling

3.6.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode kontinueer sy besluit van 1989 aangaande 'n koorbundel aan sy volgende permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek.

3.7 Lasgewing - (Bl. 268)

3.7.1 Kennis geneem.

3.2.13 - 3.2.13.8 - Goedgekeur:

Kerksang en -musiek

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewings, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Kerksang en -musiek.)

Die Kommissie

3.2.13.1 stel hom ten doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die APK daar te stel vir gebruik in die plek van die huidige Psalm- en Gesangeboek;

3.2.13.2 werk intussen saam met die ander drie Afrikaanse Kerke aan die hersiening van die Psalms;

3.2.13.3 koöpteer kundiges met o.a. musiek- en letterkundige agtergrond;

3.2.13.4 lê van tyd tot tyd gekeurde liedere aan gemeentes voor vir toetsing en kommentaar aan die kommissie;

3.2.13.5 bekom die nodige kopiereg voordat 'n lied uit 'n ander bundel in ons eie bundel opgeneem word;

3.2.13.6 lê sy produk aan die sinode van die APK voor vir goedkeuring;

3.2.13.7 bied via sinodes leiding aan orreliste(s) in die plaaslike kerke;

3.2.13.8 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.

3.7.2 Kennis geneem.

3.7.3 Goedgekeur:

Die Sinode brei bestaande lasgewing verder uit om die volgende opdrag te bevat:
"Die Kommissie het opdrag om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n goeie koorbundel vir die Afrikaanse Protestantse Kerk die lig te laat sien."

4. Beskrywingspunte

4.1 Ring van Heilbron i/s advies oor proefsangbundel - Kennis geneem.

4.1.1 Aanbevelings

4.1.1.1 Goedgekeur:

Al die punte genoem in die beskrywingspunt geniet reeds die aandag van die kommissie. Die Sinode neem kennis.

4.1.1.2 Goedgekeur:

Onsingbare melodieë.
Die Sinode besluit: Die onsingbaarheid van 'n melodie kan nie afhang van 'n individu nie. Persoonlike smaak van elke lidmaat kan nie geld as norm nie.

Melodieë wat uiteindelik in ons bundel opgeneem sal word, is melodieë wat vir die kerk <u>in die algemeen</u> aanvaarbaar sal wees.

Hoewel elke beswaar en elke stukkie kommentaar deur die Kommissie geweeg en beoordeel moet word, sal die oordeel van die Kommissie op die ou end as aanbeveling aan die sinode tog ook ernstige oorweging moet ontvang.

4.2 APK Roedtan i/s eie sangbundel (Sien ook 3.3.4 hierbo)

Beskrywingspunt staan oor tot volgende Sinode.

4.2.1 - 4.2.1.4 Kennis geneem.

4.2.2 Aanbevelings

4.2.2.1 Goedgekeur:

In die lig van bogenoemde argumente (sien ook 3.3.4 in Agenda bl 399) raai die Sinode lidmate af om nuwe kopieë van die huidige Psalm- en Gesangboeke aan te skaf.

4.2.2.2 Goedgekeur:

Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie sangbundel saam te stel vir gebruik in die APK (sien 3.3.5.1 in verslag, Agenda bl 401).

4.3 Ring van Dendron i/s eie sangbundel - Kennis geneem.

4.3.1 Kennis geneem.

4.3.2 Goedgekeur:

Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie nuwe sangbundel saam te stel vir gebruik in die APK. (Sien 3.3.5.1 en 4.2.2.2 in verslag, Agenda bl. 401 en 406.)

4.4 Ring van Bloemfontein i/s Skrifberyming

4.4.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

"Die Ring van Bloemfontein versoek die Sinode om aan die Permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek op te dra om deeglike oorweging te skenk aan die Skrifberymings van die Gereformeerde Kerke vir moontlike opname van sommige in ons eie sangbundel."

Die Sinode gee so 'n opdrag aan die volgende Kommissie.

5. Berymings - Kennis geneem.

5.1 Aanbevelings

5.1.1 - 5.1.4 Goedgekeur:

5.1.1 Die Sinode neem kennis.

5.1.2 Die Sinode versoek kundige lidmate om die Kommissie vir Kerksang en -musiek te dien met herberyminge van bestaande liedere opgeneem in die Addendumverslag (proefsangbundel), asook ander liedere.

5.1.3 Die Sinode versoek lidmate om liedere in die Addendumverslag opgeneem krities te bestudeer vir beryminge wat na inhoud moontlik nie ooreenstem met die gereformeerde vertolking van die Woord nie, en die Kommissie vir Kerksang en -musiek met aanbevelings te dien.

5.1.4 Die Sinode versoek lidmate om die Kommissie vir Kerksang en -musiek te dien met nuwe beryminge (eie skeppings) vir oorweging. Hierdie eie skeppings sal moet voldoen aan die vereistes vir die gereformeerde kerklied.

6. Slot - Kennis geneem.

6.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode spreek sy dank teenoor die gekoöpteerde lede uit vir krag en talente wat op hierdie wyse aan die Koninkryk en APK gewy is.

7. Seënwense - Kennis geneem.

Met dank kennis geneem van die hele verslag

115. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING Bl. 365

Dr JA Scholtz dra die verslag voor.

1. Personeel - Kennis geneem.

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Sake behandel

3.1 Kennis geneem.

3.1.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die APK hom in die toekoms sal beywer vir Christelik-volkseie onderwys i.p.v Christelik-nasionale onderwys.

3.2 Kennis geneem.

3.2.1 Goedgekeur:

Die Sinode beveel by kerkrade aan om 'n plaaslike Kommissie van Opvoeding en Onderwys saam te stel, waar dit enigsins moontlik is, om plaaslik te waak

oor onderwysbelange.

3.3 Kennis geneem.

3.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode versoek die Permanente Kommissie van Opvoeding en Onderwys om 'n inligtingspamflet, wat die onderwysbeleid van die regering met sy moontlike gevolge verduidelik en wenke aan die hand doen, saam te stel en aan gemeentes deur te stuur.

3.4 - 3.8 - Kennis geneem.

3.9 Beskrywingspunte

3.9.1 Ring van Beaufort-Wes

3.9.1.1 - 3.9.1.2 - Kennis geneem.

3.9.1.3 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat Provinsiale Onderwysdepartemente en ander instansies wat gemoeid is met die keuring van voorgeskrewe boeke, versoek sal word om 'n herhaling van sedeondermynende boeke wat vir skool-, kollege- en Universiteitstudente voorgeskryf word, onmiddellik te staak.

3.9.2 Christelik-Nasionale Opvoeding

3.9.2.1 - 3.9.2.3 - Kennis geneem.

3.9.2.4 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode versoek die SKK en alle Kerkrade om 'n skrywe aan die Regering te rig met die versoek dat Christelik-volkseie onderwys aan alle opvoedkundige inrigtings in ons land gehandhaaf sal word.

3.9.3 Private blanke kerkskole

3.9.3.1 - 3.9.3.3 - Kennis geneem.

3.9.3.4 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode verwys na die besluit van die Sinode van 1989 dat die APK betrokke raak by en steun gee aan ondernemings wat gerig is op Christelik-volkseie onderwysvoorsiening.

3.9.4 Moedertaalonderrig

3.9.4.1 - 3.9.4.2 - Kennis geneem.

3.9.4.3 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode spreek hom ondubbelsinnig uit ten gunste van volkseie moedertaalonderrig waarin die Protestants-Christelike karakter van ons volk beskerm en uitgebou moet word.

Kennis word met dank geneem van die verslag in geheel.

116. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE Bl. 409

Ds JM Rheeder dra die verslag voor.

1.1 Personeel - Kennis geneem (oudl. Serfontein moet wees diak. Serfontein).

1.2 Vergaderings - Kennis geneem.

2. Sake behandel

2.1 Behuising vir bejaardes - Kennis geneem.

2.2 Klerekas vir sorgbehoewende gesinne - Kennis geneem.

2.2.1 Aanbevelings

2.2.1.1 Goedgekeur:
Die Sinode versoek kerkrade om, waar daar behoefte bestaan, so 'n klerekas te bedryf.

2.2.1.2 Goedgekeur:
Die Sinode keur bylae KB1 goed as riglyn waarvolgens so 'n klerekas bedryf kan word.

2.3 Traktaatjies vir hospitaalbesoek - Kennis geneem.

2.3.1 Aanbeveling
2.3.1.1 Goedgekeur met verandering van "Getuienis en Dissipelskap" na "Gemeentelike Bediening":

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Gemeentelike Bediening op om te voorsien in die behoefte aan traktaatjies vir gebruik deur leraars en ouderlinge tydens siekebesoek.

2.4 Noodleniging - Kennis geneem.

2.4.1 Aanbeveling

2.4.1.1 Goedgekeur:

Die Sinode versoek gemeentes om bedag te wees daarop dat mense wat verarm nie agterweë gelaat word nie en om voorsiening te maak vir die toekoms, omdat omstandighede steeds kan versleg.

2.5 Pastorale besoeke aan gevangenes - Kennis geneem.

2.5.1 Aanbeveling

2.5.1.1 Goedgekeur na vervanging van "SKK" deur "Kommissie vir Diens van Barmhartigheid":

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid op om toestemming te verkry vir leraars van die APK om gevangenes op amptelike wyse te besoek waar daar 'n behoefte bestaan.

3. Beskrywingspunte

3.1 Kerkraad van Roedtan

3.1.1 Aanbeveling

3.1.1.1 Goedgekeur:

Die Sinode neem slegs kennis van die punt aangesien die saak reeds baie aandag geniet het en die behoefte voorlopig nie verdere ondersoeke regverdig nie.

3.2 Ring van Dendron - Kennis geneem.

3.2.1 Aanbeveling

3.2.1.1 Goedgekeur:

Die Sinode neem slegs kennis hiervan omdat dit reeds gebruik is by predikante in die groter sentra om hospitaalbesoek aan alle APK lidmate te bring en predikante se besonderhede reeds in die Jaarboek verskyn. Die SKK kan ook die nodige inligting verskaf.

4. Begroting - Kennis geneem.

4.1 Aanbeveling - Afgehandel.

Lasgewing van Kommissie - verwys bl. 265

3.2.6 Kennis geneem.

3.2.6.1 - 3.2.6.3 - Goedgekeur:

3.2.6 <u>Barmhartigheidsdienste</u>

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste).

Die Kommissie

3.2.6.1 voorsien kerkrade op versoek van advies m.b.t. barmhartigheidsdienste, maar skryf nooit voor nie;

3.2.6.2 tree as skakel op wanneer die AP Kerke 'n gesamentlike barmhartigheidsinrigting loods;

3.2.6.3 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan hierdie kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

117. VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDS-DIENSTE D 1

Voorgelê deur ds JM Rheeder

1 tot 3.1.12 - Kennis geneem.

4. Aanbevelings

4.1.1 - 4.1.4 - Goedgekeur:

4.1 In die lig van die volgende:

4.1.1 Die negatiewe behoeftebepaling vir huisvesting vir bejaardes.

4.1.2 Die hoë koste om die terrein geskik te ontwikkel.

4.1.3 Die feit dat die plaaslike gemeente of ring finansieel nie in staat is om so 'n projek te loods nie.

4.1.4 Die feit dat die kerk in sinodale verband ook nie in staat is om so 'n projek te loods nie, beveel die Kommissie aan dat daar nie tans met die onderhandelinge voortgegaan moet word nie.

5. Kennis geneem.

6. Kennis geneem.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

118. TWEEDE VERSLAG KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE D 2

1. Vir kennisname.

1.1 Kennis geneem.

1.2 Kennis geneem.

2. Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Goedgekeur:

Lidmate in nood moet in eerste plek deur die plaaslike Kerkraad bygestaan word.

3.2 Goedgekeur:

Indien die plaaslike kerkraad nie oor die nodige fondse beskik nie, kan hulp uit die Sentrale Alimentasiefonds aangevra word deur die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens.

3.3 Goedgekeur met verandering: voeg by "om te oorweeg" ná "gemeentes".

Die Sinode versoek gemeentes om te oorweeg om minstens een keer per kwartaal 'n spesiale kollekte op te neem om hierdie fonds aan te suiwer.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

119. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR LITURGIE EN FORMULIERE Bl. 419

Die verslag word voorgedra deur ds JH Engelbrecht.

1. Personeel - Kennis geneem

2. Vergaderings - Kennis geneem.

3. Sake behandel

3.1 - 3.1.3 - Kennis geneem.

3.1.4 Aanbeveling - Goedgekeur met die volgende verandering: Vervang "Keur dit goed" met "kondoneer":

Die Sinode 1990 kondoneer dat die Kommissie nie die opdrag uitgevoer het om voor einde 1989 die beplande Kerkboek te publiseer nie - omdat dit moontlik 'n ondoelmatige en ongewilde publikasie sou wees - maar die drukwerk tot einde 1990 uitgestel het totdat allerweë gunstige kommentaar oor (veral) die formuliere ontvang is, deurdat alle APK-leraars die geleentheid gebied is om vir oulaas wenke en kritiek te lewer.

3.2 Begroting

3.2.1 Aanbeveling - Kennis geneem.

(Afgehandel in Begroting op bl 352 van Agenda)

3.3 Ontstaan en gebruik van formuliere

3.3.1 Kennis geneem.

3.3.2 Aanbeveling - Goedgekeur:

Aanbeveling: Die Sinode 1990 besluit dat 'n inleidende artikel in die Kerkboek die ontstaansgronde, herkoms en doel van die formuliere sal uiteensit as uiters nuttige toerustingskennis vir elke lidmaat. (Kyk Bylae A)

3.4 Aanbieding van die formuliere

3.4.1 Aanbeveling - Goedgekeur: Verander "woordeliks voor te lees" na "die ware inhoud weer te gee":

Die Sinode 1990 besluit dat daar van elke leraar verwag word om:

formuliere altyd deeglik voor te berei;
dit gevoelvol voor te dra;
die ware inhoud weer te gee;
dit nie af te jaag nie - tot seën vir die gemeentes.

3.5 Finalisering van die bewoording van die formuliere

3.5.1 Kennis geneem.
3.5.2 Goedgekeur:

Aanbeveling: Die Sinode 1990 keur dit goed dat sommige formuliere se bewoording nogeens hersien is.

3.5.3 (Foutiewelik in Agenda aangedui as 3.5.1). Goedgekeur met enkele wysigings soos hieronder vermeld:

Aanbeveling: Die Sinode besluit om die formulering van die onderstaande formuliere soos volg te bekragtig (byvoegings en herformulerings is onderstreep; paragrawe is net genommer om notulering vir die sinodale skriba te vergemaklik):

1. Formulier vir die bediening van die Heilige Doop.

1.1 Skrap die woorde "en vervul".

2. Formulier vir die Openbare Belydenis van Geloof.

3. Formulier vir die bediening van die Heilige Nagmaal.

Die kommissie word versoek om die volgende vraag te oorweeg:

is "opsioneel" nodig op bl. 428 en elders, of moet gedeeltes so aangedui vaste deel van

Verander "neergedaal na die hel" na "ter helle neergedaal" (bl. 433);

Skrap "NAV" op bl. 434 pt 3.7.

4. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens.

4.2 Voeg by aan einde van 1e paragraaf by paragraaf 4.2: (Hand. 6:3), "en met die Gees van God vervul."

5. Formulier vir die bevestiging van die huwelik.

Verander die volgende:

Bl. 445 skuif die woorde "is nie" by pt. 5.5 tot ná "teenwoordig", asook op bl. 446 pt. 5.6;

Pt. 5.7 skrap die woorde "gee mekaar nou die regterhand" en plaas dit bo pt. 5.4 met byvoeging "om daarmee te bevestig dat u die volgende verklaar en teenoor mekaar onderneem:" bl. 448 pt. 15 verander "seënbede" na "seën".

6. Begrafnisformulier

Alle afgevaardigdes wat nog insette by die Kommissie wil lewer, moet dit skriftelik aan die Kommissie gee.

4. Opdrag (Bl. 450) - Kennis geneem.

Lasgewing aan Kommissie (Bl. 266).

3.2.8 Goedgekeur:

<u>Formuliere en Liturgie</u>

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewings, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Formuliere en Liturgie.)

Die Kommissie

3.2.8.1 dra sorg vir die opstel van 'n Kerkboek soos deur die sinodes goedgekeur en behartig alle gewysigde en ongewysigde herdrukke;

3.2.8.2 bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte oor die liturgie en formuliere m.d.o. op advies aan die volgende sinode;

3.2.8.3 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

120. HERDERLIKE BRIEF

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode dra dit aan die SKK op om die Herderlike brief te finaliseer.
(JH Swart; EG Jonker)

121. SINODE IN RESES

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode gaan in reses na die afsluiting om 13:00 op 22 September 1990 met die oog op afhandeling van sy agenda op 'n latere datum. Die Sinode dra dit aan die SKK op om die nodige reëlings hiervoor te tref.
(PG Stans; MFM Pretorius)

122. BEHANDELINGSK VERSLAG VAN KOMMISSIES AAN SINODE

Die volgende voorstel word vir oorweging na die SKK verwys:

Die Sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek dat sommige permanente kommissies soos die Sendingkommissie, Kommissie vir Gemeentelike Bediening, PKHEM, Kapelaansdienste, Kerkmusiek en -Sang, Jeug, ens. om die beurt met elke tweede jaar by die Sinode verslag doen sodat die sakelys van kleiner omvang sal wees enersyds en die Kommissies langer tyd sal hê vir voorbereiding andersyds.
(Ds AS van Staden; IA Brink.)

Die Voorsitter is van oordeel dat die lengte van elke Kommissieverslag voor opname in die sakelys deur die Kommissie met die SKK bespreek word indien moontlik. Daar behoort gepoog te word om elke verslag so kort moontlik te hou.

123. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN LAASTE TWEE SITTINGSDAE

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode verwys die Notule van die laaste twee sittingsdae (21 en 22 September 1990) (Ordereël 29) na die SKK in oorleg met die KKS en die Kuratorium, vir kontrolering en goedkeuring.
(MC Adendorff; WJG Lubbe)

124. VERKIESING VAN KURATORIUM

Die volgende afgevaardigdes word genomineer:

Ds MJ Eilers	Ds DR Schwartz
Ds A Boshoff	Ds NJ Rautenbach
Dr CI van Heerden	Ds DJ Malan

Ds AP Viljoen
Ds J Cronjé
Dr WA Burger
Ds JD van der Merwe
Ds MC Adendorff
Ds AS van Jaarsveld
Dr EM Viljoen
Ds CJJ van Rensburg
Drs E Friis
Ds OD Scheuer
Ds JN Joubert
Ds WJ van der Merwe
Oudl. J Campher
Ds GG le Roux
Ds JP Bezuidenhout
Oudl.JJ Prinsloo
Oudl.W Viljoen
Oudl. M Cornelius
Oudl. JN de Wet
Ds NRJ van Zyl
Ds JH van der Walt
Oudl. JN de Villiers
Ds MJ Hartzenberg
Ds CF Swart
Oudl. AA Struwig.

Ds IA Brink

Dr MFM Pretorius
Oudl. M Brits
Ds PA van Zyl
Ds S Botes
Ds HB Heymans
Ds G Smit
Ds AJ Taute
Dr JA Scholtz
Ds JH Theron
Ds PK Roodt
Ds JA Jacobs
Oudl. HPG Terblanche
Ds MP Taute
Oudl. W Fick
Oudl. JF du Plessis
Ds JAC Erasmus
Ds PG Stans
Oudl. PH Watermeyer

Ds SJ Gouws
Diak. MF Labuschagne
Ds JJ (Jurie) Venter

KURATORIUM LEDE

Die volgende primarius- en sekunduslede word verkies:

Primarii

Dr CI van Heerden
Ds MC Adendorff
Ds A Boshoff
Ds IA Brink
Dr WA Burger
Ds NJ Rautenbach
Ds DR Schwartz
Ds JJ (Jurie) Venter
Ds AJ Taute
Drs E Friis
Ds JH Theron

Sekundi

Ds OD Scheuer
Dr MFM Pretorius
Ds MJ Hartzenberg
Ds AP Viljoen
Ds AS van Jaarsveld
Ds JN Joubert
Oudl. JJ Prinsloo
Dr EM Viljoen
Ds MP Taute
Oudl. WLV Fick
Oudl. JF du Plessis.

125. BEDANKINGS

Op versoek van die ondervoorsitter, ds A Boshoff, spreek dr AG Burger 'n dankwoord namens die afgevaardigdes teenoor die Voorsitter prof WJG Lubbe.

Ds A Boshoff bedank die volgende instansies vir hulle samewerking i.v.m. die Sinode:

Dames in die kantoor.
Ds MC Adendorff en almal wat meegewerk het aan die sakelys vir 'n puik agenda.
Brs. Hannes Scholtz en Neels de la Rey en al die kantoorpersoneel.
Br. Piet Roodt vir drukwerk.
Notulekommissie vir hulle arbeid.
Stemtellers en lede van tydelike kommissies.

Die dames wat hoodskappe rondgedra het.
Susters vir die blomme in die saal en voorbereiding van die saal, asook vir die broers van APK Parys wat hulle gehelp het.
Br. Attie Ebersohn vir goeie diens by die luidsprekers.
Orrelistes (nevv Boshoff en Cloete).
Broers wat samesang gelei het asook ouderlinge wat bidstond gelei het.

Uitstallers van publikasies onder leiding van ds OD Scheuer.
Broer wat tafels voorsien het.
Diak. Herman Wessels vir hulp by drukwerk en optrede as koster.
Stadsraad van Parys.
Personeel van Mimosa en Bridge Lodge.
Alle werkers van APK Graniet en APK Parys.
Professore van Teologiese Skool.
Alle afgevaardigdes.

Die Voorsitter bedank die ampsdraers by die tafel vir broederlikheid, samewerking en steun.

Baie geluk aan prof Lubbe met sy verjaardag Maandag 24 September. Die Here se seën word hom toegewens. Hy en sy huis word sterkte toegewens.

126. AFSLUITING

Die Voorsitter sluit die vergadering deur te lees uit Ef. 6 en Ges. 294 te laat sing. Om 13:30 gaan die vierde sinodale vergadering in reses.

Bepaling 43.4 goedgekeur soos aanbeveel deur die KKS:

Belydenis van geloof moet afgelê word binne drie maande na toelating met dien verstande dat belydenisaflegging in 'n ander gemeente kan geskied met die skriftelike toestemming van die toelatende kerkraad aan die kerkraad van die ander gemeente.

3.2 Ring van Suidkus i/s Bepaling 43.1

3.2.1 Kennis geneem.

3.2.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys die ring na die voorgestelde formulering van bepaling 43.1 in die hersiene KO -- Kyk ook punt 3.1.2 van hierdie verslag.

Einde van Verslag C1, met dank aan die Kommissie.

KKS - BL. 167

7. KERKORDE BEPALING 13.6

7.1 BESKRYWINGSPUNTE

7.1.1 Inhoud van beskrywingspunt - Kennis geneem.

7.1.2 Motivering deur insender - Kennis geneem.

7.1.3 KKS se kommentaar - Kennis geneem.

7.1.4 Aanbeveling goedgekeur:

Die beskrywingspunt is onduidelik en daarom nie ontvanklik nie.

7.2 Kennis geneem.

8. ARTIKEL 14 (BL. 168)

Verwys na ondervoorsitter om vroeëre hantering te kontroleer.

10. ARTIKEL 38.2 (BL. 170)

10.1 - 10.2 - Kennis geneem.

10.4 (moet wees 10.3) Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode oorweeg die saak by die behandeling van die verslag van die Kuratorium.

6. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 10 (BL. 174)

6.1 Aanbeveling goedgekeur:

KO art 10 word art 11 en word soos volg gewysig: "Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word".

6.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die woord "onder leiding van 'n voorsitter deur die vergadering aangewys" word geskrap.

6.3 Bepaling 10.1 - 10.5

Die aanbeveling van 1989 KKS (punt 4.16) word gewysig om te lees:

6.3.1 Aanbeveling goedgekeur:

Bepaling 10.1 tot 10.5 word bep 11 tot 11.5 en word soos volg gewysig:

6.3.2 Aanbeveling goedgekeur:

Bepaling 11.1 (bestaande bep 10.1) lees ("Afsonderlik" moet wees "agtereenvolgende"):

"Die beroeping van 'n predikant vir 'n gemeente geskied op 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep is, wat op twee agtereenvolgende Sondae by 'n openbare erediens afgekondig is met vermelding van die doel daarvan. Die beroeping kan reeds op die tweede Sondag waarop die tweede afkondiging gedoen word, geskied.

5.13.1.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die res van die bestaande bep 10.1 vanaf "indien 'n beroep bedank is", word geskrap.

6.3.3 Aanbeveling goedgekeur:

By bep 11.2.1(a), (d) en (e) (bestaande 10.2.1(a), (d) en (e), word "gekombineerde" geskrap.

6.3.4 Soos volg goedgekeur: "Die Ring(e) moet dit so gou moontlik behandel."

7. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 12 EN BEPALINGS 12.1 - 12.4

Afgehandel.

8. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 13 EN BEPALINGS

8.1 - 8.2 Afgehandel.

8.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Voeg in na "attestaat" by art 13.2: "<u>en ondertekende ondertekeningsformulier</u>."

8.4 <u>Bepaling 13.1 tot 13.6</u>

8.4.1 Kennis geneem.

8.4.2 **Aanbeveling goedgekeur:**

Bepaling 14.6.1 word soos volg verander:

" 'n Predikant is geregtig op -

14.6.1.1 vakansieverlof van twee-en-veertig dae per jaar,

<u>wat nie meer as 6 Sondae insluit nie, en wat net oploopbaar is met die instemming van die kerkraad</u>.

Die volgende voorstelle word verwys na die KKS:

1. Die Sinode besluit om die huidige artikel 13.6.1.3 soos volg te wysig:

   Langverlof word aan 'n leraar toegestaan teen 10 dae per jaar en kan eers na drie jaar in dieselfde werkkring geneem word. Dit is nie oordraagbaar van een werkkring na 'n volgende nie en is net oploopbaar met toestemming van die kerkraad. Na drie jaar loop langverlof op met 10 dae per jaar. Wanneer 'n leraar 'n beroep aanvaar, word ongebruikte langverlof voor demissie, óf geneem indien reeds moontlik, óf uitbetaal in oorleg met die kerkraad, met 'n maksimum van 30 dae bereken vanaf datum van bevestiging tot demissie.
   (Di IA Brink; MC Adendorff)

2. Bepaling 13.6.1.3 word terugverwys na die KKS vir besinning en formulering.
   (Ds JA du Plessis; Oudl JH van der Merwe)

8.4.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Voeg in by bepaling 13.6.2 aan die begin:

" 'n Predikant behoort sy vakansieverlof te neem voordat hy demissie ontvang."

9. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 15 (BL. 175)

9.1 Aanbeveling goedgekeur:

Dit word art 16 en word so gewysig:

" 'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander AP kerk (gemeente) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie."

Die volgende voorstel word goedgekeur:
Die Sinode besluit dat punt 9.1 soos voorgestel, goedgekeur word, maar terugverwys word na die KKS vir verdere besinning.
(Diak PR Pretorius; Oudl CJ Ludik)

10. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 27

10.1 Soos volg goedgekeur nadat laaste sin geskrap is:

Dit word art 28 en word soos volg gewysig:

"Elke vergadering moet 'n voorsitter hê, asook 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken, opdragte uitvoer en opdragte deurgee.

10.2 Kennis geneem.

11. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KO BEPALING 36.6

11.1 Kennis geneem.

11.2 Bepaling 37.6.1 goedgekeur:

Die ring benoem 'n konsulent vir elke gemeente binne sy ressort en wel op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie.

Bepaling 37.6.2 Die taak van die Konsulent:

1. Kennis geneem (staan reeds in KO)
2. Nie goedgekeur nie. Terugverwys na KKS.
3. Kennis geneem.

Bepaling 37.6.3 - Kennis geneem.

Bepaling 37.6.4 - Terugverwys na KKS.

Bepaling 37.6.5 - Kennis geneem.

12. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 46 (BL. 177)

12.1 Kennis geneem.

12.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die artikel word gewysig om soos volg te lees:

"Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die gemeente, is sendingwerk in eerste instansie die roeping van elke lidmaat van die gemeente. Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel".

13. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 47

13.1 Kennis geneem.

13.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die volgende klein wysigings word aangebring: "kerk" word elke keer voor "gemeente" ingevoeg en "gemeente" word telkens tussen hakies geplaas: "die plaaslike kerke (gemeentes)".

14. KO ARTIKELS 56 - 61

14.1 Kennis geneem.

14.2 Aanbeveling van KKS

14.2.1 Kennis geneem.

14.2.1.1 Goedgekeur:

Art 56.1 word art 60.1, gewysig om te lees: "Die kerke, plaaslik sowel as in verband, vind die grond van hulle bestaan nie in die wilsuiting van hulle lede nie, maar in die vrymagtige raadsbesluit en welbehae van die Drieënige God, en is in bestaan en voortbestaan soewerein in eie kring".

14.2.1.2 Goedgekeur:

Art 56.2 word 60.2 en die aanhef word gewysig om te lees: "Elke kerk as instituut ...".

14.2.1.3 Goedgekeur:

Art 56.3 word 60.3 en word gewysig: "Kerk" word vervang met "kerke" en "sy onvervreembare reg" met "hulle onvervreembare reg".

14.2.1.4 Goedgekeur:

Art 56.4 word 60.4 en word gewysig: "Kerk" word "kerke", en "sy" en "hy" word "hulle".

14.2.1.5 Goedgekeur na invoeging van "skriftelik of" ná "dit":

Art 56.5 word 60.5 en word gewysig: "moet dit skriftelike of deur die ...".

14.2.2 Kennis geneem.

14.2.2.1 Goedgekeur:

In art 61 word "Die Kerk" telkens vervang met "Die kerke", en "sy medewerking" word "hulle medewerking".

14.2.3 Kennis geneem.

14.2.3.1 Goedgekeur:

In art 62.1 word "Die Kerk" telkens vervang met "Die Kerke", en "sy" telkens met "hulle".

14.2.3.2 Goedgekeur:

In art 62.2 word "Die Kerk sal hom ..." vervang met "Die Kerke sal hulle...".

14.2.4 Kennis geneem.

14.2.4.1 Goedgekeur:

In art 63.1 en 63.2 word "Kerk" telkens vervang met "kerke".

14.2.5 Kennis geneem.

14.2.5.1 Goedgekeur na skrapping van die woorde "vervang verder 'hom met hulle'":

Art 64.1 word gewysig om te lees: "Die kerke in kerkverband ... behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan".

14.2.5.2 Goedgekeur nadat "vir" in laaste sin vervang is deur "van":

Art 64.2 word gewysig om so te lui: "Met kerke van Gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. Immigrante van Gereformeerde belydenis word in die plaaslike kerke met attestasie ontvang nadat die vereistes van die KO met betrekking tot lidmaatskap nagekom is".

14.2.5.3 Goedgekeur:

Art 64.3 bly onveranderd, behalwe dat "moontlik" gewysig word na "wenslik".

14.2.5.4 Kennis geneem.

14.2.6 Terugverwys na KKS om duidelikheid te verkry en om Sinode nog tydens huidige sitting met 'n aanbeveling te dien (kyk Handelinge bl. 466).

PUNT 8 BL. 168 (ARTIKEL 14) WORD IN BEHANDELING GENEEM

Die hele punt afgehandel in die lig van vorige besluit oor voorsitterskap van die kerkraad.

By die opdrag in Art. 14 die laaste sin moet ná "kerkraad" bygevoeg word "waartoe die gemeente opgeroep is".
Besluit: Die laaste sin vanaf "die leiding van Kerkraadsvergaderings en vergaderings van die Kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is", moet geskrap word.

10. VERLOFAANSOEKE

Oudl. WF Ludik, Louis Trichardt, 27 Oktober 1990 08:30 - 10:30. Afspraak by spesialis. - Goedgekeur.

DIE VERGADERING VERDAAG VIR KOFFIEPOUSE OM 16:00

WERKSAAMHEDE WORD HERVAT OM 16:30

11. VERSLAG KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE VERVOLG (BL. 188)

AFDELING F - BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KO EN BEPALINGS VEREIS NIE

Opmerking - Kennis geneem.

1. Prof FAN van Staden

1.1 - 1.2 Kennis geneem.

1.3 Aanbeveling van KKS

Bl. 231 punt 5.1 word hiermee saam in behandeling geneem.

Prof R Marè verduidelik en op navraag gee die Aktuarius die versekering dat die posisie van die Skriba van die Sinode op die SKK en die posisie van die Redakteur van "Die Boodskapper" op die SKK nie deur hierdie besluit geraak word nie. Hierna word tot stemming oorgegaan.

Aanbeveling goedgekeur:

Die sinode aanvaar die beskrywingspunt met die volgende voorbehoude:

1.3.1 dat reël van punt 1 nl "dat geen lid van die sinode (gemeentelike afgevaardigde)" verander word na: "dat geen persoon wat as werknemer in diens is ...";

1.3.2 dat "as skriba mag kies" in punt 3 verander word na "tot skriba mag verkies";

Die goedgekeurde beskrywingspunt lui dus so:

Die sinode besluit in beginsel:

1.1.1 dat geen persoon wat as werknemer in diens is van die Kuratorium, of in diens van die Sentrale Kerkekommissie of in diens van enige ander kommissie van die sinode, hetsy by 'n salaris of 'n honorarium as vergoeding ontvang of gratis die diens lewer, deur die sinode as lid van die Kuratorium in wie se diens hy is; as lid van die Sentrale Kerkekommissie in wie se diens hy is; of as lid van enige ander sinodale kommissie in wie se diens hy mag staan, verkies mag word nie;

1.1.2 dat geen persoon, wat in diens van die Kuratorium is, soos onder punt 1 gestel, deur die Kuratorium as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie; dat geen persoon, wat in diens van die Sentrale Kerkekommissie is, soos onder punt 1 gestel, deur die Sentrale Kerkekommissie as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie; en dat geen persoon, wat in diens van enige ander sinodale kommissie is, soos onder punt 1 gestel, deur 'n dusdanige sinodale kommissie as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie;

1.1.3 dat die Kuratorium, die Sentrale Kerkekommissie of enige ander sinodale kommissie enige persoon in sy diens, soos onder punt 1 gestel, tot skriba mag verkies, met dien verstande dat die persoon nie deur sy verkiesing tot skriba keurstem ontvang nie.

1.3.3 dat in punt 4 bygevoeg word: "dat wanneer 'n lid van enige permanente kommissie later deur 'n permanente kommissie as werknemer aangestel word, dieselfde beginsels as in 1.1.1 - 1.1.3 hierbo gestel, onmiddellik van krag is".

Die volgende voorstel word nie aanvaar nie:

Die Sinode verwys hierdie saak terug vir besinning deur die KKS.
(Ds NJ Rautenbach; Oudl. W Viljoen)

1.4 - Kennis geneem.

2. Ring van Derby

2.1 - 2.2 Kennis geneem.

2.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

2.4 Kennis geneem.

3. Ring van Memel

3.1 - 3.2 - Kennis geneem.

3.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

3.4 Kennis geneem.

4. APK Villiers

4.1 - 4.2 Kennis geneem.

4.3 Aanbeveling van KKS

4.3.1 Kennis geneem (reeds afgehandel).

4.3.2 Goedgekeur:

Die Kerkraad van die APK Villiers word aangeraai om die Kommissie vir Kerkregtelike Sake te nader vir advies vir onduidelikhede wat nog mag bestaan.

5. Ring van Heilbron

5.1 - 5.2 Beskrywingspunt i/s status en outonomie van plaaslike kerkraad - Kennis geneem.

5.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie. Die ring word verwys na punt 4.3 hierbo en na punt 5.4 hieronder.

5.4 Kennis geneem.

6. Ds JA du Plessis/Oudl. JG Kruger

6.1 - 6.2 Beskrywingspunt i/s suiwering van terminologie - Kennis geneem.

6.3 Aanbeveling van KKS

6.3.1 - 6.3.2 Goedgekeur:

6.3.1 Die Sinode doen 'n algemene oproep dat gehou sal word by terme soos dit verskyn in die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls.

6.3.2 Die Sinode versoek die voorsteller en sekondant om spesifieke voorbeelde te identifiseer vir aandag van die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme.

6.4 Motivering - Kennis geneem.

7. Ring van Middelburg

7.1 - 7.2 Beskrywingspunt i/s oefenaar as huweliksbevestiger - Kennis geneem.

7.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode handhaaf die praktyk dat alleen leraars met volle status amptelik vir registrasie as huweliksbevestigers aanbeveel word.

7.4 Kennis geneem.

8. Ringe van Bloemfontein, Graniet, Roodepoort, Dendron, en Nelspruit asook kerkraad van APK Randfontein

8.1 Bedieningstermyn van predikante en kostes.

8.1.1 - 8.1.6 Kennis geneem.

Daarmee saam word punt 13 op bl. 80 - 81 in behandeling geneem.

8.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunte onder punt 8 nie, maar volstaan met die inhoud van bepaling 11.5 van die KO.

8.3 Kennis geneem.

13. Bl. 80 - 81 - duur van leraar se verblyf in 'n gemeente (Bedieningstermyn)

13.1 - 13.3 Kennis geneem.

13.4 Aanbeveling van SKK - Bl. 81 - Kennis geneem.

9. Ring van Memel (bl. 196)

9.1 - 9.2 Beroepstelsel - Kennis geneem.

9.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende sinode.

9.4 Kennis geneem.

10. Ring van Newcastle

10.1 - 10.2 . Alternatieve beroepstelsel - Kennis geneem.

10.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende sinode.

10.4 Kennis geneem.

11. Dr MFM Pretorius

11.1 - 11.2.5 Beskrywingspunt i/s tentmakersbediening - Kennis geneem.

11.3 Aanbeveling van KKS

11.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

11.3.2 Goedgekeur:

Die Sinode versoek die KKS om na raadpleging met die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme by die volgende Sinode verslag te lewer oor die prinsipe van en die vereistes vir 'n moontlike deeltydse Woordbediening in die APK as tydelike maatreël.

11.4 Kennis geneem.

12. Kerkraad van APK Potchefstroom

12.1 - 12.2 Beskrywingspunt i/s lidmaatskap en attestasie - Kennis geneem.

12.3 (Bl. 200) Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode beskou die saak as afgehandel - vergelyk bep. 3.2 - 3.9 en art 4 KO.

13. Ring van Memel

13.1 - 13.2 Benoeming van Sinodale Kommissies - Kennis geneem.

13.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode gee nie aan die beskrywingspunt gevolg nie.

13.4 Kennis geneem.

14. Ring van Moot-Sentraal

14.1 - 14.2 Toelating tot die Nagmaal - Kennis geneem.

14.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur soos volg ná skrapping van "Tydelike" en "tydens die Sinodesitting":

Die Sinode adviseer dat die ring van Moot-Sentraal die Kommissie vir Kerkregtelike Sake op hoogte stel van die probleme wat ondervind word, sodat die kommissie 'n aanbeveling aan die Sinode kan doen.

14.4 Kennis geneem.

15. Ring van Lichtenburg (bl 201)

15.1 - 15.2 Kerkvisitasie - Kennis geneem.

15.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie saak na alle ringe om in 1991 daaroor te besin en betyds hulle bevindinge aan die KKS deur te gee. Die kommissie moet dan by die Sinode: 1991 'n aanbeveling doen.

DIE BETROKKE BESKRYWINGSPUNT I/S KERKVISITASIE LUI SO:

Die Sinode beveel aan dat kerkrade jaarliks deur verteenwoordigers van 'n ringsgemeente se kerkraad besoek word en dat tydens die besoek 'n onderwerp (deur die ringsvergadering bepaal) behandel word. Die besoekende kerkraad doen skriftelik verslag by die eersvolgende ringsvergadering.

16. APK Waterberg (bl 201)

16.1 - 16.2 Visitasie vs gemeentelike verslagvorm - Kennis geneem.

16.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode verwys hierdie saak na alle ringe om in 1991 daaroor te besin en dan hulle bevindinge betyds aan die KKS deur te gee. Die kommissie moet dan by die sinode van 1991 'n aanbeveling doen.

Die betrokke beskrywingspunt lui so: Die Sinode besluit dat die gemeentelike verslagvorm voortaan nie die werk van die visitatore sal oorvleuel nie.

17. Ring van Naboomspruit

17.1 - 17.2 Bestemming van gemeentelike verslagvorm - Kennis geneem.

17.3 Aanbeveling van KKS - Kennis geneem.

18. APK Morgenzon

18.1 Opdrag van leraar - Kennis geneem.

18.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Daar word nie gevolg gegee nie.

19. Ring van Klerksdorp

19.1 Bevoegdheid van vergadering waartoe gemeente opgeroep is - Kennis geneem.

19.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die ring word verwys na bepalings 10.1, 33.5 en artikels 10 en 22.1 KO. Die gemeente het dus slegs mede-beslissende stem ten opsigte van die uitbring van 'n beroep op 'n predikant en ten opsigte van die verkiesing van ampsdraers. Oor alle ander sake beslis die kerkraad alleen. Die kerkraad kan oor sekere sake die gemeente se advies vra.

20. APK Bosveld

20.1 - 20.2 Vergaderings SKK - Kennis geneem.

20.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die Sinode verwys die kerkraad na die lasgewinge vir die SKK soos voorgelê aan die Sinode: 1990.

21. Ring van Naboomspruit

21.1 Herstel van status - Kennis geneem.

21.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die ring word verwys na art 55.7.3.2 wat herstel in die amp reël.

22. Ring van Naboomspruit

22.1 Benaming amptenare - Kennis geneem.

22.2 (Foutiewelik in agenda as 22.1)
Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Kennis word geneem (die saak is intussen reggestel).

23. Ring van Naboomspruit

23.1 Gemeentelike verslagvorm - Kennis geneem.

23.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Kennis word geneem (die saak is reeds reggestel).

24. APK Suidkus

24.1 Goedkeuring van Ringsverslae - Kennis geneem.

24.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Die kerkraad is verantwoordelik vir die verslag. Die kerkraad kan die verslag vir kennisname en/of advies in sy geheel of gedeeltelik aan die gemeente voorlê, indien die kerkraad dit verkies.

25. Ring van Moot-Sentraal

25.1 Besluit teen KO ens. ter goeder trou geneem - Kennis geneem.

25.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Nie aanvaar nie. Sodanige besluite in goeder trou geneem, moet óf herroep word óf daar moet by die betrokke meerdere vergadering gevra word vir kondonering.

Die Sinode neem kennis van 'n wenk dat leiding in die KO gegee moet word in verband met bona fide foute deur kerkrade gemaak in die toepassing van die KO, en verwys dit na die KKS.

26. Ring van Moot-Sentraal

26.1 - 26.2 Jaarlikse wisseling van voorsitters en andere - Kennis geneem.

26.3 Aanbeveling van KKS goedgekeur:

Daar mag geen hiërargie in die kerk van Jesus Christus wees nie. As dit in 'n kerkraad of ring na vore begin tree, moet die kerkraad en ring self die saak regstel.

Die sinode kan egter nie hieroor voorskriftelik wees nie. Bep 36.9 in die KO is wel 'n maatreël om hiërargie in die ring te probeer voorkom. Dit mag egter in gevalle noodsaaklik wees dat 'n persoon as voorsitter van die kerkraad of diakonie of 'n kommissie herkies word weens sy kundigheid. As dit egter nie noodsaaklik is nie, is dit 'n gesonde praktyk om te verwissel.

Die benaminge "leierouderling" en "leierdiaken" soos in die praktyk aangetref, is eintlik nie ooreenkomstig art 6 van die KO verantwoordbaar nie. Dit is suiwerder om van die "voorsitter" van die kerkraad, die "voorsitter" van die ouderlingevergadering en van die "voorsitter" van die diakonie te praat.

27. APK Waterberg - Afgehandel

28. Ring van Lichtenburg

28.1 Beroepingstelsel - Kennis geneem.

28.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Die beskrywingspunt word na die te benoeme permanente KKS verwys.

29 - 32 Kennis geneem.

By 29.1 moet "SKJK" wees "SKK".

33. Ring van Suidkus

33.1 Afgevaardigdes na Sinode - Kennis geneem.

33.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Nie aanvaar nie. Kyk bewoording van KO Art 37.1:

Die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

34. Ring van Nelspruit

34.1 - 34.2 Onderwerping aan sinodebesluite - Kennis geneem.

34.3 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Die Sinode verwys die ring na die KKS-studierapport in verband met die bindingskrag van besluite van meerdere vergaderings.

35. Ring van Nelspruit

35.1 Toelating tot lidmaatskap - Kennis geneem.

35.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur (met byvoeging : "Kyk ook Bylae 2 in KO."):**

Die Sinode wys daarop dat lidmaatskap 'n saak van die plaaslike kerk is. Plaaslike kerke moet met die

aangeleentheid erns maak. Die ring word verwys na artikels 3, 4 en 5 van die KO. Kyk ook Bylae 2 in KO.

36. Ring van Nelspruit

36.1 Toelating van predikante - Kennis geneem.

36.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Die Sinode oordeel dat die SKK en die Kuratorium die toelating van predikante met groot verantwoordelikheid hanteer.

37. Ring van Nelspruit

37.1 Ontstaan van APK - Kennis geneem.

37.2 **Aanbeveling van KKS goedgekeur:**

Die Sinode onderskryf hierdie oortuiging en bring KO artikel 43 opnuut onder die aandag van kerke (gemeentes): die kerk moet ook die geskiedenis van die kerk onderrig. As die ware feite aan die verbondsjeug geleer word, sal die waarheid seëvier.

38 en 39 APK Cullinan-Rayton en Ring van Klerksdorp

Vroue-aksie - Kennis geneem. (Afgehandel.)

40. Ring van Graniet - Erkenning van lidmaatskap uit ander kerke

40.1 - 40.2 Kennis geneem.

40.3 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode volstaan met die bestaande riglyne soos vervat in Bylae 2 van die Kerkorde en bepalings 1989.

41. Ring van Vereeniging

Kerklike tug - Afgehandel.

42. Ring van Vereeniging

Handleiding vir visitatore - Afgehandel.

43. APK Nigel

Gemeentegrense - Afgehandel.

44. Besluite waar familiebelang betrokke is

44.1 - 44.3 - Kennis geneem.

44.4 Aanbeveling goedgekeur:

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

45. Kerkraad van Naboomspruit

45.1 - 45.3 Kennis geneem.

45.4 Aanbeveling

45.4.3 Word eerste behandel en goedgekeur:

Geleentheid word aan die insenders van die beskrywingspunt gegee om die saak te verduidelik. Na verduidelikings gegee is, word oor die volgende twee aanbevelings gestem:

45.4.1 Goedgekeur:

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

45.4.2 Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat vir sy eie werksaamhede daar noukeurig aandag gegee sal word aan die vereistes van Kerkorde artikel 25 en versoek kerkrade en ringe om dieselfde te doen.

46. Ring van Naboomspruit

Ander rasse by kerkdienste

46.1 - 46.3 Kennis geneem.

46.4 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode volstaan met sy vorige besluite oor hierdie aangeleentheid.

47. APK Keetmanshoop

Regsgeldigheid van Kerk

47.1 - 47.2 Kennis geneem.

47.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik in sy huidige vorm nie.

48. Hersiening van Kerkorde

48.1 - 48.2 Kennis geneem.

48.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die beskrywingspunt word soos volg goedgekeur ná wysiging van "by die Sinode 1991" na "algaande":

Die Sinode besluit om algaande die Kerkorde volledig te hersien en gee opdrag aan die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake om die Kerkorde daartoe te hersien en volkome in ooreenstemming te bring met die Gereformeerde Kerkreg en te waak teen alle oorbodige bepalings.

49. Kerkraad van Kathu - Leesdienste

49.1 - 49.2 Kennis geneem.

49.3 Aanbeveling goedgekeur:

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie. Die Sinode wys die kerkraad op Bylae 1, bl 33 vv in die KO-1989.

Die volgende amendement van ds IA Brink word verwys na prof R Marè en di. IA Brink en AS van Jaarsveld vir herformulering om môre aan die Sinode voor te lê:

"Die Sinode skort punt 3 van Bylae 1 in die Kerkorde (bl. 34) op, en verwys die aangeleentheid na die KKS om die volgende Sinode met 'n aanbeveling te dien."

50. APK Kuruman - Lidmaatskap Vrymesselaars

50.1 - 50.2 - Kennis geneem.

50.3 Aanbeveling - Kennis geneem. Die volgende amendement word goedgekeur:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.
(ds MP Taute; Oudl. JF du Plessis)

AFDELING H BL. 223 - ANDER SAKE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KERKORDE EN BEPALINGS VEREIS NIE

1. Afgevaardigdes wat vergadering verlaat het

1.1 - 1.3 Kennis geneem.

1.4 Aanbeveling van KKS

1.4.1 Goedgekeur:

Die Sinode besluit om alle kerkrade en alle afgevaardigdes se aandag daarop te vestig dat eerbiediging van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls gehoorsaamheid beteken aan Fil 1:27: "Alleenlik, gedra julle waardig die Evangelie van Christus", en beskou die saak daarmee as afgehandel.

voorgestel deur die PKKEN onder punte 6.1.1 tot 6.1.9 hierbo, met byvoeging van die volgende:

6.2.1 By punt 6.1.5: "of een wat in buitengewone omstandighede deur die KKS aangewys is".

6.2.2 By punt 6.1.7 ná die woord "vergaderings": "insluitend wysiging aan verdere artikels, bepalings en ordereëls wat meegebring word deur die wysiging van 'n KO-artikel, bepaling of ordereël."

7. Die vraag wie se besluite bindend is - dié van die kerkraad of dié van die gemeente

7.1 - 7.2 Kennis geneem.

7.3 Aanbeveling van KKS

7.3.1 Goedgekeur:

Die sinode wys die kerkraad op bepaling 33.6 wat so lui:

"In die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word, het belydende lidmate wie se lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is, en wat nie onder kerklike sensuur verkeer nie, stemreg in die uitvoering van artikels 10 en 22.1 van die Kerkorde".

7.3.1.1 - 7.3.1.2.3 - Kennis geneem.

7.3.2 Goedgekeur:

Verder wys die sinode ook op bepaling 33.5 van die KO:

"Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee.

Die kerkraad kan so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate of die gemeente (indien die gemeente uit minder as 10 lidmate bestaan".)

7.3.2.1 - 7.3.2.2 - Kennis geneem.

7.3.3 Goedgekeur:

Die Sinode vestig ook die aandag op NGB art 30 wat o.m. lui dat die gemeente deur die kerkraad geregeer word.

7.3.4 Kennis geneem.

7.3.5 Kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die saak geraak in punt 7.3 op bl. 233 deur 'n artikel in "Die Boodskapper" in die reine gestel word deur 'n lid van die KKS.
(Ds FG Stans; Oudl. MH Spangenberg)

8. Verbondsonderwyser AA AMD

8.1 Kennis geneem.

8.2 Aanbeveling van KKS goedgekeur na invoeging van "besondere" na "drie":

Die Sinode besluit om te volstaan by drie besondere ampte: herder en leraar (predikant), ouderling en diaken.

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Skrap "herder en" om slegs te lees: "die Sinode besluit om te volstaan by drie ampte: leraar (predikant), ouderling en diaken."
(Ds JH Swart; onleesbaar)

8.3 Kennis geneem.

9. Akte van Demissie bl. 237

9.1 Kennis geneem.

9.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode besluit dat paragraaf 2 van die Akte van Demissie gewysig word om te lees:

"Hierdie losmaking tree in werking op ..... soos ooreengekom deur die predikant en hierdie kerkraad ooreenkomstig bepaling 13.1 van die Kerkorde".

10. Ondertekeningsformulier vir predikant

Staan oor tot Saterdag sodat leraars die ondertekeningsformulier kan bestudeer.

12. PERSONEELWISSELINGS

APK Verwoerdburg: Oudl. JF van der Merwe het gedurende die middagsitting verskyn in die plek van oudl. SJF Stapelberg wat moes vertrek weens ander verpligtinge.

Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Permanente Sendingkommissie.

2.2 Aanbevelings van Permanente Kommissie vir Sending - Bl. 379

2.2.1 Aankoop en berging van Bybels - goedgekeur:

Die Sinode beveel aan dat Kerkrade van plaaslike gemeentes Bybels aankoop, en berg in onopsigtelike stoorplekke in die lig van 'n moontlike toekomstige Kommunistiese Regering.

2.2.2 Sendingbeleid - Goedgekeur:

Die Sinode onderneem om die amptelike Sendingbeleid soos deur die Sinode goedgekeur weer aan alle gemeentes te stuur vir kennisname.

2.2.3 Terreinafbakening - Kennis geneem.

2.2.4 Naamsverandering - word saam met 3.1.4.3 op bl. 382 behandel, en die Sinode neem kennis van albei aanbevelings.

Die volgende amendement word verwerp:

Die Kommissie vir Sending word voortaan "Missiologie" genoem terwille van die wetenskaplike wêreld.
(Ds E Friis; Handtekening van sekondant onleesbaar)

Die volgende amendement word aanvaar:

Die Sinode besluit op die naam "Sending en Evangelisasie".
(Ds JM Cronjé; Handtekening van sekondant onleesbaar)

2.2.5 Goedgekeur na vervanging van "hierdie Kommissie" deur "kerkrade"
(PR Pretorius; CJ Ludik):

Die Sinode beveel aan dat plaaslike Sendingkommissies traktaatjies wat deur kerkrade goedgekeur is aankoop en aan lidmate en jeugaksies beskikbaar stel vir verspreiding as een metode van getuienislewering.

2.2.6 Wenke vir Sendingkommissies (BYLAE A BL. 379 - Kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode verleen sy goedkeuring dat die Permanente Sendingkommissie die moontlikheid van 'n beoogde Evangelisasie-Aksie in 1991 aan die Suidkus vakansie-areas so spoedig moontlik sal ondersoek in samewerking met die Suidkusgemeente, en dat indien prakties en finansieel uitvoerbaar daarmee voortgegaan kan word nog in 1991 voor die volgende Sinode.

Motivering

(a) Daar tans 'n dringende behoefte aan so 'n geestelike bediening onder vakansiegangers aan die Suidkus bestaan.

(b) Die Jeugkommissie ook moontlik betrek sal kan word in die beplanningsfase van so 'n aksie.

(c) Lidmate van die APK Suidkus reeds hulle positiewe gesindheid en moontlike ondersteuning vir so 'n aksie in die nabye toekoms aangedui het.

(d) Die PSK 'n finale verslag van sy ondersoek, met inbegrepe geraamde kostes, tyd en modus operandi voorlê aan die PFK, en die PFK alleen fondse sal bewillig indien die Kommissie van mening is dat die aksie uitvoerbaar en lewensvatbaar is.
(Ds JJJ Roodt; Diak. CJ Bezuidenhout)

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Die Kommissie vir Sending en Evangelisasie doen ondersoek en die eerskomende Sinode besluit of die werk gedoen word.
(JA du Plessis; Oudl. H van der Merwe)

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Dat die Sinode op een of ander wyse, gereeld genoegsame fondse begroot vir Sending en Evangelisasiewerk binne en/of buite die RSA.

Dit is te verstane dat:

alle besonderhede, bewyse en vereistes ter geleëner tyd aan die betrokke kommissies verstrek en nagekom sal word, voordat enige fondse beskikbaar gestel word vir die besondere sending of sendingaksie.

Motivering

Na die aanvanklike aanpassingsjare van die APK, is hierdie kerk nou in 'n gunstiger posisie om weer gestalte te gee aan haar Godgegewe opdrag.

Die liefde van God is in ons harte uitgegiet deur die Heilige Gees (Rom. 5 : 5) daarom dring die liefde van Christus ons (2 Kor. 5 : 14) om ook die evangelie te verkondig (1 Kor. 9 : 16) en omdat ons die Here Jesus bo alles liefhet wil ons sy gebooie bewaar en sy opdragte uitvoer en bevorder (Joh. 14:15)
(Ds JM Cronjé; Dr AG Burger)

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode bewillig R1000 aan die gemeente van Pretoria-Sentraal vir evangelisasie in Sunnyside woonstelgebied, Pretoria.
(GJ van Jaarsveld; JM Cronjé)

3.1.4.4 - Bl. 382
Goedgekeur met wysiging van name soos reeds deur die Sinode aanvaar:

Die Sinode verwys hierdie nuwe afbakening tussen "Gemeentelike Bediening" en "Sending- en Evangelisasie" na die Kuratorium om hul vak-aanbieding in die Teologiese Skool ensiklopedies hierby aan te pas.

'n Mededeling word gemaak deur ds JM Cronjé:

R1000 sal voorlopig gevind word vir die Suidkus Evangelisasie-aksie.

Lasgewings bl. 270

3.2.16 Sending

3.2.16.1 - 3.2.16.5 - Goedgekeur:

(Behalwe bg. Algemene Bepalinge en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Sendingkommissie.)

3.2.16.1 **Neem as vertrekpunt KO Art. 46;**

3.2.16.2 **bring van tyd tot tyd praktiese riglyne onder die aandag van kerkrade wanneer deur sinodes versoek;**

3.2.16.3 **evalueer die gemeenskaplike sendingsituasie gedurig m.d.o. op aanbevelings aan sinodes;**

3.2.16.4 identifiseer binne- en buitelandse sendingvelde;

3.2.16.5 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

19. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR GETUIENIS EN DISSIPELSKAP (VERVOLG) - BL. 383

3.2 Lasgewing

Bylae A - Kennis geneem.

3.2.1 Aanbeveling -

1. Goedgekeur na vervanging van "gemeentes" met "kerkrade":

Die Sinode besluit op die volgende lasgewing vir die Kommissie vir Gemeentelike Bediening:

1. Die gee van leiding aan kerkrade t.o.v. gemeentelike versorging met die oog op die bereiking van die Skriftuurlike doel van die gelowige, nl. die verheerliking van God.

2. Hierdie leiding geskied o.a. t.o.v. :

die opbouing van die gelowige in sy verhouding tot God en naaste;
toerusting van die besondere ampte in hul roeping om die gemeente toe te rus;
toerusting van die amp van die gelowiges in hul roeping tot dienslewering in diens van God;
algemene en besondere pastoraat aan gelowiges;
die toepassing van tug in die gemeente;
enige ander saak wat deur verwysing, of regstreeks, onder die kommissie se aandag kom wat op die gemeentelike versorgingsvlak lê.

Bladsy 266 - Res van lasgewing

3.2.9 Getuienis en Dissipelskap

Soos volg goedgekeur:

Die Kommissie

3.2.9.1 bring onderwerpe waaraan behoefte vir publikasie is, onder die aandag van sinodes;

3.2.9.2 organiseer die totstandkoming van preekbundels, dagboeke, Bybelstudiehandleidings, behartig die keuring daarvan en stuur dit deur na die RKA wat as uitgewer optree;
(Met ander woorde skrap ná "Bybelstudiehandleidings": "en evangelisasie- en sendinglektuur.")

3.2.9.3 organiseer die daarstelling en publikasie van lektuur wat in hospitale gebruik kan word;

3.2.9.4 word geskrap;

3.2.9.5 stel jaarliks 'n boodskapreeks vir die pinksterweek aan kerkrade beskikbaar wat dit mag gebruik na goeddunke;

3.2.9.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

Bladsy 383

3.3 Lidmaatskapkaart vir lidmate wat oorkom van ander kerke (Bylae B) - Kennis geneem.

Die volgende wysigings word voorgestel en goedgekeur:

Bylae B, bl. 396, heel onder aan:

1. Wysig so: gee u u ... en getuig u van Hom.
(Ds JH Engelbrecht; JJ Mynhardt)

Bl. 394, op eerste bladsy van lidmaatkaart:

2. Laaste paragraaf op bl. 394 word uitgebrei met nog 'n sin: "Mag dit uit u meelewing en lewenswandel duidelik blyk dat u 'n lewende lidmaat van die kerk van Jesus Christus is."
(Ds JJ (Jurie) Venter; Ds JH Engelbrecht)

3. Voeg die Kerkseel op eerste bladsy by.

3.3.1 Aanbeveling (bl. 383) - Goedgekeur met wysigings soos hierbo;

Die Sinode aanvaar die aanbevole lidmaatskapkaart vir nuwe lidmate uit ander kerke en besluit verder:

1. Dat die formaat so verklein sal word dat dit in 'n Bybel sal inpas;
2. dat die konsep na die Publikasiekommissie verwys word vir spoedige publisering;
3. dat kerkrade so ver moontlik van die kaart gebruik sal maak (dis egter nie verpligtend

3.4 Pinksteronderwerpe - Kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:
Die Sinode besluit dat die jaarlikse reeks Pinksterboodskappe nie alleen in "Die Boodskapper" geplaas word nie, maar dat daar ook vroegtydig 'n kopie van dié reeks aan gemeentes gestuur word sodat voorgangers wat daarvan gebruik wil maak, genoeg tyd kan hê om voor te berei.
(Ds AP Viljoen; Oudl. GJ van Jaarsveld)

3.5 Handleiding - Kennis geneem.

3.6 Vorige Sinodale Besluite:

3.6.1 Klank- en Videobande - Kennis geneem

3.6.2 Handleiding vir kerkrade en kerklike administrasie - Kennis geneem.

3.6.3 Hulp aan predikantlose gemeentes - Kennis geneem. Vervang "predikantlose" met "vakante"

4. <u>Beskrywingspunte</u>

4.1 Kategismus-preekbundel - Kennis geneem.

4.1.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Dat die versoek van die Ring aan die Sinode voorgelê sal word om te verneem of daar nie iemand is wat bereid sal wees om so 'n taak te onderneem nie.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

1. **Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Gemeentelike Bediening op:**

   1. **om 'n Kategismus-preekbundel te beplan;**
   2. **om kursusse vir die geestelike opbou van die gemeente te beplan;**
   3. **om onderwerpe vir hierdie bundel aan verskillende leraars toe te wys;**
   4. **om hierdie bundel so spoedig moontlik te publiseer.**

2. **Die Sinode versoek leraars wat die skryf van hierdie onderwerpe kan behartig, om dadelik met die Kommissie vir Gemeentelike Bediening te skakel.**
   (Ds LD Pienaar; Ds AS van Jaarsveld)

4.2 Toerusting van lidmate - Kennis geneem.

4.2.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Dat op die Sinode 'n versoek gerig sal word dat persone wat kursusse vir die geestelike opbou van die gemeente kan skrywe, hulle name aan die Kommissie sal voorsien.

4.3 Statistiekbladsy in die Ringsverslag - Kennis geneem.

Aanbeveling van die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap bl. 386. Goedgekeur met byvoeging "en verwys dit na die Ringe":

Die Sinode besluit om te volstaan met Bep. 36.7 en 8 en verwys dit na die Ringe.

4.4 Een kommissie - Kennis geneem.

4.4.1 Aanbeveling - Kennis geneem.

4.5 Bidure - Kennis geneem.

4.5.1 Aanbeveling - Afgehandel.

4.6 Huwelike - Kennis geneem.

4.6.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode besluit om in die lig van Bep. 36.8 die saak na die Ringe te verwys.

4.7 Herderlike werk - Kennis geneem.

4.7.1 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die volgende voorstel word goedgekeur:
Kerkrade word deur die eerwaarde Sinode (26/27 Oktober 1990) in liefde versoek om hulle leraars geleentheid te gee om gereeld aan die kerkraad verslag te doen soos dit voorkom in die verslag van die Permanente Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap aan die eerwaarde Sinode (p. 387 art. 4.7).
(MJ Cornelius; CA Blofield)

Beswaar oudl. Jac F du Plessis:

"Teken asseblief my beswaar teen 4.7 'Herderlike werk' aan. Oorlading van predikante en swak kerkrade."

5. Kennis geneem.

6. Kennis geneem.

Dank word betuig vir die verslag in geheel.

Prof WJG Lubbe neem weer die Voorsitterstoel in en doen enkele afkondigings.

20. **PERSONEELVERANDERING**

Cornelia:	Oudl. Petrus Jacobus Hugo verskyn vir die eerste keer.
Ventersdorp:	Oudl. Albertus van Zyl
Delmas:	Diak. Derick Christo Leon Beukes
Moot-Sentraal:	Oudl. Johannes Nicolaas Brown
Rustenburg:	Ds. Andries Dewaldt Jacobs
Sanddrif:	Diak. Ferdinand Hartzenberg
Kempton Park:	Oudl. Johannes Stephanus le Roux

Verjaardag:

Oudl. S Fourie van Lydenburg "is vandag 69 jaar jonk". Hy word gelukgewens met sy verjaardag.

21. **VERSLAG VAN DIE KKS WORD IN BEHANDELING GENEEM. (BL. 237)**

10. Ondertekeningsformulier

10.1 Kennis geneem.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit:

1. Die KKS stuur 'n omsendbrief aan alle leraars van die APK, bring die stukke in die huidige agenda i/s die ondertekenings-formulier vir predikante daarin onder aandag, vra kommentaar binne 30 dae daarop, en berei 'n ondertekeningsformulier na aanleiding van dié kommentaar voor vir voorlegging en finale goedkeuring deur die volgende Sinode, asook 'n voorstel vir ondertekening deur elke predikant van die APK.
(MC Adendorff; WJG Lubbe)

10.2 KKS: Bylae 2 - Kennis geneem.

10.3 tot 10.3.2 Aanbeveling van KKS - Kennis geneem.

11. Aanbeveling t.o.v art. 13.2 van die KO - Afgehandel.

12. Advies van PKKEN insake karakter van die APK - Afgehandel.

13. Brief van losmaking

13.1 Toepaslike dokumentasie - Kennis geneem.

1. Die Kommissie beveel aan dat punt 3 van Bylae 1 in die KO-boekie, p. 34 gewysig word van:

"Die Sinode besluit:

3. dat 'n leesdiens in die AP kerke (gemeentes) waargeneem mag word deur enige bevoegde manlike lidmaat van 'n AP kerk (gemeente) wat deur die plaaslike kerkraad daartoe versoek word, in welke geval hy gebruik moet maak van 'n preekbundel wat amptelik deur die SKK goedgekeur is, of van 'n geskrewe preek van 'n leraar van 'n AP kerk (gemeente)"

na:

"Die Sinode besluit

3. dat 'n leesdiens in 'n AP kerk (gemeente) waargeneem mag word deur enige bevoegde manlike lidmaat van daardie betrokke plaaslike AP kerk (gemeente) self wat deur die plaaslike kerkraad daartoe versoek word ..." (verder presies soos die bestaande besluit lui).

2. Motivering

2.1 Die voorgestelde wysiging beteken dat 'n manlike lidmaat op versoek van sy eie kerkraad net in die gemeente waar hy lidmaat is, 'n leesdiens mag hou. Geen lidmaat (ongeag of hy 'n kerkraadslid is of nie) mag in 'n ander gemeente 'n leesdiens hou nie, selfs al versoek die kerkraad van die ander gemeente hom om dit te doen. 'n Kerkraad mag dus nie 'n lidmaat van 'n ander gemeente versoek om 'n leesdiens te kom hou nie.

2.2 Indien 'n lidmaat van 'n ander gemeente 'n leesdiens hou en op 'n wyse sou optree wat tugstappe verg, kan dit baie problematies wees. Daarteenoor het die kerkraad volle tugmag ingevolge Art. 55.1 (1989 KO) oor sy eie belydende lidmate.

3. Verdere aanbeveling

Die Kommissie beveel aan dat bogemelde motivering ook in die Notule opgeneem word.

Geteken: Prof R Marè, Prof FAH van Staden, Ds IA Brink.

22. **VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS M1**

Voorgedra deur oudl. JPT Simpson.

1. Vir kennisname

1.1 Kennis geneem.

1.2 Sake wat onder die kommissie se aandag gebring is - Kennis geneem.

2. Bespreking van onderwerpe en aanbevelings

2.1.1 Onderwysmodelle - Kennis geneem.

2.1.2 Aanbevelings

1 tot 4 - Goedgekeur:

Die Tydelike Kommissie beveel by die Sinode aan dat hierdie aangeleentheid verwys word na die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding met die volgende opdragte:

1. dat hierdie hele aangeleentheid dringend en deeglik ondersoek moet word met die oog daarop om te verseker dat die onderwys van die blanke Afrikanerkind te alle tye Christelike volkseie onderwys sal bly;

2. indien dit vir die Permanente Kommissie van Onderwys en Opvoeding duidelik sou wees dat die Christelike volkseie onderwys van ons kinders in die gedrag kom, dra die Sinode dit aan hierdie Kommissie op om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die daarstelling van AP Kerkskole. By sodanige ondersoek word aanbeveel dat kundige lidmate van ons Kerk gekoöpteer word, en

3. indien dit nie wenslik/haalbaar blyk te wees nie, word hierdie Kommissie opgedra om die moontlikheid van samewerking te ondersoek met ander instansies wat dieselfde doelstellings as die AP Kerk nastreef en wat vir die Kerk aanvaarbaar is.

4. Die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding moet aan die volgende Sinode aanbevelings vir oorweging voorlê.

(Die Tydelike Kommissie beskou hierdie saak as uiters spoedeisend, en vra dat die Permanente Kommissie vir Opvoeding en Onderwys onmiddellik aandag aan hierdie saak sal gee.)

2.2 Seksvoorligting

2.2.1 Kennis geneem.

2.2.2 Aanbevelings goedgekeur:

Die Sinode dra hierdie ontstellende verskynsel aan die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding op vir verdere ondersoek met die opdrag dat die volgende Sinode van advies bedien sal word ten opsigte van moontlike optrede deur die Sinode.

2.3 Satanisme in skole

2.3.1 Kennis geneem.

2.3.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode dra dit aan die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding op om hierdie beweerde verskynsel - sover prakties uitvoerbaar - in oorleg met die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme en die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig te ondersoek en aan die volgende Sinode daaroor verslag te doen.

2.4 Tonele op televisie

2.4.1 Kennis geneem.

2.4.2 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode versoek dat lidmate wat wel van hierdie betaalkanaal (MNET) gebruik maak, streng toesig en beheer sal uitoefen oor daardie programme waaraan ons jong kinders blootgestel word.

2.5 Privaatskool Moria

2.5.1 Kennis geneem. (Vroeër afgehandel)

2.5.2 Gewysigd goedgekeur: **"Die Sinode bring die behoefte aan finansiële bystand aan die AP Kerkskool Moria onder aandag van alle kerkrade".**

3. Kennis geneem.

Dank vir die verslag in geheel.

Die vergadering verdaag om 10:00 vir tee.

Die Sinode hervat sy werksaamhede om 10:30 en enkele afkondigings word gedoen.

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. Huisvesting vir jongmense:

Die Sinode versoek die Permanente Jeugkommissie om

(i) die behoefte en
(ii) die praktiese uitvoerbaarheid te ondersoek ten opsigte van huisvesting vir ons kerk se jeug in die groter sentra van ons land.

Motivering:

Met die oopstel van al die koshuise by Universiteite, Kolleges en Technikons raak blyplek vir ons Kerk se jeug in die stede 'n groter probleem.
(Ds AP Viljoen; Ds PK Roodt)

2. Voorstel Cullinan-Rayton

Dat geloofsbriewe vir die Sinode in die toekoms met die volgende byvoeging aan gemeentes voorsien sal word:

"Afgevaardigdes na die Sinode moet kennis neem dat hulle die volle duur van die sitting teenwoordig moet wees indien moontlik en dat verlof alleenlik in ernstige gevalle toegestaan sal word."
(JN de Wet; JJ Prinsloo)

Die volgende mosie word goedgekeur:

Die Sinode van die APK, in sitting te Pretoria op 26 en 27 Oktober 1990 het kennis geneem van besluite en uitsprake van die NG Kerk se pas afgelope Algemene Sinode in Bloemfontein. Op die besluite en uitsprake sal ter geleëner tyd behoorlik geantwoord word. Sover is minstens die volgende reeds duidelik:

1. dat die NG Kerk se topstruktuur, die liberalisme al meer omarm, ongeag leerverskille, en die behoudende al meer afstoot, ondanks leerooreenkomste;

2. dat die NG Kerk homself al meer politiek-gedienstig betoon in sy onverbloemde ywer om die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika ter wille te wees;

3. dat honderdduisende behoudende lidmate van die NG Kerk die magtelose slagoffers geword het van hulle Kerk se liberale Sinodale vergaderings.

23. **EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES B1**

Ds AJ Taute dra die verslag voor.

1. Konstituering - Kennis geneem.

2. Lasgewing

2.1 tot 2.8 - Goedgekeur:

Die Kommissie

2.1 pas begrotingsbeheer oor die finansies van sinodes (insluitende kommissies van sinodes) toe;

2.2 neem kennis van maandelikse inbetalings van gemeentes;

2.3 lê aan elke sinode 'n begroting voor met inagneming van sinodale inkomste en uitgawes sedert die vorige sinode;

2.4 adviseer die BRKA, SKK en Kuratorium t.o.v. die besteding van hul sinodale fondse;

2.5 lewer finansiële advies aan ringe en kerkrade wanneer ringe en kerkrade daarom vra;

2.6 gaan die geouditeerde finansiële state t.o.v. die BRKA na en adviseer sinodes in dier voege;

2.7 gaan besteding deur alle permanente kommissies na en wys alle oorbesteding uit. Die FK rapporteer hieroor aan die eersvolgende Sinode;

2.8 verleen advies aan alle permanente kommissies sodat uitgawes aangepas word by inkomste.

2.9 Kennis geneem.

2.10 tot 2.13 goedgekeur:

2.10 Beplan en implementeer dokumentasie wat nodig is vir die vlot hantering van sinodale fondse;

2.11 adviseer die Sinode t.o.v. riglyne vir sinodale begrotings (kyk besluite van Sinode van 1988);

2.12 hersien jaarliks die traktementskaal van predikante; dit word as riglyn aan gemeentes deurgegee;

2.13 besin van tyd tot tyd oor reiskostetariewe. Die Kommissie besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade;

2.14 Kennis geneem.

2.15 Goedgekeur:

Beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die FK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3. Name aanbeveel vir FK - Kennis geneem.

Afgehandel met dank aan die Kommissie.

24. **TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES B2**

1. Opdragte - Kennis geneem.

2. Aanbevelings

2.1 Goedgekeur:

Die Sinode gee opdrag aan elke ad hoc-kommissie om so gou moontlik 'n begroting aan die BRKA voor te lê wat dit na die FK verwys. Vir die behoeftes van hierdie ad hoc-kommissies sal dan volgende jaar begroot word vir die tekort wat op die huidige sal ontstaan.

2.2 Goedgekeur:

Die Sinode herbevestig die besluit van die Sinode 1987 wat as riglyn geld dat uitgawes aangepas word by beskikbare inkomste.

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

25. **TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG C2**

Ds AP Viljoen lê die verslag voor.

1. Lasgewings

1.1 Aanbeveling goedgekeur soos aanbeveel deur PKKEN:

Die Kommissie

3.2.10.1 is verantwoordelik vir die opstel van handboeke vir verbondsonderrig;

3.2.10.2 adviseer kerkrade via sinodes t.o.v. registers, kaartstelsels en diplomas wat by verbondsonderrig gebruik kan word; ook t.o.v. toerusting van verbondsonderrig-onderwysers, handleidings vir onderwysers, ens.; (*)

3.2.10.3 sorg vir die opstel van belydenisafleggingskaarte, verbondsonderrigdiplomas, -registers, -kaarte, -seëls, ens. wat kerkrade mag benodig;

3.2.10.4 adviseer sinodes op versoek van kerkrade t.o.v. gemeenskaplike aangeleenthede; (*)

3.2.10.5 voorsien die SKK van wenke m.b.t. vrae oor die jeug wat in die gemeentelike verslagvorm opgeneem kan word;

3.2.10.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.
(*) 3.2.10.2 en 3.2.10.4 is adviese en moet nie as voorskrifte beskou word nie.

2. <u>Verjaardagkaartjies</u>

2.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

Verwys na die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vir afhandeling.

26 VERSLAG VAN DIE SKK - VERVOLG (BLADSY 16 VAN AGENDA)

Prof WJG Lubbe lê die verslag voor.

3.9.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om so spoedig hulle daartoe in staat is, oor te gaan tot die beroeping van 'n leraar. Indien 'n gemeente nie finansieel daartoe in staat is om selfstandig te beroep nie, kan een van drie weë gevolg word:

(a) beroeping van 'n leraar met beperkte opdrag (en gevolglik ooreenstemmende beperkte traktement)
(b) beroeping van 'n leraar in kombinasie of volgens diensooreenkoms met ander gemeentes
(c) indien bogenoemde moontlikhede nie prakties uitvoerbaar is nie, kan by die SKK om geldelike hulp aangeklop word, wat die aansoek onder bepaalde voorwaardes sal oorweeg.

3.9.2 **Aanbeveling goedgekeur:**

Die Sinode doen 'n dringende beroep op kerkrade om leraars omvattend te vergoed volgens die riglyne verskaf deur die Finansiële Kommissies van die Sinode.

3.9.3 **Aanbeveling - Kennis geneem.**

3.10 Interkerklike verhoudinge - Kennis geneem.

3.11 Publikasies

3.11.1 Kennis geneem

3.11.2 Kennis geneem

LASGEWING VIR REDAKSIE VAN "DIE BOODSKAPPER" BL. 271

3.2.17.1 tot 3.2.17.4 - Goedgekeur:

Die Kommissie is verantwoordelik vir

3.2.17.1 die gereelde verskyning van "Die Boodskapper";

3.2.17.2 die insameling, keuring en plasing van leesstof;

3.2.17.3 werwing van adverteerders om so die koste te besnoei;

3.2.17.4 werwing van intekenaars, met die ideaal dat by elke besoekpunt in elke gemeente 'n "Boodskapper" besorg word;

3.2.17.5 - Goedgekeur met byvoeging van: "en andere soos die redaksie besluit":

versending van eksemplare aan die kerkkantoor van die Gereformeerde Kerke, Hervormde Kerk en NGK, aan ons eie argief en aan strategiese punte in die beskermingsdienste en andere soos die redaksie besluit.

3.2.17.6 **Goedgekeur:**

Uitvoer van ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee en beskou sodanige opdragte as deel van hierdie lasgewing.

Aanbevelings (Bl. 18)

5.1 Goedgekeur:

tot "Die Boodskapper".

5.2 Goedgekeur:

Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade wie se intekengeld/bydrae agterstallig is om dit so gou moontlik aan te suiwer.

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Sakebestuurder - "Die Boodskapper"

Die BRKA/SKK word vriendelik versoek om die instelling van 'n amp van Sakebestuurder te oorweeg ten einde die Redaksie van "Die Boodskapper" by te staan om dit op 'n gesonde besigheidsbasis te plaas.
(Oudl. MJ Cornelius; Handtekening van sekondant onleesbaar)

5.3 Goedgekeur:

Die Sinode versoek kerkrade en ander intekenare vriendelik om die tydperk van intekening op "Die Boodskapper" te laat saamval met die boekjaar van die APK, naamlik van 1 Januarie tot 31 Desember.

6. Kennis geneem.

6.1 Goedgekeur:

Die Sinode boekstaaf sy waardering vir kostelose maar kosbare medewerking van lidmate om die inhoud van "Die Boodskapper" so verrykend en verheffend moontlik te maak.

7. Kennis geneem.

3.11.3 Kerkjaarboek - Kennis geneem.

3.11.4 Argivalia - Kennis geneem.

3.11.5 "Ontmoet die APK" - Kennis geneem.

3.11.6 Handelinge van die Derde Sinode - Kennis geneem.

3.11.7 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor diaken PR Roodt vir sy offervaardigheid in verband met die druk en bind van die sinodestukke.

3.12 Verootmoediging - Kennis geneem.

3.13 Gesprek met die Staatspresident - Kennis geneem.

3.14 Registrasie as Welsynsorganisasie - Kennis geneem.

3.15 Gesprek met Afrikaanse Gereformeerde Bond - Kennis geneem.

3.16 Privaatskool Moria te Outjo - Kennis geneem.

3.16.1 Afgehandel.

3.17 Besoeke aan Parlementariërs - Kennis geneem.

3.18 Verteenwoordiging op streeksrade van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap - Afgehandel.

3.18.1 tot 3.18.2 - Afgehandel.

3.18.3 Kennis geneem. Die volgende voorstel word na die SKK verwys:

Die terme "waak dat verteenwoordigers van die Gideons gemeentes toespreek met die doel dat APK lidmate fondse vir Bybelverspreiding via Gideons kanaliseer". Die stelling is teen die gees en doelstelling van Gideon bediening:

1. Elke sent aan Gideons geskenk, word Bybels mee gekoop.

2. Gideons versprei Bybels in hospitale, hotelle, skole, ens. waar dit onmoontlik is vir Kerke sonder implikasies.

3. Gideons is <u>nie</u> in opposisie met Bybelgenootskap nie - ons werk met hulle saam aangesien ons Bybelvoorsiening van hulle afhanklik is.

4. Gideons behoort die kans gegun te word om aan hulle gemeentes te rapporteer van hulle bedrywighede - aangesien ons gemeentelike ondersteuning nodig het, veral t.o.v. gebed en gesindheid.

5. Ons is nie 'n geheime organisasie nie!!

6. Ons verkondig geen dogma nie!!

Verdere inligting kan van mnr Christo de Vries van die Gideon hoofkantoor te Nicholsonstraat Pretoria gekry word.

NS Die Gideons het nog net altyd die goeie gesindheid van erkende Protestantse Kerke gesoek.
(DG van der Merwe)

3.18.4 Afgehandel.

3.19 Redaksie vir die Teologiese Blad - Kennis geneem.

3.20 Waarnemer op SERKOS - Kennis geneem.

3.21 Vaalterreinkommissie - Kennis geneem.

3.21.1 Aanbeveling - Goedgekeur:

Die Sinode neem die Vaalterreinkommissie in behandeling

27. VERSLAG VAALTERREINKOMMISSIE BL. 46

1. Opdragte - Kennis geneem.

2. Werksaamhede - Kennis geneem.

3. Aanbevelings - 3.1 - 3.7 met enkele wysigings goedgekeur soos volg:

Die Sinode besluit:

3.1 dat voorkeur gegee word aan die oprigting van 'n konferensiesentrum met die nodige eetgeriewe en huisvesting;

3.2 dat die VBK twee voorleggings vir die konferensiesentrums en die nodige geriewe aan 'n volgende Sinode moet maak, een wat voorsiening maak vir 1000 mense en een vir 2000 mense;

3.3 dat die VBK steeds die samewerking van die APK Graniet en APK Parys sal soek t.o.v. die benutting van geriewe oor en weer;

3.4 dat die VBK 'n voorlegging aan 'n Sinode moet maak t.o.v. die totale beraamde koste, oprigting en bedryf, t.o.v. die konferensiesentrums. Die Finansiële Kommissie moet hierin saamwerk en hulle wenke en moontlike wyses van finansiering ook voorlê;

3.5 dat die samewerking van AP kerke gesoek word deurdat hulle hul eie huise op die terrein kan oprig;

3.6 dat die VBK bestaan uit 5 lede deur die BRKA benoem met afgevaardigdes van APK Graniet en APK

Parys. Die Kommissie besit die reg om kundiges op 'n ad hoc-basis te koöpteer;

3.7 dat die VBK kan voortgaan met die beplanning in ooreenstemming met vorige Sinodebesluite;

3.8 Paslike naam - Kennis geneem.

4. Kennis geneem.

5. Lede - Kennis geneem.

6. Begroting - Kennis geneem.

28. SKK VERSLAG BL. 24

3.22 Kommissie vir Bybelvertaling : Bykomende lede

Kennis geneem.

3.23 Korrespondensie met kerkrade - Kennis geneem.

3.23.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode versoek leraars, skribas en kerkrade om erns te maak met korrespondensie vanuit die Sentrale Kerkkantoor, in belang van die orde wat behoort te heers in ons kerklike administrasie as deel van Gods Koninkryk.

3.24 Moontlike Sinodesitting te Potchefstroom - Kennis geneem.

3.25 Gesprek tussen SKK, KKS en Vroue-aksie - Afgehandel.

3.25.1 Aanbeveling - Afgehandel.

3.26 Beswaar teen Sinodebesluit oor Chiliasme - Afgehandel.

3.27 Radio en Televisie - Kennis geneem.

4. KOMMENTAAR OP LASGEWING - Kennis geneem.

Punt 9 word saam met punt 8.1 op bl. 250 in behandeling geneem - Laasgenoemde aanbeveling word nie goedgekeur nie.

Die volgende amendement word goedgekeur:

Punt 9 op bl. 28 en punt 8.1 op bl. 250 word terugverwys na die SKK en die Kuratorium om 'n gesamentlike voorstel vir die volgende Sinode voor te berei, en intussen word die status quo gehandhaaf.

4.1 Aanbeveling - Goedgekeur met inagneming van bogenoemde amendement:

Die Sinode keur die lasgewing finaal goed met die volgende wysigings, en met dien verstande dat verdere opdragte bygevoeg kan word ooreenkomstig punt 18 van die lasgewing:

4.1.1 Goedgekeur: Wysig punt 11 soos volg:

"stel 'n redakteur aan met 'n diensooreenkoms en wys jaarliks 'n redaksie vir "Die Boodskapper" aan; die redaksie werk onder toesig van die SKK."

4.1.2 Goedgekeur:

Skrap punt 14.3, en pas die numerering daarná aan.

4.1.3 Goedgekeur:

Wysig punt 15 om so te lui: "die Dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling en as publikasiekomitee".

4.1.4 Goedgekeur:

Verander "artikel 57.5" in punt 16 na "artikel 56.5"

Die lasgewing lui dus nou so:

"Die SKK -

1. stel 'n dagbestuur saam;

2. bepaal die tyd en plek van die volgende Sinode van die APK en roep die Sinode betyds op;

3. beveel by elke Sinode die tydsduur van die Sinode aan;

4. stel die konsepsakelys vir die volgende Sinode op;

5. tref alle praktiese reëlings vir die hou van 'n Sinode, bv. die reëlings van verblyf en etes van afgevaardigdes;

6. ontvang geloofsbriewe van afgevaardigdes na 'n Sinode en rapporteer ter vergadering daaroor;

7. dra verantwoordelikheid vir die publiseer en verspreiding van die handelinge van die Sinodes;

8. gaan die statistiek van ringe na (soos jaarliks na die Argief deurgestuur) en rapporteer globaal daaroor aan elke Sinode;

9. oorweeg aansoeke van persone wat predikante in die APK wil word, en wat tydens aansoek bedienaar van die Woord in ander kerkverband is; 'n persoon wat so toegelaat word, kan deur die SKK in reisende diens in die kerke in kerkverband gebruik word - in sodanige geval ontvang die persoon sy opdragte van die SKK en word hy deur laasgenoemde getrakteer totdat hy 'n beroep aanvaar (lees hiermee saam die besluite oor reisende leraars);

10. dien as skakel ten opsigte van interkerklike verhoudinge, maar voer in die hoedanigheid slegs Sinodebesluite uit; alleen 'n Sinode kan besluit of daar enger korrespondensie met 'n ander kerkverband mag bestaan;

11. stel 'n redakteur aan met 'n diensooreenkoms en wys jaarliks 'n redaksie vir "Die Boodskapper" aan; die redaksie werk onder toesig van die SKK;

12. doen aanbevelings aan kerkrade ten opsigte van nasionale dae van verootmoediging;

13. stel jaarliks 'n gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing deur ringe op asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe;

14. hanteer alle voorkomende sake wat nie op die terrein van enige ander permanente kommissie val nie, en ook nie hierbo gedek is nie. Die hantering geskied egter altyd met inagneming van die volgende:

14.1 sake wat by 'n plaaslike kerk alleen tuishoort, word nie behandel nie;

14.2 sake wat by 'n ring tuishoort, word daarheen verwys;

14.3 oor kontensieuse sake word geen besluite geneem nie, maar dit word na die volgende Sinode verwys;

15. die Dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling en as Publikasiekomitee;

16. behartig skakeling namens Sinodes met die owerheid ooreenkomstig Kerkorde artikel 56.5;

17. behartig interkerklike verhoudinge;

18. beskou ad hoc-opdragte wat Sinodes van tyd tot tyd aan die SKK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

4.2 (moet wees 4.1.5) - Kennis geneem.

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

1. Wysig 4.1.5 op bl. 29

Die Sinode besluit dat alle beswaarskrifte (gravamina) teen sinodebesluite, asook appèlle teen besluite van kerkrade en/of ringe (wat ingedien word ná die sluitingsdatum vir stukke wat in die sakelys van die sinode opgeneem moet word), net aan die SKK gerig moet word ... (verder soos tans geformuleer).
(Prof. FAH van Staden; Ds JA du Plessis)

2. Voorstel aansluitend by bl. 27 punt 4: Lasgewing

Konsepsakelys deur SKK
Die Sinode besluit dat die SKK in die uitvoering van die lasgewing t.o.v. konsepsakelys sal toesien dat die omvang van die sakelys sodanig sal wees dat dit afhandelbaar is in die tyd wat die sinode daarvoor bepaal het.
(Dr CI van Heerden; JJ Brits)

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode neem Bylae SKK 7 in behandeling.

7. BYLAE SKK7 BESKRYWINGSPUNTE - BL. 69

1. APK Jaarboek
1.1 - 1.2 - Kennis geneem.

1.3 Aanbevelings van SKK
1.3.1 Goedgekeur:

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit

1.3.2 Versoek aan samestellers van Dagstukkies - Goedgekeur:

Die Sinode versoek samestellers van Dagstukkies om al hulle stof eenvoudig en duidelik in te klee (op St. 8 vlak).

2. "Ontmoet die APK"

2.1 Kennis geneem.

2.2 Aanbeveling van SKK goedgekeur:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed:

Die Ring spreek sy dank en waardering uit teenoor die opstellers van die publikasie "Ontmoet die APK" wat in opdrag van die Sinode van 1989 saamgestel is. Die Sinode word egter versoek om, wanneer "Ontmoet die APK" hersien en herdruk sal word, die amptelike Sendingbeleid van ons Kerk meer volledig daarin toe te lig en uiteen te sit sodat lesers 'n duidelike en ware beeld kan kry van hierdie belangrike saak waaroor ons Kerk dikwels kras aangeval en veroordeel word.

3. Vorm vir aansoek om lidmaatskap

3.1 Kennis geneem met die volgende wenke: in punt 3 op bl. 72 moet APK se naam i.p.v "gemeente" ingevoeg word; in punt 6 moet "sy" met klein letter geskryf word.

3.2 Aanbevelings van SKK

3.2.1 Goedgekeur:

Die Sinode keur die vorm goed as 'n bruikbare vorm.

3.2.2 Goedgekeur:

Die Sinode gee opdrag aan die Permanente Argiefkommissie om 'n standaardvorm vir aansoek om lidmaatskap op te stel en 'n voorbeeld aan elke gemeente te stuur vir gebruik na goedvinde.

4. Preekbeurte vir APK by SAUK

4.1 Kennis geneem.

3.7.1 Afrikaanse Reformatoriese Kerk - Goedgekeur:

Die Sinode erken die Afrikaanse Reformatoriese Kerk as volwaardige Kerk van Christus met gereformeerde belydenisgrondslag.

3.7.2 Tersaaklike dokumente: Afrikaanse Reformatoriese Kerk - Goedgekeur:

Die Sinode erken die doop, sertifikate, attestate en ander tersaaklike dokumente van die Afrikaanse Reformatoriese Kerk.

3.7.3 Kanselruiling - Goedgekeur:

Die Sinode keur dit goed dat kanselruiling tussen leraars van die APK en die ARK kan plaasvind waar kerkrade dit verlang. Dit behels 'n uitbreiding van Sinodebesluit punt 1.3 en 1.4 soos opgeneem in bylae 1, bl. 33 van die Kerkorde.

3.7.4 Groeteboodskap van Afrikaanse Reformatoriese Kerk - Goedgekeur:

Die Sinode keur die uitnodiging wat die Dagbestuur aan die ARK gerig het om 'n groeteboodskap oor te dra, goed.

3.7.5 Groeteboodskap - uitnodiging aan ander erkende Afrikaanse Kerke - Goedgekeur:

Die Sinode besluit dat ander erkende Afrikaanse Kerke ook voortaan van sinodesittings van die APK in kennis gestel en genooi word om 'n groeteboodskap oor te dra.

3.8 Onderhandeling i.v.m. uitsaaigeleenthede

3.8.1 Kommissie vir Radio en TV uitsendings - Goedgekeur na enkele wysigings soos volg:

Die Sinode benoem 'n kommissie vir Radio en TV uitsendings met opdrag o.m. die volgende take:

3.8.1.1 Skakeling met SAUK/TV, Radiokansel en indien nodig ander instansies ten einde die beste uitsaaigeleenthede vir die APK te beding.

3.8.1.2 Verdere ondersoek na die daarstelling van 'n produksiehuis om eie klank- en videokassette met Godsdiensprogramme te vervaardig, wat ook privaat versprei kan word.

3.8.1.3 Die keuring van 'n paneel leraars wat aan Radiokansel voorgelê word met die oog op deelname aan Godsdiensprogramme van Radiokansel.

Die Sinode dra die verantwoordelikheid vir bogemelde take aan die SKK op.

Hiermee het die Sinode sy werksaamhede afgehandel.

30. **BEDANKINGS**

Die Voorsitter spreek 'n dankwoord aan alle afgevaardigdes vir teenwoordigheid en samewerking. 'n Bedanking aan Musica vir die orrel en ons orreliste, mev Rona Cloete. Dank aan die RGN-personeel vir hulle hulp. Ook aan die gashere en vroue vir hulle hulp.

Ook ons dank aan die verkeersafdeling van Pretoria - dit moet per skrywe opgevolg word.

31. **AFSLUITING**

Die Skriba, ds MC Adendorff sluit af deur Open. 2 : 1 - 7 te lees, Gesang 5 al die verse te laat sing en 'n gebed te doen.
Die Sinode verdaag om 13:00.

GOEDGEKEUR EN GETEKEN TE PRETORIA OP 1990

....

VOORSITTER SKRIBA

BYLAE A

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

4DE SINODE - 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

PRESENSIELYS VOLGENS ALFABETIESE LYS VAN GEMEENTES

("T" DUI TEENWOORDIGHEID AAN BY KONSTITUERING)

A B E R D E E N

Geen afgevaardigdes

A L B E R T O N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	WILLEM HENDRIK SCHOLTZ	
Sekundus	ANDRIES ABRAHAM STRUWIG	T
DIAKEN		
Primarius	PETRUS JOHANNES UYS	T
Sekundus	HENDRIK STEYN EKSTEEN	

A L F A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MICHAEL JOHAN CHRISTIAAN MEIRING	T
Sekundus	JACOBUS STEFANUS JOHANNES PIENAAR	
DIAKEN		
Primarius	LEON HATTINGH	T
Sekundus	JACOBUS STEFANUS JOHANNES VAN DER MERWE	

A L G O A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ZACHARIAS JANSE VAN RENSBURG	T
Sekundus	PETRUS WAGENER	
Primarius	ANDRIES STRAUSS	T
Sekundus	IZAK VAN NIEKERK	

A R N O T / H E N D R I N A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ABRAHAM IZAK VAN WYK	T

B A L F O U R

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	DANIëL MARAIS	

B A R B E R T O N

B A R K L Y - O O S

Geen afgevaardigdes.

B A R K L Y - W E S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ANDRIES GUSTAV STEPHANUS GOUS	T
Sekundus	JOSEF MARKUS KUHN	
Primarius	JACOBUS PHILIPPUS SNYMAN	T
Sekundus	JOHANNES HENDRIK SNYMAN	

B E A U F O R T - W E S

Geen afgevaardigdes.

B E L F A S T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JAN WILLEM STROEBEL	T
Sekundus	JOHANNES PETRUS NEL	
DIAKEN		
Primarius	SALOMON PETRUS BOTHA	T
Sekundus	DANIëL SOLOMON VAN WYK	

B E N O N I

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	LOURENS DANIëL JOHANNES NEL	T
Sekundus		
Primarius	JOHANNES PETRUS SWART	T
Sekundus		

B E T H L E H E M

LERAAR	DS JOHANNES HERMANUS ENGELBRECHT	T
OUDERLING		
Primarius	BAREND JOHANNES MARTHINUS ROSSOUW	T
Sekundus	DR GERHARDUS CHRISTOFFEL ENGELBRECHT	
DIAKEN		
Primarius	JACOBUS JONKER MYNHARDT	T
Sekundus	ANDRIES JACOBUS GREYLING	

B I E S I E S V L E I

LERAAR	DS OLAF DANIëL SCHEUER	T
OUDERLING		
Primarius	PHILLIPUS JOHANNES LE ROUX	T
Sekundus	HENDRIK PETRUS SCHEEPERS	
DIAKEN		
Primarius	MARTHINUS IZIAS JANSE VAN RENSBURG	T
Sekundus	HENDRIK DAVID DE VILLIERS	

B L O E M F O N T E I N

LERAAR	DS JOHANNES NICOLAAS JOUBERT	T
OUDERLING		
Primarius	DIRK JOHANNES UYS	T
Primarius	JACOBUS HENDRIK TRüTER	T

B L O E M F O N T E I N - N O O R D

LERAAR	DS JOHANNES ANTONIE CHRISTOFFEL ERASMUS	(T)
OUDERLING		
Primarius	OSCAR ANDREW CARLSON	T
Sekundus	ARNOLDUS STEPHANUS VAN DER NEST	
Primarius	DANIëL PETRUS JACOBUS BOTES	T
Sekundus	REGINALD JOUBERT FERREIRA	

B L O E M H O F

OUDERLING		
Primarius	PIETER HERMIAS CORNELIUS LABUSCHAGNé	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	DR DIRK PETRUS NIEUWOUDT	T
Sekundus		

B O K S B U R G

LERAAR	DS PAULUS KRUGER ROODT	T
OUDERLING		
Primarius	FREDERIK JACOBUS FOUCHé	
Sekundus	JOHANNES WESSELS HENDRIK JURGENS MOOLMAN	T
Primarius	MARTIN FRANCIS KRUGER	T
Sekundus	EDUARD CHRISTIAAN LE ROUX	

B O N N I E V A L E

OUDERLING	PHILIPPUS PETRUS DU TOIT JORDAAN	T

B O S H O F

LERAAR	
OUDERLING	
Primarius	CHRISTIAAN DANIëL VAN DER WATT
Sekundus	PETRUS DANIëL VAN DER BERG

B O S R A N D

OUDERLING	ANDRIES FRANCOIS VON WIELLIGH

B O T H A V I L L E

LERAAR	DS JOHANNES HENDRIK THERON	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS JOHANNES BARNARD	T
Sekundus	ALWYN HERCULAS BARNARD	
DIAKEN		
Primarius	GABRIëL DANIëL ROUWENHORST	T
Sekundus	DAWID JOHANNES PRETORIUS KEYSER	

B R A K P A N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	GEORGE HERMANUS NELL	T
Sekundus	JACOBUS MARTINUS DEIGRASIA KLOPPERS	
Primarius	MARTHINUS WESSELS MARAIS	T
Sekundus	HERMANUS RICHARD LEMMER	

B R A N D F O R T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	WILSON VAN DYCK	
Sekundus	JASPER CHRISTOFFEL VAN DER LINDE	
Primarius		
Sekundus	LUKAS CORNELIUS PIETERSE	T
DIAKEN		
Primarius	ERASMUS PETRUS VERMAAK	T
Sekundus		

B R I T S

LERAAR	DS MARTHINUS PHILIPPUS TAUTE	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS FREDERIK DU PLESSIS	T
Sekundus	FRIEDRICH WILHELM ALEXANDER DANZFUSS	
Primarius	JOHANNES MARTHINUS LEACH	T
Sekundus	PIETER CHRISTIAN CALITZ	

B R I T S T O W N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES MARTHINUS JURGENS STEYN BADENHORST	T
Sekundus		
Primarius	RENIER ADRIAAN VAN WYK	
Sekundus	CORNELIS HENDRIK LOOTS	T
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	JACOBUS PETRUS SMITH	

B R O N K H O R S T S P R U I T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	EDWARD ARTHUR CLAASEN	T
Sekundus	CHARLIE ANTONIE KEYTER	

B U H R M A N N S D R I F

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ROBERT ERNEST BENSON	T
Sekundus	JACOB ARNOLDUS PIENAAR	T
DIAKEN		
Primarius	ANDRÉ LEWIS UECKERMANN	
Sekundus	JAN CHRISTOFFEL FOURIE	

B U L T F O N T E I N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	BAREND JACOBUS DE KLERK	T
Sekundus	MICHIEL ANDRIES BOTES	
DIAKEN		
Primarius	LUKAS CORNELIUS FREDERICK FOURIE	T
Sekundus	PHILIP RUDOLF BOTHA	



LERAAR	DS PETRUS BENJAMIN KOTZé	T
OUDERLING		
Primarius	RONALD PIETER BRANDT	T
Sekundus	HERCULES PETRUS DANIëL DU TOIT	
DIAKEN		
Primarius	JOHANN CHRISTIAAN KRUGER	
Sekundus	WYNAND FREDERICK STEYN	

C A R N A R V O N

Geen afgevaardigdes.

C A R O L I N A



LERAAR	DS IZAK ALDERT BR[illegible]K	T
OUDERLING		
Primarius	CORNELIUS CLOETE OOSTHUIZEN	T
Sekundus	MARTHINUS LOURENTIUS NEETHLING	
DIAKEN		
Primarius	WILLEM ABRAHAM EDWARDS	T
Sekundus	STEPHANUS ANDRIES KILIAN	

C H R I S T I A N A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	GERT ADRIAAN VAN DEVENTER	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	NICOLAAS ROSSOUW MALAN	T
Sekundus		

C L A N W I L L I A M

LERAAR	DS HENRY JOHN LIVERSAGE	
OUDERLING		
Primarius	GERRIT MCGREGOR VAN WYK	T
Primarius	BAREND JACOBUS LUBBE	T
DIAKEN		
Sekundus	EVERT GERHARD JOHANNES DE GRAAFF GENIS	
Sekundus	GERRIT JOHANNES VAN TAAK NIEUWOUDT	

C L O C O L A N

LERAAR	DS NICOLAAS JACOBUS GROENEWALD	T
OUDERLING		
Primarius	MARTHINUS THOMAS JACOBUS OOSTHUIZEN	T
Sekundus	PETRUS FRANCOIS PIETERSE	
Primarius	MATTHYS JOHANNES STRYDOM	T
Sekundus	STEFANUS FRANCOIS VAN NIEKERK	

D U N D E E / G L E N C O E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS JOHANNES ODENDAAL	
Sekundus	LOUIS JEZAIJES CRONJé	
Primarius	JACOBUS FRANCOIS BURGER STEYL	
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	WILLEM LOCK WHEELER	

E R M E L O

LERAAR	DS ADRIAAN STEFANUS VAN STADEN	T
OUDERLING		
Primarius	DENNIS WILLIAM LEESON	
Sekundus	PETRUS DANIëL KEMP	
Primarius	MARTHINUS VAN REENEN POTGIETER	T
Sekundus		

F I C K S B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES HENDRIK DU PLESSIS	T
Sekundus	JOHANNES CASPARUS DE VILLIERS	
Primarius		

F O C H V I L L E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MATHEUS JOHANNES DE VILLIERS	T
Sekundus	WILLEM JOHANNES DAVEL	
Primarius	WILLEM ABRAHAM VAN RENSBURG	
Sekundus	CHRISTIAAN JOHANNES BEAUW DE KLERK	

F O R T B E A U F O R T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	STEPHANUS WILLEM MALAN'	T
Sekundus		

F R A N K F O R T

LERAAR	DS JOHANNES DEWALD VAN DER MERWE	T
OUDERLING		
Primarius	IGNATIUS MICHAEL RAUTENBACH BIBBEY	
Sekundus	ANDRIES PETRUS GRAAFF	
Primarius	MATTHYS JOHANNES KOEN	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	JOZUA STEPHANUS JOUBERT	

F R A S E R B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MARTINUS LOURENS MALAN	T
Sekundus		

G E O R G E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	DAVID JACOBUS NELL	T
Sekundus	ERNST JACOBUS BRITZ	
Primarius	DIRK JACOBUS VISSER	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	PIETER FRANS VILJOEN	

G E R M I S T O N

LERAAR	DS JAN MARTHINUS CRONJé	T
OUDERLING		
Primarius	DANIëL MATHEE GELDENHUYS	
Sekundus		

G O R D O N I A

LERAAR	DS PHILIPPUS VAN RENSBURG	T
OUDERLING		
Primarius	GERT JOHANNES JACOBUS STADLER	T
Sekundus	MICHAEL NICOLAS BRONKHORST	
DIAKEN		
Primarius	JACOBUS JOHANNES DE WET STEYN	T
Sekundus	CORNELIUS JOHANNES VAN DEN BERG	

G O U D V E L D - S E N T R A A L / W E L K O M

LERAAR	DS REINIER WILLEM LOUW	T
OUDERLING		
Primarius	ESIAS RYNIER BLIGNAUT	T
Sekundus	JACOBUS CORNELIS VAN EDEN	
Primarius		
Sekundus	CHARL ANDRIES CILLIERS VAN DER MERWE	

G R A A F F - R E I N E T

Geen afgevaardigdes.

G R A N I E T

LERAAR	DS LOUIS HENDRIK JACOBS	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS HERCULAAS VAN DER MERWE	T
Sekundus	DIRK CORNELIS UYS	
DIAKEN		
Primarius	HERMANUS JOHANNES WESSELS	T
Sekundus	ANDRé STEENKAMP	

G R O B L E R S D A L

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES NICOLAAS RUDOLPH BEZUIDENHOUT	T
Sekundus	ANDRIES HERMANUS KOTZE	
Primarius	IZAK PETRUS CLAASSEN	T
Sekundus	DAWID JANSE VAN RENSBURG	

G R O B L E R S H O O P

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MATTHYS JOHANNES LOURENS	
Sekundus	HERMIAS HENDRIK SUTHERLAND	

G R O O T - M A R I C O

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	GERHARDUS JOHANNES HERCULES NEL	T
Sekundus	STEFANUS VAN DER MERWE HATTINGH	
Primarius	TOBIAS GEORG LOMBARD DE BEER	T
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	MARTIN STOLS	

G R O T E R - D U R B A N

LERAAR	DS COENRAAD JACOBUS JANSE VAN RENSBURG	T
OUDERLING		
Primarius	HERMANUS CHRISTOFFEL GRäBE BESTER	T
Sekundus	HENDRIK CHRISTIAAN JOHANNES GOUWS	
Sekundus	LOUIS ANDRé WIID	
DIAKEN		
Primarius	CHRISTIAAN JOHANNES BEZUIDENHOUT	T
Sekundus		

H A N O V E R

Geen afgevaardigdes

H A R R I S M I T H

LERAAR	DS JAMES JOHANNES JACOBUS ROODT	T
OUDERLING		
Primarius	DAVID JACOBUS VENTER	T
Sekundus	ALBERT VERMEULEN	
Primarius	GABRIël JACOBUS SWART	
Sekundus	STEPHANUS JOHANNES KAMFFER	

H A R T B E E S F O N T E I N

Geen afgevaardigdes.

H A R T B E E S P O O R T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	HENDRIK LOURENS FRANCOIS DE WET	
Sekundus	HENDRIK LOMBARTUS FOORD	
Primarius	OCKERT MACHIEL JANSEN VAN HEERDEN	
Sekundus	PETRUS JACOBUS SNYMAN	

H E I D E L B E R G

LERAAR	DS JOHANNES MEYER RHEEDER	T
OUDERLING		
Primarius	JAN HENDRIK HEYMANS	T
Sekundus	FLORIS SAREL VISSER	
Primarius	GERT JOHANNES BOOYSEN	T
Sekundus	STEPHANUS JOHANNES NEL	

H E I L B R O N

LERAAR	DS JAN JOHANNES VAN DER LINDE	T
OUDERLING		
Primarius	CHRISTOFFEL WILHELMUS LOMBARD	T
Sekundus	JAN CHRISTOFFEL ELS	
Primarius	NICOLAAS MARTHINUS JANSEN VAN RENSBURG	T
DIAKEN		
Sekundus	ANDREAS HAEFELE	

H E N N E N M A N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS LODEWIKUS DU PREEZ	T
Sekundus	JOHANNES HERMANUS ERASMUS	
DIAKEN		
Primarius	EUGENE FRANCOIS PIATER	
Sekundus	FERDINAND JOHANNES NEL	

H L U H L U W E

Geen afgevaardigdes.

H O E D S P R U I T

LERAAR	
OUDERLING	
Primarius	CHRISTIAAN EDUARD JOUBERT
Sekundus	PETRUS HERMANUS STEYN

H O ë V E L D R I F

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS HENDRIKUS VAN ANTWERPEN	T
Sekundus		
Primarius	PIETER JOHANNES SCHOLTZ	
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	JOHANNES VAN RENSBURG	
Sekundus		

J A M E S T O W N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ALWYN FRANCOIS JORDAAN	
Sekundus		

K A T H U

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	LOUIS WILHELMUS GERMISHUYS	
Sekundus		
Primarius	JOHANNES BAREND WELTHAGEN	
Sekundus		
DIAKEN		
Sekundus	JOHANNES STEFANUS VAN DER MERWE	
Sekundus	DIRK ALBERTUS SMIT	

K E E T M A N S H O O P

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS PAULUS FOUCHÉ	T
Sekundus	STEPHANUS JOHANNES PRETORIUS	
Primarius	WILLEM SCHALK BLAAUW	T
Sekundus	JAN CILLIERS BLAAUW	

K E M P T O N P A R K

LERAAR	DS ALBERTUS JOHANNES TAUTE	T
OUDERLING		
Primarius	GERTHARDUS CORNELIUS GOUWS	
DIAKENS		
Primarius	BAREND JACOBUS NAUDÉ	T
Sekundus		

K I M B E R L E Y

LERAAR	DS NICOLAAS RUDOLPH JOHANNES VAN ZYL	
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS HENDRIK DU PLESSIS	T
Sekundus	DANIËL SAREL SWIEGERS	
Primarius	JAN DIRK VISAGIE	T
Sekundus	NICOLAAS HENDRIK BADENHORST	

K L E R K S D O R P

LERAAR	DS ALBERTUS JACOBUS VAN NIEKERK	T
OUDERLING		
Primarius	STEPHANUS SEBASTIAAN LINDEQUE	T
Sekundus	SMIT TERBLANCHE	
Primarius	DOUW GERBRAND VAN DER MERWE	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	HENDRIK JACOBUS BADENHORST JOOSTE	

K O E D O E S R A N D

Geen afgevaardigdes.

K O P P I E S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	HENDRIK CHRISTOFFEL HUGO CRAUSE	T
Sekundus		
Primarius	JOHANNES JACOBUS FOURIE	T
Sekundus		

K O S T E R

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	PIETER JOHANNES WILLEM VAN ZYL	T
Sekundus	PHILIPPUS WILHELMUS VAN ZYL	
Primarius	WILLEM CAREL JONES	T
Sekundus	CORNELIS THEODORUS FREDERIK BENEKE	

K R O O N S T A D

LERAAR	DS JACOBUS PHILIPPUS BEZUIDENHOUT	T
OUDERLING		
Primarius	PETRUS JACOBUS MALAN VAN NIEKERK	T
Sekundus		
Primarius	JAN ALBERT VILJOEN	T
Sekundus		
DIAKEN		
Sekundus	CHRISTOFFEL CAROLUS BERGH	
Sekundus	NICOLAAS JACOBUS ZWART	

K U R U M A N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	OCKERT JACOBUS VAN RENSBURG	T
Primarius	GEORGE CHRISTIAAN MONG	T

L A D Y S M I T H

LERAAR		
DIAKEN		
Primarius	CONRAD OLAF FRANZSEN	T
Sekundus		

L A E R S D R I F

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MARTHINUS JOHANNES GERHARDUS BOTES	T
Sekundus	JAN CORNELIUS	
Primarius	JAN BENJAMIN MINNIE	
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	MATHHYS JOHANNES BLOM	T

Sekundus		

L E B O M B O

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES JACOBUS ROOS	
Sekundus		

L E E U D O O R N S T A D

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES SMIT UYS	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		

L I C H T E N B U R G

LERAAR	DS LEON SKEIN	T
OUDERLING		
Primarius	MICHAEL JOHANNES OBERHOLZER	T
Sekundus	GERT JACOBUS NEL	
Primarius	JOSEFUS JOHANNES FOURIE	T
Sekundus	PAUL DANIëL STEFANUS MÖLLER	

L I N D E N

LERAAR	DS WILLEM ANDRIES JOOSTE	T
OUDERLING		
Primarius	JOSEPH ADRIAAN COETZEE	
Sekundus	PIETER JOHANNES NEVELING	T
DIAKEN		
Primarius	JAN JOHANNES UNGERER	T
Sekundus	HENDRIK LUKAS HAVENGA	

L O U I S T R I C H A R T

LERAAR	DS WILLEM MARTHINUS GROVé	
OUDERLING		
Primarius	JOHN LORDAN	T
Sekundus	JOHAN HERMANUS CRONJé LORDAN	
DIAKEN		
Primarius	ANDRIES JACOBUS BURGER	
Sekundus	LUKAS CORNELIS RUDOLF BEYERS	

L O U W N A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	DANIëL JACOBUS JACOBS	T
Sekundus	JACOBUS CORNELIUS FICK	
Primarius		
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	GERHARDUS PHILIPPUS MARTHINUS FICK	T
Sekundus		

L Y D E N B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	DANIëL HERCULES SCHOLTZ FOURIE	T
Sekundus	ISAK MINNAAR VAN DER MERWE	T
Primarius	CORNELIUS PETRUS STOLTZ	
Sekundus	NICOLAAS JACOBUS GERHARDUS CAMPHER	

M A G A L I E S B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ANDRIES BARTELOMUS LOURENS	T
Sekundus	GEORGE HENRY LUTTIG	
DIAKEN		
Primarius	JACOBUS HERCULES DE LA REY	
Sekundus	JOHN DIRK VAN NIEKERK	

M A R B L E H A L L

LERAAR	WILLEM ANDRIES BURGER	T
OUDERLING		
Primarius	CORNELIS JOHANNES VAN HELSDINGEN	T
Sekundus	PHILIPPUS LODEWIKUS DE WET	T
Primarius	GERT PIETER ALDRICH	
Sekundus	FREDERICK JOHANNES POTGIETER	

M A R Q U A R D

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	THOMAS WISHART BARTLEMAN	T
Sekundus	ARNOLD ANDRIES VISSER	
DIAKEN		
Primarius	JACOBUS JOHANNES SCHOEMAN	T
Sekundus	JURIE CORDIER BARTLEMAN	

M E M E L

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JAKOBUS HERCULES VAN NIEKERK	T
Sekundus	JAN LOUIS VENTER	T
Primarius	HENDRIK ROUX	
Sekundus	PETRUS GERHARDUS SPIES	

M E S S I N A

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	FRANCOIS DANIëL BOSHOFF	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	CHRISTOFFEL JOHANNES KRUGER	T
Sekundus		

M E Y E R T O N

LERAAR		
OUDERLING		T
Primarius	GERHARDUS DIRK KRIEL	
Sekundus	PETRUS PAULUS JORDAAN	

M I D D E L B U R G T V L

LERAAR	DS ADAM BOSHOFF	T
OUDERLING		T
Primarius	ANDRIES THERON LE ROUX	
Sekundus	PETRUS JOHANNES STEENKAMP	
DIAKEN		T
Primarius	HELGARD PETRUS DE VILLIERS	
Sekundus	ALBERTUS MALHERBE VENTER	

M I G D O L

LERAAR	DS CAREL NICOLAAS COETZEE	T
OUDERLING		T
Primarius	CHARLES HENRY WHITE	
Sekundus		T
Primarius	FRANS JOHANNES DE KLERK	
Sekundus	MATTHYS JOHANNES PIENAAR	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	SAREL JOHANNES PETRUS SMITH	

M O L O P O

LERAAR		
OUDERLING		T
Primarius	JOHANNES HENDRIK POHLMANN	
Sekundus	MAGIEL DU PREEZ JONES	T
Primarius	HENDRIK JOHANNES ROETS	
Sekundus	MAGIEL DU PREEZ JONES	

M O O I N O O I

LERAAR	DS WYNAND JACOBUS VAN DER MERWE	T
OUDERLING		T
Primarius	NICOLAAS LOURENS LAZENBY	
Sekundus		

M O O T - S E N T R A A L

LERAAR	DS ANDRÉ ETIENNE VAN DEN BERG	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS CILLIERS JOUBERT	
Sekundus	LUKAS JOHANNES POTGIETER	
Primarius		T
Sekundus	JOHANNES NICOLAAS RUDOLPH BROWN	
DIAKEN		T
Primarius	JOHANNES CHRISTIAAN DE BEER	
Sekundus		

M O R G E N Z O N

LERAAR		
DIAKEN		
Primarius	GERHARD PRETORIUS	

M O S S E L B A A I

LERAAR	DS WILLEM FREDERIK LIEBENBERG	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS JOHANNES BRONKHORST	T

N A B O O M S P R U I T

LERAAR	DS JOSEF ALBERTUS DU PLESSIS	T
OUDERLING		
Primarius	HENDRIK JOSEPHUS VAN DER MERWE	T
Sekundus	JURGEN BALT	T
DIAKEN		
Primarius	FREDERIK JACOBUS SWANEPOEL	
Sekundus	PETRUS JOHANNES SNYMAN CRONJé	

N A M A K W A L A N D

Geen afgevaardigdes.

N E L S P R U I T

LERAAR	DR JACOB DANIëL MALAN	T
OUDERLING		
Primarius	GERT JACOBUS BOSMAN	T
Sekundus	Geen	
Primarius	PRETORIUS VAN TONDER	T
Sekundus	Geen	

N E W C A S T L E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES DIEDERICK SLABBERT	T
Sekundus	ALBERTUS PETRUS VERMEULEN	
DIAKEN		
Primarius	GERT CHRISTOFFEL SNYMAN	
Sekundus	ANDRIES JOHANNES BEKKER	T

N I G E L

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JOHANN FREDERICH WILHELM THEODORE SCHONKEN	T
Sekundus		
Primarius	JACOB JACOBUS MALAN	T
Sekundus		

O L I F A N T S H O E K

LERAAR	DS PETER GIDEON STANS	T
OUDERLING		
Primarius	ADAM JOHANNES PRETORIUS	T
Sekundus	PHILIPPUS JEREMIA RUDOLPH DE BRUIN	
Primarius	JOHANNES STEPHANUS MOMBERG	
Sekundus	MARTHINUS HENDRIK SPANGENBERG	T

O T T O S D A L

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	CORNELIS JOHANNES VAN DYK	T
Sekundus	PIETER WILLEM MÖLLER	
Primarius	JACOBUS FRANCOIS DU TOIT	T
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	PETRUS PAULUS BADENHORST	

O U D T S H O O R N

LERAAR	DS PAUL-ROOS JONKER	T
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES ERASMUS SWARTS	T
Sekundus	WILLEM JACOB SERFONTEIN	
DIAKEN		
Primarius	EBENHAEZER SERFONTEIN	T
Sekundus	LOUIS RUDOLPH VAN WYK	

O U T J O

LERAAR	DR ERNST MÖLLER VILJOEN	
DIAKEN		
Primarius	REX ALEXANDER BRANDT	

P A A R L

LERAAR	DS JOHANNES RIES	T

P A R Y S

LERAAR	DS GERT SMIT	T
OUDERLING		
Primarius	BURGERT ADRIAAN KLOPPERS	T
Sekundus	JACOBUS ROMERUS JOHANNES HANEKOM	
Primarius	CAREL HENDRIK KRUGER	T

P A U L R O U X

LERAAR	DS MATTHEUS GERHARDUS FOURIE	T
OUDERLING		
Primarius	DIRK CORNELIUS BOTHA	T
Sekundus	JAN THOMAS ENSLIN	

P E R D E K O P

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	LEON EWALD RETIEF	T
Sekundus	CHRISTIAAN JACOBS	

P E T R U S B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	FREDERIK VAN NIEKERK KRUGER	
Sekundus		
Primarius	PAUL JAKOBUS JONKER	T
Sekundus		

P H A L A B O R W A

LERAAR	LOUIS DANIëL PIENAAR	T
OUDERLING		
Primarius	PETRUS ALBERTUS WESSELS	T
Sekundus	MALAN MULLER	
Primarius	JOHANNES LODEWICUS VAN DER MERWE	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	PETRUS ALBERTUS SCHOEMAN	

P I E T E R S B U R G

LERAAR	DS ALBERT STEPHANUS VAN JAARSVELD	T
OUDERLING		
Primarius		
Sekundus		
Primarius	GYSBERT VAN DER MERWE	T

P I E T R E T I E F

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	WILLIAM SMITH	
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	NICOLAAS JOHANNES GROBLER	
Sekundus		

P O O L S

Geen afgevaardigdes (Gekanselleer 10/9/90)

P O S T M A S B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	WILLIE HENDRIK BURGER	
Sekundus		

P O T C H E F S T R O O M

LERAAR	DS JURIE JOHANNES VENTER	T
OUDERLING		
Primarius	JACOB FREEKE	T
Sekundus	JOHANNES GIDEON KRUGER	
Primarius	GERT LOUIS HOSEA COETZER	T
Sekundus	WILLEM JACOBUS ALEWIJN BRITZ	

P O T G I E T E R S R U S

LERAAR	DR EBENHAEZER FRIIS	T
OUDERLING		
Primarius	STEPHANUS JOHANNES VAN DER LITH	T
Sekundus		

P R E T O R I A - O O S

LERAAR	DS NICOLAAS JACOBUS RAUTENBACH	T
OUDERLING		
Primarius	WILLEM CHRISTOFFEL JACOBUS VILJOEN	T
Sekundus		
Primarius	BENJAMIN MILLS	T
Sekundus	DANIëL JOHANNES GROVÉ	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	GABRIëL COENRAAD DANIëL STOLTZ	

P R E T O R I A - S E N T R A A L

LERAAR	DS ANTONIE PHILLIPUS VILJOEN	T
OUDERLING		
Primarius	JACOB PHILIPPUS TAUTE SIMPSON	T
Sekundus	GERT JOHANNES VAN JAARSVELD	T
Primarius	JOHANNES MARTHINUS DE JAGER	
Sekundus	FRANCOIS CORNELIUS TERBLANCHE	

P R I E S K A / F O N T E I N

LERAAR		
DIAKEN		
Primarius	JOHANNES CHRISTIAAN KOTZE	
Sekundus		

P R I M R O S E

LERAAR	DS MECHIEL CHRISTIAAN ADENDORFF	T
OUDERLING		
Primarius	ALBERTUS STEPHANUS VAN ROOYEN	T
Sekundus	GEORGE JOHANNES VOSLOO	
Primarius	JOHAN STEPHANUS CAMPHER	T
Sekundus	GIDEON STASSEN	

R A N D F O N T E I N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JAN ABRAHAM DU PLESSIS	T
Sekundus		
Primarius	PETRUS HENDRIK WATERMEYER	T
Sekundus		

R E I V I L O

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	JACOB JOHANNES JACOBSZ	
Sekundus	EILDERT JAN BONESCHANS	
Primarius	JACOBUS OSTERWALDT VAN NIEKERK	T
Sekundus	JOHANNES LODEWYK BOUWER	T

R I V E R S D A L

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	CORNELIS HERMANUS STEYN WASSERFALL	
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	SCHALK WILLEM VAN DER MERWE	T

R O E D T A N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	LOUIS PIETER KOEN	T
Sekundus	NICOLAAS JACOBUS PRETORIUS	
DIAKEN		
Primarius	BENJAMIN NAUDé GENIS	T
Sekundus	WILLEM HERMANUS VAN SCHALKWYK	

R O O D E P O O R T

LERAAR	DS COENRAAD FREDERIK WILHELMUS SNYMAN	T
OUDERLING		
Primarius	STEPHANUS MARTHINUS DE BRUYN	T
Sekundus	ROELF JACOBUS KEULDER	
Primarius	JAN JOHANNES BRONKHORST	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	JAN HENDRIK VENTER	

R U S T E N B U R G

LERAAR	DS ANDRIES DEWALDT JACOBS	T
OUDERLING		
Primarius	CAREL FREDERICK LE ROUX	T
Sekundus		
Primarius	ANDRIES PRETORIUS	
Sekundus		

S A B I E

Geen afgevaardigdes.

S A N D D R I F T

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ZACHARIAS PETRUS KRUGER	T
Sekundus		
Primarius	BURT TERBLANCHE	T
Sekundus	FRANCOIS ALWYN SMIT	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	FERDINAND HARTZENBERG	

S A N N I E S H O F

LERAAR	DS MARIUS JOHANNES HARTZENBERG	T
OUDERLING		
Primarius	JACOBUS LE ROUX DU PREEZ	T
Sekundus	DAVID MATTHYS CHRISTOFFEL STOMAN	
DIAKEN		
Primarius	JOHANNES LODEWICUS BOUWER	T
Sekundus	ROBERT LAURENCE VAN TONDER	

S A S O L B U R G

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	PETRUS WESSELS JOOSTE	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	JOHANNES PETRUS JOUBERT	
Sekundus	WESSEL CHRISTIAAN OOSTHUIZEN	

S C H W E I Z E R - R E N E K E

LERAAR	DS JACOBUS JOHANNES VENTER	T
OUDERLING		
Primarius		
Sekundus		
Primarius	OCKER CORNELIUS LE ROUX	T
Sekundus		
DIAKEN		
Sekundus	JACOBUS CORNELIUS MARé ROOS	
Sekundus	FRANK ANTHONY GOTTSCHALK	

S E N E K A L

LERAAR	DS JOHANNES ALBRECHT JACOBS	T
OUDERLING		
Primarius		
Sekundus	PIETER ERNST ERASMUS DE KOCK	
DIAKEN		
Primarius	CHRISTIAAN LOURENS DREYER CRONJé	
Sekundus	HENDRIK CORNELIS MEYER	

S O M E R S E T - O O S

LERAAR	DS GABRIëL GIDEON LE ROUX	T
OUDERLING		
Primarius	SALMON STEFANUS ROELOFSE	T
Sekundus		

S P R I N G S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	PHILIPPUS JAKOBUS RETIEF	T
Sekundus	BENJAMIN GEORGE KLEINHANS	
Primarius	GEORGE FREDERICK DE BRUIN	T
Sekundus	JOHANNES PETRUS VAN HEERDEN	

S T A N D E R T O N

LERAAR	DS PETRUS ANDRIES VAN ZYL	T
OUDERLING		
Primarius	WILLEM DE KLERK STEENKAMP	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	GEORGE ARTHUR BROWNE	

S T E L L E N B O S C H

LERAAR	DS STEPHAN BOTES	T
DIAKEN		
Primarius	GERHARDUS JACOBUS SEVENSTER	

S T E Y N S B U R G

Geen afgevaardigdes.

S T R Y D E N B U R G

LERAAR		
DIAKEN		
Primarius	SCHALK WILLEM KOEKEMOER	T
Sekundus		

S U I D K U S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	STEPHANUS JOHANNES BESTER	
Sekundus	JAN WEYERS	
Primarius	MATTHYS DANIëL FOURIE	T
Sekundus		

S U T H E R L A N D

Geen afgevaardigdes.

T H A B A Z I M B I

LERAAR	DS PAUL LODEWYK STORM	T
OUDERLING		
Primarius	IZAK CORNELIS HOLTZHAUSEN	T
Sekundus	WILLEM STERNBERG BASCH T	
Primarius	OCKERT ADRIAAN VAN SCHALKWYK	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	ALBERTUS JAKOBUS NEL	

T H E U N I S S E N

LERAAR	DS STEFANUS JOHANNES GOUWS	T
OUDERLING		
Primarius	HERMANUS JACOBUS EARLE	T
Sekundus	DAWIE PRETORIUS	
DIAKEN		
Primarius	JAN ALBERT VENTER BEZUIDENHOUT	T
Sekundus	IZAK JOHANNES EARLE	

T R A N S M A G A L I E S

LERAAR	DS DANIëL TOBIAS VAN LOGGERENBERG	T
OUDERLING		
Primarius	ABRAHAM GERHARDUS BURGER	T
Sekundus	EBENHAESER ERASMUS	
Primarius	THEODORUS ERNST PIENAAR	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	PETRUS ALBERTUS ROODT	

T U I N P L A A S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	PIETER RETIEF PRETORIUS	T
Sekundus	CAREL JOHANNES LUDIK	T
Primarius		
Sekundus	EVERT FREDERICK POTGIETER	

T W E E L I N G

LERAAR	DS HENDRIK BERNARDUS HEYMANS	T
OUDERLING		
Primarius	LOUIS GEORGE RAUTENBACH	T
Sekundus	JACOBUS MARTHINUS LOURENS ENGELBRECHT KOTZé	
Primarius	CORNELIUS FRANCOIS BRAACK	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus		

T Y G E R B E R G

Geen afgevaardigdes.

T Z A N E E N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	RICHARD WILLIAM VAN HEERDEN	T
Sekundus	EDUARD WENTZEL	
Primarius	IGNATIUS MICHAEL VAN ECK	T
Sekundus	JACOB JOHANNES PIETERSEN	

U I T E N H A G E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	SAMUEL JAKOBUS MARAIS	T
Sekundus		
Primarius	SCHALK BURGER TREURNICHT	T
Sekundus		

U T R E C H T

Geen afgevaardigdes.

V A A L H A R T S - S U I D

LERAAR	DS ROELOF JOHANNES HENDRIK POTTAS	
OUDERLING		
Primarius	DAVID LOURENS JACOBS	T
Sekundus	HENDRIK GERHARD SCHOLTZ	
Primarius		
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius	FRANCOIS JACOBUS DU TOIT	
Sekundus	JOHAN ADAM RAUBENHEIMER POTGIETER	T

V A N D E R B I J L P A R K

LERAAR	DS JAN HENDRIK SWART	T
OUDERLING		
Primarius	ERNEST GUSTAF ZIMMERMAN JONKER	T
Sekundus	PETRUS JACOBUS JACOBS	
DIAKEN		
Primarius	WESSEL HENDRIK WENTZEL	T
Sekundus	JOHANNES JACOBUS PRETORIUS	

V E N T E R S D O R P

LERAAR	DS CHRISTIAAN JACOBUS STRAUSS BOTHA	T
OUDERLING		
Primarius	LUKAS ANDRIES BOTHMA	T
Sekundus	ALBERTUS VAN ZYL	
Primarius	OCKERT JACOBUS STEYN	
Sekundus	HENDRIK VAN DEN HEEVER	

V E N T E R S T A D

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	ANDRIES PETRUS VAN DEN HEEVER	T
Sekundus	JAN LOUIS DU PLESSIS	

V E R E E N I G I N G

LERAAR	PROF WILLEM JACOBUS GERHARDUS LUBBE	T
OUDERLING		
Primarius	RENIER JOHANNES BOTHA	T
Sekundus	LUKAS PETRUS JOHANNES TALJAARD	
Primarius	CHRISTIAAN PHILIPPUS NEL	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	RIAAN CILLIERS	

V E R K E E R D E V L E I

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	CHRISTIAAN JOHANNES ROUX	T
Sekundus	JAN ABRAHAM VICTOR	
Primarius		
Sekundus	HECTOR CHRISTIAAN ELS	
DIAKEN		
Primarius	DIRK CORNELIS HUMAN	T
Sekundus		

V E R W O E R D B U R G

LERAAR	DS DIEDERICK RUDOLPH SCHWARTZ	T
OUDERLING		
Primarius	SAREL JOHANNES FRANCOIS STAPELBERG	T
Sekundus	JACOBUS FREDERICK VAN DER MERWE	
DIAKEN		
Primarius	ANDREW HUMPHREY MILES T	
Sekundus	MAEDER FRANCOIS LABUSCHAGNE	

V I L J O E N S K R O O N

LERAAR	DS PIETER WILLEM BOTHA T	
OUDERLING		
Primarius	WILLIAM KIDGëR CAWOOD	
Sekundus	JOHANNES MICHIEL HATTINGH BOTHA	T
Primarius	PETRUS BOTHA	
Sekundus	JOHANNES JACOBUS PETRUS ROUX	

V I L L I E R S

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	IZAK HATTINGH	
Sekundus		
Primarius	FLORIS TROMP	T
Sekundus	PETRUS JOHANNES ERASMUS	

V I R G I N I A

Geen afgevaardigdes.

V R E D E

LERAAR	DR CORNELIUS IGNATIUS VAN HEERDEN	T
OUDERLING		
Primarius	JOHANNES JACOB BRITS	T
Sekundus	PHILIPPUS LODEWIKUS DE BRUYN	
Primarius		
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	JACOB VAN ZYL	

V R Y B U R G

LERAAR	DS JAN HENDRIK DE JAGER	
OUDERLING		
Primarius	EVERT PHILLIPUS NIEMANN	T
Sekundus	DANIëL RUDOLPH ERWEE	
DIAKEN		
Primarius	WYNAND JOHANNES CHRISTOFFEL GROENEWALD	T
Sekundus	MICHAEL JOHANNES HOUGH (JNR)	

V R Y H E I D

LERAAR	DR MICHAEL FREDERIK MÜLLER PRETORIUS	T
OUDERLING		
Primarius	PIETER FRANCOIS DE VILLIERS	T
Sekundus	JOHANNES WILHELMUS SPIES LABUSCHAGNE	
Primarius	JACOBUS LODEWICUS ERASMUS	T
Sekundus		
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus	CASPER JEREMIAS LABUSCHAGNE	

W A R D E N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	MICHIEL BURGER JOHANNES GERMISHUYS	T
Sekundus	J DU POOY	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus		

W A R M B A D

LERAAR	DS MARTHINUS JOHANNES EILERS	T
OUDERLING		
Primarius	DAVID STEPHANUS DE VILLIERS	T
Sekundus	MARTINUS STEFANUS ERASMUS	
Primarius	GIDEON GYSBERTUS VOSLOO	T
Sekundus	DIRK WOUTER HOFFMAN	

W A T E R B E R G

LERAAR	DS DIRK JOHANNES MALAN	T
OUDERLING		
Primarius	ABEL JACOBUS PIENAAR	T
Sekundus	THEODOR LOUIS FERDINAND DANZFUSS	
Primarius		
Sekundus	DANIëL RUDOLPH VAN TONDER	
DIAKEN		
Primarius	RENIER HENDRIK GERHARDUS JANSE VAN VUUREN	T
Sekundus		

W E I P E

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	FRIKKIE TRUTER ERASMUS	T
Sekundus	WILLIE SAAYMAN	
DIAKEN		
Primarius	PIET ESTERHUYSE	
Sekundus	ZIRK BESTER	

W E S S E L S B R O N

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	STEFANUS GERHARDUS GREYLING	T
Sekundus		
Primarius	HENDRIK ADRIAAN OPPERMAN	T
DIAKEN		
Sekundus	JACOB JOHANNES DU PLESSIS	
Sekundus	CHRISTIAAN JACOBUS GROENEWALD	

W I N D H O E K

Geen afgevaardigdes.

W I T B A N K

LERAAR	DS JAN HENDRIK VAN DER WALT	T
OUDERLING		
Primarius	LODEWYK DE JAGER	T
Sekundus	DIRK JACOBUS CHRISTOFFEL MANNING	
Primarius	CORNELIUS JANSEN PIENAAR	T
Sekundus	HENDRIK CHRISTO KEET	
DIAKEN		
Primarius		
Sekundus		

W I T R I V I E R

LERAAR	DS CHRISTIAAN FREDERIK SWART	T
OUDERLING		
Primarius	WILLEM LAMBERTUS VOS FICK	T
Sekundus	BAREND MATTHEUS VAN ROOYEN	
Primarius	CHRISTIAAN DE JAGER BOTHA	T
Sekundus	GUSTAV ADOLPH MORGAN	

W O N D E R B O O M

LERAAR	DS RUDOLF MARTHINUS JOHANNES BRITZ	T
OUDERLING		
Primarius	CHRISTOFFEL HENDRIK GROENEWALD	T
Sekundus	JAN HENDRIK LOUBSER	

Z E E R U S T

LERAAR	DS ANDRÉ DU PLESSIS	T
OUDERLING		
Primarius	HENDRIK JACOBUS VISSER	T
Sekundus	PETRUS JACOBUS BRONKHORST	
DIAKEN		
Primarius	PAUL STEPHANUS SNYMAN (Motorongeluk)	
Sekundus	BERNARD ROODE	

Z U L U L A N D

LERAAR		
OUDERLING		
Primarius	PETRUS GERHARDUS VAN BILJON	T
Sekundus	GABRIëL STEPHANUS MARé	
Primarius	ERWIN WARD HAYNES	
Sekundus	GABRIëL STEPHANUS MARé	

TEOLOGIESE DOSENTE - ADVISEREND

PROF FRANCOIS ALWYN HUGO VAN STADEN
PROF ROELOF MARé
PROF HENDRIK CAREL GERHARDUS ROBBERTZE
PROF HENDRIK SCHALK THERON

BYLAE B

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
1.	ONTSTAAN	2
2.	FUNKSIES	4
3.	SAMESTELLING	4
4.	WOORDOMSKRYWINGS	5
5.	KONSTITUSIE VAN DIE RKA	6
6.	REGLEMENT VIR DIE BRKA	9

RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

1. ONTSTAAN

1.1 Die Kommissie vir Regte (KvR) het reeds in 1988 soos volg bevind:

Aangesien 'n Sinode 'n vergadering (van afgevaardigdes) van kerke (gemeentes) is wat (volgens gereformeerde kerkreg) by afsluiting van die Sinode ontbind, kan die Sinode nie aan homself regspersoonlikheid toeken nie: tussen twee Sinodes sal daar geen regspersoon wees nie.

1.2 Derhalwe het die KvR in 1988 o.m. aanbeveel:

1.2.1 Aangesien daar 'n behoefte aan 'n regspersoon bestaan, besluit die Sinode om 'n Raad vir Kerkadministrasie (RKA) in die lewe te roep en aan die Raad regspersoonlikheid te verleen, met dieselfde magte as wat die sinode sou hê volgens punt 13.1.1 - 13.1.5 van die SKK se aanbeveling 13, asook die verdere mag (as punt 13.1.6) om lenings aan te gaan.

1.2.2 Sekere administratiewe en finansiële verantwoordelikhede, asook bates en laste van die Sentrale Kerkekommissie (SKK) (en Kuratorium) word na die RKA oorgedra.

1.2.3 Al die AP kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van hierdie RKA uit.

1.2.4 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

1.2.5 Elke Sinode se afgevaardigdes vorm tegelyk 'n ledevergadering van die RKA, wat onder meer die Raad se bestuurslede aanwys.

1.2.6 Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed, soos uiteengesit, en dra aan die te benoeme SKKop om die RKA, in oorleg met die te benoeme Permanente Kommissie vir Regte en ons regsadviseur, te realiseer, die

nodige reglement op te stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende Sinode te rapporteer.

1.3 Die Sinode het in 1989 (Parys, 1-7 Nov.) die volgende besluite geneem:

1.3.1 Die volgende voorstel word goedgekeur vir implementering met inagneming van die inhoud van amendemente 1 en 3.

Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed en dra dit aan die te benoeme SKK op om die RKA, in oorleg met die te benoeme Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) en ons regsadviseur, te realiseer, nodige reglement op te stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende Sinode te rapporteer.

1.3.2 Amendement 1

Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed en gee aan hierdie RKA in samewerking met die Permanente Regskommissie opdrag om in die reses alle besware, regsadvies en verwante sake te hanteer met rapport aan die eersvolgende Sinode.

1.3.3 Die volgende voorstelle is ook goedgekeur:

(a) Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) bestaan uit 5 lede plus secundi deur elke Sinode uit sy afgevaardigdes aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie (FK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Hierdie vier kommissies beveel elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan.

(b) Die Sinode besluit dat die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se Bestuur (wat enige regshandeling verrig uit hoofde van bevoegdhede kragtens die Konstitusie) nooit uit lede mag bestaan waarvan meer as 50% van die lede geordende predikante of teolo-

giese opleidingspersoneel is nie. Minstens 50% van die BRKA soos vermeld moet uit lidmate wat nie deur bogenoemde beletsel geraak word nie, bestaan.

1.3.4 Amendement 3

Die Sinode besluit dat daar in beginsel goedgekeur word dat 'n regspersoon (soos die beoogde RKA waarvan besonderhede in die stukke voor die Sinode bl. 353 ev, verskyn) gestig kan word, onderworpe aan die goedkeuring van 'n finale konstitusie en reglement deur 'n volgende Sinode. Bykomende sake met betrekking tot die stigting van die beoogde regspersoon kan egter omvangryke implikasies vir die gemeentes inhou en dit is van groot belang dat gemeentes ten volle op hoogte moet wees van hul eie regsposisie met betrekking tot o.a.

1. Die aanspreeklikheid van elke lid van die Regspersoon (Rp).

2. Die toelating van nuwe lede tot die Rp.

3. Die vervreemding/beswaring van eiendom wat ooreenkomstig die konstitusie en reglement nie aan Sinodale goedkeuring onderworpe is nie.

4. Verteenwoordiging met betrekking tot en inspraak in regshandelinge wat sonder Sinodale goedkeuring uit hoofde van die konstitusie en reglement deur die regspersoon aangegaan word.

5. Vereistes wat gestel sal word ten opsigte van die aangaan van enige regshandelinge.

(A. Visagie; H.J. Claasen)

Amendement 1 word goedgekeur; amendemente 2 en 3 word nie goedgekeur nie.

1.3.5 Opdrag aan BRKA

Die BRKA doen aansoek om oorplasing van die SKK se fondsinsamelingsnommer (as welsynsorganisasie) na die RKA.

FUNKSIES

Die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se funksies is beperk tot die Sentrale Kerkkantoor en behels in hoofsaak die volgende:

Behartiging van administratiewe belange, eiendomsbelange, personeelbelange. Die RKA dra sy uitvoerende magte oor aan 'n Bestuur (BRKA) wat as orgaan van die RKA, aan die RKA verantwoording doen so dikwels as die RKA vergader.

3. SAMESTELLING

3.1 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes vorm die ledevergadering van die RKA. Die ledevergadering word gekonstitueer op 'n gekose tydstip gedurende die Sinodesitting as RKA en neem RKA- besluite.

3.2 Al die AP Kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van hierdie RKA uit.

3.3 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

4. WOORDOMSKRYWINGS

Sekere afkortings en woorde wat in die hiernavolgende konstitusie en reglement gebruik word, word soos volg omskryf.

APK

Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) in Verbond/in Sinodale Verband.

RKA

Raad vir Kerkadministrasie.

BRKA

Bestuur van die RKA.

KERKE

Die onderskeie Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) wat by wyse van afvaardiging in die sinodale vergadering (sinode) saamkom.

KURATORIUM

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

FINANSIëLE KOMMISSIE (FK)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

TEOLOGIESE SKOOL

Die opleidingsinrigting vir predikante van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos deur die Sinode opgerig en beheer.

SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

LEDE

Stemgeregtigde afgevaardigdes na elke Sinode is ook lede van die RKA wanneer die RKA telkens by elke Sinode gekonstitueer word.

BESTUUR VAN RKA (BRKA)

Die Bestuur van die RKA soos deur die RKA op sy ledevergadering aangewys.

DIREKTEUR

Die hoofadministratiewe en hoofuitvoerende amptenaar van die BRKA wat deur die BRKA aangestel is.

ADMINISTRATEUR

Die amptenaar deur die BRKA aangestel om die Direkteur in administratiewe sake by te staan.

5. KONSTITUSIE VAN DIE RKA

5.1 Naam

Die naam van die Raad hier betrokke is RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (RKA) van die Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond/in Sinodale verband.

5.2 Samestelling

5.2.1 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes word gekonstitueer as 'n ledevergadering van die RKA op 'n gekose

tydstip en volgens eie besluit tydens elke Sinodesitting.

5.2.2 Al die AP Kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van die RKA uit.

5.2.3 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

5.3 Bates

Alle roerende en onroerende bates wat deur die RKA verkry en beheer word, is die eiendom van die RKA, en vaste eiendom word in naam van die RAAD VIR KERKADMINISTRASIE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK geregistreer.

5.3.1 Die Raad vir Kerkadministrasie word uitdruklik gemagtig om alle eiendom van die Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond wat tans in die naam van die Kuratorium of Sentrale Kerkekommissie gevestig is by wyse van Artikel 93 van wet 47 van 1937 in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie te vestig ooreenkomstig Bepaling 65A van die Kerkorde. Sodanige hervestiging is nie 'n oordrag van eiendomsreg nie, maar 'n blote hervestiging van die eiendom in die naam van die Raad vir Kerkadministrasie, synde 'n liggaam van die oorkoepelende Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond, om administratiewe probleme uit die weg te ruim. Dit is ook nie die bedoeling om eiendomsreg aan 'n afsonderlike identiteit oor te dra nie.

Die Raad vir Kerkadministrasie het geen reg of aanspraak om met die eiendom, roerend sowel as onroerend, van 'n betrokke kerk (gemeente) te handel nie.

5.4 Bestuur

Die Bestuur van die RKA (BRKA) as orgaan van die RKA word deur die RKA en die Sinode saamgestel en funksioneer soos in die Reglement vir die BRKA, deur die RKA opgestel, uiteengesit.

5.5 Regspersoon

5.5.1 Die RKA is 'n regspersoon met die samestelling, regte, bevoegdhede, verpligtinge en funksies soos in sy konstitusie uiteengesit, en kan dagvaar en gedagvaar word in sy naam.

5.5.2 Die RKA het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan.

5.5.3 Geen bates van die RKA mag op enige wyse hoegenaamd onder lede of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en uitvoering van die funksies daarvan aangewend word, met behoud van 5.9 (hieronder).

5.5.4 Die domicilium citandi et executandi van die RKA is Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria.

5.6 <u>DOELSTELLINGS</u>

Die doelstellings van die RKA is die volgende:

5.6.1 die administrasie van gemeenskaplike en gesamentlike bates en fondse onder sy beheer;

5.6.2 die verlening van finansiële en administratiewe hulp en bystand met die behartiging en/of afhandeling van opdragte en funksies van kommissies deur die Sinode benoem, indien daartoe versoek;

5.6.3 die verkryging en reëling van groeps- en ander versekering/assuransie;

5.6.4 die veilige bewaring van alle tersaaklike dokumentasie in 'n brandkluis;

5.6.5 die uitvoering van sodanige verpligtinge en opdragte as wat van tyd tot tyd deur die Sinode aan die RKA opgedra word.

5.7 <u>LEDE EN VERGADERINGS</u>

5.7.1 Alle Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) in Sinodale verband/in

Verbond is die samestellende lede van die RKA.

5.7.2 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes vorm die ledevergadering van die RKA. So 'n ledevergadering word gekonstitueer, op 'n gekose tydstip gedurende die Sinodesitting, as RKA en neem RKA-besluite.

5.7.3 Die ledevergadering se bevoegdhede en pligte is die volgende:

5.7.3.1 die samestelling van die BRKA ooreenkomstig bepaling 5.4 van die konstitusie;

5.7.3.2 die behandeling van en besluite oor die termynverslag;

5.7.3.3 sodanige sake wat vir afhandeling deur die BRKA na die ledevergadering verwys word;

5.7.3.4 sodanige opdragte as wat in die lig van die konstitusie en reglement nodig blyk te wees;

5.7.3.5 goedkeuring van die begroting vir die volgende termyn en die bewilliging van die nodige fondse daarvoor; (met "fondse" word verstaan fondse vir die BRKA)

5.7.3.6 enige besluite wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings van die RKA nodig mag wees;

5.7.3.7 die wysiging of uitbreiding van die konstitusie en reglement, indien nodig;

5.7.4 Die voorsitter van die Sinode tree op as voorsitter van die ledevergadering.

5.7.5 Die skribaat van die ledevergadering word behartig deur die skribaat van die Sinode.

5.7.6 Die ledevergadering tree op ooreenkomstig die Ordereëls vir kerklike vergaderings soos deur die Sinode goedgekeur.

5.8 WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Hierdie Konstitusie kan slegs deur 'n besluit van 'n ledevergadering gewysig word.

5.9 ONTBINDING

Wanneer die RKA in opdrag van die Sinode ontbind, moet alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende kerke na verhouding van die getal belydende lidmate van elke kerk verdeel word, tensy die Sinode anders besluit.

6. REGLEMENT VIR BRKA

6.1 Samestelling

Die BRKA word saamgestel soos die RKA besluit, en wel soos volg:

6.1.1(a) Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie bestaan uit 5 lede plus sekundi deur elke RKA uit sy lede aangewys, plus een lid (met sekundus) uit elk van die volgende kommissies deur die Sinode aangewys: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake. Hierdie vier kommissies wys elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan.

(b) Die Sinode besluit dat die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se Bestuur (wat enige regshandeling verrig uit hoofde van bevoegdhede kragtens die Konstitusie) nooit uit lede mag bestaan waarvan meer as 50% van die lede geordende predikante of teologiese opleidingspersoneel is nie.

Minstens 50% van die BRKA soos vermeld moet uit lidmate wat nie deur bogenoemde beletsel geraak word nie, bestaan.

6.1.2 Die BRKA het die reg om, volgens be-

hoefte, 'n kundige persoon/persone te koöpteer met adviserende stem.

6.1.3 Die Bestuur verkies 'n voorsitter en ondervoorsitter uit eie geledere.

6.1.4 Die amptenaar (Direkteur) vir Kerkadministrasie tree op as sekretaris vir die BRKA, met adviserende stem, en in sy afwesigheid 'n lid deur die Bestuur aangewys. Die BRKA kan dit ook aan 'n ander personeellid (bv. die Administrateur) opdra om die Direkteur hierin by te staan.

6.2 Verantwoording

Die Bestuur is aan die ledevergadering verantwoordelik vir die uitvoering van pligte.

6.3 Dagbestuur

6.3.1 Die Dagbestuur bestaan uit minstens drie bestuurslede, nl. 'n voorsitter, ondervoorsitter en een of meer addisionele lede met inagneming dat die 50% beletsel gehandhaaf word.

6.3.2 By die verkiesing van die Dagbestuur neem die Bestuur in ag dat die lede binne maklik bereikbare afstand van Pretoria behoort te wees.

6.3.3 Die voorsitter van die Bestuur is ook die voorsitter van die Dagbestuur.

6.3.4 Die sekretaris van die Bestuur is ook die sekretaris van die Dagbestuur.

6.4 Vergaderings

6.4.1 Die BRKA vergader minstens twee keer per jaar en verder so dikwels as wat nodig mag wees.

6.4.2 Vergaderings van die BRKA word opgeroep deur die BRKA of sy Dagbestuur of wanneer minstens twee Bestuurslede skriftelik sodanige versoek rig.

6.4.3 Die kworum van die Dagbestuur is drie lede.

6.5 Bevoegdhede en pligte van die BRKA

6.5.1 Eiendomme, goedere en fondse deur die BRKA verkry asook fondse onder beheer van die RKA as geregistreerde Welsyns- en Fondsinsamelingsorganisasie, word deur die BRKA geadministreer.

6.5.2 Die BRKA is bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, o.m.

6.5.2.1 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse;

6.5.2.2 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar;

6.5.2.3 om gelde onder sy beheer te belê o.m. in aandele, skuldbriewe, staats- of munisipale effekte, by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goed dink, en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.

6.5.3 In alle regsgedinge of in dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die BRKA sonder bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend op na raadpleging van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

6.5.4 Ten einde sy opdrag uit te voer, word alle stukke onderteken deur twee lede van die BRKA wat daartoe gemagtig is.

6.5.5 Die BRKA oefen toesig en beheer uit oor die Sentrale Kerkkantoor en personeel, eiendomme, toerusting, geboue, terreine en fondse onder sy beheer geplaas en alle werksaamhede aan hom opgedra, met verantwoording aan die ledevergadering.

6.5.6 Die BRKA kan, sonder om van sy oorspronklike bevoegdhede en verantwoordelikhede afstand te doen, sy bevoegdhede en verpligtinge vermeld in 6.5.5 hierbo, volgens sy diskresie aan die volgende persone, delegeer:

6.5.6.1 Die Direkteur en personeel;

6.5.6.2 subkomitees deur die Bestuur uit sy geledere benoem.

6.5.7 Personeel

6.5.7.1 Die BRKA stel 'n amptenaar (Direkteur) vir Kerkadministrasie aan en sodanige ander personeellede as wat hy nodig ag, waar nodig ook in oorleg met die betrokke Sinodale kommissies.

6.5.7.2 Die BRKA skep die nodige poste soos die begroting toelaat, stel die verantwoordelikhede en werkopdragte vir die verskillende poste vas (bv. dienskontrakte volgens landswette) volgens behoeftes van die betrokke Sinodale kommissies.

6.5.7.3 Die BRKA stel die diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele van die personeel vas en hersien dit wanneer nodig, in oorleg met die betrokke Sinodale kommissies.

6.5.7.4 Die BRKA neem 'n getrouheidswaarborgpolis uit ter versekering van aanspreeklikheid vir verliese wat uit hantering van fondse deur

die personeel mag voortspruit.

Die koste daaraan verbonde word uit die fondse van die RKA vereffen.

6.5.8 Finansies

6.5.8.1 Die BRKA beheer en administreer alle gelde en fondse deur die ledevergadering onder sy beheer geplaas.

6.5.8.2 Die BRKA vorder sodanige gelde in as wat kragtens besluite van die sinode deur die kerke in kerkverband verskuldig is.

6.5.8.3 Die BRKA belê gelde van fondse wat deur die BRKA geadministreer word in oorleg met advies deur beleggingsdeskundiges.

6.5.8.4 Die BRKA kanaliseer alle fondse wat deur die Sinode aan permanente kommissies toegewys is.

6.5.8.5 Die BRKA raadpleeg die FK van die Sinode oor alle begrotingsaangeleenthede.

6.5.9 Beheer en administrasie van eie fondse

6.5.9.1 Die BRKA open sodanige bankrekenings as wat hy in sy diskresie nodig ag.

6.5.9.2 Die BRKA gaan sodanige uitgawes aan as wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings en funksies van RKA nodig is.

6.5.9.3 Die BRKA dra sorg dat die boeke jaarliks deur 'n geoktrooieerde rekenmeester geouditeer word.

BYLAE C

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

OPENINGSREDE TOT DIE VIERDE SINODE, PARYS 17-22 SEPTEMBER 1990.

DIE KERK HET 'N BOODSKAP IN ONSEKERE TYE.

LEES: MATT. 16; 1 KOR 12: 27; 1 KOR. 3:16; OPEN. 21:9-10; 1 TIM. 3:15.

SING: Ps. 46:1 en 6, Ps. 68:1 en 9, Ges. 333.

GELIEFDE BROERS EN SUSTERS IN JESUS, DIE HERE,

Die feit dat ek hier staan en dat u aan die beproewing blootgestel word om na my te luister, het u te wyte aan die Voorsitter van die SKK, br. Willem Lubbe, wat my voor die voldonge feit gestel het om by hierdie geleentheid die woord te voer. Ek kla hom nie aan nie, ek sê maar net!!

Wie deur die Agenda van die APK se 4de Sinode blaai, word met ontroering vervul. Kan dit waar wees van só 'n jong en klein kerkie - 450 bladsye! Kompliment aan Direkteur vir welversorgde agenda - ook drukker. Vol puik studiestukke, mooi versorgde kommissieverslae, die een nie belangriker as die ander nie (party is so 'n bietjie skralerig, ander is weer oorvoed), vol beskrywingspunte. Maar dit alles maak nie saak nie. Hier is 'n Kerk wat GEREFORMEERD is, en wil wees; wat vóórtdurend aan die reformeer is. Dit is 'n Christelike Kerk van Christus wat worstel en luister om kerk te wees volgens wat die WOORD EN DIE GEES sê en wat in groot eerbied GEBIND IS AAN en GETROU WIL WEES AAN DIE BELYDENISGESKRIFTE en sy Kerkorde.

Baie belangrike vraagstukke word aan die orde gestel. Hierdie Sinode se besinning word gevra vir indringende KERKREGTELIKE Sake, die saak van die VROUEAKSIE moet tot finaliteit en duidelike standpuntstelling gevoer word. Die totstandkoming en funksionering van die Raad vir Kerklike Administrasie vervul ons met blydskap. Daar gaan uit die aard van die groot verskeidenheid van sake sterk MENINGSVERSKILLE wees. Die APK is 'n GEMEENSKAPLIKE AKKOORD van plaaslike gemeentes wat met mekaar in kerkverband tree. Die behoefte aan eenheid in die uiterlike en innerlike dring tot 'n verband wat sigbaar word in die regering van die kerk. Die Sinode is anders van aard en samestelling as die kerkraad. In die gemeente het ons 'n vergadering van AMPTE, in die Sinode is dit 'n samekoms van verteenwoordigers van die gemeentes. Ons is hier saam om gemeenskaplike belange te BESPREEK en gemeenskaplike BESLUITE te neem. Let ons op die statistiek, blyk dit dat ons 185

gemeentes is met 21 063 belydende en 9 850 dooplidmate. Die gemeentes word bedien deur 95 predikante. 'n Groot groep is nuwelinge. Ons verwelkom hulle van harte.

DIE KERK HET 'N BOODSKAP IN ONSEKERE TYE

Heelwat lidmate kla oor "veranderinge" wat in ons tyd plaasvind, en waaroor hulle nie gelukkig is nie. Ons word oordonder deur die eise wat die sg. "NUWE S.A." AAN ONS STEL - as versoener!

Die besware gaan baie maal oor sake soos Sondag wat op Godonterende wyse ontheilig word, onsedelikheid binne en buite die huwelik, verslawing en wanverhoudinge tussen mense en volkere, die ontheiliging van die Woord van die Here, die meerdere gedagte dat mense onbeperk vry wil wees om hulle self uit te lewe soos en wanneer hulle wil sonder om deur iemand, állermins die kerk, aangespreek te word en veel meer.

Tye het gewis verander. Die "goeie ou dae toe alles anders was" is blykbaar vir altyd verby. Enorme veranderinge is elke dag deel van ons lewe en deel van die kerk se program. Mense praat van "stroomversnellings" en wié nog probeer om vas te skop of briek aan te draai, word opsy gedruk óf meegesleur.

Dit raak al hoe moeiliker om te praat van ons eie kerk, ons eie skole, ons eie universiteite, ons eie manier van lewe en dinge doen. Skielik is ons nie meer afgesonder nie. Die TV en Radio bring daagliks die hele wêreld ons sitkamers binne wat nuwe vrae en eise stel aan Kerk en Evangelie.

Kliphard is daar op soek na 'n NAAM VIR DIE DEKADE.

Die aand van die 20ste eeu lê al amper uitgeloop in 'n hopie ewige verlede. Maar waar staan ons in hierdie stukke woestyn wat oorbly van ons eeu en wat sal ons hom noem? 1990 Anno Domini (sedert Christus) bestaan ons hemelliggaam, aarde, na berekening 5 biljoen jaar Anno Mundi (sedert skepping), en word deur sowat 6 duisend miljoen mense bevolk en bewoon.

Nie net bevolk en bewoon nie, maar oorbewoon. Slegs 30% van ons aarde is landoppervlakte en net die helfte daarvan is bewoonbaar. Twee derdes van die wêreldbevolking woon op slegs 3,7% van die landoppervlakte en elke minuut word nog honderde babas gebore. In die jaar 2000 sal daar na raming 1 300 miljoen méér mense op aarde wees wat beteken dat wêreldopbrengs dan 56% hoër as in 1985 moet wees.

Hoe rym die kleutervrees: "There was an old woman who lived in a shoe; she had so many children, she did not know what to do".

In 1990 oorbewoon ons, oorbevolk ons ons tuisgemaakte kweekhuis onder 'n wolkkombers van gifgas en suurreën, chemiese wapens in die hand, sonder kos - natuurlike plante-

groei en dierelewe bedreig of uitgeroei en bees en skaap verhef tot (onbetaalbare) beskermde wild.

Party speel blindemol, party speel wegkruipertjie en ander wolf-wolf. Sommige tot in verstandlose "ring-a-ring-a-rosy"-bestaan van werk-eet-speel-slaap, maar vergeet van die eindrefrein: "Hush, hush, we all fall down". Eenoogkonings klim 'n mishoop en sing:

"I'm the king of the castle, and you're the rascal...."!!

Leer ons kleuterrympies ons dan niks nie? Wat sal ons ruk tot bewussyn, begrip en besef?

Die vernietiging van die osoonlaag veroorsaak katastrofale veranderinge in die klimaat van die wêreld. Herman Engelbrecht in sy "Skewe Seisoene" sê die volgende:

"Augustuswinde verwaai Oktober
kil dae in die somer
herfsblare val in die lente
buie somer in die winter
lente lag in herfs
wintersneeu oor September
miskien het die reëlmaat God verveel -
na al die eeue
van dieselfde toneel
terwyl hy tussen son en sterre
met dié snaakse bal
dieselfde spel
in dieselfde baan
moet speel".

Die astrologiese voorspellings noem die naderende tydperk van wêreldwye humanisme - die AKWARIUSERA. -(New Age).

Mens en wêreld word nie meer beskou as passiewe naamwoorde nie, maar as aktiewe werkwoorde. 'n Renaissance van werkwoorde soos deelname, verandering, vernuwing pleks van lotsaanvaarding van gegewe konstantes. Die onbekende is onbeperk. Van die 20ste eeu het elk van ons nog 'n onbeperkte stukke vlietende hede en tydlose toekoms oor vir deelname óf negatief óf positief. Nostradamus noem die 20ste eeu "Die Lang Eeu". In die verloop van die "Lang Eeu" moes ons in die jare 60 streef na paraatheid, in die 70's was dit betrokkenheid (skakeling), en in die 80's kommunikasie. En nou, wat noem die negentiger sy dekade? - kreatiewe deelname val nie sleg op die gemoed nie.

'n Moderne geesteklimaat word geskep waarin die bestaan van God eintlik onnodig en oorbodig word. Dan verloor die Woord sy krag en kom ons gewone, egte en suiwere Christelike lewe en getuienis onder verdenking. Al meer vrae word gevra wat al groter onsekerheid skep en verwarring bring.

Ons moet probeer om twee sake suiwer te sien en uitmekaar te hou.

Aan die een kant het ons die **WOORD VAN GOD**, vas en waar vir alle mense in alle tye en onder alle omstandighede met sy bepaalde boodskap waarmee daar nie geknoei en wat nie verander of aangepas **MAG** word nie.

Aan die ander kant het ons die wisselende en **VERANDERENDE** tye wat telkens nuwe vrae op ons Kerk se agenda plaas.

Die boodskap van die Kerk moet êrens heen, aan iemand afgelewer word, aan mense wat in bepaalde tye en met bepaalde probleme lewe. Daarom is dit begryplik dat ons kerk vandag miskien dinge anders doen en selfs anders preek as 50 jaar gelede. Die boodskap van heil bly egter dieselfde, waar en vas soos altyd.

Lidmate wat onseker en ongelukkig voel moet oortuig bly: Ons kerk is nie 'n aksiegroep wat hom vir nuwe strukture beywer of 'n pressiegroep van protesterendes teen die ou bestaande orde nie, 'n vereniging wat hom vir verandering van maatskappy beywer nie.

Ander kerke mag miskien sulke doelstellings hê, maar ons kerk nie. Ons glo en aanvaar dat die kerk van Jesus Christus steeds die volk van God is en bly, die bruid van Christus, die liggaam van die Here wat deur die Woordbediening en sakramente opgebou en geleer word om met lofprysing en aanbidding, met smeking en toewyding God te dien en te eer.

Die mees direkte saak wat die kerk teenoor die samelewing het, is die regte prediking van die Woord van God, sodat daaruit vanself die nodige diens, liefde en Christelike wandel voortkom. Vir ons kerk is dit vandag nog net so belangrik as soveel jare gelede dat mense die Woord hoor en tot geloof en bekering kom - iets wat in baie kerke vandag byna nie meer aanvaar word nie.

Natuurlik is die kerk daar vir die wêreld, maar dit is nie die enigste of eerste waarheid nie. Ons kerk is in eerste instansie daar vir God, om sy **WIL TE KEN EN TE DOEN** en om nie aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie.

Vir almal wat in ons tye **IN VERTWYFELING** VERKEER OF MISKIEN AL verward geraak het, moet daar vanuit hierdie kerk en sy Sinode deur sy besluite en afgevaardigdes 'n helder en duidelike boodskap uitgedra word. Laat ons daaraan werk om tuis in die gemeentes, maar veral ook in ons huisgesinne, in die huwelik en tussen ouers en kinders 'n atmosfeer te skep wat ons gevoelig sal maak vir die werking van die Gees.

LIEFDE en LOJALITEIT teenoor ons kerk moet van die ingeboude hoekstene in die geestelike toerusting van ons kinders en jongmense wees, terwyl "geestelike groei" **VAN** en

IN ons gemeentes die ideaal is waaraan elkeen met erns en toewyding moet werk. Dieper en persoonlike kennis van Christus en sy heilswerk, maak ons blyer en gehoorsamer aan sy Woord en laat ons die vreugde van Christen wees elke dag meer belewe.

Kom ons gee vanaand in die lig van DIE WOORD REKENSKAP van WAT die KERK is. Teks: Matt. 16:18 - "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie".

Jesus se Kerk soos dit onder mense bestaan, is nie altyd bo kritiek verhewe nie. Ons gee baie maal aan mense rede om die Kerk te smaad, en dit is ook goed om te onthou dat die kerk uit FEILBARE mense bestaan; uit sondaars. As dit dus van ons as sondige mense afgehang het, het die kerk lank reeds opgehou om te bestaan. En tog wil ons sê: ons weier om ons deur al die kritici van ons tyd skuldig te laat verklaar, asof ons die saak van Christus wêreldwyd maar net skade aangedoen het. Ons verwerp die aanklagte van mense in ons tyd waar hulle ons verwyt dat ons nie op dieselfde manier wil saampraat in 'n koor van kritiek nie, en waar hulle eintlik die kerk wil gebruik, of misbruik, om die krag van ons volk te ondermyn bv.

1. Die Kerkeberaad van die Staatspresident via dr Louw Alberts.

2. Kerk maan oor regse geweld - stryduitsprake.

3. AKASA - Afrikaanse Kerklike Alliansie van SA.

4. Rol van kerk in nuwe SA - dr W Nicol.

As daar een ding is wat in die jongste tyd vir my duidelik geword het, dan is dit die WYSE waarop die Kerk van Christus in SA MISBRUIK word om ander doeleindes te bereik as om die koninkryk van Christus te dien.

Wat wil ons nou doen?

Aan ONSSELF, binne ons EIE GELEDERE en na BUITE wil en moet ons weer opnuut sê WAT die Kerk is, wat sy WESE EN ROEPING en ook sy STRYD is, en dat die Kerk se OORWINNING GEWAARBORG is.

Een ding staan voorop: as die kerk gerysmier kan word en 'n werktuig van die kommunisme en liberalisme gemaak kan word, sal dit onberekenbare skade berokken, nie alleen aan die kerk self nie, maar ook aan al die fasette en uitinge van die lewe.

Aan die een kant is 'n GESONDE en PLIGSGETROUE kerk wat VERVUL is met die liefde en die Gees van Christus en GEFUNDEER is op die Woord van God, 'n aangename geur van Christus vir 'n gemeenskap en vir 'n volk. So 'n kerk is bederfwerende sout; dit gee weer sin aan die lewe, dit open

weer voor die mense se oë die vergesigte op die ewigheid; dit open voor mense se oë die **WONDERDADE** van God, soos ons dit ook ervaar en belewe die afgelope 3 jaar. So 'n kerk is vir mense 'n **GEESTELIKE TUISTE**, 'n besieling tot oorwinning en 'n gids tot **DIE EWIGE LEWE**.

I.V.M. die teksvers let ons op 4 dinge:

1. **DIE FONDAMENT VAN DIE KERK**

Dit word vir ons geteken in die woorde "op hierdie rots sal Ek my gemeente bou".

Die Rooms-Katolieke Kerk, meen hierdie woorde dui op Simon Petrus en die Pous as sy opvolger. Die **CHRISTELIKE KERK** het van vroeg reeds verklaar dat die woorde "op hierdie rots" dui op die belydenis van Jesus Christus as Seun van God.

Natuurlik kom die belydende Petrus ook daarby ter sprake, en saam met hom al die ware gelowiges in Jesus Christus, want **IEMAND** moet bely. Die belydenis hang nie in die lug nie. Maar die belydende Christen is nie self die fondament van sy eie belydenis nie.

Dit gaan om ons Here Jesus Christus. Dit gaan om Hom as die Seun van God en as Saligmaker, en die gelowige se vertroue in Hom en die belydenis van sy Naam.

Die kerk bou nie op die gelowige self nie; nie op ons geloof of toewyding, volharding, gawes, arbeid of dankoffer nie, maar op Jesus Christus. Sy **GODHEID** word aanbid, in **SY MENSHEID** het God na ons neergedaal; **SY LYDING** was plaasvervangend vir sondaars; **SY GEHOORSAAMHEID** het vir ons die goddelike wet vervul. Dis **SY BLOED** wat versoening met God teweegbring, dis **SY OPSTANDING** waardeur ons geregverdig word en waardeur ons 'n **UITSIG** kry op die ewige lewe.

Daarom sê ons dat **JESUS CHRISTUS** die fondament is, en die gelowige belydenis van sy Naam is die verbintenis van die gemeente as die gebou van God met Hom wat die gebou ten grondslag lê.

Waar die Kerk van Christus dan in hierdie tyd rekenskap moet gee van homself, laat die gemeente sy **GEFUNDEERDHEID OP CHRISTUS** ondersoek en laat hy vir homself vasstel of hy kragtig en suiwer staan in die belydenis van die **HERE JESUS** as die **SEUN VAN GOD** en as die **SALIGMAKER** en die Middelaar van ons lewe; ook of ons deur geloofsgehoorsaamheid innig aan Hom verbind is.

2. DIE WESE VAN DIE KERK

Die Here Jesus praat hier van "MY GEMEENTE". Reeds in die O.T. het ons die Kahal Yaweh op die vergadering van die volk van God gehad; anders is dit genoem die Edhah, d.w.s. 'n byeenkoms op bestelling, en die sinagoge was so 'n saamkomplek van hierdie mense met wie God 'n bestelling gehad het. In die N.T. het ons Christus se gemeente, die ekklesia, of die uitgeroepenes - uitgeroep uit die groot massa van mense, geroep uit die wêreld om vir God DIENSBAAR en AFGESONDER te wees. Hierdie ekklesia, die gemeente, is die kring van die gelowiges op 'n BEPAALDE PLEK; maar dit kan ook dui op die gemeente in 'n ENKEL HUIS, of die gemeentes in 'n BEPAALDE LANDSTREEK; dit kan dui op die gelowiges van die HELE WÊRELD, of dit kan dui op die HELE LIGGAAM van al die gelowiges in die hemel en op die aarde wat WAS en is en SAL WEES.

Daar is ook ander beskrywings van die Kerk van Christus.

(a) Een daarvan is die LIGGAAM VAN CHRISTUS.

Ons lees in 1 Kor. 12:17 "Maar julle is die liggaam van Christus, en lede afsonderlik". Dit beteken vir ons 'n paar dinge wanneer ons oor die ware kerk praat.

1. Allereers, dat ons deur die geloof verenig is met Christus.

Die kerk bestaan nie LOS van Christus nie en kan nie LOSGEDINK word van Jesus Christus nie. Hy is nie 'n selfstandige grootheid naas die Here Jesus; asof Hy sonder sy lewe kan klaarkom en nog suiwer, ware kerk kan wees nie.
In die diepste van ons wese het die Heilige Gees ons één GEMAAK met ons Heiland. Hy het as't ware 'n egskeiding teweeggebring tussen ons en die wêreld en die vlees. Dit het tot 'n breuk gelei tussen ons en die sondige wêreld en daar is 'n NUWE VERBINTENIS gelê met die Here Jesus as die hemelse Bruidegom.

2. Meer nog, ons is ook MET MEKAAR VERENIG in Christus.

Dit is een liggaam. Dit beteken dat daar vir my geen algehele AFSONDERING kan wees van my medegelowiges nie, geen WEGBLY van die kerk en 'n soort eiewillige godsdiens van selfbehae nie, maar dan ook nie genoeë neem met die leringe en praktyke wat strydig is met die evangelie en met die gesindheid van Jesus Christus nie, anders sou dit 'n vreemde klont wees in die liggaam van die Here Jesus. Juis ter wille van die eenheid in Christus sal DWALING en die KWAAD bestraf moet word, en sal ons die onboetvaardige tot bekering moet roep.

3. Liggaam van Christus beteken dat ons gehoorsaamheid aan Christus sal betuig.

As Christus die Hoof is, staan die liggaam onder sy BEHEER. Die liggaam wag op sy wenke en bevele. Hy beveel en ons gehoorsaam. Hy STUUR en sy kerk GAAN. Hy gebied en die kerk onttrek hom aan die gevaar waarteen Hy waarsku.

4. Liggaam van Christus. Dit beteken verder dat ons ook salig gemaak word deur Christus, verseker deur die Here Jesus.

As die gemeente die liggaam van Christus is, as dit in LEWENDE VOELING met Hom is en GELEI word deur Hom, spreek dit vanself dat die gemeente die GELOOFSVERSEKERING ken en die hoop op die ewige lewe het, want sy hoop en sy versekering lê nie in homself as 'n aparte grootheid nie, maar dit lê in die Here Jesus. Hy HÉT daardie sekerheid omdat hy met Hom VERBIND is en deur sy Gees vernuwe is. Die gemeente bou op sy belofte waar Hy sê: "Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal en niemand kan hulle uit My hand ruk nie".

(b) Die Kerk word beskrywe as die TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES.

In 1 Kor. 3:16 lees ons "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?"

'n Kenmerk van die gemeente is hiervolgens dat hy geen VORMGODSDIENS kan gedoog nie, maar dat hy lewendig en kragdadig is. Hy straal geloofsversekering en krag uit. Jy het nie te doen met papheid en lafhartigheid nie, maar met BESIELING EN DAADKRAG. Dis die tempel van die Heilige Gees. Hy woon daar in heiligheid. Die gemeente wat tempel van die Heilige Gees is, jaag die heiligmaking na. Hy word

besiel en gedra deur die gees van gebed.

(c) Die gemeente word ook genoem "DIE NUWE JERUSALEM. In Open. 21:9, 10 lees ons "En een van die sewe engele het na My gekom en gesê: Kom op hierheen en ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my die groot stad getoon, die Heilige Jerusalem, wat uit die hemel neerdaal". Nou weet ons JERUSALEM was die plek waar God met sy volk sou woon en waar sy volk gemeenskap met hom het. Nou is dit wel so dat die kerk reeds HIER EN NOU getuie is van GODS INWONING. Dit is nie maar net iets aan die anderkant van die graf nie. Tog is die

Kerk van Christus ook die **VINGER** wat heenwys op die toekomstige. Die kerk, die gelowiges, is die mense met **GELOOFSVERWAGTING.** Hulle ganse bestaan gaan **NIE** op in die materiële of in hulle dagtaak, plesier en ontspanning of verantwoordelikhede nie. Daar leef 'n verwagting in hulle hart. Daar is mense wat Sê en **TOON dat ons HIER** nie 'n **BLYWENDE STAD** het nie. Hulle openbaar die hemelse gesindheid omdat hulle burgerskap in die hemele is. Hulle het 'n verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste, ja, hulle verwag die wederkoms van Christus wanneer **GOD ALLES EN IN ALMAL SAL WEES**.

(d) Na my wete word die kerk beskryf as **'n PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID**. So beskryf Paulus die gemeente in **1 Tim. 3:15**.

Die kerk is gebou op die waarheid. Maar juis daarom moet hy steeds uit die waarheid lewe. Hy moet die waarheid belewe, hy moet die waarheid verdedig teen die vyande van die koninkryk, en hy moet die Woord van die waarheid hanteer teenoor die dwaling, die **SONDE** EN DIE verval. En daardie gesindheid, die gesindheid van **GEGRYP TE WEES** deur waarheid van God as 'n vrymakende mag in ons lewe, is die gesindheid wat Paulus geopenbaar het toe hy teen die valse leer in die verskeie gemeentes opgetree het.

Ons kan baie ver gaan in ons pogings om met liefde mense te wen, om onenigheid uit die weg te ruim, om die gevaar van tweedrag en skeuring te oorwin. Ons kan ver gaan om misverstand op te klaar en ons kan veel doen om die sondige verskeurdheid onder Christene teë te gaan. Maar daar is

GRENSE vir verdraagsaamheid. Die Christelike eenheid het sy grense. Die waarheid kan nie in 'n **VERBOND** met die **LEUEN** in een konstitusie opgeneem word nie. Mense wat die waarheid van Gods Woord **BELY** en ander wat daardie selfde waarheid **BESTRY,** kan nie saam in dieselfde bestuur dien en dan poseer as Christelik nie. As die kerk dit doen, dan sal hy te kenne gee dat **CHRISTUS** Hom met die Fariseërs in 'n kompromis moes versoen het. Dan moes **MOSES** hom in 'n ooreenkoms met die kalfaanbidders versoen het. Dan sou **ELIA** tot 'n vergelyk met die Baälprofete moes gekom het. Dan sou **LUTHER** hom met die Pous moes versoen het, en dan moes **CALVYN** sy werk in Genéve laat vaar het ter wille van eenheid met Rome. Dis 'n Woord aan die APK van Christus vandag: verre daarvandaan dat ons tot so 'n **KOMPROMIS** mag kom, moet die kerk vasstaan as **PILAAR** en grondslag van die waarheid.

3. DIE STRYD VAN DIE KERK

Die Here Jesus sê: "... en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie!"

Daarmee het Christus baie duidelik die stryd voorspel en tegelykertyd ook die oorwinning aangekondig. Hy praat van die **GRYPENDE HANDE VAN DIE DODERYK** se poorte, wat wil **INSLUK** en **VERNIETIG**. Maár daarteenoor waarborg hy die oorwinning van die kerk.

Die kerk kén die stryd.

Ons moenie bang word wanneer daar stryd is nie. Jesus

Christus het nie die stryd ontsien toe dit nodig was om ter wille van die **EER VAN GOD** en die **WAARHEID** van sy heilsopenbaring op te tree en sterk op te tree nie. Hy het nie ontsien om die Fariseërs te striem nie (Matt. 23). Die kerk van Jesus moet, waar hy hom in alle ootmoed voor God stel, ook nie aarsel om wanneer hy 'n duidelike insig het in die waarheid van God te sê: "**KO AMAR YAHWEH**" - "**SO SPREEK DIE HERE**" - en dan in die lig daarvan die kwaad te veroordeel en te bestry nie.

Ons sê die kerk ken die stryd; hy kan dit ook nie ontduik nie. Die kerk ken die spanning van die begin af. Dis nie maar 'n verskynsel van vandag nie, en dis nie ongerymd of onchristelik wanneer die kerk vandag in die stryd betrokke is nie. Al moet ons die swaard ook met **LIEFDE** hanteer, kan dit nie in sy skede bly wanneer die eer van God en die heil van ons siele op die spel is nie. Eintlik sal dit nooit anders wees indien die Kerk van Jesus waarlik Kerk is en wil bly nie. Is die kerk die liggaam van Christus en beteken dit dat hy verenig is met Christus?

* Dan sal die magte van die bose daarop mik om ons in **SKEURING, TWIS EN VYANDSKAP** van mekaar te vervreem. Laat ons waak teen die bose wat beuselagtige dinge sal laat meewerk tot onenigheid en spanning tussen ons.

* Die stryd lê ook op 'n ander vlak. Is dit so dat Christus se werk één is, dan sal die bose weer sommige ander - en hulle is vandag nie min in getal nie - 'n eenheid wil laat demonstreer, ongeag die toets van die waarheid of vraag of die Gees van Christus in ooreenstemming met die Woord van God binne daardie eenheidsdemonstrasie lewe, en ongeag of die gesindheid van die Woord van Christus daar tot sy reg kom. Dit ly vandag geen twyfel nie dat **EEN VAN DIE MAGTIGSTE AANSLAE** van die poorte van die doderyk teen die Kerk van Christus juis langs die weg van die **ALLESINSLUITENDE** eenheid is.

* Is die kerk die liggaam van Christus?

Dán lê die stryd ook daarin dat hy nie sy **BESTAAN AS VANSELFSPREKEND** kan beskou nie, dat hy nooit **LOS** van Christus en sonder die daaglikse beoefening van die geloof, waarlik kerk kan wees en kan bly nie.

* Sy stryd lê ook daarin dat die bose hom moontlik net 'n **NAPRATER** sal wil maak van die gangbare menings van die tyd, van ideologieë, allerlei geestesstrominge. Die bose sal probeer om ons daardie dinge klakkeloos te laat napraat.

1. Aan die een kant moet ons daarteen waak dat ons nie gedegradeer word tot gewone **VOLKSKERK** of 'n kultuurorganisasie nie. Nee, die Kerk van Jesus moet nog altyd daardie **ANDERSE**, 'n soort vreemdheid, beliggaam wat as't ware die insnyding van die goddelike in die tydelike en in die sondige is.

2. Maar aan die ander kant moet die kerk ook waak dat hy nie tot 'n **VOLKSVYAND GEMAAK** word deur mense wat uit naam van revolusionêre eenheid en broederskap die kerk bloot as 'n **POLITIEKE BONDGENOOT** en **HEFBOOM** wil misbruik nie. Daarteen moet die kerk waak, want die bose het reeds in menige kerke 'n gevoelige slag teen die kerk in hierdie opsig geslaan.

* Die kerk is die liggaam van Christus. Lê sy stryd dan nie ook hierin nie?

Aan die een kant loop hy 'n gevaar om 'n evangelie te verkondig wat net maar die **REDDING** van die siel op die oog het, **MAAR NIE OOK die HEILIGING** van die daaglikse lewe nie. Hy wil hom nie ook inlaat met menslike verhoudinge en geregtigheid tussen mense bevorder en verkondig nie. As die kerk hierdie dinge nie doen nie, dán het die poorte van die doderyk 'n slag teen hom geslaan, want dan het hy daarin geslaag om die kerk bloot iets vir die hiernamaals te laat verkondig terwyl dit geen wesenlike krag **HIER EN NOU** uitoefen nie.

\- Maar die saak het ook weer 'n ander kant.

Die bose wil juis in ons dag hê dat die kerk **SAL VERGEET** dat hy die Nuwe Jerusalem of Tempel van die Heilige Gees is, deurdat hy in sy boodskap **NIE MEER DIE KRUIS** van die Heiland sentraal sal plaas nie, en nie meer sondaars sal aanspreek met Gods boodskap van versoening nie. Dan bedoel ons nie met versoening net tussen mens en mens of net beter verhoudinge tussen mense nie, maar Gods boodskap van die wyse waarop 'n sondaar met die Heilige God versoen kan word.

Dit sal die TOETS ÉN DIE VERSOEKING wees om 'n boodskap te bring waar dit nie meer gaan om die redding van die ellendige sondaar wat verdoem voor God staan, of om sy heiliging in Christus nie, maar waar mense sal probeer uitmunt in praktiese politieke voorskrifte. Dit is nie die kerk se taak om te probeer uitmunt in lopende kommentaar op owerheidsoptrede soos ons dit in die jongste tyd belewe het nie, of dat die kerk sal poseer as kampvegter vir maatskaplike of politieke regte nie. Daarvoor sal die kerk moet wakker loop. Vgl. die pragtige studiestuk oor Bevrydingsteologie.

Dit is die stryd van ons kerk in ons tyd. Die kerk mag NOOIT sy KRUISMERK AFSLYT nie en nooit sy VERSOENINGSBOODSKAP laat verstom nie. Hy mag noóit sy Hemelse gesindheid, sy Hemelse verwagting, sy wederkomsverwagting VERRUIL vir blote maatskaplike bedrywighede nie. Ons is pelgrims, bywoners, vreemdelinge op pad na 'n nuwe vaderland. (Heb. 11:13).

* Die kerk is PILAAR EN GRONDSLAG van die waarheid. Laat ons met nugterheid besef op watter fronte die poorte van die doderyk op ons toeslaan. As hy ons nie MAGTELOOS kan slaan met wêreldgesindheid, onbekeerlikheid, vleeslikheid en gebrek aan Heilige vreugde, sekerheid en gebedslus nie, sal hy ons probeer vernietig deur ONHEILIGE VERDEELDHEID. Máar as die Gees van Christus te midde van VERDEELDHEID OP DIE GEDEELDHEID van die kerk op aarde, dan tog kragtig werk in die een deel van die kerk en hom laat getuig TEENOOR die ander dele wat dan die waarheid versaak het, as 'n deel van die kerk daardie boodskap suiwer verkondig en protesteer teen die ontaarding en die verval in dele van die kerk, sal die bose ons probeer vernietig deur 'n VALSE EKUMENIESE STREWE, 'n EENHEIDSTREWE waarin die suiwer evangelie, die waarheid van Gods Woord, op die agtergrond gedwing word, en waar die ideaal min of meer gesamentlikheid is. Dit is bepaald nie verniet dat die Skrif ons WAARSKU teen die verbond van die valse profeet met die antichris nie.

Laat ons egter let op:

4. DIE VERSEKERING VAN OORWINNING

Ondanks die feit dat die hel van woede sal blaak - so sê die Here Jesus - sal die poorte van die doderyk die gemeente nie oorweldig nie. Die mag van die dood is 'n mag wat met die SONDEVAL saamval. Dit is vyandig teenoor God. Nou word die poorte van die doderyk hier voorgestel as 'n ARTIEWE, GRYPENDE mag. Hy werk in belang van die dood. Wat in sy buurt kom, soos binne bereik van die seekatkloue, word gegryp, vasgehou en oorweldig.

En dit is wat Satan met die Kerk van Christus wil doen. Maar die Here Jésus sê dit SAL NIE GEBEUR NIE. Die kerk word nie na die dood gesleep en deur die dood vasgehou en daardeur oorweldig nie. Christus Jesus as Seun van die lewende God het die dood oorwin deur sy opstanding.

Broers en susters, belyers van sy Naam, u as liggaam van Christus, deur die jare heen het Hy ons gedra deur al die teenhede en aanvalle van die sielevyand. Hy het nie die werk van sy hande laat vaar nie. As dit van mense afgehang het, was die Kerk van Christus lankal 'n VERGETE FAKTOR.

Maar Hy het nie vergete geraak nie, Hy het nie gesterwe nie. By die afsterwe van voorgeslagte het SY GENADEWERK nie opgehou nie en het sy GENADEVERBOND met opkomende geslagte nie VERANDER nie.

Hy wat sy gemeente één gemaak het met Homself, wat dit gemaak het tot Tempel van die Heilige Gees, tot Nuwe Jerusalem, tot die pilare en die grondslag van die waarheid, - Hy sal nooit die werk van sy hande laat vaar nie.

Immers saam met Paulus kan ons uitroep: "Ek is VERSEKERD dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie". Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Broer Lubbe het in sy openingsrede 1989 tot die volgende samevatting gekom: "Ons AP Kerk se roeping vandag is wat elke Kerk van Christus se roeping in alle eeue was: om waarlik Kerk van Christus in sy gemeente te wees; om as gemeentes gesamentlik waarlik Kerk van Christus te wees - niks anders nie, nooit anders nie".

DR CI VAN HEERDEN

OPNSREDE/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

ADDENDUM--VERSLAG : KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

1 Kyk punt 2.1 op bl. 106 van die Agenda vir die 4de Sinode te Parys.

2. Die KKS en die AK van die Vroueaksie het op 9 Augustus 1990 samesprekings gevoer en eenparig soos volg besluit:

2.1 Die KKS sowel as die AK van die Vroueaksie is tevrede dat, nà 'n baie sinvolle ontmoeting, die lug gesuiwer is t.o.v. sekere foutiewe aannames wat gemaak is wat misverstande tot gevolg gehad het.

2.2 Die KKS en die AK van die Vroueaksie het mekaar se bona fides ten volle aanvaar en is dankbaar dat die ontmoeting kon plaasvind.

2.3 Daar bestaan op hierdie stadium egter nie eenstemmigheid oor die struktuur van die Vroueaksie nie en gevolglik is daar wedersydse behoefte vir verdere gesprekvoering.

3. Die volgende beskrywingspunt in verband met 'n Aksie of Vereniging in die APK het oorgestaan by die 1989-Sinode:

3.1 <u>AP kerk Cullinan-Rayton</u>

3.1.1 <u>Beskrywingspunt i/s: 'n Aksie of vereniging in die AP kerkverband</u>

Die sinode besluit:

dat geen aksie of vereniging bestaansreg in die Afrikaanse Protestantse kerkverband het nie, aangesien

3.1.1.1 dit in stryd is met die beginsel van kerklike lidmaatskap waarvolgens 'n persoon net 'n belydende lidmaat van 'n plaaslike kerk (gemeente) word en is, en nie van die kerkverband nie (bv. deur die aflegging van geloofsbelydenis in 'n gemeente onder leiding en toelating van die kerkraad, of deur attestasie wat deur die kerkraad en gemeentelede geapprobeer word);

3.1.1.2 'n belydende lidmaat net regte en voorregte het in die plaaslike kerk (gemeente) waar sy lidmaatskap, hetsy na belydenis van geloof of na opname met attestaat (bewys van lidmaatskap van 'n plaaslike kerk in die kerkverband), deur die kerkraad erken en aangeteken is en wel betreffende stemreg (vgl. 1988-KO art. 32), toegang tot die sakramente (vgl. 1988-KO bep. 43.1-3), verkiesbaarheid op die kerkraad (vgl. 1988-KO art. 20.3) en ander;

3.1.1.3 'n belydende lidmaat geen regte of voorregte in enige ander plaaslike kerk (gemeente) van die kerkverband het as net die plaaslike kerk waar sy lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is nie;

3.1.1.4 daar volgens die Gereformeerde kerkreg, en soos onder punte 1-3 duidelik aangetoon, geen lidmaatskap van die kerkverband as sodanig, met ander woorde 'n kerkverbandoorkoepelende lidmaatskap, kan bestaan nie;

3.1.1.5 dit ook in stryd is met die beginsel van kerkraad, waarvolgens 'n kerkraad net vir 'n bepaalde gemeente uit die gemeentelede deur die gemeentelede en verder deur die kerkraad en die gemeentelede gekies word;

3.1.1.6 geen kerkraad as kerkraad enige reg of bevoegdheid het om in enige ander gemeente van die kerkverband in te meng, op te tree, funksies te vervul of toesig uit te oefen nie;

3.1.1.7 dit verder in stryd is met die beginsel waarvolgens 'n predikant net in die gemeente waar hy as bedienaar van die Woord bevestig is, enige regte en bevoegdhede het, (vgl. 1988-KO art. 5, 8, 9, 11, ens., en veral art. 13 was lees: "'n bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander gemeente (kerk) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie"), behalwe in die geval van konsulentskap, wat in elk geval 'n benoeming deur die ring is en wat in ieder geval vereis dat optrede met medewete en goedkeuring van die kerkraad van die konsulentsgemeente geskied - dus nooit 'n eiegeregtige, selfstandige optrede nie);

3.1.1.8 'n aksie of vereniging in die kerkverband gemeente oorkoepelend is en sy lede, hetsy verpligtend of vrywillig, uit gemeentes van die kerkverband trek met negering van enige gemeentegrense;

3.1.1.9 'n aksie of vereniging in die kerkverband noodwendig 'n bestuur kies, wat bestaan uit

belydende lidmate afkomstig uit enkele gemeentes van die kerkverband en wat as bestuurslede oor gemeentelike grense heen hulself die reg gee om in gemeentes in te meng, waar hulle as belydende lidmate geen regte, voorregte of bevoegdhede het nie (vgl. punte 1-4 hierbo), en dan voorskrifte gee aan, opdragte gee aan en heffinge plaas op lidmate in gemeentes waaroor hulle Gereformeerd-kerkregtelik geen jurisdiksie het nie en nooit jurisdiksie kan hê nie;

3.1.1.10 die aksie, veral die bestuur, hulself, regte, voorregte en bevoegdhede veroorloof wat geen belydende lidmaat, kerkraad of bedienaar van die Woord in die kerkverband het nie, en elke beginsel in verband met kerklike lidmaatskap, kerkraad-wees en bedienaar van die Woord-wees volgens die Gereformeerde kerkreg verkrag;

3.1.1.11 in die plaaslike kerk (gemeente) die regering, opsig en tug, lidmaatskap, die openbare erediens, sakramentsbediening, verbondsonderrig, dienswerk, ens., aan die kerkraad opgedra is, en vandaar is dit die kerkraad se roeping en taak om in die gemeente uitvoering te gee aan art. 49 van die KO (1988), en nie aan enige aksie in die kerkverband om oorkoepelend in te meng in enige plaaslike kerk (gemeente) nie;

3.1.1.12 die optrede van 'n aksiebestuur daarop uitloop dat dubbele lojaliteit in gemeentes geskep en die kerkraad in die uitvoering van sy Skriftuurlike funksie gestrem word.

3.1.2 <u>Motivering</u>

Geen.

3.2 <u>RING VAN KLERKSDORP</u>

3.2.1 <u>Beskrywingspunt i/s: Die APK-Vroueaksie</u>

Die sinode besluit:

3.2.1.1 Dat die Vroueaksie en sy Algemene Komitee, soos beide tans bestaan en funksioneer, volgens Skrifgronde en belydenis geen bestaansreg het nie en dat die susters van elke plaaslike gemeente slegs onder leiding en toesig van die plaaslike kerkraad mag funksioneer (desnoods met 'n eie klein dagbestuur) en wel as 'n hulpdiens vir die kerkraad waar en wanneer benodig en indien daartoe versoek of opgedra.

3.2.1.2 Dat die Vroueaksie se gereëlde bylaag (nuusbrief) in DIE BOODSKAPPER vervang moet word deur bloot

plasingsruimte in die blad self af te staan aan artikels en nuuswaardighede wat vir alle vrouelidmate in alle gemeentes belangwekkend en opbouend is, onder 'n rubriekopskrif soos: VIR DIE EVASGESLAG / TUSSEN ONS VROUE...

3.2.1.3 Dat 'n konferensie van APK-susters slegs gehou word indien 'n kerkraad so 'n uitnodiging rig, en dat die konferensiegangers (onder leiding van die kerkraad) slegs vir daardie samekoms 'n voorsitter kies - indien nodig - wat die orde tydens die konferensie moet handhaaf, waarvan die agenda/program deur die plaaslike kerkraad gefinaliseer is nadat die sustershulpdienste van alle gemeentes versoek is om wenke vir die program voor te lê.

3.2.1.4 Dat daar geen tussentydse of permanente Algemene Komitee met 'n eie fondsinsamelingsaksie sal bestaan of funksioneer nie, maar dat 'n konferensie in sitting 'n spesifieke gemeente sal aanwys, waarvan die kerkraad versoek sal word om die eersvolgende konferensie saam te roep.

3.2.2 <u>Motivering</u>

3.2.2.1 Volgens haar wesensaard is die vrou 'n hulp vir die man (hoewel nie vanselfsprekend ook haar ampsdraer-eggenoot se hulp nie - met ander woorde, net so min as wat die predikant se vrou haar man se pligte mag oorneem as hy ongesteld of uitstedig is, net so min mag die ouderling (of diaken) se vrou sy pligte oorneem as hy siek of uitstedig is). Indien die kerkraad die susters wil betrek om hulpdiens te verrig, sal reggeaarde susters dit met blydskap en graagte doen, sonder om opdringerig of voorskriftelik te wees, maar tevrede om die plek in te neem en die roeping te vervul wat volgens die Skrif tot haar wese en aard as vrou behoort - iets waarvan die hedendaagse geëmansipeerde vrou ongelukkig nie wil weet of hoor nie.

3.2.2.2 Elke gemeente, as selfstandige openbaring van die Liggaam van Christus, is 'n organiese geheel. Bestaan daar enige Skrifgetuienis dat sodanige liggaam in allerlei dele (groepies/verenigings/"aksies") onderverdeel moet/mag word? Vanwaar dan 'n Vroueaksie en 'n Jeugaksie? Waarom nie slegs gemeentelike diens nie - met klem (indien nodig) op sekere groepe vir spesifieke take? Indien 'n onderverdeling Skriftuurlik verantwoorbaar is, waarom dan nie ook voorsiening maak vir bv. die volgende groepsbehoeftes nie: werkende moeders,

gerehabiliteerde dwelmverslaafdes, jonggetroudes, senior lidmate bo 75 jaar, spoorwegpensioenarisse, ambagsmanne, fotografiese entoesiaste, ens.?

3.2.2.3 Indien die vrouelidmate van 'n gemeente die innige behoefte het om tog as groep - vanweë gemeenskaplike belange - van tyd tot tyd saam te kom, behoort 'n geskikte ouderling hulle samekomste by te woon ter wille van advies en toesig, terwyl hy tegelyk as skakel tussen die kerkraad en die susters optree.

3.2.2.4 Daar bestaan geen Skrif - of belydenisgronde vir die huidige opset en funksionering van die APK-Vroueaksie, wat nie slegs 'n aparte organisasie met gesagstruktuur binne elke gemeente (as selfstandige openbaring van die Liggaam van Christus) geword het nie, maar ook 'n oorkoepelende organisasie met eie gesagstruktuur oor alle Vroueaksies landswyd, wat selfs so aanmatigend optree om sinodebesluite te verwerp.

3.2.2.5 Daar bestaan in gemeentes geen ander "Manneaksie" as die kerkraad nie, en die onuitwisbare indruk word geskep dat die Vroueaksie in talle gemeentes niks anders as 'n vroue-kerkraad met allerlei seggenskap en medeseggenskap wil wees nie; die wyksusters is dan ook gewoonlik die eggenotes van kerkraadslede, oftewel "kerkraadsvroue" soos hulle hulleself graag betitel - asof die man se verkiesing tot een van die besondere ampte enigsins op sy vrou ook van toepassing is en haar deel maak van 'n uitgelese groepie!

3.2.2.6 Daar bestaan in verskeie APK-gemeentes die Skriftuurlik-ongefundeerde gebruik dat lede van die Vroueaksie sittingsreg op kerkraadskommissies het, bv. finansies, eiendomme, beplanning, sang en erediens, jeug, barmhartigheidsdiens (wat diakonale terrein is), leer en aktueel asook dissipelskap en sending (wat die ouderlinge se terrein is) en selfs die oorkoepelende algemene bestuurskommissie.

Hierdie gebruik is 'n verdere voorbeeld van die ongesonde en onskriftuurlike indringing van die vrouelidmate op die terreine van die besondere ampte - nie dat kerkrade nooit enige susters op kommissies mag koöpteer of advies van hulle mag vra nie, maar permanente sittingsreg en gelyke medeseggenskap word daardeur aan hulle toegeken. As daar nie 'n Vroueaksie, met 'n eie gesagstruktuur, was nie, sou hierdie situasie waarskynlik nooit ontstaan het nie. Die Vroueaksie het egter in die meeste gemeentes 'n

tweede kerkraad geword, wat boonop streef na meer as slegs seggenskap oor die vrouelidmate. (Kontroleer gerus hierdie stelling/motivering aan die hand van "SARIE SKRYF" in die APK-VROUEAKSIE SE NUUSBRIEF in DIE BOODSKAPPER van April 1989).

3.2.2.7 Dit is heeltemal onbillik dat alle lidmate van alle gemeentes tot die 50% subsidiëring van die VROUEAKSIE SE NUUSBRIEF as bylaag van DIE BOODSKAPPER moet bydra - uit SKK-fondse - terwyl slegs 'n persentasie van elke gemeente se susters aan die plaaslike Vroueaksies behoort of wil behoort. Boonop is Mev Marié Bosman reeds subredakteur van DIE BOODSKAPPER se spesifieke rubriek vir vroue - wat slegs duplisering meebring.

Wat meer is: indien 'n Vroueaksie bestaansreg het, sou 'n APK Bybelstudiebond, 'n APK-Seniorburgergilde, 'n APK-Ex-Alkoholisteverenigging, 'n APK-Skaakklub en dies meer presies dieselfde bestaansreg hê. Sou kerkrade en lidmate goedkeur dat die redaksie van DIE BOODSKAPPER dieselfde plasingsruimte (en teen dieselfde 50% subsidiëring) aan sulke belangegroepe afstaan? Om sulke probleme uit te skakel, moet DIE BOODSKAPPER net as algemene kerklike blad aangewend word - sonder plasingsruimte vir enige belangegroep.

4. <u>AANBEVELING VAN DIE KKS</u>

Die sinode besluit

4.1 dat aangesien kerklike lidmaatskap in beginsel volgens die Skrif (Ef. 4, 1 Kor. 12, Rom. 12), die Belydenisskrifte (NGB arts. 30 en 32, H. Kat. vrae en antwoorde 55, 104 en 124), die beginsel van die Gereformeerde Kerkreg en art. 3, beps. 3.1 tot 3.9, arts. 4, 5, 10, 22.1, 22.3 e.a. van die Kerkorde 1989 net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is en nie aan die kerkverband nie;

4.2 dat derhalwe 'n belydende lidmaat net regte, voorregte en bevoegdhede tot optrede in sy plaaslike kerk het ooreenkomstig die artikels en bepalings van die Kerkorde en onderworpe aan die opsig van die kerkraad - dit geld ook vir die besondere ampte van ouderling, diaken en bedienaar van die Woord, vgl. arts. 15, 20, 21, 22 e.a.

4.3 dat dit die taak van die kerkraad is om volgens Ef. 4:11-16, Hand. 20:28, 1 Tim. 3:5, Kerkorde arts. 14, 20, 21, 44, 48 al die belydende lidmate (en dooplidmate) te versorg, toe te rus, te

aktiveer en te organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus in die plaaslike kerk (gemeente);

4.4 dat elke kerkraad ter uitvoering van sy taak, soos onder punt 3 gestel, volgens eie besluit in samewerking met en met konsiderasie van plaaslike vermoëns en behoeftes al die lidmate gesamentlik of in groepe vir dienswerk organiseer;

4.5 dat groepe belydende lidmate nie die bevoegdheid het om, vry van die opsig van die kerkraad met miskenning en oorskryding van gemeentelike grense in stryd met hulle lidmaatsregte, - voorregte en - bevoegdhede, te organiseer nie;

4.6 dat groepe belydende lidmate, hetsy broeders, susters en jongmense apart of as lidmaatsgroepe volgens geïdentifiseerde behoeftes kragtens die sinodale besluit van 1988 konferensies kan hou in medewerking met 'n plaaslike kerkraad as gasheer deur middel van konferensiekomitees, en nie deur middel van permanente strukture nie;

4.7 dat sodanige konferensies ten doel moet hê om dusdanige betrokke groepe lidmate vir hulle plaaslike dienswerk deur kruisbestuiwing van gedagtes, werksmetodes ens. te stimuleer en te besiel;

4.8 dat die presiese inkleding van hoe die susters voortaan landwyd gekoördineerd mag optree, verwys word na die KKS wat met die AK van die Vroueaksie samespreking sal voer met gebruikmaking van beginsels (ook deur die vorige KKS) na vore kom. Rapport moet daarvan op die volgende sinode gelewer word.

5. **BESWAARSKRIF IN VERBAND MET NOTULE SINODE 1989**

Die onderstaande beswaarskrif word deur ds J.A. du Plessis aan die sinode 1990 voorgelê. Kyk Bylae A en B.

Posbus 777
NABOOMSPRU
IT
0560
7 Junie 1990

Die Voorsitter
Die Sinode APK in sitting te Parys 17 September 1990 e.v.d.
Posbus 30353
SUNNYSIDE
0132

Waarde Heer

Op 19 Februarie 1990 teken ek beswaar aan teen die optrede van die SKK wat 'n gedeelte van 'n notule vir die sinode herskryf, en versoek dat 'n regstelling aangebring word (Sien Bylae A).

Onder datum 8 Mei 1990 word ek in kennis gestel dat ek 'n beswaarskrif na die sinode kan stuur. (Sien tweede besluit in die konteks van SKK geskrywe gedateer 8 Mei 1990 aan J.A. du Plessis Bylae B).

In die Handeling van die Derde Sinode gehou te Parys 1 tot 7 November 1989. P. 513 onder punt 131 staan aangeteken:

"Vroueaksie

Die Voorsitter gee 'n wenk aan die hand dat die hele saak rondom die vroueaksie (bl. 336-351) verwys word vir bespreking na die SKK, KKS en Alg. Komitee vir die Vroueaksie en die Sinode stem daartoe in".

Die SKK oordeel: "Ek vertrou dat u hierdie oordeel ten opsigte van die prosedure aanvaar en dat u na goeddunke sal handel".

Die oordeel van die SKK plaas my in 'n verleentheidsituasie soos in die volgende KO uitgedruk.

"Artikel 30

Appèl en Beswaarskrif (Gravamen).

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif die belydenisskrifte, die Kerkorde en die Gereformeerde Kerkreg, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit".

Die beroep van die SKK dat ek hulle oordeel ten opsigte van die prosedure sal aanvaar, plaas my voor die problematiek dat ek daarmee moet aanvaar dat waarteen ek 'n beswaar wil laat aanteken werklik 'n sinodebesluit is. Dit is die enigste grond waarop ek 'n beswaarskrif kan indien.

Waarteen ek beswaar aangeteken het by die SKK was juis hulle foutiewelike herskrywing van sinodehandelinge.

Sou op grond van die opdrag van die sinode aan die SKK om die notule goed te keur die SKK oordeel dat deur hulle optrede Punt 131 Pagina 513 'n sinodebesluit geword het, beroep ek my dan op hulle advies om 'n beswaarskrif aan te bied.

Ter motivering vir die wysiging van die gewaande besluit, bied ek die volgende regsgronde aan om u te oorreed om die "besluit" te wysig:

Ek beroep my op Punt 4.1 en Punt 4.2 van my motivering Bylae A wat ek as volg saamvat:

"4.1 Die wyse waarop 'n saak aan die orde kom tydens 'n sinodevergadering, is deur 'n verslag van 'n sinodale kommissie, 'n beskrywingspunt, 'n appèl, korrerspondensie en 'n gravamen".

In dié verslag van die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake, verskyn die aangeleentheid van die vroueaksie en sou die aangeleentheid op 'n ordelike wyse ter tafel kon kom. Die verslag het nie gedien nie en die saak kon nie ter tafel kom nie. Derhalwe kan geen besluit geneem word nie.

"4.2 Ordereël 16 vir kerklike vergaderings bepaal ''n voorstel... moet skriftelik en gesekondeer ingedien word'. Dit is nie nagekom ten opsigte van dr Van Heerden se voorstel oor die vroueaksie nie".

In die lig vàn bogenoemde, versoek ek die sinode om die besluit of die gewaande besluit te herroep en ter syde te stel.

Intussen het ek beskrywingspunte ingedien wat vra dat die verrigtinge van die sinode op band vasgelê

sodat die waarheid gedien kan word. So ook, bepleit ek dat die notule op 'n daaglikse basis goedgekeur sal word.

U broeder in Christus

(Get.) J.A. du Plessis V.D.M.

BYLAE "A"

Posbus 777
NABOOMSPRUIT
0560
19 Februarie
1990

Die Skriba
S.K.K.
Sentrale Kerkkantoor
PRETORIA

Waarde heer

Hiermee teken ek ten sterkste beswaar aan teen die krenking van die waarheid soos vasgelê in die notule van die Sinode van die A.P.K. (Parys) P. 513 No. 131.

Vroueaksie

1. Die sinode is nie getoets oor hierdie saak nie.

2. Dit was nie die voorsitter van die sinode wat die saak ter tafel gebring het nie of dit as wenk deurgegee het nie. Dr van Heerden het al was dit waarskynlik die wens van die voorsitter, die voorstel ingedien en was op die stadium nie in die voorsitterstoel nie.

3. Dit was dan inderdaad 'n voorstel van Dr van Heerden wat op geen stadium gesekondeer is nie. Ek het onmiddellik na die mikrofoon beweeg om beswaar aan te teken teen die wyse waarop die Saak hanteer word. Ds I.A. Brink wat reeds staande by 'n mikrofoon was, is deur die voorsitter aan die woord gestel. In opdrag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike sake, moes hy 'n saak stel waarvoor by herhaling 'n belofte van die voorsitter bevestig is dat die geleentheid in die loop van die vergadering gebied sou word. Terwyl aan die woord, is die geleentheid afgesny deur 'n ordemosie ingedien deur Ds N. Rautenbach.

   Die weergawe is die waarheid, die onvervalste waarheid waarvoor getuienis aangebied kan en sal word indien sodanige verklaring gevorder word.

4. Voortvloeiende uit die aangeleentheid, die volgende onordelikhede:

4.1 Die wyse waarop 'n saak aan die orde kom tydens 'n sinodevergadering, is deur 'n verslag van 'n sinodale Kommissie, 'n beskrywingspunt, 'n appèl, korrespondensie en 'n gravamen. Dit word gewoonlik deur of 'n permanente of 'n tydelike kommissie van die sinode hanteer. In alle gevalle dien die aanbeveling van 'n kommissie as die voorstel. In die verslag van die permanente kommissie vir kerkregtelike sake verskyn die aangeleentheid van die vroueaksie en sou die aangeleentheid op 'n ordelike wyse ter tafel kon kom. Die grootste deel van die verslag is op 'n aggressiewe wyse deur Dr van Heerden van die tafel gevee waarvoor hy die beskerming van die stoel geniet het. Die stoel was nie by magte om Dr van Heerden se voorstel as ontvanklik te hanteer nie. Geen Kerkvergadering kan gedevalueer word tot besluite op wenke nie. Dit is absurd en sou so gelaat, 'n kerk tot skande strek.

4.2 Ordereël 16 vir Kerklike vergaderings bepaal "'n voorstel ..... moet skriftelik en gesekondeer ingedien word". Dit is nie nagekom t.o.v. Dr van Heerden se voorstel oor die vroueaksie nie, asook nie t.o.v. Ds N. Rautenbach se ordemosie nie.

4.3 Met die finalisering van die notule, het die skriba dan uiteraard niks van die vroueaksie vermeld nie en is op grond van 'n nota van die hulpskriba hierdie saak deur die voorsitter as 'n besluit van die sinode gemanipuleer. Dit lê nie op die terrein van die S.K.K. om besluite vir en namens die sinode te neem en dan as besluite van die sinode weer te gee nie.

4.4 Die opeenvolgende hantering van die vroueaksie (hoofbestuur) die afgelope twee sinodes en optrede in die reses, strek nóg die voorsitter van die beide sinodes nóg die A.P. Kerk tot eer.

Samevattend: nóg die notule nóg die gewaande besluit is korrek. Ek versoek u om 'n regstelling te maak ten einde die waarheid te dien. Wanneer Christus Hom aandien in die Godsopenbaring as die <u>Waarheid</u>, kan en mag die Kerk van Jesus Christus nie die waarheid verkrag om 'n sin en wil af te dwing nie.

Beskeidelik, dog met al die erns van my hart, doen ek die beroep op u ter wille van die waarheid.

U broer in Christus

BYLAE "B"

Farendenstraat 430
SUNNYSIDE
0002
8 Mei 1990

Ds J A du Plessis
Posbus 777
NABOOMSPRUIT
0560

Geagte Heer

U BESWAAR TEEN KORREKTHEID VAN NOTULE VAN DERDE SINODE

Vanweë besondere omstandighede is ek nou eers in staat om u brief i.v.m. bogenoemde saak te beantwoord. Ontvang asseblief my verskoning daarvoor.

Die SKK het tydens sy vergadering van 21 Maart 1990 van u skrywe kennis geneem en sonder om op die meriete van u en enkele ander persone se beswaar in te gaan, soos volg besluit:

"Besluit

1. Die notule van die Sinode, wat in opdrag van die Sinode nagegaan en goedgekeur is deur die SKK waarop lede van die KKS ook gesit het, word onveranderd gelaat. Die SKK is nie bevoeg om nou weer oor die korrektheid van die notule te debatteer nie.

2. Die skrywers van die betrokke briewe word in kennis gestel dat hulle beswaarskrifte na die Sinode kan stuur.

3. Die SKK versoek die KKS om 'n gespreksgeleentheid tussen die SKK en die KKS te reël waartydens probleme rondom die Vroueaksie bespreek kan word, met dien verstande dat 'n gesprek daarná ook tussen die SKK, KKS en AK van die Vroueaksie plaasvind."

Ek vertrou dat u hierdie oordeel t.o.v. die prosedure aanvaar en dat u na goeddunke sal handel.

Die derde besluit hierbo het ek hier opgeneem vir u aandag in u hoedanigheid as Ondervoorsitter van die KKS. Die versoek is reeds aan die Voorsitter deurgestuur.

Mag u en ons almal daarby betrokke besondere wysheid vind om hierdie aangeleentheid in die beste belang van die APK en tot die grootste eer van die Here te hanteer.

Met agting en seënwense

(Get.) DS M C ADENDORFF
Direkteur Kerkadministrasie

Aanbeveling

Die sinode spreek hom uit oor die aangeleentheid.

6. APPÈLLE

6.1 Alhoewel die KKS nie 'n opdrag het om appèlle voor te berei vir die sinode nie, het die kommissie besluit dat alle dokumentasie so ver moontlik ingesamel moet word vir die sinode en beskikbaar gehou word vir hantering deur die Tydelike KKS. (Kyk punt 3.3 op bl. 222 van die Agenda).

6.2 Besonderhede in verband met die volgende appèlle word beskikbaar gehou:

6.2.1 Appèl teen die Ring van Middelburg.

6.2.2 Appèl teen die Ring van Morgenzon.

Dit sal waarskynlik nie in behandeling geneem word nie in die lig van 'n skrywe wat intussen van die appèllant ontvang is.

6.2.3 Appèl mev Smit van Barkly-Oos.

7. EIENDOMME VAN DIE KURATORIUM

7.1 Nadat die KKS se verslag reeds gedruk is, is 'n skrywe ontvang van Couzyn, Hertzog en Horak.

Vanweë die dringendheid van die saak, is besluit om dit in te sluit by hierdie verslag. Die voorsitter en prof Marè het 'n nuwe bep. 37 voorberei om uitvoering te gee aan die regsadvies. (Intussen is verdere advies gedateer 24 Augustus 1990 van die prokureurs ontvang met geformuleerde artikel en bepalings wat nie deur die KKS oorweeg kon word nie Bylae C).

7.2 Aanbeveling

Die sinode verwys die saak na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake vir aanbeveling aan die sinode.

7.3 Motivering

Advies is van die regsadviseurs oor 'n herregistrasie van eiendom van die APK (hulle brief gedateer 26 Junie 1990 en 24 Augustus 1990) ontvang.

VOORSITTER: PROF F.A.H. VAN STADEN

SKRIBA: DS A.J. VAN NIEKERK

ADKKS/tb

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE KERKREGTELIKE AANGELEENTHEDE A1

1. VIR KENNISNAME

1.1 Konstituering

U kommissie het gekonstitueer met die volgende lede:

Voorsitter:	Ds AS van Jaarsveld
Skriba :	Dr EM Viljoen
Hulpskriba:	Ds J Swart
	Ds PK Roodt
	Oudl JF du Plessis
	Oudl CM van Niekerk
	Oudl JH Badenhorst
	Ds A du Plessis
	Ds JA du Plessis
	Ds Jurie J Venter
	Oudl Jaco van Niekerk
	Oudl J Brits
	Prof FAH van Staden
	Ds PA van Zyl
	PR Pretorius
	Oudl RW van Heerden
	Dr CI van Heerden
	Dr MFM Pretorius
	Oudl GG Vosloo
	Oudl AJ Pienaar
	Oudl HJ Visser
	Oudl H Roux

1.2 Sake wat na die kommissie verwys is

(i) Sittingsreg van oudl de Bruin van Springs en prof FAH van Staden

(ii) Appelle

(iii) Ordereëling no 29

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Sittingsreg

2.1.1 Oudl C de Bruin Springs

Nadat u kommissie die getuienisse van die betrokke partye tw oudl de Bruin, Oefenaar Retief, ds Rheeder en ds Taute afsonderlik en in mekaar se afwesigheid aangehoor het, word die sinode soos volg geadviseer:

"In die lig van onduidelikhede oor die afvaardiging van oudl de Bruin wat nog op ringsvlak afgehandel moet word, word oudl de Bruin wel vergun om die Sinode by te woon maar word geen keurstem aan hom verleen nie.

2.1.2 Prof FAH van Staden

Na grondige beredenering en besinning word tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen ander keuse is as om die status quo te handhaaf tot tyd en wyl daar groter duidelikheid is oor art 37 KO. Dr van Staden verkry dus volle sittingsreg as afgevaardigde van die APK Cullinan/Rayton

2.2 Appelle en ordereëling 29

Tov van hierdie aangeleenthede versoek u kommissie kontinuering van sy opdrag, aangesien hy nie voldoende tyd tot sy beskikking gehad het om u hierin van advies te bedien nie.

VOORSITTER: _____

SKRIBA: _____

S4TVKKS/drv/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: (TWEEDE) TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE A2.

1. VIR KENNISNAME

Die volgende sake is deur die Kommissie behandel:

1.1 Punt 1 van Bylae 2 (Agenda p 218 punt 1.3 en p 123 punt 4.2).

1.2 Bepaling 21.8 (Agenda p 129 punt 5.2.4.1).

1.3 Art. 9.6 KO (Agenda p 248 aanbeveling 4).

1.4 Appèlle

1.4.1 Ds SW van Wyk teen 'n besluit van die Ring van Morgenzon (Agenda p 222 punt 3.1.1).

1.4.2 Mev Smit teen 'n besluit van die Ring van Barkly-Oos (Addendumverslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake p 12 punte 6.2.3).

1.4.3 Lidmate van die APK Belfast teen die Ring van Middelburg (Agenda p 222 punte 3.1.2).

2. AANBEVELINGS

2.1 Punt 1 van Bylae 2

Punt 1 van Bylae 2 van die Kerkorde word vervang met die volgende bewoording as inleiding vir die daaropvolgende punte 1.1 tot 1.5.

"... Wanneer iemand met 'n attestaat uit 'n ander APK aanmeld, word met sodanige lidmaat gehandel ooreenkomstig die getuienis op die attestaat met inagneming van die volgende riglyne: ...."

2.2 Bepaling 21.8

Bepaling 21.8 word gewysig om soos volg te lui:

"By die stigting van 'n gemeente word die groslys vir die verkiesing van ampsdraers aan die gemeente voorgehou en geleentheid vir moontlike beswaar aan

stemgeregtigdes gegee. Die beswaar moet op skrif gestel en onderteken word. 'n Naam op die groslys waarteen beswaar ingebring word, word verwyder en die kerkraad (na bevestiging van ampsdraers) ondersoek die grondigheid van die beswaar so spoedig moontlik".

2.3 KO Art. 9.6

Art. 9.6 word gewysig om te lui:

1. (die Sinode) "bepaal dat aangesien die Kuratorium 'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem, die Kuratorium die opsig oor die dosent se dienswerk behou.

2. Indien 'n dosent dus om welke rede ookal onbevoeg raak om sy dienswerk uit te voer, mag die Kuratorium hom van sy pligte onthef en indien wenslik in die amptelike blad van die Kerk bekend maak dat hy 'n beroep afwag. Hy ontvang egter steeds traktement (insluitende pensioen- en mediese fondsbydraes en huisvesting of behuisingstoelae) terwyl hy beroepafwagtend is. Indien na drie maande geen beroep op hom uitgebring is nie, word sy traktering en behoud van status deur die Kuratorium in heroorweging geneem.

3. Wanneer 'n dosent hom egter op 'n growwe wyse in leer of lewe misgaan, moet die Kuratorium hom alleen in sy dienswerk stuit, waarna volgens KO arts. 54 en 55.4 op Ringsvlak bepaal word of skorsing of afsetting moet volg. Die dosent moet egter die volle reg van verweer hê volgens art. 52 en behou ook die reg tot appèl volgens arts. 55.5 en 55.6".

2.4 Appèlle

2.4.1 Ds SW van Wyk teen 'n besluit van die Ring van Morgenzon.

"Die Sinode neem kennis van die feit dat ds SW van Wyk skriftelik kennis gegee het dat hy sy appèl terugtrek. Die saak kan derhalwe as afgehandel beskou word".

2.4.2 Mev Smit teen 'n besluit van die Ring van Barkly-Oos.

"Die appèl is tegnies en formeel in orde en is dus ontvanklik om deur die Sinode in behandeling geneem te word".

2.4.3 Lidmate van die APK Belfast teen die Ring van Middelburg.

Die Sinode besluit:

1. dat die nodige ondersoeke met die oog op afhandeling van die appèlle, voortgaan;

2. dat die KKS in samewerking met die SKK deur middel van 'n aangewese afvaardiging die bereidwilligheid tot 'n broederlike gesprek, soos blyk uit die appellante se skrywe gedateer 30 Julie 1990, opvolg.

VOORSITTER : DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA : DR EM VILJOEN

TKVKKSA2/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE.
A3.

1. VIR KENNISNAME

Die volgende sake is deur die Kommissie behandel:

1.1 Ordereël 16 (Agenda p 183 punt 2.12.22).

1.2 Ordereël 30 KO.

1.3 Ordereël 29 KO (Addendumverslag KKS p 5).

1.4 Redaksie KO art. 11 (Agenda p 166 punt 6.1).

1.5 Redaksiewysiging art. 40 KO om BRKA te akkommodeer (Addendumverslag BRKA p 6 punt 2.21.2).

2. AANBEVELINGS

2.1 Ordereël 16 lees soos volg:

"Op alle kerklike vergaderings (tensy die kerkraad anders bepaal) moet voorstelle en amendemente skriftelik en gesekondeerd ingedien word en kan alleen met die verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente verval. 'n Nuwe voorstel kan dan desnoods ingedien word".

2.2 Ordereël 30 KO lees soos volg:

"Die notule van 'n kommissievergadering word by die volgende vergadering gelees (of, na vooraf sirkulasie onder die lede van die vergadering as gelese geag), goedgekeur en onderteken deur die voorsitter en skriba".

2.3 Redaksie KO art. 11 (Agenda p 166 punt 6.1.3).

2.3.1 Die woorde "na approbasie" word vervang met "so gou moontlik.

2.3.2 Bepaling 11.2 lees soos volg:"

"Die beroepsbrief word onmiddellik na beroeping aan die beroepene versend. Indien beswaar ontvang word,word daarmee gehandel ooreenkomstig art. 12 KO.

2.3.3 Bepaling 11.4 lees soos volg":

"'n Beroepe predikant/proponent moet na die approbasietydperk, maar nie later nie as op die derde Sondag nadat 'n beroep op hom uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter (konsulent) of skriba bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy weens gegronde redes van die beroepende kerkraad verdere uitstel verkry".

2.3.4 Indien die aanbeveling in 2.3.2 hierbo slaag, moet die KKS die huidige konsep-beroepsbrief dienooreenkomstig wysig.

2.3.5 'n Nuwe Bepaling 11.7 wat soos volg lees:

"Die beroepe predikant/proponent moet homself vergewis daarvan dat approbasie verkry is alvorens hy die beroep aanneem".

2.4 Die BRKA en art. 40 KO

Die huidige bepaling 40.6 se bewoording word vervang met die bewoording van punt 2.21.2 op p 6 van die addendumverslag van die BRKA.

VOORSITTER : DS AS VAN JAARSVELD

SKRIBA : DR EM VILJOEN

TYDKVKRK/EMV/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER 1990

DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE A3b

1. ADDENDUMVERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

Pt. 5, p. 7 Beswaarskrif ivm notule Sinode 1989.

Aanbeveling: Die Sinode spreek hom uit oor die aangeleentheid.

2. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE

Pt. 3.1, p. 3 Besware van 1) dr. MFM Pretorius teen korrektheid van notule pt. 5.15, bl. 465

en van 2) ds. JA du Plessis en dr. FAH van Staden teen korrektheid van notule pt. 131, bl. 513.

3. Die besware is nie deur die SKK as bylaes aangeheg vir insae deur die Sinode wat versoek word om daaroor te besluit nie. Die KKS het die beswaar van ds. du Plessis as bylae A aangeheg, kyk addendumverslag p. 9.

4. AANBEVELING

4.1 Die Sinode besluit om die beswaar van dr. Pretorius te handhaaf deur sy gemotiveerde aantekening dat hy in die minderheid gestem in die sinodale notule 1990 aan te bring aangesien geoordeel word dat dit 'n per abuise weglating deur die SKK was by die goedkeuring van die notule.

4.2 Die Sinode besluit om die beswaar van ds. du Plessis te handhaaf, aangesien dit volgens die notule 1989 pt. 131, bl. 513 duidelik is dat die aangeleentheid nie volgens die voorskrif van ordereël 16 van die ordereëls vir kerklike vergaderings hanteer is nie, maar op 'n "wenk van die Voorsitter" waarvoor geen ordereël voorsiening maak nie en dat pt. 131, bl. 513 van die notule 1989 geskrap word as 'n gevolglik nooit beslote aangeleentheid. Indien die notule 1989 deur die Sinode 1989 self goedgekeur sou gewees het sou hierdie verbygaan van ordereël 16 ondervang en reggestel gewees het, aangesien 'n Sinode getrou moet bly aan sy eie ordereëls.

DS. AS VAN JAARSVELD
(Voorsitter)

DR. EM VILJOEN
(Skriba)

S90TKKS3/fahvs/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: AANVULLENDE VERSLAG VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE I.V.M. AP KERK - PENSIOENFONDS. (SIEN BLS. 339 AGENDA)

1. OPDRAG:

Op 8 Junie 1990 het die FK opdrag gegee dat 'n komitee, bestaande uit di. A.J. Taute, L.D. Pienaar en br. C.C. du Preez die resultate van Sanlam se driejaarlikse waardering van die Pensioenfonds met die verteenteenwoordiger van Sanlam bespreek sodra dit beskikbaar is. Hierdie vergadering het op Donderdag 6 September 1990 plaasgevind. Die FK vergader DV op Maandag 17 September 1990 om die aanbevelings voor te lê.

2. HUIDIGE STAND VAN FONDS

2.1 Die Fonds het in Julie 1987 begin met 5 lede en bestaan op 31/3/1990 uit 77 lede.

2.2 As opsomming van al die gegewens verklaar Sanlam in die verslag: "Die Fonds is finansieel gesond".

3. AGTERGROND VAN AANBEVELINGS WAT VOORGELê WORD

3.1 Pensioengroei

3.1.1 Die Sinode van 1988 het besluit:

Die Sinode verwys die hele saak van Pensioengroei na die Finansiële Kommissie.

3.1.2 Die FK het kennis geneem dat pensioengroei gekoppel word aan die styging in die Verbruikersprysindeks (VPI). Ter inligting is die volgende tabel van belang: uit 'n opname deur Pensioenfondse gedoen, blyk dat sulke fondse die volgende persentasies van die VPI toestaan in hul pensioengroei:

6% fondse gee minder as 50% van die styging in VPI.
8% fondse gee tot 50% styging van die VPI.
27% fondse gee tot 66% styging van die VPI.
47% fondse gee tot 75% styging van die VPI.
12% fondse gee tot 100% styging van die VPI.

3.1.3 Vanaf die stigting van die AP kerk-Pensioenfonds is die bydraekoers tot die Fonds op 18,5% van die traktement van die leraar vasgestel. Die SKK en die FK het tot dusver geoordeel dat hierdie bydraekoers gehandhaaf word. (Hiervan dra die kerkraad 11% en die leraar 7,5%).

3.1.4 Sanlam beveel aan dat, om 'n pensioengroei van 50% van die styging in VPI te besorg, dit nodig is om die bydraekoers te verhoog tot 21,6%. Na die samespreking is besluit om die bydraekoers wel op 20% te stel. (Sien Aanbeveling 4.1)

3.2 Minimum pensioen

Die FK het oorweeg om 'n minimum pensioen-uitbetaling van 50% van die gemiddelde finale traktement van 'n leraar by aftrede by die fonds in te bou. Op hierdie stadium sal die las op gemeentes te hoog word. Derhalwe word dit tans daar gelaat om later aandag te geniet. Om dit tot uitvoer te bring, word aanbeveling 4.2 voorgelê.

3.3 Sterftevoordeel voor aftrede

Tans word voorsiening gemaak vir die betaling van 'n bedrag van R150 000 indien 'n manlike lid voor aftrede te sterwe kom. Op versoek van die FK het Sanlam die moontlikheid bereken om hierdie syfer te verander na driemaal die lid se maksimum jaarlikse traktement. Sanlam rapporteer dat dit wel moontlik is. (Sien aanbeveling 4.3)

4. **AANBEVELINGS**

4.1 Pensioengroei

4.1.1 Die sinode besluit dat die bydraekoers tot die AP kerk-Pensioenfonds vanaf 1/3/1991 op 20% van die traktement van 'n lid van die fonds gestel word (d.w.s. 12.5% bydrae deur die werkgewer en 7,5% deur die lid).

4.1.2 Die sinode besluit dat die reëls van die Fonds aangepas word om voorsiening te maak vir ad hoc-groei in pensioen en wel soos aanbeveel deur die aktuaris van die Fonds.

4.2 Addisionele voordeel van pensioen

Om moontlike addisionele pensioen vir leraars te bereken, word leraars in die volgende kategorieë verdeel:

1. Leraars wat uit die aktiewe bediening in ander kerke getree het en direk by die APK in diens getree het.

2. Leraars wat by ander kerke met pensioen afgetree het en daarna direk by die APK in diens getree het.

3. Leraars wat ander beroepe beoefen het tot met hulle toetrede tot die APK en by hulle toetrede status as leraar ontvang het.

4.3 Sterftevoordeel voor aftrede

4.3.1 Die sinode besluit dat die reëls van die AP kerk-Pensioenfonds so gewysig word dat die sterftedekking van 'n manlike lid van die Fonds bereken word op 'n bedrag gelykstaande aan drie maal die maksimum jaarlikse salaris met 'n minimum van R150 000.

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag na behore uitgevoer het.

VOORSITTER

SKRIBA

N3FKLDP/ldp/aa

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES. B1.

1. **KONSTITUERING**

Ds AJ Taute is as voorsitter en ds LD Pienaar as skriba aangewys.

2. **LASGEWING**: (Agenda bl 265)

Die Kommissie beveel aan dat die lasgewing soos volg goedgekeur word:

Die Kommissie

2.1 pas begrotingsbeheer oor die finansies van sinodes (insluitende kommissies van sinodes) toe;

2.2 neem kennis van maandelikse inbetalings van gemeentes;

2.3 lê aan elke sinode 'n begroting voor met inagneming van sinodale inkomste en uitgawes sedert die vorige sinode;

2.4 adviseer die BRKA, SKK en Kuratorium t.o.v. die besteding van hul sinodale fondse;

2.5 lewer finansiële advies aan ringe en kerkrade wanneer ringe en kerkrade daarom vra;

2.6 gaan die geouditeerde finansiële state t.o.v. die BRKA na en adviseer sinodes in dier voege;

2.7 gaan besteding deur alle permanente kommissies na en wys alle oorbesteding uit. Die FK rapporteer hieroor aan die eersvolgende Sinode;

2.8 verleen advies aan alle permanente kommissies sodat uitgawes aangepas word by inkomste;

2.9 herinner kerkrade wat hulle oorbetalings nie betyds aan die kerkkantoor stuur nie, aan betrokke sinodebesluite en rapporteer daaroor aan die eersvolgende sinode;

2.10 beplan en implementeer dokumentasie wat nodig is vir die vlot hantering van sinodale fondse;

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS

	R
Saldo op 1/1/90	135 840
Voeg by: Bedrag ge-in 1/1/90 - 18/9/90	35 202
Kredietsaldo op 18/9/90	171 042
Aanwendings uit fonds	120 212
Studielenings toegestaan tot 31/12/89	69 878
Studielenings toegestaan 1/1/90 - 18/9/90	50 334
Bedrag onaangewend 18/9/90	50 830

WLTEOLS/cjdlr/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG C1

1. PERSONEEL

Oudl AI van Wyk	Oudl EE Irle
Diak MIJ van Rensburg	Ds JN Joubert
Oudl GHJ Nel	Oudl RE Benson
Ds NJ Groenewald	Ds SD Nel
CJ Steyn (sek)	Van der Walt Bekker
Ds P van Rensburg	JJ de Wet Steyn
Oudl CH Kruger	Ds OD Scheuer
Oudl Dries Struwig	Oudl WS Blaauw
Oudl JH du Plessis	Ds AJ van Niekerk
Oudl SS Lindeque	Oudl PJW van Zyl
Oudl W Jones	Oudl G Mong
Oudl O van Rensburg	JJ Schoeman
Ds CN Coetzee	GJ Bosman
Ds PG Stans	Oudl PA Wessels
Ds AP Viljoen	Ds PL Storm
Oudl W Bosch (sek)	IC Holtzhausen
Oudl CJ Ludik (sek)	L Rautenbach
IM van Eck	DL Jacobs
Oudl SJF Stapelberg	Oudl F Tromp
RHG Janse van Rensburg	JE Swarts
G van der Merwe	HJ van der Merwe

BA Kloppers afwesig met verskoning.

2. KONSTITUERING

Die kommissie het op 18 September vergader en ds AP Viljoen tot voorsitter en ds CN Coetzee tot skriba verkies.

3. SAKE DEUR SINODE 1990 VERWYS

3.1 Beskrywingspunt Newcastle, 6.1.1, punt 115

3.1.1 Vervang "14-jarige" in Bepaling 43.1 (KO 1988) met "15-jarige".

3.1.2 Aanbeveling

BEPALING 43.

43.1 Verbondsonderrig word in twee afdelings verdeel. Na 'n opsionele voorskoolse onderrig begin die junior afdeling wat strek vanaf Gr 1/Sub A (5

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

ADDENDUM VERSLAG: KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE D

1.1 Weeshuisfonds

Die kommissie het met dank die donasie van R1 000-00 van die APK gemeente Memel ontvang met die oog op die stigting van 'n fonds vir die oprigting van 'n eie APK kinderhuis.

1.1.1 Aanbeveling

1.1.1.1 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om hierdie fonds te steun deur jaarliks 'n vrywillige bydrae tot die fonds te maak.

1.2 Bybelverspreiding

'n Bedrag van R250-00 is deur die gemeente Memel geskenk vir aanwending van verspreiding van Bybels onder Blankes in Suid-Afrika. Die kommissie het met dank kennis geneem hiervan.

1.2.1 Aanbeveling

1.2.1.1 Die Sinode keur dit goed dat die skriba van hierdie kommissie 'n berig in "Die Boodskapper" plaas waarin gemeld word van die skenking en dat kerkrade by die kommissie kan aansoek doen om hulp in hierdie verband.

1.3 Aansoek om hulp vir regskoste

'n Skrywe van die SKK i.s. hulpverlening met betrekking tot regskoste van 'n APK lidmaat van Naboomspruit is in behandeling geneem Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie versoek nie op die terrein van die kerk lê nie. So 'n hulpverlening kan 'n presedent skep wat die kerk in verleentheid kan bring. Dit dien verder daarop gelet te word dat die kommissie oor geen fondse beskik nie.

Die kommissie het aangesluit by die aanbeveling van die SKK dat die plaaslike diakonie die saak ondersoek en by ander kerkrade van die APK om hulp aanklop.

1.3.1 Aanbeveling

1.3.1.1 Die Sinode keur die handelinge van die kommissie goed.

VOORSITTER: DS JM RHEEDER SKRIBA: DS JAC ERASMUS

DB16AUG/jmr/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS IN VERBAND MET EIENDOM VIR OUETEHUIS TE PARYS. SIEN ADDENDUM-VERSLAG RAAD VIR KERKADMINISTRASIE BL. 4. D1.

1. VIR KENNISNAME

1.1 Die Kommissie het gekonstitueer met dii JM Rheeder as voorsitter en JAC Erasmus as skriba.

1.2 Personeel

Op die Kommissie was teenwoordig:

Ds JM Rheeder	Oudl JF du Toit
Oudl AGS Gous	Ds NRJ van Zyl
Oudl AS van Rooyen	Ds WF Liebenberg
Diak E Serfontein	Diak WH Wentzel
Oudl E Blignaut	Ds PB Kotze
Oudl JH Heymans	Oudl HC H Crause
Oudl JJ Fourie	Diak CJ Fourie
Ds JAC Erasmus	Ds AE van den Berg

Behalwe bogenoemde personeel was ook teenwoordig, die Tydelike Finansiële Kommissie, die BRKA en die leraar en afgevaardigde kerkraadslede van APK Parys.

2. SAKE DEUR DIE SINODE 1990 VERWYS.

2.1 Eiendom vir ouetehuis te Parys. Addendumverslag van die bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA), punt 2.18 bl 4.

2.1.1. Verskeie lede uit die vergadering het inligting aan die Kommissie deurgegee wat daarop dui dat die Bridge Lodge eiendom teen 'n winskoop bekom kan word. Die eiendom beslaan 'n totale oppervlakte van 8 931 vk m en bestaan uit die volgende geboue: Hoofgebou met eetsaal en kombuis en 'n aantal woonstelle wat in totaal ongeveer 70 persone kan huisves.

3. BESOEK AAN TERREIN

3.1 Nadat al die betrokkenes die terrein besigtig het is die volgende bevindings en gevolgtrekkings gemaak.

3.1.1 Grootskaalse reparasies sal gemaak moet word o.a. plafonne wat vervang moet word, daklekke, geute en

van die vloere moet vervang word asook algemene reparasies.

3.1.2 Veranderinge om die geboue doelmatig en gerieflik te maak sal ontsettende groot kostes meebring.

3.1.3 As gevolg daarvan dat geboue reeds baie oud is, sal dit gedurige hoë onderhoudskoste meebring.

3.1.4 Indien bejaardes daar gehuisves moet word, sal daar probleme ondervind word met 'n terrein wat baie ongelyk is.

3.1.5 'n Verdere probleem is dat die eiendom, volgens stadraadregulasies, hersoneer moet word en daar bestaan geen sekerheid dat goedkeuring verkry sal word nie.

3.1.6 'n Verdere saak wat in gedagte gehou moet word, is die hoë koste wat die bedryf van so 'n inrigting sal meebring.

3.1.7 Daar sal ook voorsiening gemaak moet word vir verswakte bejaardes. Die huidige gebouekompleks leen hom nie daartoe nie.

3.1.8 Hierdie kommissie het in die verlede verskeie pogings aangewend om 'n behoeftebepaling te doen vir die nood van huisvesting vir bejaardes en die reaksie uit gemeentes was telkens power. Die Kommissie kom dus tot die gevolgtrekking dat daar eers 'n behoefte vir sulke huisvesting moet wees voordat die moontlikheid vir so 'n inrigting oorweeg kan word.

3.1.9 Dit wil voorkom asof nóg die plaaslike kerkraad nóg die ring genoegsame belangstelling in so 'n projek toon. Dit is verder op die platteland geleë en sal nie gevestigde stedelinge hierheen trek nie.

3.1.10 'n Wesentlike probleem is dat wanneer daar vir so 'n projek om staatsubsidie aansoek gedoen word, dit noodwendig sal meebring dat so 'n inrigting vir alle rasse oopgestel sal moet word.

3.1.11 Dit dien ook gemeld te word dat dit uit vorige verslae wat voor die Sinode gedien het, duidelik blyk dat die kerk op hierdie stadium nie oor die nodige fondse beskik om so 'n projek te loods nie. Met die stygende rentekoerse sal dit onprakties wees om 'n lening aan te gaan vir so 'n kompleks.

3.1.12 Die Kommissie voel dat die kerk oor 'n eie terrein beskik en dat dit baie meer prakties en lonend sal wees om so 'n gebouekompleks van die grond af te bou wat volkome in al die behoeftes sal voorsien.

4. **AANBEVELINGS**

4.1 In die lig van die volgende:

4.1.1 die negatiewe behoeftebepaling vir huisvesting vir bejaardes,

4.1.2 die hoë koste om die terrein geskik te ontwikkel,

4.1.3 die feit dat die plaaslike gemeente of ring finansieel nie in staat is om so 'n projek te loods nie,

4.1.4 die feit dat die kerk in sinodale verband ook nie in staat is om so 'n projek te loods nie, beveel die Kommissie aan dat daar nie tans met die onderhandelinge voortgegaan moet word nie.

5. Indien die plaaslike gemeente of ring op eie inisiatief met verdere onderhandelinge wil voortgaan, is die Kommissie bereid om hulle alle moontlike hulp en steun te gee.

6. Hiermee vertrou die Kommissie dat hy die opdrag van die Sinode na die beste van ons vermoë uitgevoer het.

Die Sinode word die seën van die Here toegebid.

VOORSITTER : DS JM RHEEDER

SKRIBA : DS JAC ERASMUS

TKVANB/JACE/tb

6. VERSCHEIDENHEDE

6.1 In die lig van die volgende:

6.1.1 die negatiewe beroepsbeperking vir bywoning van bejaardes;

6.1.2 die hoë koste om die terrein geskik te ontwikkel;

6.1.3 die feit dat die plaaslike gemeente nie nou [illegible] steel wie in staat is om so 'n projek te [illegible]

6.1.4 die feit dat die nie in staat is om so 'n projek te koste nie, bowel in stand [illegible] om dat [illegible] die Kommissie, van dat [illegible] ons hare met die ondersteuning voorgegaan moet word nie.

5. [illegible] die [illegible] gemeente of nie op die hoogte [illegible] [illegible] die Kommissie bereid en bulle alle moontlike hulp [illegible] [illegible] [illegible]

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

TWEEDE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDS-DIENS IN VERBAND MET HULPFONDS. D2.

1. VIR KENNISNAME

1.1 Die Kommissie het gekonstitueer met dii JM Rheeder as voorsitter en JAC Erasmus as skriba.

1.2 Personeel

Ds JM Rheeder	Oudl JF du Toit
Oudl AGS Gous	Ds NRJ van Zyl
Oudl AS van Rooyen	Ds WF Liebenberg
Diak E Serfontein	Diak WH Wentzel
Oudl E Blignaut	Ds PB Kotze
Oudl JH Heymans	Oudl HCH Crause
Oudl JJ Fourie	Diak CJ Kruger
Ds JAC Erasmus	Ds AE van den Berg

2. SAKE DEUR DIE SINODE VERWYS

2.1 Hulpfonds. Verslag Kommissie vir Finansies punt 7.7, bladsy 345.

3. AANBEVELINGS

3.1 Lidmate in nood moet in eerste plek deur die plaaslike kerkraad bygestaan word.

3.2 Indien die plaaslike kerkraad nie oor die nodige fondse beskik nie, kan hulp uit die Sentrale Alimentasiefonds aangevra word deur die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens.

3.3 Die Sinode versoek gemeentes om te oorweeg om minstens een keer per kwartaal 'n spesiale kollekte op te neem om hierdie fonds aan te suiwer.

VOORSITTER : DS JM RHEEDER

SKRIBA : DS JAC ERASMUS

2DETKBD2/JACE/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING

PERSVERKLARING L1: 18 SEPTEMBER 1990, 17:45.

1. **DIE KERK IS DRAER VAN DIE WAARHEID**

Die Kerk is deur sy Hoof, Jesus Christus, onder bevel om die waarheid van die Woord te verkondig. Dié waarheid het grense sodat daar tussen waarheid en leuen geen gemeenskap tot stand kan kom nie. Die liefdestaak van die kerk hef nie sy verantwoordelikheid om ook die waarheid van die Woord te proklameer, op nie. Liefde ten koste van die waarheid is nie moontlik nie.

In sy openingsrede van die 4de Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), tans in sitting te Parys, het die uittredende ondervoorsitter van die Sentrale Kerke-kommissie (SKK), dr CI van Heerden (APK Vrede) bogenoemde skriftuurlike beginsel beklemtoon. Hy het daarop gewys dat, indien hierdie saak na die praktyk deurgevoer word, die APK:

* steeds in gehoorsaamheid teenoor sy Hoof, die Woord suiwer moet en wil bedien;

* hoewel volkseie, nie 'n volkskerk nie, maar primêr aan God diensbaar is;

* geen aksiegroep is nie;

* hom nooit mag laat meesleur deur die wêreldmening nie;

* hom distansieer van die koor wat al die werk deur die kerk in die verlede verrig, wil kritiseer en kleineer.

2. **SINODE**

Meer as 320 afgevaardigdes uit verskillende gemeentes van- oor die hele land woon die Sinode by. Die Sinode het met blydskap van die volgende statistiek kennis geneem:

* Daar is tans 185 gemeentes landwyd;

* Daar is byna 31 000 lidmate in die APK - 21 100 belydende lidmate en 9 850 dooplidmate;

* Daar is tans 92 leraars verbonde aan die APK. Sedert die vorige sitting het 19 leraars tot die APK-bediening toegetree. 4 Oefenaars, wat hulle tans deur teologiese studie verder bekwaam, staan ook in evangeliediens.

* 12 nuwe gemeentes het tot stand gekom sedert die vorige sitting in November 1989. Die laaste gemeente is pas twee weke gelede te Bonnievale gestig.

3. MODERAMEN

Voorsitter	:	Dr WJG Lubbe (Vereeniging)
Ondervoorsitter:		Ds A Boshoff (Middelburg)
Aktuarius	:	Ds AS van Jaarsveld (Pietersburg)
Skriba	:	Ds MC Adendorff (Primrose)
Hulpskriba	:	Ds IA Brink (Carolina)

KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING

PERS1/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

M E D I A S K A K E L I N G

PERSVERKLARING L2: WOENSDAG 19 SEPTEMBER 1990 16:00.

1. **VROU IN DIE AMP**

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), tans in sitting te Parys, het besluit dat die vrou nie toegelaat word tot die amp van diaken nie.

Die Sinode het kennis geneem van die verslag van die dosent in Nuwe Testament aan die Teologiese Skool van die APK te Pretoria, prof HS Theron, waarin o.a. beklemtoon is dat die Skrif "die gesinslewe as die vrou se belangrikste arbeidsterrein, ook binne die gemeente, beskou".

Prof Theron wys ook in sy studiestuk verder daarop dat daar "geen getuienis in die Skrif (is) dat die vrou ooit in 'n raad saam met ander (ouderlinge) gedien het as regeerliggaam in die gemeente nie".

Die vrou word tans ook nie in die ander ampte van die APK toegelaat nie.

2. **ISLAM EN HINDOEÏSME AS VALSE GODSDIENSTE VERWERP**

Die Sinode van die APK het die Islam as valse godsdiens verwerp. In sy verslag aan die Sinode het die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme daarop gewys dat "uit die openbaring van die Bybel en verklaring van ons belydenis-
skrifte", ons moet aanvaar dat "alle Moslems 'n valse god aanbid met die naam "Allah".

Op grond hiervan het die Sinode as volg besluit: "Die Sinode wys lidmate op die gevare en verderflike invloed van die Islam as 'n valse, heidense en gevaarlike godsdiens". As Christene bely ons Christus as enigste Verlosser - hierin het die kerk 'n getuienistaak teenoor almal, ook die Moslems en Hindoes.

Hindoeïsme as 'n valse godsdiens en "die skynbaar onskuldige gebruikmaking van die okkultisme, meditasie, joga en karate" is ewe-eens verwerp.

3. BEVRYDINGSTEOLOGIE - STALMAAT VAN SWART TEOLOGIE

In 'n verslag aan die Sinode, wys ds IA Brink (APK Carolina) daarop dat sowel Bevrydings- as Swart Teologie, dieselfde probleme beklemtoon en hulle standpunte "vanuit die Bybel met dieselfde argumente" probeer regverdig.

Na besinning oor die saak het die Sinode besluit dat "Bevrydingsteologie en sy stalmaat, Swart Teologie, 'n gevaarlike en Bybelsvreemde denkrigting is wat sterk afgekeur moet word". Hierdie teologieë sal nie binne die APK "verdra of gepropageer mag word nie".

Tydens sy sitting verlede jaar het die Sinode ook die leer van die Israelvisie (of sogenaamde Wit Teologie) grondig verwerp.

KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING

PERS2/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

M E D I A S K A K E L I N G

PERSVERKLARING L3, 20 SEPTEMBER 1990, 16:00

1. **BYBELVERTALING**

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), tans in sitting te Parys, het besluit om sy standpunt ten opsigte van die amptelike vertaling van die Bybel soos verlede jaar tydens die sinodesitting gestel, te herbevestig, wat beteken dat die 1953-vertaling van die Bybel by Woordverkondiging gebruik moet word, terwyl die 1983-vertaling slegs as toeligting gebruik word.

Die besluit van die Sinode in 1989 lui as volg:

* Die Sinode is oortuig dat 'n Kerk se roeping om die Woord van God te verkondig, aan so 'n kerk ook die verantwoordelikheid oplê om hom voortdurend te beywer vir die juisste grondteks en die juisste vertaling van die teks in die moedertaal.

* Die Sinode getuig dat die AP Kerk sy roeping gehoorsaam wil wees en sy verantwoordelikheid wil opneem.

* Die Sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as 'n betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord.

* Die Sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983), hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.

* Die Sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat lidmate wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.

* In die lig van sy roeping en verantwoordelikheid wys die Sinode jaarliks 'n Vertalingskommissie aan om selfstandig en in samewerking met ander vertalers die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans oor 'n tydperk van 10 jaar grondig te

2.1.2 Aanbevelings

Die Tydelike Kommissie beveel by die Sinode aan dat hierdie aangeleentheid verwys word na die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding met die volgende opdragte:

1. dat hierdie hele aangeleentheid dringend en deeglik ondersoek moet word met die oog daarop om te verseker dat die onderwys van die blanke Afrikanerkind te alle tye Christelike volkseie onderwys sal bly;

2. indien dit vir die Permanente Kommissie van Onderwys en Opvoeding duidelik sou wees dat die Christelike volkseie onderwys van ons kinders in die gedrang kom, dra die Sinode dit aan hierdie Kommissie op om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die daarstellings van AP Kerkskole. By sodanige ondersoek word aanbeveel dat kundige lidmate van ons Kerk gekoöpteer word,

3. indien dit nie wenslik/haalbaar blyk te wees nie, word hierdie Kommissie opgedra om die moontlikheid van samewerking te ondersoek met ander instansies wat dieselfde doelstellings as die AP Kerk nastreef en wat vir die Kerk aanvaarbaar is.

4. Die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding moet aan die volgende Sinode aanbevelings vir oorweging voorlê.

(Die Tydelike Kommissie beskou hierdie saak as uiters spoedeisend, en vra dat die Permanente Kommissie vir Opvoeding en Onderwys onmiddellike aandag aan hierdie saak sal gee).

2.2 Seksvoorligting

2.2.1 Dit het onder aandag van die Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding gekom dat seksvoorligting (LW nie geslagsvoorligting) op skole deur o.m. blatante video-materiaal sonder medewete of goedkeuring van die ouers aan ons kinders opgedien word - gewoonlik in die Godsdiensonderrig-periodes. Dit word dikwels deur ongeskikte of onopgeleide (vir hierdie taak) onderwysers aangebied. Selfs laerskool-kinders word hieraan blootgestel.

2.2.2 Aanbevelings

Die Sinode dra hierdie ontstellende verskynsel aan die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding op vir

verdere ondersoek met die opdrag dat die volgende Sinode van advies bedien sal word ten opsigte van moontlike optrede deur die Sinode.

2.3 Satanisme in skole

2.3.1 Kennis is geneem van beweringe oor die voorkoms van Satanisme in skole (ook in Afrikaanse skole) en die verderflike invloed en gevare daarvan vir ons Afrikaner-kinders.

2.3.2 Aanbevelings

Die Sinode dra dit aan die Permanente Kommissie vir Onderwys en Opvoeding op om hierdie beweerde verskynsel - sover prakties uitvoerbaar - in oorleg met die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme en die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig te ondersoek en aan die volgende Sinode daaroor verslag te doen.

2.4 Tonele op televisie

2.4.1 Die Kommissie neem kennis van die eksplisiete en dikwels aanstootlike tonele van seks en geweld wat gereeld op die senders van M-Net vertoon word.

2.4.2 Aanbevelings

Die Sinode versoek dat lidmate wat wel van hierdie betaalkanaal gebruik maak, streng toesig en beheer sal uitoefen oor daardie programme waaraan ons jong kinders blootgestel word.

2.5 Privaatskool Moria, Outjo

2.5.1 Die Permanente Kommissie van Onderwys en Opvoeding neem met dank en groot lof aan die Heer kennis van die stigting van die eerste APK Privaatskool Moria, op Outjo. Die finansiële nood van die skool stem egter tot groot kommer, en die Kommissie versoek die Sinode om 'n spreekbeurt aan diaken Rex Brandt toe te staan om die Sinode in te lig oor die vordering en behoeftes van hierdie baanbrekerskool.

2.5.2 Aanbeveling

Dat die Sinode weë sal ondersoek waarop die loodskomitee van die AP Kerkskool Moria ook op finansiële wyse bygestaan kan word.

3. Die Kommissie vertrou dat hy hiermee tot bevrediging van die Sinode sy opdrag uitgevoer het.

VOORSITTER: _____

SKRIBA: _____

LEDE VAN KOMMISSIE

Oudl MJC Mering
Ds JJ Snyman
Oudl PHC Labuschagne
Dr JA Scholtz (voorsitter)
Oudl JAC Gavood
Oudl DW Leeson
Oudl TGL de Beer
Oudl IP Claassen
Diak CJ Bezuidenhout
Oudl JL de Kreez
Oudl PC Scholtz
JP Fouché
Oudl J Lordan
GD Kriel
Oudl HJ van der Merwe
Oudl AJ Pretorius
RA Brandt
Oudl MM Burger
Oudl JPT Simpson (skriba)
Oudl PH Watermeyer
Oudl JJ Jacobsz
Oef PJ Retief
Diak SW Koekemoer
Oudl DS de Villiers
C de Jager Botha
Diak B Roode
F le Roux

APK Alfa
APK Barkly-Wes
APK Bloemhof
APK De Aar
APK De Aar
APK Ermelo
APK Groot Marico
APK Groblersdal
APK Groter Durban
APK Hennenman
APK Hoëveldrif
APK Keetmanshoop
APK Louis Trichardt
APK Meyerton
APK Naboomspruit
APK Olifantshoek
APK Outjo
APK Postmasburg
APK Pretoria-Sentraal
APK Randfontein
APK Reivilo
APK Springs
APK Strydenburg
APK Warmbad
APK Witrivier
APK Zeerust
APK Boksburg

TKOENOPV/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES. N1.

1. VIR KENNISNAME

1.1 Die kommissie het gekonstitueer met dii IA Brink as voorsitter en JD van der Merwe as skriba.

1.2 Die kommissie bestaan uit

Dr CI van Heerden
Ds JA du Plessis
Ds IA Brink (voorsitter)
Ds NJ Rautenbach
Dr WJG Lubbe
Ds MC Adendorff
Drs E Friis
Oudl JD Slabbert
Ds JD van der Merwe (skriba)

1.3 Teenwoordig

Naas die voorsitter en skriba ook dr CI van Heerden en ds JA du Plessis.

2. AANBEVELINGS

2.1 Die Sinode versoek vriendelik dat alle Tydelike Kommissies name sal voorlê aan hierdie kommissie met die oog op die samestelling van Permanente Kommissies. Voor 21:00 op Woensdag 19 September 1990 (by ds JD van der Merwe).

2.2 Tydelike Kommissies moet asseblief in gedagte hou dat die drie beginsels gehandhaaf word, t.w. kontinuïteit, vernuwing en kundigheid.

2.3 Ledetal moet wees hoogstens sewe lede elk met drie sekundi. (Sinodebesluit 1988 Notule bladsy 419 punt 4.11.1) asook Ad Hoc-kommissie van sewe lede.

2.4 Die Sinode vra die Tydelike FK om in sy begroting voorsiening te maak vir genoemde Ad Hoc-kommissie met die moontlikheid van 'n tweede Ad Hoc-kommissie wat uit die verslag van die PKKEN kan kom.

2.5 Die Sinode besluit dat alle name van permanente kommissielede aangebring sal word op 'n voorbereide administratiewe vorm, opgestel deur ds MC Adendorff en by hom verkrygbaar.

3. Die kommissie vertrou dat hy hiermee uitvoering gee aan sy opdrag.

VOORSITTER: _____

SKRIBA: _____

TKOMPKOM/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE : 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES. N2.

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Ds IA Brink (voorsitter)
Dr WJG Lubbe
Dr CI van Heerden
Ds NJ Rautenbach
Ds JA du Plessis
Ds MC Adendorff
Drs E Friis
Oudl JD Slabbert
Ds JD van der Merwe (skriba)

1.2 Werksmetode

1.2.1 U Kommissie het vraelyste gesirkuleer onder Tydelike Kommissies en aanbevelings van hierdie kommissies aangevra. In beginsel het u Kommissie hierby gebly.

1.2.2 Daar is ook 'n vraelys gesirkuleer onder predikante. Hiermee probeer u Kommissie minstens elke predikant, veral nuwe dominees plaas waar hulle diens kan verrig.

1.2.3 Vergadering

U Kommissie vergader op 20 September 1990. Teenwoordig is: Ds IA Brink, dr WJG Lubbe, dr CI van Heerden, ds NJ Rautenbach, ds JA du Plessis en ds JD van der Merwe.

2. AANBEVELINGS

2.1 Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

Oudl AJ Pienaar	Sekundi
Oudl PR Pretorius	
Dr EM Viljoen	Ds A du Plessis
Dr MFM Pretorius	Ds J Swart
Dr CI van Heerden	Oudl HJ Visser
Ds AS van Jaarsveld (s)	Oudl JF du Plessis
Ds JA du Plessis	
Ds MJ Hartzenberg	
Ds JJ (Jurie) Venter	
Ds PK Roodt	
Ds PA van Zyl	

2.2 Kommissie vir Finansies (FK)

Ds AJ Taute (s)
Ds CF Swart
Ds LD Pienaar
Oudl BJM Rossouw
Oudl DJ Venter
Oudl JS Campher
Diak PJ Uys

Sekundi

Ds JA Jacobs
Ds GG le Roux
Ds JN Cronje

2.3 Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig

Oudl JH du Plessis
Oudl SJF Stapelberg
Ds AP Viljoen (s)
Ds CN Coetzee
Ds SD Nel
Ds P van Rensburg
Ds PW Botha
Ds NJ Groenewald
Ds PG Stans

Sekundi

Ds AJ van Niekerk
Oudl WC Jones
Diak JJ de Wet Steyn

(Kommissie vra nege lede; vir twee word geen reiskoste geëis nie).

2.4 Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

Ds JM Rheeder (s)
Ds NRJ van Zyl
Ds JAC Erasmus
Ds PB Kotze
Ds AE van den Berg
Ds CJS Botha
Oudl AGS Gous

Sekundi

Diak E Serfontein
Ds WF Liebenberg
Diak WH Wentzel

2.5 Kommissie vir Kapelaansdienste

Ds MJ Hartzenberg (s)
Oudl JL du Preez
Ds RMJ Britz
Ds AD Jacobs
Oudl DJ Visser
Oudl SG Greyling
Oudl JE Swarts

Sekundi

Ds AP Viljoen
Ds JP Bezuidenhout
Oudl OC le Roux

2.6 Kommissie vir Argief

Ds J Ries
Ds WM Grové
Oudl AHP Louw (s)
Oudl HLF de Wet

Sekundi

Oudl ZJ van Rensburg
Oudl WLV Fick

2.7 Kommissie vir Formuliere en Liturgie

Ds J Engelbrecht (s)
Ds L Skein
Ds J Adams

Sekundi

Ds HB Heymans

Ds J van der Walt
Ds SJ Gouws
Oudl A vd Heever
Ds AJ van Niekerk

Ds LH Jacobs

(Aanbeveling 3.2.1 bladsy 420).

2.8 Kommissie vir Gemeentebediening (KGB)

Dr WA Burger
Ds JP Bezuidenhout (s)
Ds MG Fourie
Ds RJH Pottas
Oudl JN de Wet
Oudl OA Carlson
Oudl JA Viljoen

Sekundi

Oudl FD Boshoff
Ds AD Jacobs
Oudl JH van der Merwe

2.9 Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme (PKKEN)

Ds MP Taute
Ds PR Jonker
Ds AS van Staden (s)
Oudl dr D van der Merwe
Oudl TW Bartleman
Ds JA Jacobs
Oudl MJ Cornelius

Sekundi

Ds PK Roodt
Oudl CW Lombard
Oudl MF Kruger

2.10 Kommissie vir Kerkmusiek en Kerksang

Ds NJ Rautenbach (s)
Ds DR Schwartz
Ds GG le Roux
Ds JJ (Koos) Venter
Ds RW Louw
Ds JD van der Merwe
Ds JH Theron

Sekundi

Diak FW Swanepoel
Oudl JH Becker

2.11 Kommissie vir Onderwys en Opvoeding

Dr JA Scholtz (s)
Diak C Bezuidenhout
Oudl J Cawood
Oudl JL du Preez
Oudl DS de Villiers
Oudl PH Watermeyer
Oudl P Fouche
Oudl JPT Simpson

Sekundi

Oudl C de J Botha
Diak Rex Brandt
Oudl TGL de Beer (Groot Marico)
Oudl JH du Plessis

2.12 Kommissie vir Sending

Ds JM Cronjé
Ds CJJ van Rensburg (s)
Ds JJJ Roodt
Ds OD Scheuer
Oudl CJ van Helsdingen

Sekundi

Oudl MVM Potgieter
Oudl PF de Villiers
Oudl CH Groenewald

Oudl GJ van Jaarsveld
Oudl DPJ Botes
Dr CI van Heerden

2.13 Kommissie vir Bybelvertaling

OT	NT
Prof HCG Robbertze	Prof HS Theron
Dr WA Burger	Prof WJG Lubbe
Drs E Friis	Prof R Marè
Ds MJ Eilers (s)	Dr EM Viljoen
Ds JH van der Walt	Ds S Botes
Ds DR Schwartz	Ds A Boshoff

2.14 Ad Hoc-Kommissie - Studentebearbeiding

Ds NJ Rautenbach	(Pretoria-Oos) (s)
Ds JN Joubert	(Bloemfontein)
Ds JJ (Jurie) Venter	(Potchefstroom)
Ds WJ Jooste	(Linden)
Ds S Botes	(Stellenbosch)
Ds AP Viljoen	(Pretoria-Sentraal)
Ds JH Swart	(Vanderbijlpark)

2.15 Ac Hoc-Kommissie - Ekklesia

Bepaling 33.1, Notule bladsy 22 punt 9.3.3.1 (Sien bladsy 10)

Dr CI van Heerden
Ds JA du Plessis
Ds JJ (Jurie) Venter (s)
Ds AS van Jaarsveld
Ds JH Swart
Ds AJ van Niekerk
Prof FAH van Staden

2.16 Ad Hoc-Kommissie - Rasseverhoudinge, ens (Agenda bladsy 293 punt 4.5.2)

Prof HS Theron
Prof FAH van Staden
Dr WJG Lubbe (s)
Ds MC Adendorff
Dr MFM Pretorius
Ds MP Taute
Predikante van Pretoria
Prof R Marè
Ds DR Schwartz
Prof HCG Robbertze

3. Hiermee vertrou u Kommissie dat hy sy doel gedien het. Die seën van die Here word afgebid op die verdere verloop van die vergadering.

VOORSITTER : DS IA BRINK

SKRIBA : DS JD VD MERWE
TKVSVPK/JDVDM/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERINGS EN RINGSINDELING C1

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel: Ds CF Swart, dr MFM Pretorius, Di JH Theron, GG le Roux; Ouderlinge: CH White, FJ de Klerk, PJ le Roux

As voorsitter word ds CF Swart aangewys en as skriba ds GG le Roux.

1.2 Aanbeveling van SKK (Punt 17 p 86 Agenda 1990)

Die wyse waarop gemeentes konstitueer.

Die kommissie het met bostaande aanbeveling in gedagte, die volgende indelings as interne-reëling voorgestel:

1.3 Algemene Opmerkings:

1.3.1 Die 13 nuwe gemeentes word by bestaande ringsgroeperinge ingedeel.

1.3.2 Die gemeentes in Namibië (Suid-Wes Afrika) vorm 'n eie ring.

2. AANBEVELINGS

Die Sinode keur die volgende ringsindelings goed soos gewysig:

2.1 Ringsindelings

2.1.1 Kaapland

2.1.1.1 Beaufort-Wes: Beaufort-Wes, Sutherland, Oudtshoorn, Riversdal, George, Fraserburg, Mosselbaai, Hanover.

1.2 Olifantshoek: Olifantshoek, Postmasburg, Groblershoop, Gordonia, Kathu, Kuruman.

1.3 Somerset-Oos: Somerset-Oos, Fort Beaufort, Steynsburg, Barkly-Oos,

		Graaff-Reinett, Aberdeen, Jamestown, Uitenhage, Venterstad, Algoa.
1.4	Stellenbosch:	Stellenbosch, Paarl, Tygerberg.
1.5	Clanwilliam:	Clanwilliam, Pools, Weskus, Namakwaland.
1.6	De Aar:	De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Prieska.
1.7	Kimberley:	Kimberley, Barkly-Wes, Douglas, Christiana, Reivilo, Vaalharts-Suid, Vaalharts-Noord.
1.8	Outjo:	Outjo, Windhoek, Keetmanshoop.
2.1.1.2	Oranje Vrystaat	
2.1.1.2.1	Bethlehem:	Bethlehem, Harrismith, Clocolan, Paul Roux, Senekal, Marquard, Ficksburg.
2.1.1.2.2	Bloemfontein:	Bloemfontein, Boshof, Brandfort, Dealesville, Petrusburg, Dewetsdorp, Verkeerdevlei, BLoemfontein-Noord, Theunissen.
2.1.1.2.3	Graniet:	Graniet, Koppies, Bultfontein, Kroonstad, Goudveld-Sentraal, Hennenman, Viljoenskroon, Bothaville, Parys, Wesselsbron.
2.1.1.2.4	Heilbron:	Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.
2.1.1.2.5	Memel:	Memel, Vrede, Warden.
2.1.1.3	Transvaal:	
2.1.1.3.1	Dendron:	Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.
2.1.1.3.2	Derby:	Derby, Ventersdorp, Koster, Groot Marico, Zeerust, Bührmansdrift, Coligny.
2.1.1.3.3	Germiston:	Germiston, Alberton, Benoni, Kemptonpark, Primrose, Nigel, Devon, Brakpan, Delmas, Springs, Boksburg.
2.1.1.3.4	Klerksdorp:	Klerksdorp, Potchefstroom, Fochville, Hartbeesfontein.

2.1.1.3.5	Lichtenburg:	Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal, Delareyville.
2.1.1.3.6	Migdol:	Migdol, Vryburg, Louwna, Bosrand, Leeudoringstad, Molopo, Schweizer-Reneke, Bloemhof.
2.1.3.7	Middelburg:	Middelburg, Witbank, Belfast, Laersdrift, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton.
2.1.1.3.8	Mooinooi:	Mooinooi, Thabazimbi, Rustenburg, Brits, Sanddrif, Hartbeespoort.
2.1.1.3.9	Moot-Sentraal:	Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Transmagalies, Pretoria-Sentraal, Wonderboom.
2.1.1.3.10	Morgenzon:	Morgenzon, Ermelo, Hoëveldrif, Piet Retief, Perdekop, Standerton.
2.1.1.3.11	Naboomspruit:	Naboomspruit, Warmbad, Potgietersrus, Koedoesrand, Roedtan, Marble Hall, Waterberg, Tuinplaas, Groblersdal.
2.1.1.3.12	Nelspruit:	Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Arnot/Hendrina, Lydenburg, Sabie, Lebombo.
2.1.1.3.13	Roodepoort:	Roodepoort, Linden, Randfontein, Carletonville-Welverdiend, Magaliesburg.
2.1.1.3.14	Vereeniging:	Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Sasolburg, Balfour, Meyerton.
2.1.1.4	Natal:	
	Suidkus:	Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Zululand.
	Newcastle:	Newcastle, Dundee, Glencoe, Vryheid, Utrecht, Ladysmith.
2.2	Ringsgroeperinge:	Die Sinode keur die volgende groeperinge goed:
2.2.1	Kaapland:	Die verdeling in drie streke word gehandhaaf soos verlede jaar goedgekeur, nl.

Die gemeente Beaufort-Wes is die middelpunt - Wes van hierdie dorp vorm Wes Kaap insluitende Beaufort-Wes; Noord daarvan Noord Kaap en Oos daarvan Oos Kaap.

2.2.2 Transvaal: Die Sinode handhaaf die verdeling in vier streke, nl. Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Wes-Transvaal en die PWV streek saam met Suid-Transvaal.

2.2.3 Vrystaat en Natal Soos wat dit tans is.

2.2.4 SWA Namibië: Die Sinode keur goed dat die APK in Namibië 'n eie groepering vorm weens die eiesoortige situasie van die kerk in die land. Kontak met Noord-Kaap bestaan feitlik gladnie, en afstande is groot.

3. VERTEENWOORDIGING OP SKK

Die Sinode besluit dat die verteenwoordiging uitgebrei word na 10 lede.

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy taak afgehandel het.

VOORSITTER SKRIBA

S4TKRING/avdb/aa

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

RINGSAFGEVAARDIGDES OP DIE SKK 02

		PRIMARIUS	SEKUNDUS
1.	NOORD-KAAP	Dr JA Scholtz	Ds PG Stans Ds NRJ van Zyl
2.	OOS-KAAP	Ds GG le Roux	Oudl SB Treurnicht Oudl SW Malan
3.	WES-KAAP	Ds PR Jonker	Ds S Botes Ds WF Liebenberg
4.	VRYSTAAT	Dr CI van Heerden	Ds JH Engelbrecht Ds JAC Erasmus
5.	NATALIA	Ds MFM Pretorius	Ds CJJ v Rensburg Oudl HCG Bester
6.	NOORD-TRANSVAAL	Ds JA du Plessis	Drs E Friis Ds MJ Eilers
7.	PWV EN SUID-TRANSVAAL	Ds NJ Rautenbach	Ds AJ Taute Ds DR Schwartz
8.	WES-TRANSVAAL	Ds MJ Hartzenberg	Ds MP Taute Ds JJ (Kosie) Venter
9.	OOS-TRANSVAAL	Ds IA Brink	Ds A Boshoff Ds JH van der Walt Ds AS van Staden
10.	ETOSHA	Ds EM Viljoen	Oudl WS Blaauw Oudl JP Fouché

RINGSAF2/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: **VOORTGESETTE SITTING 26-27 OKTOBER 1990.**
VERSLAG: **TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE. V3**

1. VIR KENNISNAME

1.1 Die Sinode word saamgestel uit dieselfde afgevaardigdes van gemeentes wat by die vorige sittingsdae te Parys afgevaardig was.

1.2 Die afgevaardigdes maak gebruik van dieselfde geloofsbriewe.

1.3 Nuwe afgevaardigdes moet van nuwe geloofsbriewe voorsien wees.

1.4 Daar is 194 afgevaardigdes teenwoordig van wie die geloofs-
briewe reeds goedgekeur is te Parys.

1.5 Proff H.C.G. Robbertze, R. Marè em H.S. Theron is met adviserende stem teenwoordig. Prop. E.G. Mouw woon die sitting by.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Die Sinode keur die sittingsreg van die afgevaardigdes van die volgende gemeentes, wat met nuwe geloofsbriewe afgevaardig is, goed.

D.i.: APK Amersfoort; APK Bloemfontein; APK Ficksburg; APK Pietersburg; APK Groot-Marico; APK Potgietersrus; APK Roodepoort; APK Memel; APK Wesselsbron; APK Weipe; APK Kuruman; APK Louis Trichardt; APK Bothaville (25).

2.2 Die volgende verskonings is ontvang:

APK Suidkus; APK Theunissen; APK Algoa; drs E Friis en A.D. Jacobs sal laat wees; ds C.J.J. van Rensburg; APK Tzaneen; ds J.J. (Kosie) Venter wat in die hospitaal is; ds C.F.W. Snyman wat siek is; ds WJ van der Merwe; Ds AP Viljoen sal laat wees; ds M.T. Eilers.

2.3 Die Sinode is saamgestel uit 219 afgevaardigdes.

3. Die kommissie vertrou dat hy sy taak afgehandel het.

I.A. BRINK

M.C. ADENDORFF

I.C. VAN HEERDEN

4DSTKVG/IAB/tb

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER

EERSTE VERSLAG: BOODSKAP VAN SINODE AAN GEMEENTES Z1

HERDERLIKE BRIEF VAN DIE VIERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK AAN ALLE GEMEENTES

Geliefdes in die Here Jesus Christus. "Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!" (1 Tim 1:2).

Hierdie skrywe word aan die gemeentes gerig vanuit die Vierde Sinode van ons geliefde kerk in sitting vanaf 17 September tot 22 September 1990 te Parys.

Die lywige sakelys wat voor die Sinode van hierdie jong kerk gedien het, vul ons nie alleen met ontroering nie, maar ook met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader. Daar behoort geen twyfel te bestaan dat die Afrikaanse Protestantse Kerk aan al die Bybelse vereistes beantwoord om ware kerk in die volle sin van die woord te wees nie. In die bietjie meer as drie jaar van die kerk se bestaan, was daar 'n dinamiese groei. Met die aanvang van die Sinode is gerapporteer oor die bestaan van 185 gemeentes. Daar is tans 95 predikante, 4 oefenaars, 4 teologiese professore, 21 063 belydende- en 9 850 dooplidmate. Die eerste teologiese student wat opleiding aan die APK se Teologiese Skool ondergaan, studeer DV aan die einde van die jaar af. Alle eer aan die Here!

Die kerke in verband het geworstel met die probleem, dat wanneer 'n sinodesitting afgehandel is, daar geen voortgang van die moderatuur is nie. Daarna funksioneer die sinodale kommissies tot en met die aanvang van die volgende Sinode. In die soeke na kontinuering van 'n regspersoonlikheid, is besluit om 'n Raad vir Kerkadministrasie in die lewe te roep as 'n kontinuerende regspersoonlikheid. Alle eiendomme van die Kerke in verband, word voortaan in die naam van die RKA geregistreer en die Bestuur (BRKA) hanteer die hele administrasie van die APK. Die Administrateur, ds. MC Adendorff, dien as skakel tussen:

1. predikante wat navrae doen om na die APK oor te kom;

2. gemeentes (kerke) en die Kerkkantoor en verwys die onderskeie sake vir die nodige aandag van die betrokke sinodale kommissie. Die totstandkoming van die RKA (waarvan alle gemeentes (kerke) lede is,) was 'n historiese oomblik in die APK se bestaan waaroor ons ons verheug.

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: SKK-DAGBESTUUR OOR TYDPERK 10/7 - 13/9/90, AANVULLEND BY SKK VERSLAG

1. PERSONEEL

Prof WJG Lubbe (Voorsitter), Dr CI van Heerden (Ondervoorsitter), di. MC Adendorff (Skriba), NJ Rautenbach (Hulpskriba), IA Brink (addisionele lid).

2. VERGADERINGS

In gemelde tydperk het die Dagbestuur vyf vergaderings gehou, wat die totaal sedert die vorige Sinode op 17 te staan bring. Daarbenewens het lede van die Dagbestuur twee keer met lede van die Afrikaanse Reformatoriese Kerk samesprekings gevoer.

3. SAKE BEHANDEL

Aangeleenthede gehanteer tot op 10/7/1990 is in die SKK-verslag gereflekteer. Sedertdien het die volgende sake aandag geniet:

3.1 Reëlings vir Sinode

Alle reëlings t.o.v. die Vierde Sinode is gehanteer, en hartlike samewerking in dié verband is ontvang van APK Graniet en APK Parys.

3.1.1 Aanbeveling: Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor APK Graniet en APK Parys vir die besondere wyse waarop reëlings vir die Vierde Sinode getref is.

T.o.v. die Vyfde Sinode is met ds Jurie Venter geskakel om te Potchefstroom akkommodasie te bekom.

Voorlopige inligting is soos volg:

POTCHEFSTROOMSE ONDERWYSKOLLEGE

Volledige akkommodasie beskikbaar teen ongeveer R40 per dag per persoon. Sluit ook in drie etes, tee, koffie en verversings.

Saal: Saal plus ekstra vertrekke vir tiksters en tydelike kommissies is gratis beskikbaar en kan ongeveer 400 persone akkommodeer elkeen met eie tafel en stoel.

Klanktoestel: Moet deur APK self voorsien word.

Telefoon beskikbaar - privaat oproepe moet betaal word.

...baar - moet gedurende skoolvakansies wees wanneer studente die koshuise ontruim -

1991 - tussen 6 - 29 Julie of 28 September - 7 Oktober.

1992 - beskikbaar tussen 4 Desember 1991 en middel Januarie 1992.

AKKOMMODASIE EN SAAL BESKIKBAAR OP EEN TERREIN.

PU VIR CHO

Koshuise: Ongeveer R40 per dag per persoon.

Sinodesaal: 3 straatblokke vanaf koshuise. R150 per dag huur vir gehoorsaal plus kombuis plus eetsaal en verskillende vertrekke vir tiksters en kommissies.

Afgevaardigdes sit twee-twee bymekaar met 'n mikrofoon beskikbaar by elke tafel - saal spesiaal ontwerp vir sinodes.

Susters van APK Potchefstroom kan verversings verskaf - prys nie aangegee nie.

Fotostaatmasjien beskikbaar.

ALTERNATIEF

Sinodegangers kan tuisgaan in koshuise van Potchefstroomse Onderwyskollege en nogtans die Sinodesaal huur.

3.1.2 **Aanbeveling: Die Vyfde Sinode word gereël vanaf 30 September tot 5 Oktober 1991 te Potchefstroom. Huisvesting vir afgevaardigdes word bespreek in die koshuise van die Potchefstroomse Onderwyskollege, en die Sinodesaal van die Gereformeerde Kerk word bespreek vir die Sinodesitting.**

3.2 Nuwe gemeente

Op 6 September 1990 is die jongste gemeente gestig, naamlik APK Bonnievale, waarvan 'n afgevaardigde by die Sinode teenwoordig is.

3.3 Geldelike hulp aan gemeentes

'n Verdere 3 gemeentes is geldelik gesteun, sodat die totale bedrag waarmee gemeentes vir die tydperk gehelp is, op R33597.65 te staan kom. (Kyk ook Agenda bl. 15 punt 3.8.)

3.4 Predikante

3.4.1 Onderhoude is met enkele leraars gevoer wat oorkoms na die APK oorweeg. Sodra omstandighede geleë is, sal toelating tot bediening in die APK kan plaasvind. Vanweë die vervolging waaraan so 'n

leraar blootgestel kan word, word sodanige onderhandelinge vertroulik gehanteer, sodat aansluiting by 'n gemeente van die APK saamval met bedanking uit die kerk waaraan hy behoort. Op dié wyse kom so 'n leraar sonder onderbreking in sy diens en versorging as evangeliedienaar nét leraarstatus na die APK oor.

3.4.2 Ds CJ Prins het op 31/7/90 uit die APK bedank.

3.4.3 Kennis is ontvang van die Ring van Morgenzon dat ds SW van Wyk op 4/8/90 vir 9 maande geskors is kragtens K.O. Artikel 55.4.2.1.

3.5 Die Boodskapper

Volgens afdeling Finansies is R59 155.23 aan intekengeld vir "Die Boodskapper" vir die jaar tot op 13/9/1990 ontvang. Van 184 gemeentes het 146 die volle intekengeld betaal, 9 gemeentes het 'n deel betaal, 29 gemeentes het nog niks betaal nie.

3.5.1 Aanbeveling: Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wat agterstallig is om die voorbeeld van die 146 gemeentes te volg en hulle intekengeld op "Die Boodskapper" vir 1990 aan te suiwer voor 30 November 1990.

3.6 Foto's : Tweede Sinode

Vanweë die feit dat tussen die fotograaf en die drukker wat die foto's van die Tweede Sinode versorg het, daar verwarring oor die name en foto's gekom het, is die afhandeling van die bestellings uitermate vertraag. Na herhaalde onderhandelinge het die fotograaf onderneem om die foto's nog tydens die huidige Sinodesitting af te lewer.

3.7 Gesprek met die Afrikaanse Reformatoriese Kerk (ARK)

Gesprek tussen lede van die Dagbestuur en lede van die ARK is op 23/8 en 3/9/1990 gevoer. Die eerste gesprek was bloot verkennend van aard, met die doel om 'n agenda vir die volgende gespreksgeleentheid op te stel. Kerkordes en ander lektuur is uitgeruil, sodat dit voor die tweede byeenkoms bestudeer kon word.

Van die kant van die APK was die Voorsitter by die tweede geleentheid as gevolg van ongesteldheid afwesig.

Van die ARK was die volgende lede teenwoordig: Ds JH Jooste, mnre M du Preez, JA Pretorius en P van den Berg.

Tydens die tweede gesprek is saamgestem dat daar geen leer- of ander verskille is wat die voortgesette gesprek en samewerking tussen die APK en die ARK in die weg staan nie.

Voorts is ooreengekom dat die volgende aanbevelings aan die onderskeie kerke voorgelê word vir goedkeuring (hier geformuleer soos van toepassing op die APK).

Aanbevelings:

3.7.1 Die Sinode erken die Afrikaanse Reformatoriese Kerk as volwaardige Kerk van Christus met gereformeerde belydenisgrondslag.

3.7.2 Die Sinode erken die doop, sertifikate, attestate en ander tersaaklike dokumente van die Afrikaanse Reformatoriese Kerk.

3.7.3 Die Sinode keur dit goed dat kanselruiling tussen leraars van die APK en die ARK kan plaasvind waar kerkrade dit verlang. Dit behels 'n uitbreiding van Sinodebesluit punt 1.3 en 1.4 soos opgeneem in Bylae 1, Bl. 33 van die Kerkorde.

3.7.4 Die Sinode keur die uitnodiging wat die Dagbestuur aan die ARK gerig het om 'n groeteboodskap oor te dra, goed.

3.7.5 Die Sinode besluit dat ander erkende Afrikaanse Kerke ook voortaan van sinodesittings van die APK in kennis gestel en genooi word om 'n groeteboodskap oor te dra.

3.8 Onderhandelinge in verband met uitsaaigeleentheid vir leraars van die APK

Die Dagbestuur het die verslag van di. Rautenbach en Adendorff in behandeling geneem, (hierby aangeheg as Bylae SKKDb. 1) en lê die volgende aanbevelings vir goedkeuring aan die Sinode voor:

3.8.1 Die Sinode benoem 'n kommissie vir Radio en TV uitsendings met opdrag o.m. die volgende take:

3.8.1.1 Skakeling met die SAUK/TV, Radiokansel en indien nodig ander instansies ten einde die beste uitsaaigeleenthede vir die APK te beding.

3.8.1.2 Verdere ondersoek na die daarstelling van 'n produksiehuis om eie klank- en videokassette met Godsdiensprogramme te vervaardig, wat ook privaat versprei kan word.

3.8.1.3 Die keuring van 'n paneel leraars wat aan Radiokansel voorgelê word met die oog op deelname aan Godsdiensprogramme van Radiokansel.

Hiermee vertrou die Dagbestuur dat hy volgens verwagting diensbaar was aan die APK, en bid die Sinode die seën van die Here toe op al sy beraadslaginge.

wg.Prof WJG Lubbe
VOORSITTER

wg. Ds MC Adendorff
SKRIBA

add\vskk.dox/rm

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

ADDENDUMVERSLAG VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA) OOR DIE TYDPERK 7 JULIE - 12 SEPTEMBER 1990

1. VERGADERINGS

Vier vergaderings is in die tydperk gehou, t.w. op 3 en 24 Augustus, 5 en 12 September 1990. Die totale aantal vergaderings van die volle BRKA sedert die vorige Sinode kom daarmee op 15 te staan.
(Verwys Bylae BRKA Ad. 1)

2. SAKE BEHANDEL

2.1 Pos van Assistent-Administrateur

Na ontvangs van 'n aantal aansoeke, en na onderhoude met sommige van die applikante gevoer is, is die pos aan 'n uiters geskikte kandidaat aangebied. Vanweë persoonlike omstandighede was hy egter genoodsaak om nie die aanstelling te aanvaar nie. Volgens besluit van die BRKA is die pos opnuut geëvalueer en geadverteer. 'n Skriftelike bekendstelling van die verskillende vakatures in die Sentrale Kerkkantoor word ook aan afgevaardigdes by die Sinode beskikbaar gestel.

Intussen is die Direkteur vir Kerkadministrasie deur die BRKA gemagtig om tydelike aanstellings te maak indien nodig.

2.2 Pos van Rekenaaroperateur/klerk

Die eggenote van die kandidaat hierbo genoem, is in die pos aangestel, maar is eweneens genoodsaak om die aanstelling nie te aanvaar nie. Die betrokke egpaar woon in 'n ander provinsie as waarin die Sentrale Kerkkantoor geleë is, en die vrou is dus gebonde aan haar man se beslissing om nie te verhuis nie.

Ook dié pos word weer geadverteer. Dié betrokke vakature in die afdeling Finansies het ontstaan as gevolg van die bedanking van mnr J L van H Scholtz wat gedurende die afgelope 2 jaar en nege maande gewaardeerde diens gelewer het. Mnr Scholtz het op versoek ingewillig om die datum van sy diens-beëindiging uit te stel tot 30 September 1990, sodat hy nog die leeue-aandeel aan die organisasie van die Vierde Sinode kan behartig.

2.2.1 **Aanbeveling: Die RKA betuig sy dank teenoor mnr J L van H Scholtz vir sy getroue arbeid in die Sentrale Kerkkantoor, en in besonder vir sy onvermoeide ywer ten opsigte van die Sinodevereëlings.**

2.3 Vakature vir versendingsklerk

Vanweë die bedanking van mnr EJJ Henrico het daar 'n vakature vir 'n versendingsklerk in die Sentrale Kerkkantoor ontstaan. Die BRKA gee ook aandag aan die vulling van dié pos.

2.4 Skoonmaakdiens in die Sentrale Kerkkantoor

Naas die voortreflike diens gelewer deur twee damestudente na-ure, het dit ook nodig geblyk om die skoonmaakdiens aan te vul. Vir dié doel word een of twee keer per week, na gelang van die behoefte, die diens van 'n dame deur middel van Reddingsdaad verkry teen minimale koste.

2.5 Diensooreenkoms vir personeellede

'n Standaard diensooreenkoms vir personeellede is met die hulp van 'n deskundige prokureur op die gebied, nl. mnr JPA Swanepoel opgestel. Die ooreenkoms is tans in die finale fase van verwerking en sal eersdaags aan alle personeellede uitgereik word.

2.6 Dissiplinêre prosedure

Mnr Swanepoel is ook versoek om behulpsaam te wees met die opstel van dissiplinêre prosedures wat gevolg moet word, en wat indien nodig kan lei tot die ontslag van 'n personeellid.

2.7 Oortollige artikels

As gevolg van veranderings aan die gebou van die Sentrale Kerkkantoor, het sekere artikels soos byvoorbeeld 2 stowe, 'n bad ens. oorbodig geraak. Die artikels is per tender verkoop.

2.8 Poshandves

Vanweë die werksomstandighede van oudl. MP Taute was dit nie vir hom moontlik om die opstel van poshandveste voor die Sinodesitting af te handel nie.

2.8.1 **Aanbeveling: Die RKA keur dit goed dat die nuwe BRKA van die dienste van oudl. MP Taute gebruik kan maak vir die opstel van poshandveste, indien die BRKA dit nodig vind.**

2.9 Eerlikheidswaarborgpolis

Die BRKA het besluit om 'n eerlikheidswaarborgpolis uit te neem met 'n maksimum dekking van R30 000 vir personeellede en kommissielede wat betrokke is by die hantering van geld.

2.10 Skedule en beheermaatreëls vir vergaderings in die Sentrale Kerkkantoor

In opdrag van die BRKA is 'n skedule en beheermaatreëls vir vergaderings in die Sentrale Kerkkantoor opgestel. Alle voorsitters en skribas van kommissies word gevra om hulle op hoogte te stel daarmee alvorens vergaderings in die Sentrale Kerkkantoor gereël word. Die doel daarmee is enersyds om vergaderings so te koördineer dat botsings nie plaasvind nie, en andersyds om die hoogste mate van sekuriteit onder die omstandighede te handhaaf, veral wat na-uurse vergaderings betref. 'n Afskrif van die skedule en beheermaatreëls is van die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie verkrygbaar.

2.11 Kantoorsekuriteit

Om sekuriteitsredes is spesiale slotte aan die deure wat toegang tot die Sentrale Kerkkantoor verleen, aangebring. Sleutelbesit vir dié deure word streng gekontroleer.

Veiligheidsdeure en -hekke is tans nog onder oorweging. Die BRKA het reeds op die aanbring daarvan besluit, maar uitvoering daaraan is onderhewig aan die algehele terreinbeplanning. Die terreinbeplanning is op sy beurt weer onderhewig aan finale besluite wat t.o.v. uitbreiding van die kantoorruimte geneem moet word.

2.12 Uitbreidingsmoontlikhede

Verskeie moontlikhede het gedurende die jaar oorweging geniet:

2.12.1 Die aankoop van 'n naburige erf.

2.12.2 'n Hoewe met 'n huis en 'n klein kerkie te Montana.

2.12.3 'n Hoewe met voldoende kantoorruimte (huis en woonstelle) te Verwoerdburg. Na deeglike ondersoek ter plaatse en indringende bespreking beveel die BRKA soos volg by die RKA aan:

Aanbevelings

2.12.4 Die RKA keur die moontlike aankoop van 'n erf aangrensend aan die terrein van die

huidige Sentrale Kerkkantoor goed, en dra dit aan die BRKA op om die moontlikheid van konsolidasie met die bestaande eiendom, asook gebruiksvergunning deur die Stadsraad van Pretoria om die huis as kantoor te gebruik, te ondersoek.

2.12.5 Die RKA keur die besluit van die BRKA waarvolgens afgesien word van die aankoop van die Montana- en Verwoerdburgeiendom, goed.

2.13 Aanwysingsborde

Aansoek is van nuuts af gedoen vir die oprigting van aanwysingsborde na die Sentrale Kerkkantoor, en oudl. JF van der Merwe en die Direkteur van Kerkadministrasie onderhandel tans met die Stadsraad van Pretoria in dié verband.

2.14 Fondsinsamelingsnommer

Uit 'n ondersoek van korrespondensie in die Sentrale Kerkkantoor, asook uit navraag by die betrokke Staatsdepartement daaroor, blyk dit dat die APK nog nie oor 'n fondsinsamelingsnommer beskik nie. Die BRKA het besluit om aansoek te doen vir sodanige nommer, maar die aansoek moes oorstaan in afwagting van die finale goedkeuring van die Konstitusie van die RKA en die Reglement vir die BRKA. Aansoek sal dus formeel gedoen word na afloop van die Vierde Sinode.

2.15 Oudit van gemeentelike finansiële state

Dit blyk dat nie alle gemeentes gemaklik die dienste van 'n geoktrooieerde rekenmeester vir ouditdoeleindes kan bekom nie.

2.15.1 Aanbeveling: Die RKA besluit dat waar kerkrade nie die dienste van geoktrooieerde rekenmeesters kan bekom nie, van die dienste van IRT-lede (Lede van die Instituut van Rekenkundige Tegnici) gebruik gemaak kan word vir ouditdoeleindes.

2.16 Belastingvrystelling op Sentrale Kerkkantoor

Aansoek is by die Stadsraad van Pretoria gedoen om belastingvrystelling op die terrein van die Sentrale Kerkkantoor, en navraag is ook gedoen oor die moontlikheid van terugbetaling van belasting wat tot hiertoe betaal is. Die antwoord van die Stadsraad word nog afgewag.

Ter hand op 17.9.90 aan elke AFGEVAARDIGDE ter Sinode. → Die geel Dokument

17 September 1990

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

"MINDERHEIDSVERSLAG"

m.b.t die "Handelinge van die BRKA" vir die tydperk 6 November 1989 tot 12 September 1990, opgestel en aangebied deur Oudl JJ Prinsloo op eie verantwoordelikheid en onkoste, met die medewete ("Kennis geneem") van alle lede van die BRKA tydens die pas afgelope twee "sluitingsvergaderings" van 5 September 1990 en 12 September 1990.

DOEL: Om die ADMINISTRASIE te ORDEN en te DISSIPLINEER sodat dit binne perke van ons BEHOEFTES in Sinodale Verband geskied, want die 15% is nie onaantasbaar nie!!

1. BYLAES BRKA 1 en BRKA Add 1 word gesamentlik behandel as een Verwysingsraamwerk, items 1 tot 48 en word vir die gerief van afgevaardigdes as bylaes tot hierdie verslag aangeheg.

BYLAES: BRKA 1 en BRKA Add 1

2. Die BYLAES is selfverklarend en is 'n verkorte weergawe (op versoek BRKA) van 'n uitvoerige Lys 1 (van 3 Blss) met items 1 tot 73, wat ook 'n Verwysingsraamwerk vorm met 'n volledige Teenwoordigheidslys vir al die 30 genotuleerde Vergaderings.

3. Volgens BYLAES BRKA 1 en BRKA Add 1 is 30 Genotuleerde vergaderings gehou, ± 8 ongenotuleerde en 10 ander aksies is geloods. Enige Onder-opgawe van Vergaderings soos bv. in Addendum is foutief.

4. Kommentaar i/s "Lede" (soos in die fynste besonderhede gerapporteer op Bls 94 - Agenda vir die Sinode)

a. Oudl Prinsloo teken beswaar aan teen "benoem" van 9 Kerkraadslede. Hulle is deur die Sinode GEKIES ingevolge die 50% beletsel deur die Sinode bepaal, en op beskikbare meriete!

b. En, voortvloeiend uit die beletsel, was die aanwysing van DIE VOORS. DIE ONDER-VOORS en die SKRIBA (Bls 95) op 6.11.89 'n verontagsaming van die 50% beletsel aangesien die konstituering nie korrek was nie. Hierdie

c. Oudl Prinsloo verneem graag van die RKA wat sy siening is oor die verydeling van die 50% beletsel (Dit geld vir die BRK en die Dagbestuur en die Personeelkomitee Ook vir die Ad hoc ka die aantal op die Komitee 'n kworum vorm, nl. 5 uit 9) Wat daarvan

d. En daarby word verneem wat die sin was daarvan om die 50% beginsel (t.o.v. Kerkraadslede) ook te verydel deur 'n Ad hoc — om hulle af te hok. Dit het ontsettend baie omstredenheid veroorsaak : Vergelyk "predikantspos" en "deeltydse" Sekreteresse-fiksfer-pos. en talle ander "botsings."

e Die Slotsom : Die Dagbestuur het op 23.2.90 tot stilstand gekom
Die "Ad hoc" het bloot "Ad-vies" geword en
Die Personeelkomitee het op 13.6.90 ontbind.
Die Kerkraadslede het afgaande belang verloor!!!
Die BRKA-besluite het soms meer probleme geskep as wat opgelos is vgl. bedankings en ongelukkigheid, kantoorafsegging, Kerkraadslede vs. hulle predikante (bv. Verwoerdburg)
In enkele gevalle is die gewetes verkrag, eensydige beinvloeding, "inteling" dwarsboming van insette : Vergelyk bv. Pers. plasing 26.2.90 — Notule-bewoordings, ensam
Oor die hele verwysingsraamwerk is die 50% beletsel dooddeenvoudig "afgelas" by wyse van eensydige beinvloe

"Enkele suksesse"
- Behou badkamer
- Vergoeding vir "verlof" aan Kerkraadslede
- Beswaar aangetaken teen verdere "predikante"
- "Notule" binne 3dae
- Koste voorleggings bv. Regshoek vorige Administrateur

5 PERSONEEL (Blss 96-99)

a. Die aanstelling van 'n "predikant" as Direkteur het gepaard gegaan met "botsing" tussen BRKA en "Ad hoc" Komitee en dit loop deur tot op datum van hierdie "Minderheidsverslag."

b. Die SKK voorskrif : "behoort 'n predikantspos te wees" het o.a. 'n ernstige leemte in die NOTULE opgeleewer wat per "Revisie" moes herstel word. (Notule 9.2.90 herstel op 6.3.90)

c. Die "Anomalie" wat op 17/5/90 aangekondig is, op 13.6.90 met "indringende ondersoek" ge-oormerk is en op 5.9.90 doodgeloop het op "NIE ONTVANKLIK NIE" en op 12.9.90 per "Vergelykende Opgawe" blootgelê is. (Dokumente beskikbaar)

d. Die BRKA kan nie 'n Personeel-Organigram aan die RKA voorlê - 'n Voorlopige skets is die tans omstrede basis — 'n Ad hoc Komitee poging ten spyt. Dis absoluut ontoelaatbaar.

6. 15% Bydrae tot Sentrale Kerkkantoor

Dié verpligting rus swaar en die aanwending deur die BRKA kan nie deurgaans suksesvol verdedig word nie ("Montana-saal Voorstel Oudl. Prinsloo om te koop kry nie een in Sekondant-Insig en durf ontbreek.)

7. Ten slotte

'n Ondersoek na die RKA se Samestelling (per 'n Loodskomitee word sterk aanbeveel — Kontinuïteit bepalings onontbeerlik, asb

INS. Diagram 1 en Diagram 2 is sedert (Nl.: al

HANDELINGE v.d. BRKA in KRONOLOGIESE ORDE: 6-11-89 — 6-7-90

Nº	Gemotuleerde Vergaderings: BRKA	Dagbestuur	Ad hoc Komitee	Arbeeds-komitee	Ander aksies: Geboukomitee, Terreinkomitee en ander take
			Skriba is Dikaio Buitendag	Skriba is Ds Towte	
1	Ma 6-11-89 (Ker Sinode)				
2	Ma 6-11-90 (Ker Sinode)				
3	Vr 12-1-90 (09:30)				Vr 12-1-90 Terreinkom. — Opdrag
4	12/1/90				Vr 12-1-90 Kuratoriumbehoeftes ①
5					
6			Sat 20-1-90 (08:00)		
7		Ma 29-1-90 (14:00)			
8					Do 5-2-90 SKK-Lasgewing. ②
9					Vr 9-2-90 SKK - "Opdrag"
10	Vr 9-2-90 (13:45)				
11					Vr 9-2-90 Gebou kom - Opdrag: o.a. Oordrag van vaste eiendom.
12					Sat 10-2-90 Terreinkom: Skoonmaak, opruim.
13					Sat 17-2-90 Terreinkom: Wegry v. takke, ens.
14		Vr 23-2-90 (14:00)			
15		Einde Dagbest.	Sat 24-2-90 (08:00)		
16					Ma 26-2-90 Grondplan 3963/77 Erf 1339 Opdragte: Gebou- en Terreinkom.
17	Wo 28-2-90 (14:00)				
18			Ma 5-3-90 (Etensuur)		
19	Di 6-3-90 (14:00)				
20					Di 6-3-90 Geboukom behou Badkamer
21				Do 8-3-90 (14:30)	Di 20-3-90 Vaalriv. Terrein: Konfervensie ③
22					
23	Vr 23-3-90 (13:30)				
24					Ma 26-3-90 Kuratoriumbehoeftes SKK - "Opdrag" Predikant ④
25				Ma 26-3-90 (14:30)	
26				Vr 30-3-90 (14:00)	⑤
27					Sat 1-4-90 Direkteur aangestel, neem sekere take oor. Versendingsklerk aangestel, neem sekere take by Rekenm. oor.
	Ds Towte = Skriba				
28	Direkteur = Sekretaris		Di 3-4-90 (16:00)		
29	Do 5-4-90 (14:00)				⑥
30					Sat 21-4-90 Afvaardiging na Venterspas/Pretn.
31				Ma 30-4-90 (14:00)	Kuratoriumbehoeftes ... ⑦
					SKK - Direkteur ....
32					Di 1-5-90 Sekr/Tikster vir Direkteur aangestel - "deeltyds"
33	Do 3-5-90 (15:00)				Gebou Komitee = (± 4 Verg's)
34	Do 17-5-90 (16:00)				Terrein Komitee: (± 5 Verg's)
35			Sat 2-6-90 (09:00)		Ander take: ± (7) Take
36				Wo 13-6-90 (14:30)	
37	Wo 13-6-90 (16:00)				"Mandae" bestaa
38	Di 26-6-90 (14:00)				"Predikante" 66
					"Kerkraadslede" 85

BRKA Addendum 1

OPDATERING VAN BRKA 1 (VERSLAG AAN SINODE)

BRKA 1 →

HANDELINGE V.D. BRKA in KRONOLOGIESE ORDE: 6·11·89 — 6·7·90

Genotuleerde Vergaderings				Ander aksies: Geboukomitee, Terreinkomitee en ander take
BRKA	Dagbestuur	Ad hoc Komitee	Personeel-komitee	
12 (11)	3 (2)	5	5	Gebou Komitee = (± 4 Verg's) Terrein Komitee: (± 5 Verg's) Ander take: ± (7) Take

"Mandae" bestee

"Predikante"	66
"Kerkraadslede"	85
"Direkteur"	9
	160

OPDATERING: 7·7·90 — 12/9/90 (laaste Verg.)

						ANDER TAKE
				Sat 28·7·90 (08:00)		
42	Vr 3·8·90 (14:00)					
43	Vr 24·8·90 (14:00)					
44					Ma 31·8·90	Juligting gevra i/s "Anomalie"
45	Wo 5·9·90 (14:00)					
46					Vr 7·9·90	Brief ná Tel. gesprek aan Direkteur: i/s Verg. 5/9/90
47					Di 11·9·90	Aanbieding Opdatering van BRKA 1 vir Addendum
48	Wo 12·9·90 (14:00)					
Sub-totaal	4	0	1	0	3	
Gerund						
TOTAAL	16 (15)	3 (2)	6	5	10	

Gebou-Komitee ± 4 Verg's
Terrein-Komitee ± 4 Verg's
Ander Take 7 + 3 = 10

MANDATE

Predikante	66 + 14 = 80
Kerkr lede	85 + 17 = 102
Direkteur	9 + 4 = 13

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

RAPPORT AAN DIE RKA TYDENS DIE SINODESITTING VAN 26 EN 27 OKTOBER 1990: KOMMISSIE WAT IN OPDRAG VAN RKA MOES VERGADER

1. **SAKE VIR KENNISNAME:**

1.1 OPDRAG:

Die RKA het in September 1990 o.m. die volgende besluit geneem:

> **"Na aanleiding van verskillende ordemosies besluit die vergadering daar moet 'n gesprek plaasvind tussen oudl. JJ Prinsloo en die uittredende BRKA, saam met prof R Marè, ds A Boshoff, ds AS van Jaarsveld, oudl. W Viljoen van Pretoria-Oos."**

1.2 VERGADERING:

Die Kommissie wat die gesprek moes voer, het op 15.10.1990 vergader.

Teenwoordig was:

Proff. R Marè (Voorsitter), WJG Lubbe, di. A Boshoff, AS van Jaarsveld, MC Adendorff, IA Brink, JA du Plessis, AJ Taute, oudle. MP Taute, JPT Simpson, JJ Prinsloo, LJ Potgieter en diak. JEA Bester (Skriba).

Afwesig met verskoning:

Oudle. JF van der Merwe en W Viljoen.

1.3 RAPPORT:

Die Kommissie besluit dat die rapport deur die Voorsitter (prof R Marè) en die Skriba (diak. JEA Bester) onderteken sal word en deur die Voorsitter aan die RKA voorgedra sal word en vermenigvuldig sal word, sodat elke RKA-lid 'n kopie ontvang.

2. **SAKE WAAROOR DIE RKA MOET BESLUIT**

Die kommissie bevind eenparig die volgende en beveel dit as besluit by die RKA aan:

2.1 **Broeders op die BRKA het die een in die ander se oog gefouteer, maar al die broers het mekaar nou gevind en beskou al die sake in die minderheidsrapport gemeld, as finaal afgehandel. Daar is geen persoonlike gevoelens tussen die lede van die vorige BRKA nie.**

2.2 Die Kommissie konstateer met groot klem dat daar nooit enige wanbesteding of wanadministrasie van watter aard ookal was nie.

2.3 Verder beklemtoon die Kommissie dat die RKA en Sinode 'n dringende beroep op alle afgevaardigdes moet doen dat 'n groepering nooit mag ontstaan van ouderlinge en diakens enersyds téénoor predikante andersyds nie. Daar moet steeds die hoogste eendragtigheid tussen alle ampsdraers wees in belang van die Koning van die Kerk.

3. AFSLUITING

Seën word die RKA-vergadering toegebid.

....

VOORSITTER SKRIBA

raprka.dox/rm

INLIGTINGSTUK IN SAKE APK-VROUEAKSIE

nleiding

ie APK-Vroueaksie se 1989 konferensie het dit aan die lgemene Komitee opgedra om 'n inligtingstuk i.v.m. die roueaksie saam te stel om aan die gemeentes te stuur en by ie Sinode beskikbaar te stel.

ntstaan

In reaksie op spontane navrae en versoeke van vrouelidmate en van verskeie gemeentes, net na die kerkstigting, het die destydse KVK 'n reëlingskomitee uit susters in Noord-Transvaalse gemeentes daargestel om die moontlikheid van 'n susterskonferensie te ondersoek. Die doel was om 'n geleentheid te skep waar vrouelidmate werksaamhede kon bespreek en koördineer. Die komitee het uitnodigings aan alle gemeentes gestuur en die eerste susterskonferensie het saamgeval met die eerste Sinodesitting, 2-4 November 1987.

Tydens die konferensie is 'n Algemene Komitee (AK) gekies om die besluite van die konferensie uit te voer en die volgende konferensie te reël. Daar is besluit op die naam APK-Vroueaksie.

Die APK-Vroueaksie bestaan uit alle vrouelidmate, wat vrywillig wil inskakel by die werksaamhede van die plaaslike APK-Vroueaksie en die AK binne die ruimte van die verbond van plaaslike kerke of gemeentes. Vrywilligheid t.o.v. die APK-Vroueaksie is tweërlei van aard nl.:

(i) Inskakeling by vroueaksies en
(ii) Bydraes.

ie taak van die Algemene Komitee (AK)

Die AK stel riglyne daar wat vir vroueaksies in die uitvoering van hul taak tot hulp kan wees, vir gemeentes wat daarvan gebruik wil maak.

Die AK stel inligtingstukke en handleidings saam met praktiese wenke en idees wat in gemeentes gebruik kan word. Hier word veral gedink aan gemeentes wat lank sonder die leiding van 'n leraarspaar moet klaarkom. Handleidings word gereeld hersien en aangepas.

Die AK reël en organiseer 'n Vroueaksiekonferensie wat ten doel het bespreking van gemeenskaplike sake en geestelike verryking van mekaar. Alle gemeentes word genooi om verteenwoordigers na die konferensie te stuur.

3.4 Die AK sorg vir opstel en uitstuur van 'n program vir die APK-Bidddag vir Vroue.

3.5 Die AK word by elke algemene konferensie verkies en bestaan uit 'n Voorsitter, Onder-voorsitter, Sekretaresse, Tesouriere en verteenwoordigsters uit die verskillende streke van die land en SWA.

Hierdie samestelling vergemaklik die organisasie tydens en tussen konferensies en die Algemene Komitee stel hom ten doel om 'n eenvoudige vorm van organisasie te handhaaf.

3.6 Die AK is nie voorskriftelik nie en moedig gemeentelike Vroueaksies aan om onder toesig van die plaaslike kerkraad ten nouste met die kerkraad saam te werk.

3.7 Die AK is ten alle tye bereid om met die SKK gesprek te voer.

3.8 Samevattend:

Die APK-Vroueaksie is dus nie voorskrywend nie, maar ondersteunend van aard, met die groot doel om mekaar te help, te versterk en te ondersteun, in ons as vroue se eiesoortige belange en behoeftes. Ons is lidmate van die APK wat graag ons Vroueaksie leuse uitleef, "Dien God met Blydskap" (Ps. 100).

4. Finansies

4.1 Die AK se finansies word deur die kerkkantoor in Pretoria geadministreer.

4.2 Wyse van fondsinsameling

Fondsinsameling berus op 'n vrywillige basis. Die enigste wyse waarop die AK fondse bekom is deur vrywillige bydraes deur vrouelidmate. Die konferensie maak aanbevelings en voorstelle vir die insameling van fondse. Die huidige metode is 'n vrywillige bydrae van R10,00 per jaar per vrouelidmaat. Bydraes vir 1989 beloop ongeveer R12 000.

4.3 Besteding

4.3.1 Fondsinsameling is daarop gemik om slegs die verwagte onkostes vir die jaar te delg. Hoofsaaklike uitgawes word gedek, ondermeer: druk en verspreiding van handleidings, koop van ruimte in "Die Boodskapper", reël en organiseer van konferensie, geleentheidskaartjies, administratiewe kostes, ens.

4.3.2 Tydens elke konferensie word 'n volledige finansiele verslag gelewer, wat ook, saam met die notule, aan alle gemeentes beskikbaar gestel word.

Naam

Die Afrikaanse Protestantse Kerk-Vroueaksie
(APK-Vroueaksie)

Leuse:
Dien God met blydskap

Organisasiestruktuur

Tydens die Vrouekonferensie wat in November 1987 gehou is, is besluit dat elke gemeente wat dit graag wil doen, 'n vroueaksie moet loods en dat die konferensie 'n bestuur moet kies wat kan koördineer en bepaalde riglyne daarstel.

Die bestuur (staan bekend as die *Algemene Komitee)* het probeer om 'n baie eenvoudige organisasiestruktuur te ontwerp, sodat elke vrouelidmaat maklik en gelukkig kan saamwerk en die geleentheid kan hê om kennis te dra van wat in háár kerk gedoen word.

2.1 Hoe lyk die APK-Vroueaksie se samestelling?

Die Algemene Komitee (AK) bestaan uit:

- *Voorsitster*
- *Onder-voorsitster*
- *Sekretaresse*
- *Tesouriere*
- *Agt streekverteenwoordigers, een uit elk van die volgende streke:*
  Kaap
  Noord-Vrystaat
  Wes-, Sentraal-, Suid- en Oos-Vrystaat
  Noord-Transvaal
  Oos-Transvaal
  Suid-Transvaal
  Wes-Transvaal
  Natal.

2.2 Wat is die taak van die Algemene Komitee?

DIE ALGEMENE KOMITEE

1. het 'n ondersteunende funksie en gemeentes maak vrywillig van die komitee gebruik;
2. word vir 'n termyn van een jaar verkies deur die Vrouekonferensie, waarheen elke gemeente afgevaardigdes kan stuur;
3. reël jaarliks 'n Vrouekonferensie waartydens sake van algemene belang bespreek word en verslag van hul werksaamhede gegee word;
4. stel riglyne daar wat vir gemeentes in die uitvoering van hul taak tot hulp kan wees;
5. stel 'n begroting op en lewer jaarliks 'n finansiële verslag tydens die konferensie;
6. behartig sake van gemeenskaplike belang, soos deur die afgevaardigdes besluit;
7. stel inligtingstukke en handleidings saam met praktiese wenke wat in gemeentes gebruik kan word.

2.3 Finansies

'n Gemeente se Vroueaksie dra vrywillig by tot die AK se fondse. Daar is tydens die konferensie besluit om elke vrouelidmaat te vra om 'n vrywillige bydrae van 50c per maand *(R6.00 per jaar)* aan die AK te stuur om kostes vir administrasie en organisasie te dek. Hierdie reëling geld slegs vir die eerste finansiële jaar en daar sal weer by die konferensie hieroor besluit word.

Die eerste finansiële jaar van die Vroueaksie strek vanaf November 1987 tot September 1988.
Dié fondse is betaalbaar aan:
APK-VROUEAKSIE, POSBUS 4776, PRETORIA, 0001

3. Gemeentekomitees

Die Gemeentekomitee is die hart en siel van die APK-Vroueaksie. Hier, op plaaslike vlak kry elke gemeente se susters die geleentheid om 'n eie Vroueaksiekomitee volgens eie behoeftes te kies.

Hier volg 'n paar wenke:

3.1 Hoe kan 'n Vroueaksiegemeentekomitee lyk?

'N GEMEENTEKOMITEE

- *Bestaan uit 'n:*
  — Voorsitster
  — Onder-voorsitster

4.3.3 Die konferensie besluit waarvoor 'n surplus, indien enige, aangewend sal word.

* Tydens die opening van die Teologiese Skool (1988) is 'n donasie van R500 gemaak vir naslaanwerke;
* 'n bedrag van R2 270 is in 1989 geskenk vir onderrighulpmiddele vir die Kuratorium;
* kollektes (1988-89) van die Biddag vir Vroue ten bedrae van R2 360 is oorbetaal aan die Willie Lubbe Studiefonds.

5. Sinodesitting 1990: APK-Vroueaksie

Verslag Bylae "B" Sentrale Kerkekomissie (pt 28 en aanbeveling 8 bl. 24, 26 Agenda).

5.1 Die Sinode neem kennis dat die APK Vroueaksie spontaan ontstaan het en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie kan hou vir susters wat daarby wil inskakel. Koste moet deur die konferensiegangers gedelg word. 'n Komitee kan aangewys word met opdrag om dit die volgende konferensie te reël.

5.1.1 Kommentaar:

5.1.1.1 Let wel: Die Sinode het slegs kennis geneem van die aanbevelings, geen besluit is daaraan nie.

5.1.1.2 Die Vroueaksiekonferensie (1988 en 1989) neem kennis van die aanbevelings, maar vind dit prakties onuitvoerbaar en kan dus nie in alles daarmee saamgaan nie en wel om die volgende redes:

Die sinodale aanbevelings kan impliseer:

* dat 'n komitee wat aangewys word wat net (met die klem op die net) 'n konferensie mag reël, d.w.s.,
* geen voorstelle t.o.v. Biddag vir Vroue nie (die Sinode 1988 het reeds goedkeuring aan 'n Vrouebiddag verleen)
* geen handleiding, riglyne, inligtingstukke
* geen nuusbrief
* geen skakeling t.o.v. vrouesake
* geen geleentheidskaartjies
* geen Bybelstudieboek-aanbevelings

5.2 Amandemente word goedgekeur:

Die Sinode beveel aan dat susters nie bydraes van 50 c per lidmaat sal maak tot 'n sentrale kas van die susters nie, aangesien 15 % van hulle bydraes reeds aan die SKK gestuur word. Die susters moet liewer by die SKK aansoek doen om fondse indien hulle iets nodig het vir hulle organisasie.

5.2.1 Kommentaar:

Die amendement is vir die Vroueaksie onaanvaarbaar om te aanvaar, en wel om die volgende redes:

* Die Vroueaksie berus op 'n basis van vrywilligheid. Indien van die 15 % inkomste wat oorbetaal is, aangevra word, beteken dit dat alle vrouelidmate en lidmate van ons kerk indirek daarvoor betaal.

  Die Vroueaksie wil die beginsel van vrywilligheid handhaaf, deur van onafhanklike bydraes, wat hoegenaamd nie gemeentelike finansies in gedrang bring nie, gebruik te maak. Hierdie bydraes is minimaal en die vroue besluit self watter bedrag dit sal wees.

* Gemeentelike Vroueaksies landswyd het in die tydperk van Januarie 1989 - September 1989 (9 maande) 'n totaal van ongeveer R200 000 ingesamel. Van hierdie geld is 15 % horeken, wat ongeveer R30 000 beloop, en aan die SKK oorbetaal is. Die Vroueaksie se AK ontvang geen van bogenoemde gelde nie.

* Bydraes vir 1989 wat aan die Vroueaksie se AK, deur vrouelidmate gestuur is, beloop ongeveer R12 000, minder as 1/20 (0,05) % van die totale inkomste van gemeentelike vroueaksies.

5.2.2 Tydens die Vroukonferensie 1988 is ruimte gelaat deur die APK-Vroueaksie vir gemeentes wat nie wil inskakel by die Vroueaksie nie aan die hand van die volgende besluit:

(Notule P. 9.8.2.1 bl. 9)
"'n Voorstel word aanvaar dat 'n skrywe aan al die gemeentes se Vroueaksies gerig sal word, dat waar gemeentelike Vroueaksies nie inskakel by AK verkiesbaarstelling nie, fondse aangevra kan word by die SKK volgens die aanbeveling deur die Sinode". (Amandement)

* Hierdoor laat die Vroueaksie die ruimte en erken hulle die onafhanklikheid van gemeentelike Vroueaksies om self te besluit oor hoe hulle, hulle eie sake wil hanteer.

6. Ten slotte

Die AK vertrou dat dié inligtingstuk die APK-Vroueaksie se werksaamhede duidelik stel en dat enige onsekerheid uit die weg geruim sal wees.

****

Vir u inligting word uittreksels uit die Vroueaksie Handleiding hier aangeheg. Die hersiene uitgawe sal by die Sinode beskikbaar gestel word.

— Sekretaresse
— Tesouriere
— Addisionele lede (bv. die voorsitster van elke dienskomitee)
— 3 tot 6 lede kan verkies word, afhangende van die grootte van u gemeente.

- Word jaarliks verkies deur die vrouelidmate.
- Stel 'n program van werksaamhede vir die jaar op.
- Beheer die fondse van die Vroueaksie.

  Die tesouriere hou noukeurig boek van die Vroueaksiefinansies. 'n Eie tjekrekening kan geopen word óf die gelde kan by u kerkkantoor inbetaal word, soos met u kerkraad gereël.
- Betrek soveel moontlik vrouelidmate by aktiwiteite.
- Hou gereeld (verkieslik maandeliks) byeenkomste.
- Laat elke voorsitster van 'n dienskomitee of addisionele lid volle verantwoordelik aanvaar vir 'n maandelikse byeenkoms — byvoorbeeld vir verwelkoming, opening, spreker, item, blomme, ens. — sodoende word meer lidmate betrek.

3.2 Die Wykstelsel/Wykgroepe

Die verdeling van die gemeente in wyke kan 'n baie handige werkswyse wees vir Vroueaksiewerksaamhede bv. basaar, teeskinkbeurte by begrafnisse, ens.

'n Wyksleidster moet deur die betrokke wyk aangewys word. Dit kan die ouderlings-, diakens- of enige ander vrou wees wat bereid is om dit te doen. Die wyksleidster gee belangrike inligting deur aan die leraarspaar en Vroueaksiebestuur met betrekking tot nuwe intrekkers, siekes, geboortes, eensames, ens.

3.3 Riglyne hoe om 'n vergadering te lei:

3.3.1 Stel 'n agenda op en deel dit aan die susters uit:

- Dit vergemaklik die taak van die voorsitster
- Dit verseker dat almal meer betrokke voel
- Dit verhinder dat 'n vergadering onnodig lank duur
- Dit verseker dat daar oor spesifieke sake gepraat word

Voorbeeld van 'n Agenda:

1. OPENING
   Voorsitster self of sy reël met iemand vooraf.
2. VERWELKOMING:
   NB: *Besoekers, nuwe lidmate, sprekers.*
3. PRESENSIE
   Sirkuleer 'n boek sodat almal hulle name teken. Verskonings moet verkieslik vooraf skriftelik of telefonies by die sekretaresse ingehandig word.
4. PERSONALIA
   Verjaarsdae: wens dames geluk wat in afgelope maand en/of die volgende maand verjaar.
   Enige siektes, sterftes, geboortes, interessanthede - stuur 'n kaartjie.
5. LEES VAN NOTULE van vorige vergadering
6. GOEDKEURING VAN NOTULE
   Bring wysigings aan indien nodig. Vra 'n voorsteller vir goedkeuring van die notule en 'n sekondant vir die voorstel.
7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE
   Gee terugvoer oor besluite by vorige vergadering geneem. Is opdragte uitgevoer?
8. BESPREKINGSPUNTE *(Voorbeelde)*
   8.1 *Finansiële verslag*
   8.2 *Kerkbasaar 7 Augustus 1988*
   8.3 *Fondsinsamelingsprojek: Koekverkoping: 18 Junie 1988*
   8.4 *Biddag vir vroue.*
   8.5 *Verkiesing van afgevaardigdes na Vrouekonferensie.*
   8.6
   8.7
9. ALGEMEEN
   9.1
   9.2
   9.3
   Enige dringende sake word onder "Algemeen" geplaas indien die vergadering toestem dat hulle by dieselfde vergadering behandel word, anders kan hulle op die volgende vergadering se agenda geplaas word.
10. VOLGENDE VERGADERING
    Besluit by dié vergaderings op 'n datum, tyd en plek.

11. DANKBETUIGINGS
Bedank spreker, komitee verantwoordelik vir geleentheid, tee ensovoorts.

12. AFSLUITING

GESELLIGE SAMESYN

(SPREKER/ITEM - kan enige plek in die program ingepas word, afhangende van die spreker en die vergadering se omstandighede. Noem die persoon se naam en onderwerp duidelik.

3.3.2 Vir verdere inligting vir vergaderingsprosedure en stemming raadpleeg — Kerkorde (p26 - 28)

- **BAIE BELANGRIK:**
  Doen gereeld verslag oor fondsinsamelingsprojekte en finansiële staat — die vrouens is geregtig om te weet én dit motiveer ander.
- Werk met 'n **deel** voor oë.
- Hanteer alle finansies baie noukeurig.

Die mens wat geen foute begaan nie, bereik gewoonweg niks nie.

4. Praktiese wenke vir diensbaarheid

4.1 Teeskink by die kerk

Hierdie is 'n wonderlike geleentheid waar gemeentelede, mans, vrouens en kinders mekaar leer ken en die gemeenskap van die gelowiges ervaar. Betrek nuwe lidmate, besoekers deur hul spesifiek uit te nooi om 'n koppie tee te kom geniet. Menige lidmate het al ooreekom omdat hulle *"deel voel van die hart en siel van die gemeente"* Entoesiasme vir ander werkseamhede begin *hier!*

Voorstel: Maak 'n indeling van teeskinkbeurte sodat dieselfde groep vrouens of *al die vrouens nie altyd agter in die kombuis is nie.* Betrek nuwe lidmate deur aan hulle 'n teeskinkbeurt te gee.

4.2 Begrafnisse

Hierdie is 'n baie hartseer en dikwels onverwagte gebeure en enige hulp en bystand word opreg waardeer. Skakel dadelik met die leraar en leraarsvrou indien u van 'n sterfgeval te hore kom. Die betrokke wykskeidster, leraar en leraarsvrou beplan 'n gekoördineerde optrede met betrekking tot hulp, sodat verwarring nie geskep word nie en duplisering uitgeskakel word.
Vind uit wat die behoeftes is met betrekking tot

- *teeskink by die begrafnis*
- *die verskaffing van verversings en etes aan die bedroefde gesin*
- *verskaffing van huisvesting aan familie en vriende*
- *versorging van kinders*
- *hulp ná die begrafnis*

4.3 Blomme

"Let op die lelies van die veld!.." dat self Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie (Matt. 6:28 & 29). Blomme is en bly 'n wonderlike manier om die Here te loof en uiting aan gevoelens te gee. Stel 'n blommekomitee (± 3-6 vrouens) saam wat beurte maak vir blomme. Begroot 'n bepaalde bedrag in u Vroueaksiebegroting vir blomme — almal kan dit nie altyd self bekostig nie. Dit hoef nie altyd die beste en duurste blomme te wees nie. Maak gebruik van wat in tuine beskikbaar is of 'n potplant lyk selfs mooi!

Voorstelle vir blommegeleenthede:

- *Eredienste - Veral spesiale geleenthede soos Goeie Vrydag, Hemelvaart, Pinkstersondag en Kersfees.*

- *Nagmaal.*
- *Doop - Gee aan die doopouers 'n skouerruikertjie.*
- *Verjaarsdae - Gee tydens Vroueaksiebyeenkomste 'n skouerruikertjie/blommetjie aan elke persoon wat verjaar/verjaar het.*
- *Siekes/sterfgevalle.*
- *Die ruiker wat Sondae gebruik word, kan aan siekes, bedroefdes ens. gestuur word.*

4.4 Bybelstudie

'n Baie belangrike deel van ons eie geestelike voedsel is Bybelstudie.

- Bybelstudies kan gehou word
  - — In gesinsverband,
  - — by vroueaksiegroepe, bv. oggend- en aandgroepe (Laat vroue om die beurt leiding neem).
- Bybelstudiehandleidings:
  Maak seker van die oorsprong en inhoud van handleidings, en of dit deur die APK aanbeveel word.

4.5 Jeug

Jeugwerk sluit in:

- **Dopelinge:** 'n Geskenkie kan namens die vroueaksie gegee word, bv. 'n Bybel.
- **Kleuters:** Waar omstandighede dit toelaat kan kleuters vrywillig besig gehou word tydens eredienste.
- **Laerskool- en Hoërskoolkinders:**
  - — **Betrek jeug by funksies bv. bediening/reël van speletjies tydens basaar.**
  - — Ma en Dogterdag: Bied 'n geleentheid aan waartydens dogters betrek word — bv. by 'n oggendtee met spreker/sanger.
  - — Vakansieaksies: Bied 'n dag of twee aan tydens die vakansie waar jongmense betrek word deur middel van speletjies.
  - — Musiekaande: Nooi jongmense vir musiek- en spele-aande.
  - — Koffiekamer: bv. Vrydagaand. Kry christelike films of spreker wat met jongmense gesels.
- **Skoolverlaters:**
  - — Matriekeindeksamen: Stuur kaartjie namens Vroueaksie.
  - — Weermag: Reël spesiale geleentheid vir seuns wat diensplig gaan doen. Hou gereeld kontak deur middel van briewe, verjaarsdagkaartjies, pakkies, gemeentenuus ens.
    (Kontak Ds Tonie Viljoen, Dendron. Tel (0152232) 141.
- **Werkende jongmense:**
  - — Hou debatte oor aktuele onderwerpe.
- **Universiteitstudente:**
  - — Laat hulle tydens vakansies welkom voel in die plaaslike gemeente.

4.6 Evangelisasie:

- Vorm 'n baie belangrike deel van die Vroueaksie se werksterrein.
- Die doel is om susters geestelik te "voed" — in so 'n mate dat hulle ook weer ander sal wil voed.
- Skolingskursusse:
  - — Hoe vertel ek aan ander van Jesus?
  - — Hoe hanteer ek kerklos- en kerklose mense?
  - — Hoe motiveer ek mense wat nie wil kerk toe gaan nie?
- Spesifieke aksies:
  Susters moet gemotiveer word om uit te gaan na ander mense wat geestelike voedsel nodig het.

4.7 Sending

Baie belangrike opdrag van Christus wat ons nie kan ignoreer nie.

- — Begin plaaslik — by eie huisbediendes of plaasvolk.
- — Deel inligtingstukke uit oor verskillende heidengodsdienste en hou bv. vasvra tussen vrouens.
- Kersfees, Goeie Vrydag ens. verduidelik die betekenis aan arbeiders.
- Kassette: Waar moontlik, bekom kassette in die betrokke swart taal van u gemeenskap.
  (Boodskappe in Sotho is reeds beskikbaar by die Kerkkantoor)

4.8 Bejaardes

- Begin met 'n bejaardeaksie in u gemeente wat op 'n gereelde basis vergader.
- Stel 'n komitee saam wat verantwoordelikheid aanvaar vir bejaardes.

- Reël bv. uitstappies, teedrinksessies, sprekers, musiekmiddae, ens.
- Bied hulp aan met inkopies doen, vervoer, mediese besoeke, oplaai na erediense en gemeentefunksies.
- Besoek siek bejaardes gereeld.

4.9 Aktuele Sake

Hier kan u aandag gee aan:

- Die leer van ons Kerk: Maak 'n studie van *"Geloof en Protes"* en ons Kerk se belydenisskrifte.
- Besware teen advertensies en T.V. programme — skriftelik.
- Sabbatsheiliging.
- Die huwelik as instelling van God:
  - — Saambly
  - — Oor die kleurgrens
  - — Ontrou aan huweliksmaats
  - — Huweliksverrykingskursusse/kampe.
- Aktuele onderwerpe, bv. paneelbesprekings, inligtingspraatjies, pamflette, skyfiereekse, ens.

4.10 Barmhartigheidsdiens

Hier is verskeie geleenthede wat deur die vroueaksie benut kan word:

- **Siekte:**
  - — bring 'n besoek tuis of in hospitaal;
  - — bied hulp vir gesin of familie aan;
  - — stuur 'n kaartjie, briefie, blomme ens.
  - — Langdurige siekte: reël vir besoeke op 'n gereelde basis.
- **Werkloosheid**
  - — kontak leraar;
  - — vind uit wat is behoeftes ten opsigte van kos, klere, ens.
  - — moet persone nooit hul menswaardigheid laat verloor nie.
- **Rampgebiede**
  - — Stel behoeftes van gemeentelede vas in tye van droogtes en vloedrampe;
  - — besoek mense in nood.
- **Burgermag/Diensplichtiges:**
  Gee besondere aandag aan vrouens wat alleen bly.

4.11 Spyseniering

In elke gemeente kom daar tye wanneer 'n "bordjie eetgoed" of 'n "bakkie slaai", benodig word:

- Koördineer geleenthede waarby verversings verskaf word deur middel van 'n werksrooster, bv. elke wyk kry die geleentheid vir 'n skinkbeurt by die kerk, 'n kerkraadsvergadering en 'n vroueaksievergadering. Gee 'n geskrewe lys uit aan alle vroueledemate.
- Maak seker dat dieselfde persone nie oor en oor gevra word nie.
- Kampe:
  Afhangende van die tipe kamp (bv Jeugkamp) word die betrokke komitee gevra om dit te behartig.
- **Gemeente-etes**
  Ons beoog om 'n handleiding met resepte, spyskaarte en idees vir onthale saam te stel. Wenke van u kant word verwelkom.

4.12 Fondsinsamelingsprojekte

Vorm 'n belangrike deel van enige vroueaksie. Deur saamwerk leer 'n mens wonderlike vriende maak!

- **Vrouedankoffer/bydrae**
  Kan maandeliks of eenmalig gevra word afhangende van die betrokke gemeente.
- **Teegelde:**
  Waar tee/koffie geskink word kan 'n bordjie neergesit word en elkeen plaas 'n muntstukkie daarin.
- **More-markte of straatmarkte:**
  Kry vroegtydig 'n stalletjie.
- **Koekverkopings**
  Bly steeds 'n wenner! Neem bestellings vooraf. Kan ook op 'n maandelikse basis geskied.
- **Wandelende mandjie**
  Items word tydens vroueaksievergaderings gebring en in die mandjie geplaas — word verkoop aan ander vroue wat by die volgende geleentheid weer iets in die mandjie plaas.
- **Spyseniering:**
  Vir troues, funksies, ens.
- **Verkope tydens vendusies, boeredae en skoolfunksies**
  Hou u oë en ore oop!
- **Basaar/Kermis:**
  'n Jaarlikse moet vir geesbou!